# ’N REFLEKSIE OP OUERSKAP IN SAAMGESTELDE GESINNE MET VERWYSING NA KLASSIEKE SPROKIESVERHALE: ’N NARRATIEF PRAKTIES-TEOLOGIESE PERSPEKTIEF

deur

**Riaan Gerber**

Voorgelê ter vervulling van die graad

**Philosophia Doctor**

in

**Pastorale Gesinsterapie**

aan die
Fakulteit Teologie
Universiteit van Pretoria

**Studieleier: Prof JC Müller**

September 2014

© University of Pretoria

# SLEUTELTERME

**Postmoderne**

**Sosiale Konstruksionisme**

**Narratief**

**Dekonstruksie**

**Post-fundamentele Praktiese Teologie**

**Interdissiplinêre Gesprek**

**Kwalitatiewe Navorsing**

**Deelnemende Aksienavorsing**

**Transversale Rasionaliteit**

**Saamgestelde Gesin**

**Hersaamgestelde Gesin**

**Kerngesin**

**Ouerskap**

**Ouerskap-belewenisse**

**Klassieke Sprokiesverhale**

**Grimm-verhale**

**Sprokies**


© University of Pretoria

# KEYWORDS

**Postmodern**
**Social Constructionism**
**Narrative**
**Deconstruction**
**Postfoundational Practical Theology**
**Interdisciplinary Dialogue**
**Qualitative Research**
**Participatory Action Research**
**Transversal Rationality**
**Reconstituted Families**
**Nuclear Family**
**Parenting**
**Parenting Experiences**
**Classic Fairy Tales**
**Grimm Fairy Tales**
**Fairy Tales**


© University of Pretoria

# VERKLARING / DECLARATION

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die inhoud van hierdie proefskrif, getiteld:

**’N REFLEKSIE OP OUERSKAP IN SAAMGESTELDE GESINNE MET VERWYSING NA KLASSIEKE SPROKIESVERHALE: ’N NARRATIEF PRAKTIES-TEOLOGIESE PERSPEKTIEF**

die resultaat van my eie navorsing is. Erkenning word gegee aan akademiese bronne wat tydens die navorsingsproses gebruik is by wyse van die nodige akademiese verwysings. Hierdie proefskrif is nie gedeeltelik, of ten volle, ingedien by ’n ander universiteit ter voltooiing van ’n graad nie.

I, the undersigned, hereby declare that the content of this thesis, entitled:

**’N REFLEKSIE OP OUERSKAP IN SAAMGESTELDE GESINNE MET VERWYSING NA KLASSIEKE SPROKIESVERHALE: ’N NARRATIEF PRAKTIES-TEOLOGIESE PERSPEKTIEF**

is the result of my own research. Recognition is given to academic sources used in the research process by way of the necessary academic references. This work has not been partially or fully submitted to another university to complete a degree.

**Riaan Gerber**

**September 2014**


© University of Pretoria

# OPSOMMING

In dié navorsing word gereflekteer op die verhale en belewenisse van ouers binne saamgestelde gesinstrukture, met verwysing na die moontlike invloed van klassieke sprokiesverhale hierop.

Die navorsing is op ’n narratiewe wyse aangepak, met inagneming van die sewe bewegings van ’n post-fundamentele benadering tot praktiese teologie. Hierdie benadering het die epistemologiese- sowel as metodologiese aspekte van die navorsing gerig.

Inaggenome die minimum vereistes vir Praktiese Teologie (kontekstueel, sosiaal gekonstrueer, gerig deur tradisie, verryk deur ’n interdissiplinêre gesprek en met wyer betekenis-moontlikhede as die plaaslike konteks), was die vertrekpunt die werklike situasie van werklike ouers, met spesifieke verwysing na hulle ouerskap-belewenisse. By wyse van deelnemende aksienavorsing is die unieke verhale van vier ouerpare aangehoor en opgeteken. ’n Relevante literatuurstudie is terselfdertyd gedoen. Met behulp van respondente uit ander vakgebiede, by wyse van ’n interdissiplinêre gesprek, is gepoog om ’n wyer verstaan van betekenis-moontlikhede en interpretasies te stimuleer.

Aspekte wat onder andere aangeraak is in die navorsing, is die algemeen-geldige diskoerse oor ouerskap in saamgestelde gesinne, met verwysing na sulke ouers se vrymoedigheid om in ’n samelewing, waar kerngesinne steeds dikwels beskou word as ‘ideale gesinne’, eerlik te wees oor hulle belewenisse. Die moontlikheid dat hulle soms stilbly, omdat hulle nie met ’n verwoording van hulle belewenisse sekere algemeen-geldige diskoerse wil versterk nie, het ook aan die orde gekom.

Voorts is ondersoek ingestel na die bestaan van alternatiewe ouerskap-verhale en die wyse waarop hierdie verhale dalk hoorbaar gemaak sou kon word, in ’n poging om algemeen-geldige diskoerse en etikette oor ouerskap in saamgestelde gesinne uit te wis. Aandag is ook gegee aan die rol wat die kerk en die geloofsgemeenskap het om die dikwels gemarginaliseerde stem van ouers in saamgestelde gesinne meer hoorbaar te maak.


© University of Pretoria

# SUMMARY

In this particular research project the narratives and experiences of parents within reconstituted families have been the subject of reflective thought, alluding to the possible influence of the classic fairy tale or fable on these experiences.

The research has been conducted in the narrative style and manner, while taking into consideration the seven movements of a postfoundational approach to practical theology. This approach guided both the epistemological and methodological aspects of the research.

While taking into consideration the minimum requirements of practical theology (locally contextual, socially constructed, directed by tradition, exploring interdisciplinary meaning and pointing beyond the local), the point of departure was the very real situation of parents with particular reference to their parenting experiences. By means of participatory action research the unique narratives of four sets of parents were heard and recorded. In conjunction with the participatory research a study of the relevant literature was embarked upon. With the aid of respondents from various fields of expertise an interdisciplinary conversation was held to stimulate a broader interpretation and understanding.

Aspects which were touched on in the research included the general validity of discussions on parenting experiences in reconstituted families, while reflecting on these parents' ability to confide and relate their experiences openly and frankly in a society where the nuclear family is often seen as the 'ideal family'. Cognisance was taken too of the possibility that parents were reticent in voicing their experiences so as not to enforce prevalent generalisations.

Furthermore, research was undertaken to examine alternative parenting narratives and methods by which these narratives could be heard so as to minimise misconceptions and labels on parenting in reconstituted families. Attention was also paid to the role that the church and fellow-believers and brethren have in aiding the often marginalised voice of non-nuclear families to be heard.


© University of Pretoria

# DANKBETUIGINGS

Hierdie navorsing was sekerlik die grootste en moeilikste taak wat ek nog ooit aangepak het. Dit was ŉ taak wat my lewe en my manier van dink beslissend verander het.

ŉ Moontlike metafoor vir hierdie taak sou dalk iets kon wees soos ŉ 'reisverhaal'. In mý reisverhaal was daar ŉ hele klomp reisgenote...

Ek wil graag die volgende reisgenote bedank:

- Alle eer aan my Hemelse Vader. Sonder sy hulp en teenwoordigheid in die gang van my lewe, sou niks moontlik gewees het nie. Soos die Psalmdigter (Psalm 68:20) kan ék getuig: [20]*Geloof sy die Here! Dag na dag dra Hy ons! God is ons hulp!*

- Prof Julian Müller, vir sy studieleiding, aanmoediging, bemoediging... *en veral geduld* wanneer die tydskedules nie altyd so mooi wou uitwerk nie.

- My medenavorsers (ouers in saamgestelde gesinne) wat bereid was om reisgenote in dié verhaal te word, asook die respondente uit die verskillende vakdissiplines, vir hulle tyd en insette.

- My vrou, Gretchen, wat nie net só dikwels teruggestaan het in die tyd waarin ek besig was met my studies nie, maar wat ook ŉ klomp van mý verantwoordelikhede oorgeneem het om die druk op my te verlig. Dankie ook vir jou hulp met die proeflees van die proefskrif.

- My kinders, De Wet, Anchen en Juhann – vir al julle opofferings, drukkies en woorde van bemoediging, en julle onvoorwaardelike 'glo-in julle-Pa'.


© University of Pretoria

- Die NGK Vrede, vir die geleentheid én aanmoediging om verder te kon studeer, asook vir hulle finansiële bydrae in dié verband. Julle is ŉ besondere gemeente en gemeenskap van gelowiges!

- Dankie ook aan Aukje de Villiers (saakgelastigde) en Hettie Swart (koster), wat dikwels verantwoordelikhede op hulle geneem het, sodat ek ongesteurd aandag kon gee aan my studies.

- My kollega, dr Dawie Botes by die NGK Vrede-Wes, wat dikwels mý take en verantwoordelikhede op hom geneem het, sodat ek soveel moontlik aandag en tyd aan my studies kon wy.

- Daar is só baie vriende wat my aangemoedig het en wat gedurig navraag gedoen het oor my vordering, dat dit moeilik is en selfs onbillik sal wees, om enige name hier te noem. Aan die anderkant sou dit ewe onbillik wees om sekere name nié te noem nie: (wyle) oom Arthur de Villiers (sr), oom Nan Dreyer en oom Carel Cilliers – dankie!

- Die Deale's – Louw en Mia, Cronjé en Shirley – vir die beskikbaarstelling van hulle plaashuis, sodat ek ongestoord my aandag kon wy aan my studies.

- My broers, Danie, Deon en Reino, vir hulle aanmoediging.

- My skoonouers en ouers, vir hulle belangstelling en aanmoediging.

- Die Universiteit van Pretoria, vir die finansiële ondersteuning, asook die geleentheid om die navorsing te kon voltooi, ten spyte van die feit dat ek langer hiermee besig was as die toegelate tydperk. Spesiaal mev Rina Roos, wat die administrasie in dié verband elke keer hanteer het.


© University of Pretoria

# INHOUDSOPGAWE

## ’N REFLEKSIE OP OUERSKAP IN SAAMGESTELDE GESINNE MET VERWYSING NA KLASSIEKE SPROKIESVERHALE: ’N NARRATIEF PRAKTIES-TEOLOGIESE PERSPEKTIEF

**HOOFSTUK 1**

**INLEIDING, WETENSKAPLIKE EN TEOLOGIESE POSISIONERING**


**1. INLEIDING** 1

**2. DIE KONTEKS VAN DIE BEPLANDE NAVORSING** 2

**2.1 *“Dís wie ek is…”* want *ek* is onlosmaaklik deel van my navorsing…** 2
**2.2 “Dís waaroor ek wonder… en dís die storie *agter* my wonder…”** 5
**2.3 *“Só beplan ek om die konteks beter te verstaan…”*** 8
**2.4 Enkele opmerkings oor my verstaan van die navorsingsproses** 9

**3. WETENSKAPLIKE POSISIONERING** 11

**3.1 Paradigma** 11
**3.2 Pre-Modernisme, Modernisme en Postmodernisme** 12
**3.3 Diskoers en Epistemologie** 20
**3.3.1 Diskoers** 20
**3.3.2 Epistemologie** 23

**3.4 Epistemologiese vertrekpunte** 23
**3.4.1 ’n Kort oorsig** 23
**3.4.2 Sosiale Konstruksionisme** 24
(i) Kenneth J Gergen se verstaan van sosiale konstruksionisme **26**
(ii) John Shotter se verstaan van sosiale konstruksionisme **31**



© University of Pretoria

3.5 Sosiale Konstruksionisme as epistemologiese keuse vir navorsing oor ouerskap in saamgestelde gesinne 35

4. TEOLOGIE, PRAKTIESE TEOLOGIE EN PASTORAAT 36

4.1 Teologie 36
4.2 Praktiese Teologie 38
4.3 Pastoraat 43
4.4 Belangrike Paradigmatiese Skuiwe in Pastorale Teorievorming 46

5. ’N NARRATIEWE BENADERING TOT PRAKTIESE TEOLOGIE 50

6. ’N POST-FUNDAMENTELE BENADERING TOT PRAKTIESE TEOLOGIE 52

7. TRANSVERSALE RASIONALITEIT 54

8. DIE VERLOOP VAN DIE NAVORSINGSPROSES 55

9. SAMEVATTING 56

**HOOFSTUK 2**

**NAVORSINGSMETODOLOGIE**

**DIE NARRATIEF VAN OUERS IN SAAMGESTELDE GESINNE**

1. INLEIDING 58

2. NAVORSINGSETIEK 59



© University of Pretoria

2.1 Die keuse van navorsingsgenote 59
2.2 Basiese etiese aspekte 60

3. KWALITATIEWE VERSUS KWANTITATIEWE NAVORSING 62

4. DEELNEMENDE AKSIENAVORSING 64

5. DIE "LUISTER-NA-ERVARINGE" GAAN OOR IN 'N "BESKRYWING-VAN-ERVARINGE" 66

5.1 Algemeen 66
5.2 Die verhale van die medenavorsers 67
5.2.1 Gesprek: Michael & Sanet 68
5.2.2 Gesprek: Jaco & Naomi 73
5.2.3 Gesprek: Thys & Louisa 77
5.2.4 Gesprek: Danie & Magda 82

6. SAMEVATTING 87

**HOOFSTUK 3**
**KLASSIEKE SPROKIESVERHALE…**
**EN DIE NARRATIEF VAN SAAMGESTELDE GESINNE**

1. INLEIDING 89

2. LANK, LANK GELEDE... KLASSIEKE SPROKIESVERHALE 91

2.1 Die ontstaan van 'sprokies' as literêre vorm 91
2.2 Die Grimm-broers 92


© University of Pretoria

2.3 ’n Paar algemene opmerkings wat betref die oorsprong en doel van die Grimm-verhale 95
2.4 Die vier fases wat by sprokies onderskei kan word 97
2.5 Algemene kenmerke/eienskappe van sprokies 98
2.6 Die gerigtheid van sprokies 101
2.7 Die moontlike terapeutiese waarde van sprokies 103
2.8 Sprokies en ouerskap in saamgestelde gesinne 104

3. DIE NARRATIEF VAN SAAMGESTELDE GESINNE 106

3.1 Die tragiek van egskeiding 106
3.2 Die moontlikheid van hertroue 108
3.3 Die narratief van saamgestelde gesinne 109
3.4 Saamgestelde gesinne versus kerngesinne 110
3.5 Die moontlike rol van Godsdiens-diskoerse op ouerskap in saamgestelde gesinne 112
3.6. Die moontlikheid van rituele met die oog op ’n nuwe begin... en toekoms! 114
3.7. ’n Paar perspektiewe op enkele moontlike sake van belang by ouers in saamgestelde gesinne, na aanleiding van die gesprekvoering met die navorsingsgenote 115
3.7.1 Dissipline 116
3.7.2 Ouerskaprolle 117
3.7.3 Finansiële bestuur 122
3.8 ’n Paar slotgedagtes oor ouerskap in saamgestelde gesinne 131

4. SAMEVATTING 132


© University of Pretoria

**HOOFSTUK 4**

**NAVORSINGSGENOTE SE BELEWENIS VAN GOD IN HULLE GESINS-WEES EN OUERSKAP**


| | | |
|---|---|---|
| **1.** | **INLEIDING** | **133** |
| **2.** | **EGIPTE... WOESTYN... KANAÄN** | **134** |
| **2.1** | **Egipte...** | **134** |
| **2.2** | **Woestyn...** | **135** |
| **2.3** | **Kanaän** | **137** |
| **3.** | **DALK VERSKILLENDE GODSBEELDE?** | **138** |
| **4.** | **DIE ROL VAN TAAL?** | **141** |
| **5.** | **AFDRAAIPAAIE WAT BETREF GOD SE BETROKKENHEID BY OUERS IN SAAMGESTELDE GESINNE** | **141** |
| **5.1** | **God se seën is gereserveer vir perfekte gesinne** | **142** |
| **5.2** | **Egskeiding is 'n 'onvergeeflike sonde'** | **143** |
| **5.3** | **Hertroue is teen die wil van God** | **144** |
| **5.4** | **Samevattende refleksie wat betref algemeen-geldige diskoerse** | **145** |
| **6.** | **REFLEKSIE OP DIE NAVORSINGSGENOTE SE GODSBELEWENISSE** | **146** |
| **6.1** | **Refleksie op Michael en Sanet se belewenis van God** | **146** |
| **6.2** | **Refleksie op Jaco en Naomi se belewenis van God** | **146** |
| **6.3** | **Refleksie op Thys en Louisa se belewenis van God** | **146** |
| **6.4** | **Refleksie op Danie en Magda se belewenis van God** | **147** |




© University of Pretoria

7. MOONTLIKE BAKENS BY OUERS IN SAAMGESTELDE GESINNE SE REIS OP WEG NA DIE BELOOFDE LAND 148

7.1 God is by saamgestelde gesinne... spesifiek ook ín die woestyn 148
7.2 God sorg dag-vir-dag, ook vir saamgestelde gesinne 148
7.3 Jou verlede-foute hoef nié jou toekoms te bepaal nie 150
7.4 Dankbaarheid en hoop as dryfkrag vir die reis wat voorlê 150

8. LAASTE-MINUUT GEDAGTES 154

9. SAMEVATTING 156

HOOFSTUK 5
INTERDISSIPLINÊRE GESPREKVOERING / TRANSVERSALE RASIONALITEIT

1. INLEIDING 157

2. MOTIVERING VIR ’N INTERDISSIPLINÊRE GESPREK 158

3. MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN VAKDISSIPLINES MET DIE OOG OP ‘N INTERDISSIPLINÊRE GESPREK 161

4. ’N UITNODIGING AAN DIE RESPONDENTE 162

5. MOTIVERING EN BEKENDSTELLING VAN RESPONDENTE 165

5.1. Maatskaplike werk 165
5.2. Sielkunde 165



© University of Pretoria

**5.3. Leefstyl-afrigting** **166**
**5.4. Teologie** **168**
**5.5. Opvoedkunde** **168**

**6. DIE INSETTE VAN DIE GEKOSE RESPONDENTE** **169**

**6.1 Besorgdhede wat betref die verskillende ouerskap-verhale** **169**

**6.1.1 Moontlike besorgdhede wat betref Michael en Sanet se verhaal** **169**
- Respondent 1 (Sielkundige, ds Attie Steyn) 169
- Respondent 2 (Sielkundige, mnr Manie Engelbrecht) 170
- Respondent 3 (Maatskaplike Werker, mev Cathy Symington 171
- Respondent 4 (Maatskaplike Werker, mev Elbie Conradie) 172
- Respondent 5 (Leefstyl-afrigter, dr Leon Foot) 173
- Respondent 6 (Teologie, dr Koos Uys) 173
- Respondent 7 (Opvoedkunde, dr Emelda von Caues) 174

**6.1.2 Moontlike besorgdhede wat betref Jaco en Naomi se verhaal** **175**

- Respondent 1 (Sielkundige, ds Attie Steyn) 175
- Respondent 2 (Sielkundige, mnr Manie Engelbrecht) 177
- Respondent 3 (Maatskaplike Werker, mev Cathy Symington) 178
- Respondent 4 (Maatskaplike Werker, mev Elbie Conradie) 179
- Respondent 5 (Leefstyl-afrigter, dr Leon Foot) 179
- Respondent 6 (Teologie, dr Koos Uys) 180
- Respondent 7 (Opvoedkunde, dr Emelda von Caues) 181

**6.1.3 Moontlike besorgdhede wat betref Thys en Louisa se verhaal** **183**

- Respondent 1 (Sielkundige, ds Attie Steyn) 183
- Respondent 2 (Sielkundige, mnr Manie Engelbrecht) 184
- Respondent 3 (Maatskaplike Werker, mev Cathy Symington) 185
- Respondent 4 (Maatskaplike Werker, mev Elbie Conradie) 186
- Respondent 5 (Leefstyl-afrigter, dr Leon Foot) 187
- Respondent 6 (Teologie, dr Koos Uys) 188
- Respondent 7 (Opvoedkunde, dr Emelda von Caues) 189


© University of Pretoria

**6.1.4 Moontlike besorgdhede wat betref Danie en Magda se verhaal 191**

- Respondent 1 (Sielkundige, ds Attie Steyn) 191
- Respondent 2 (Sielkundige, mnr Manie Engelbrecht) 192
- Respondent 3 (Maatskaplike Werker, mev Cathy Symington) 193
- Respondent 4 (Maatskaplike Werker, mev Elbie Conradie) 193
- Respondent 5 (Leefstyl-afrigter, dr Leon Foot) 194
- Respondent 6 (Teologie, dr Koos Uys) 194
- Respondent 7 (Opvoedkunde, dr Emelda von Caues) 195

**6.2 REFLEKSIE OP RESPONDENTE SE INSETTE WAT BETREF DIE BESORGDHEDE BY DIE VERSKILLENDE OUERSKAP-VERHALE 197**

**6.2.1 Refleksie deur Michael en Sanet 198**

**6.2.2 Refleksie deur die navorser wat betref Sanet en Michael se verhaal 200**

**6.2.3 Refleksie deur Jaco en Naomi 202**

**6.2.4 Refleksie deur die navorser wat betref Jaco en Naomi se verhaal 205**

**6.2.5 Refleksie deur Thys en Louisa 206**

**6.2.6 Refleksie deur die navorser wat betref Thys en Louisa se verhaal 209**

**6.2.7 Refleksie deur Danie en Magda 211**

**6.2.8 Refleksie deur die navorser wat betref Danie en Magda se verhaal 214**

**6.3 DIE UNIEKE BYDRAE/PERSPEKTIEF WAT DIE VAKDISSIPLINE LEWER TEN OPSIGTE VAN DIE BESORGDHEDE EN DIE REDE**


© University of Pretoria

**WAAROM DIÉ BYDRAE VERREKEN BEHOORT TE WORD** **216**

**6.3.1 Die unieke bydrae/perspektief wat betref Michael en Sanet se verhaal** **216**

- Respondent 1 (Sielkundige, ds Attie Steyn) 216
- Respondent 2 (Sielkundige, mnr Manie Engelbrecht) 216
- Respondent 3 (Maatskaplike Werker, mev Cathy Symington) 217
- Respondent 4 (Maatskaplike Werker, mev Elbie Conradie) 218
- Respondent 5 (Leefstyl-afrigter, dr Leon Foot) 219
- Respondent 6 (Teologie, dr Koos Uys) 219
- Respondent 7 (Opvoedkunde, dr Emelda von Caues) 219

**6.3.2 Die unieke bydrae/perspektief wat betref Jaco en Naomi se verhaal** **220**

- Respondent 1 (Sielkundige, ds Attie Steyn) 220
- Respondent 2 (Sielkundige, mnr Manie Engelbrecht) 221
- Respondent 3 (Maatskaplike Werker, mev Cathy Symington) 222
- Respondent 4 (Maatskaplike Werker, mev Elbie Conradie) 222
- Respondent 5 (Leefstyl-afrigter, dr Leon Foot) 222
- Respondent 6 (Teologie, dr Koos Uys) 223
- Respondent 7 (Opvoedkunde, dr Emelda von Caues) 223

**6.3.3 Die unieke bydrae/perspektief wat betref Thys en Louisa se verhaal** **224**

- Respondent 1 (Sielkundige, ds Attie Steyn) 224
- Respondent 2 (Sielkundige, mnr Manie Engelbrecht) 225
- Respondent 3 (Maatskaplike Werker, mev Cathy Symington) 226
- Respondent 4 (Maatskaplike Werker, mev Elbie Conradie) 226
- Respondent 5 (Leefstyl-afrigter, dr Leon Foot) 226
- Respondent 6 (Teologie, dr Koos Uys) 227
- Respondent 7 (Opvoedkunde, dr Emelda von Caues) 227

**6.3.4 Die unieke bydrae/perspektief wat betref Danie en Magda se verhaal** **228**



© University of Pretoria

- Respondent 1 (Sielkundige, ds Attie Steyn) 228
- Respondent 2 (Sielkundige, mnr Manie Engelbrecht) 228
- Respondent 3 (Maatskaplike Werker, mev Cathy Symington) 229
- Respondent 4 (Maatskaplike Werker, mev Elbie Conradie) 230
- Respondent 5 (Leefstyl-afrigter, dr Leon Foot) 230
- Respondent 6 (Teologie, dr Koos Uys) 230
- Respondent 7 (Opvoedkunde, dr Emelda von Caues) 231

**6.4 REFLEKSIE OP DIE UNIEKE BYDRAE/PERSPEKTIEF WAT DIE VERSKILLENDE VAKDISSIPLINES LEWER 232**

**6.4.1 'n Refleksie op die unieke bydrae/perspektief van die verskillende vakdissiplines wat betref Michael en Sanet se verhaal 232**

**6.4.2 'n Refleksie op die unieke bydrae/perspektief van die verskillende vakdissiplines wat betref Jaco en Naomi se verhaal 233**

**6.4.3 'n Refleksie op die unieke bydrae/perspektief van die verskillende vakdissiplines wat betref Thys en Louisa se verhaal 235**

**6.4.4 'n Refleksie op die unieke bydrae/perspektief van die verskillende vakdissiplines wat betref Danie en Magda se verhaal 237**

**6.4.5 Samevattende opmerkings wat betref die unieke bydrae/perspektief van die verskillende vakdissiplines 239**

**6.5 DIE REDE WAAROM ANDER VAKDISSIPLINES KENNIS BEHOORT TE NEEM VAN DIE SPESIFIEKE PERSPEKTIEF 239**

**6.5.1 Die belangrikheid dat die vakdissipline verreken moet word wat betref Michael en Sanet se verhaal 239**

- Respondent 1 (Sielkundige, ds Attie Steyn) 239
- Respondent 2 (Sielkundige, mnr Manie Engelbrecht) 239
- Respondent 3 (Maatskaplike Werker, mev Cathy Symington) 240
- Respondent 4 (Maatskaplike Werker, mev Elbie Conradie) 240




© University of Pretoria

- Respondent 5 (Leefstyl-afrigter, dr Leon Foot) 240
- Respondent 6 (Teologie, dr Koos Uys) 240
- Respondent 7 (Opvoedkunde, dr Emelda von Caues) 241

**6.5.2 Die belangrikheid dat die vakdissipline verreken moet word wat betref Jaco en Naomi se verhaal 241**

- Respondent 1 (Sielkundige, ds Attie Steyn) 241
- Respondent 2 (Sielkundige, mnr Manie Engelbrecht) 241
- Respondent 3 (Maatskaplike Werker, mev Cathy Symington) 242
- Respondent 4 (Maatskaplike Werker, mev Elbie Conradie) 242
- Respondent 5 (Leefstyl-afrigter, dr Leon Foot) 242
- Respondent 6 (Teologie, dr Koos Uys) 242
- Respondent 7 (Opvoedkunde, dr Emelda von Caues) 243

**6.5.3 Die belangrikheid dat die vakdissipline verreken moet word wat betref Thys en Louisa se verhaal 243**

- Respondent 1 (Sielkundige, ds Attie Steyn) 243
- Respondent 2 (Sielkundige, mnr Manie Engelbrecht) 244
- Respondent 3 (Maatskaplike Werker, mev Cathy Symington) 244
- Respondent 4 (Maatskaplike Werker, mev Elbie Conradie) 244
- Respondent 5 (Leefstyl-afrigter, dr Leon Foot) 244
- Respondent 6 (Teologie, dr Koos Uys) 245
- Respondent 7 (Opvoedkunde, dr Emelda von Caues) 245

**6.5.4 Die belangrikheid dat die vakdissipline verreken moet word wat betref Danie en Magda se verhaal 245**

- Respondent 1 (Sielkundige, ds Attie Steyn) 245
- Respondent 2 (Sielkundige, mnr Manie Engelbrecht) 246
- Respondent 3 (Maatskaplike Werker, mev Cathy Symington) 246
- Respondent 4 (Maatskaplike Werker, mev Elbie Conradie) 246
- Respondent 5 (Leefstyl-afrigter, dr Leon Foot) 246
- Respondent 6 (Teologie, dr Koos Uys) 247
- Respondent 7 (Opvoedkunde, dr Emelda von Caues) 247




© University of Pretoria

6.5.5 Refleksie op die belangrikheid daarvan dat die verskillende vakdissiplines verreken moet word 247

6.6 ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS/AFLEIDINGS NA AANLEIDING VAN DIE INTERDISSIPLINÊRE GESPREKKE 248

7. SAMEVATTING 251

**HOOFSTUK 6**
**ALTERNATIEWE INTERPRETASIES EN GEVOLGTREKKINGS WAT VERDER STREK AS DIE PLAASLIKE GEMEENTE EN GEMEENSKAP**

1. INLEIDING 252

2. IS DAAR IEMAND WAT WIL LUISTER? 253

3. IS DAAR IEMAND WAT KAN HELP? 255

4. SÓ KLINK OUERS IN SAAMGESTELDE GESINNE SE STEM 256

4.1 Gee ons 'n regverdige kans! 256
4.2 Anders saamgestel, maar eintlik soortgelyk met soortgelyke probleme! 257
4.3 Saamgestelde gesinne is monumente van God se genade! 258

5. DIE ROL VAN DIE KERK EN DIE GELOOFSGEMEENSKAP 259

5.1 Die kerk as draer van stories van hoop 259
5.2 Gebed 263
5.3 Rituele en liturgie 263


© University of Pretoria

6. SAMEVATTING 268

**HOOFSTUK 7**

**’N REFLEKSIE OP NAVORSINGSPROSES**

1. WAT ’N ONGELOOFLIKE ERVARING! 269

2. ‘N POST-FUNDAMENTELE PRAKTIES-TEOLOGIESE BENADERING 270

3. DIE KRAGTIGE EFFEK VAN STORIES... INSIGTE EN GEVOLGTREKKINGS WAT UIT DIE NAVORSINGSPROSES VOORTGEVLOEI HET... 272

4. MOONTLIKE TEKORTKOMINGE WAT BETREF DIE NAVORSINGSPROSES 274

5. ’N KOMMA, NIÉ ’N PUNT NIE... 274



© University of Pretoria

**BIBLIOGRAFIE** 276

**BYLAE**

**Navorsingsvoorstel** 291

**Aansoek Etiese Klaring** 316

**Bylaag A, Goedkeuring van Owerhede** 324

**Bylaag B, Ingeligte Toestemmingsbrief** 325

**Bylaag C, Openingsvrae** 327

**Bylaag D, Kinderverhale** 329


© University of Pretoria

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING, WETENSKAPLIKE EN TEOLOGIESE POSISIONERING

> Our knowing is inherently contextual .... It is now clear that what one knows and sees depends upon where one stands or sits.
>
> Brueggemann (1993:8)

### 1. INLEIDING

In die wetenskapsfiksie-fliek *Stargate* (1994) was daar op ŉ stadium ŉ toneel waar die Egiptiese god, Ra, mense in slawerny gevange gehou het, deurdat hulle verbied is om hulle storie (hulle geskiedenis) te lees. Ten spyte van dié verbod hét hulle nietemin hulle storie gelees en dit aan mekaar vertel... en in die proses ontdek hulle toe dat hulle in staat is om los te kom uit die wurggreep van Ra.

Dié film het my opnuut laat wonder oor die krag van stories en die rol wat stories dalk sou kon speel in die bevryding van mense wat in 2014 om welke rede ook al 'vasgevang' is.

Om redes wat ek mettertyd sal verduidelik, is ek onder andere nuuskierig oor die moontlike invloed van stories op ouerskap-belewenisse in saamgestelde gesinne en hoe stories sulke gesinne dalk uit ŉ moontlike wurggreep sou kon bevry.

Freedman & Combs (1996:97) beskryf gesinne as 'storying cultures', ŉ metafoor waarmee hulle uitdrukking wil gee aan die feit dat elke gesin ŉ unieke verhaal het. Müller (2002:vii) sluit hierby aan, met sý opmerking dat elke gesin ŉ eie siel het, wat beteken dat resepte en voorskrifte van buite in die meeste gevalle niks werd is nie.

In die lig van bogenoemde sal hierdie navorsing ŉ poging wees om bewus te raak van die 'storying cultures' van saamgestelde gesinne: hulle belewenisse en hulle stories. Maar voordat ek verder hierop uitbrei, is dit nodig dat ek eers my eie konteks en wetenskaplike en teologiese posisionering ten opsigte van die navorsing uitklaar.


© University of Pretoria

Vervolvolgens sal daar hieraan aandag gegee word.

## 2. DIE KONTEKS VAN DIE BEPLANDE NAVORSING

### 2.1 *“Dís wie ek is...”* want *ek* is onlosmaaklik deel van my navorsing...

Dalk moet ek begin deur te erken: daar wás ’n tyd toe ek gedink het predikante se hooftaak is om mense ‘voor te skryf’, om hulle ‘reg te sien’, om alles in die stryd te werp om hulle op die regte pad te hou... Ek herinner my veral aan één so ’n situasie...

> Die presiese datum kan ek nie onthou nie... maar ek weet dit het gebeur iewers in die week na my legitimasie. So helder onthou ek dit, dat ek selfs die presiese plek waar dit plaasgevind het, in herinnering kan roep... Ek en Christo het met mekaar gepraat oor die afloswerk wat ons sou doen gedurende die Desember-vakansie. As nuwe jong proponente – verbonde aan die NG Kerk – het ons uiteindelik die ‘status’ gehad om te gaan doen wat ons nog altyd wou... Iewers in ons gesprek het Christo die opmerking gemaak dat hy wonder waaroor hy moet preek – veral in die lig van die feit dat hy die mense in die gemeente waar hy sou aflos, nie ken nie. Ek – ‘vol geleerdheid’ – het so ewe gesê: *“Dis maklik... “Kap” die ouens! Dís ons verantwoordelikheid. Vertel hulle wat hulle verkeerd doen, en dat hulle dit moet regstel... dat hulle dit eintlik gíster al moes regstel!”* En as nagedagte het ek nog bygevoeg: *“As meer dominees tog net hierdie verantwoordelikheid van hulle wil nakom, dan sou die wêreld darem maar ’n beter plek gewees het!”*

Dalk was hierdie idees die produk van my opvoeding, of ’n uitvloeisel van my opleiding, of dalk selfs albei? Ek weet nie eintlik nie... Dalk was dit die produk gewees van ’n algemeen geldige idee by mense – dat dominees opgelei is en daarom móét weet... dat hulle kundiges is wat moet leiding gee... Die feit dat ek in ’n omgewing grootgeword het waar mense baiekeer nie uitgepraat kon raak oor die ‘goeie preek’ van die dominee, nadat hy ’n slag behoorlik die roede ingelê het nie, het waarskynlik hierdie idee by my versterk...

Min het ek geweet hoe gou hierdie ‘fondament’ van sekerheid gaan verbrokkel... Ek was maar skaars in die bediening, toe kom ek agter dat ’n mens soms regtig nie


© University of Pretoria

weet wat om te sê of te doen nie... Om die waarheid te sê: ek het myself dikwels betrap dat ek só besig was om te konsentreer op die 'leiding' wat ek moes gee, dat ek skaars geluister het na die hart (die storie) van die persoon voor my... Ek het pynlik bewus geraak van ŉ klein bietjie onsekerheid wat so skielik kom deel word het van my lewe...

Dit was terwyl ek nog besig was om te wonder oor hierdie *bietjie onsekerheid*, dat ŉ *'brander van onsekerheid'* sommerso uit die bloute na my toe aangerol het en my fondamente geskud het: skaars sewe maande nadat ek tot die bediening toegetree het, is ek gekonfronteer met die realiteit van egskeiding in my persoonlike lewe. Egskeiding was skielik nie meer net ŉ vae beskrywing van 'iets' wat met 'iemand-daar-vêr' gebeur nie, ek het dit nou ook aan my eie lyf gevoel… en die logiese en betekenisvolle antwoorde wat ek dikwels met soveel sekerheid aan ander oorgedra het, het op daardie oomblik baie onlogies en selfs betekenisloos geklink en gevoel... Uit verskeie oorde is ek tot verantwoording geroep en dikwels het ek by myself gewonder: gaan my verduidelikings enigsins ŉ verskil maak aan dít wat dié mense glo en wíl glo... Nog iets wat ek mettertyd besef het, is dat die omvang van pyn nooit volledig vasgevang en in woorde op papier omgesit kan word nie...

Vir die eerste keer in my lewe het ek begin verstaan wat Job dalk bedoel het, toe in Job 42:3b gesê het (Bybel, 1983):

> "Ek het oor dinge gepraat wat ek nie begryp het nie..."

Ek het meer-en-meer ongemaklik begin raak met vinnige en maklike antwoorde en oplossings... Waar ek vantevore gretig was om 'reg' te help, het ek nóú ŉ stuk ongemaklikheid in my begin ervaar met vinnige en maklike antwoorde...

My huwelikstatus het verander vanaf 'getroud' na 'geskei', met al die noodwendige implikasies daaraan verbonde. Egskeiding het die 'wolf' op my spoor geword en my nie vir ŉ oomblik met rus gelaat het nie... Die enkele kere wat ek dit in geringe mate kon regkry om hierdie wolf te ontwyk, was daar ŉ klomp mense gewees wat – miskien onwetend? – alte gretig sy plek ingeneem het met vrae soos: "Dominee, hoe gaan jy nou maak wanneer dit kom by die wet? Gaan jy nog steeds daardie


© University of Pretoria

deel lees wat sê: 'Jy mag nie egbreuk pleeg nie'?" En baie van dié wat nie die moed gehad het om my openlik te konfronteer nie – so het dit in elk geval vir my gevoel – het my begin vermy...

Ek het pynlik bewus geraak van die waarde-oordele en etikette wat so maklik om mense se nekke gehang word… Opmerkings en opinies het erg gewissel, maar van die meer algemene opinies het min of meer soos volg geklink:

- "Dink jy regtig 'n tweede huwelik het 'n kans op oorlewing, terwyl eerste huwelike dit nie eens aldag maak nie?"
- "Jong, jy moet tog nou net nie wéér 'n fout maak nie! Onthou, tweede huwelike beteken in die meeste gevalle 'n pakket: 'n vrou én waarskynlik 'n klomp ongehoorsame kinders… so die kans op mislukking is gewaarborg!"
- Een van die meer ontstellende opmerkings waarmee ek gekonfronteer is, was: "Dalk moet jy dit aanvaar: sommige mense is troumateriaal en ander nie…"

Ongeveer drie maande na die afhandeling van die egskeiding is ek as leraar na die NG Kerk Vrede toe beroep, 'n posisie wat ek die afgelope vyftien jaar reeds beklee. Ek is ook intussen weer getroud, maar hieroor sal ek in die verloop van die navorsing uitbrei.

Ek vertel hierdie verhaal nie sonder rede nie... myns insiens het dít koördinate geword van wie ek is en hoe ek dink. Gerkin (1984:27) beklemtoon iets hiervan as hy sê:

> The pastoral counsellor is not only a listener to stories; he or she is the bearer of stories and a story. The pastoral counsellor does not come empty-handed to the task of understanding the other's story and offering the possibility of a new interpretation. The pastoral counsellor brings his or her own interpretation of life experience with its use of both commonly held symbols, images and themes from the cultural milieu of the counsellor, and the private, nuanced meanings that have been shaped by the pastoral counsellor's own life experience and its private interpretation.


© University of Pretoria

Ook Müller (2000:7) verwys hierna, as hy sê dat die persoon wat verhalend werk, déél is van dit wat aangebied word.

Op my lewenspad het ek mettertyd besef dat ek dalk meer versigtig moet praat, omdat ek nie alles weet en kan weet nie. Die merke en pyn wat etikette en waarde-oordele in my eie lewe gelaat het, het daartoe bygedra dat ek sensitief is (en wíl wees) in my betrokkenheid by ander mense. Daarom is ek gemaklik daarmee om eerder te erken dat ek nié altyd weet nie en self óók soms wonder, eerder as om te kenne te gee dat ek al die antwoorde het en dat ek verstaan.

Ek sal weer hierna verwys as ek kom by die werkswyse wat gevolg gaan word, naamlik ’n narratiewe benadering tot praktiese teologie, maar voorlopig wil ek noem dat narratiewe navorsing ’n benadering is waarin ’n mens voortdurend groei. Hierdie benadering behels ’n poging om, vanuit ’n posisie van nie-weet-nie, responsief-aktief te luister en by wyse van die gespreksvrae wat hieruit voortvloei, op reis te gaan saam met die persone wat by die navorsing betrek sal word (Müller 2000:68).

Inaggenome die feit dat daar nie iets soos ‘objektiwiteit’ bestaan nie, sal my eie lewensverhaal (my idees, my geloofsoortuigings, my gevoelens, my persepsies en my voorveronderstellings) vanselfsprekend geïntegreer wees by hierdie navorsingsproses (Pattison 2000:135-136).

Dit is daarom nodig dat ek gedurig rekening moet hou oor die goed waaroor ek wonder en die storie agter my wonder. Vervolgens sal daar hieraan aandag gegee word.

### 2.2 “Dís waaroor ek wonder... en dís die storie *agter* my wonder...”

Soos wat ek vroeër genoem het: na my egskeiding was daar heelwat mense wat gretig verneem het of ek weer sou trou... en oor die algemeen het hulle dit dan as hulle selfopgelegde taak beskou om my te waarsku by wyse van statistiek oor die volhoubaarheid van tweede huwelike, asook die uitdagings van saamgestelde gesinne. Ek onthou ’n spesifieke gesprek een aand met iemand wat my daarop gewys het dat ‘Die Bybel’ mos sê geskeide persone mag nie weer mag trou nie en


© University of Pretoria

dat, as ek sou kies om tóg iewers weer te trou, ek ongehoorsaam is en ek nie meer ŉ predikant kan wees nie!

Ek het besef dat hierdie vermanings waarskynlik goedbedoelde raad was, maar dat dit tog sekerlik nie die *enigste* kant van die saak kon wees nie? Ek het gevolglik ŉ punt daarvan begin maak om meer oplettend te kyk na, en te praat met, die mense rondom my wat ná egskeiding of dood weer getroud is… Die gevolgtrekking waartoe ek gekom het, is dat baie van die 'algemeen-geldige' waarde-oordele met betrekking tot tweede huwelike dalk nie altyd so 'algemeen-geldig' is nie, want daar wás ook suksesverhale....

Na vele gesprekke met mense in saamgestelde gesinne het ek óók begin besef dat die sukses van tweede huwelike dalk méér afhang van huweliksmaats se toewyding aan mekaar, as wat dit afhang van die huwelik*status* van die partye wat trou. Ek besef dit mag dalk vanselfsprekend klink, maar ék het ervaar dat in gesprekke oor tweede huwelike, hierdie stem baiekeer nie gehoor is nie... dalk as gevolg van negatiewe statistiek wat soms te hard praat? Ék het egter die keuse gemaak om dié stem te hoor en daarom is ek die daaropvolgende jaar weer getroud. Dit was Gretchen se eerste huwelik en ek het geen kinders uit my eerste huwelik gehad nie.

Die feit dat ek self die pad van egskeiding geloop het en weer getroud is, dra waarskynlik daartoe by dat ouers in saamgestelde gesinne my dikwels nader om saam met hulle te dink oor die uitdagings van hulle nuwe familieopset… Op my reis saam met hulle is en bly ek dus gedurig bewus van die uitdagings en waarde-oordele wat baiekeer sinoniem is met hierdie soort gesinstruktuur. Hieruit voortvloeiend – in ŉ poging om saamgestelde gesinne se opset beter te probeer verstaan en omdat ek nuuskierig is oor die moontlikheid van alternatiewe ouerskap-belewenisse by saamgestelde gesinne – het ek besluit om hierdie studie aan te pak.

Ek sal nooit vergeet van die gesprek wat ek op ŉ stadium met ŉ ma in ŉ saamgestelde gesin gehad het nie... Iewers in die verloop van ons gesprek het die vrou min of meer die volgende gevra:


© University of Pretoria

> "Dominee, wees nou eerlik asseblief… is daar *enigsins* 'n kans dat ek iewers vorentoe gesien sal word... nié as 'n *stiefma* nie, maar as 'n ma? Dit voel vir my dat dit glad nie saak maak hóé goed en gaaf ek ís en probeer wéés nie: ek sal maar die 'wrede stiefma' bly! Kinderstories soos *Aspoestertjie* en *Sneeuwitjie* (en wat ook al) het nou maar eenmaal hierdie idee geskep van 'n wrede stiefma... en klink my alles en almal het toe sommer besluit dis hoe dit ís… Dit voel vir my ek het nou maar eenmaal hierdie etiket – en in plaas daarvan dat ek dit afgeskud kry – word dit 'n band wat my al hoe meer wurg?"

Onderliggend aan haar vraag was daar – so het ék dit in elk geval beleef – 'n toon van moedeloosheid en hartseer... maar tog ook 'n pleidooi op hoop. Ek het só gewens ek kon vir haar 'n duidelike en seker antwoord gee, maar in my agterkop het ek besef dat dit allesbehalwe 'n vraag met 'n maklike antwoord is...

Hierdie geval was maar één van talle soortgelyke gevalle wat gemaak het dat ek oor saamgestelde gesinne begin nalees het en agtergekom het dat daar tot op hede baie navorsing gedoen is oor kinders se ervaring binne 'n saamgestelde gesin en die rol wat ouers behoort te vervul om so 'n saamgestelde gesin se verhaal 'n suksesverhaal te maak (Edwards 2002:154-167; Dunn, Deater-Deckard, Pickering & O'Connor 1998:1083-1095; Cartwright 2009:30-37). Oor die ouers self en húlle belewenisse – so moes ek tot my ontsteltenis agterkom – was daar ongelooflik min navorsing gedoen. Die enkele studies wat ek kon opspoor wat wel verband hou met ouerskap-belewenisse in saamgestelde gesinne, is vaag en handel meestal oor sekere algemene sake in hierdie gesinstrukture. Pacey (2005:366) noem byvoorbeeld dat daar hoë eise aan stiefma's gestel word – dikwels selfs hoër eise as aan stiefpa's – en dat wat sy ook al doen, die stiefma meestal 'n gehate figuur is. Sy (Pacey 2005:365) verwys ook na die feit dat stiefouers se rolle nie altyd duidelik gedefinieer is nie en dat hulle regte en verantwoordelikhede gewoonlik baie onduidelik is vergeleke dié van biologiese ouers.

Bogenoemde inaggenome, tesame met die tendens dat al hoe meer huwelike plaasvind tussen mense wat reeds getroud was[1], is ek van mening dat daar gerus

---

1 Daar is nie beduidende statistiek hieroor in SA nie.
In Engeland was 40% van alle huwelike in 2001, huwelike tussen mense wat reeds getroud was (Pacey 2005:365).


© University of Pretoria

meer aandag gegee behoort te word aan ouers in saamgestelde gesinne se belewenis van hulle nuwe gesinstruktuur.

Sake wat dalk in so 'n studie aandag behoort te geniet, is onder andere:

(1) Speel klassieke sprokiesverhale moontlik 'n rol by ouers in saamgestelde gesinne se ouerskap-belewenisse?

(2) Hoe eerlik is ouers in saamgestelde gesinne oor die aanpassing en die onsekerhede wat hulle dalk mag beleef?

(3) In watter mate gebeur dit dalk dat ouers in saamgestelde gesinne kies om nie hulle belewenisse (veral negatief) te verwoord nie, uit vrees dat so 'n erkenning 'n alreeds negatiewe etiket mag versterk?

(4) Is daar dalk alternatiewe ouerskap-verhale wat 'n rol kan speel in die uitwissing van etikette en vasgeloopte verhale, as dit hoorbaar sou word?

(5) Watter rol kan en behoort die kerk te speel om die dikwels gemarginaliseerde stem van ouers in saamgestelde gesinne meer hoorbaar te maak?

Wat hierop volg, is my en die gespreksgenote se poging 'n bydrae te lewer tot die baie komplekse verhaal van ouerskap in saamgestelde gesinne.

## 2.3 *"Só beplan ek om die konteks beter te verstaan..."*

Die *aksieveld/habitus* van die navorsing is saamgestelde gesinne. Daar sal spesifiek gereflekteer word op die verhale en belewenisse van ouers binne sodanige gesinstrukture, met verwysing na die moontlike invloed van klassieke sprokiesverhale op die belewenisse van die ouers.

Die oogmerk van die navorsing is nie om 'n handleiding daar te stel oor al die 'moets' en 'moenies' wat betref ouerskap in saamgestelde gesinne nie, maar om eerder 'n getuienis te wees van die verskillende wyses waarop ouers in saamgestelde gesinne funksioneer, met inagneming van die feit dat dít wat vir een gesin werk, nie noodwendig vir 'n ander gesin moet of gaan werk nie.

---

In 2002 is 'n verslag opgestel wat aangedui het dat 54% van vroue in Amerika binne 5 jaar na 'n egskeiding weer trou, terwyl tot soveel as 75% binne 10 jaar na egskeiding weer trou (Bramlett & Mosher 2002:22).



© University of Pretoria

Moontlikhede om die konteks beter te probeer verstaan, sal onder meer insluit:

- **Kritiese dialoog**

Pattison (2000:135-141) beklemtoon dat kritiese dialoog van groot waarde is ten einde die verhouding tussen die konteks en die navorser beter te verstaan. Dit behels dat daar rekening gehou moet word met onder andere

(1) die navorser se eie idees, geloofsoortuigings, gevoelens, persepsies en voorveronderstellings met betrekking tot die studie,

(2) die spesifieke Christelike tradisie van waaruit die navorser kom, aangesien dít ŉ invloed het op sy/haar idees, oortuigings en veronderstellings en

(3) die invloed van die hedendaagse wêreld (ander vakdissiplines, ŉ interdissiplinêre gesprek).

- **Navorsingsgenote**

Hierdie studie sal nie die werk van ŉ enkele outeur (ek!) wees nie, maar die werk van ŉ hele paar outeurs, insluitende ouers wat as navorsingsgenote hulle verhale en belewenisse sal deel. Hierdie ouers sal deurlopend betrek word by die navorsingsproses, sodat hulle nie bloot subjekte van die studie sal wees nie (Rubin & Rubin 1995:10).

- **Bronne by die biblioteek en op die internet**

ŉ Deeglike literatuurstudie sal deel uitmaak van die navorsingsproses.

### 2.4 Enkele opmerkings oor my verstaan van die navorsingsproses

In ŉ poging om my navorsingsproses te verduidelik, het ek aanvanklik gedink om aan te sluit by ŉ metafoor wat by geleentheid ook gebruik is deur Janse van Rensburg (2000:1-2), naamlik ŉ skildery. Hy gebruik spesifiek dié metafoor in sy


© University of Pretoria

verduideliking van die begrip ‘paradigma’ en ek het geoordeel dat dié metafoor ewe goed ingespan kan word om betekenis te gee aan die res van die navorsingsproses.

Met verloop van tyd – en op grond van die terugvoer wat ek ontvang het van persone met wie ek hieroor in gesprek getree het – het dit egter vir my begin voel begrippe soos ‘raam van skildery’, ensovoorts, laat nie reg geskied aan die dinamiese karakter van navorsing wat geskoei is op ’n post-fundamentele epistemologie nie. Hieroor (die aard van ’n post-fundamentele epistemologie) sal daar in die verloop van die navorsing verder uitgebrei word. Wat wel hier gemeld behoort te word, is dat ’n metafoor wat dalk meer gepas sou wees vir die aard van die navorsingsproses, ’n driedimensionele prent is wat, afhangende van die hoek waaruit daar gekyk sou word, ’n sekere beeld terugkaats.

Inaggenome die feit dat ek opgegroei het in ’n omgewing waar ‘rasionaliteit’ en ‘strukturele denke’ die botoon gevoer het, het dit heelwat aanpassing geverg om ruimte te maak vir méér as bloot my eie verstaan van my en ander se leefwêreld.

Ek wil ook hoegenaamd nie te kenne gee dat ek die kuns *bemeester* het nie, maar wat ek kán sê is dat dit vir my ’n heerlike groei-ervaring was om kennis te neem van die verskillende paradigmas en die epistemologieë onderliggend aan hierdie paradigmas.

Ek is beslis ’n ander mens wat betref die wyse waarop ek na die werklikheid kyk en daaroor dink – en uit die aard van die saak het dit ’n groot invloed op die wyse waarop ek beplan om die navorsing aan te pak.


© University of Pretoria

## 3. WETENSKAPLIKE POSISIONERING

### 3.1 Paradigma

Van Rensburg (2000:1-2) verduidelik myns insiens die begrip 'paradigma' treffend met sy gebruik van die metafoor van 'n raam:

> A paradigm is a frame of mind, a frame of reference, and a point of departure from which one thinks and acts... a paradigm does to one's view of life almost what a frame does to a painting... The frame keeps the painting together and defines its character... It is the frame of mind with which one starts to paint one's picture of life and the world ... (and which) determines how one's world-view will operate and how one's knowledge about the world and life will be structured.

Denzin & Lincoln (2005:22) sluit hierby aan met hulle definiëring van 'n paradigma as "a basic set of beliefs that guide action and guides how researchers understand a person and the world."

Dit kom dus daarop neer dat 'n paradigma (baie vereenvoudig) verstaan kan word as 'n stel basiese oortuigings oor sekere grondbeginsels wat die manier waarop ons na die lewe kyk, beïnvloed.

Denzin & Lincoln (2005:22) wys voorts daarop dat 'n paradigma ten minste drie eienskappe of grondbeginsels het, naamlik:

(a) 'n *Ontologie*, wat te doen het met die basiese vrae aangaande die aard van die realiteit of die wêreld en dit wat daaroor te wete is;

(b) 'n *Epistemologie*, wat te doen het met verhouding tussen die navorser en die realiteit of wêreld en hoe die realiteit geken kan word; en

(c) 'n *Metodologie*, wat te doen het met die metodes en wyses waarop inligting aangaande die realiteit en die wêreld verkry kan word.


© University of Pretoria

Vervolgens word daar gekyk na die drie paradigmaskuiwe (verwysingsraamwerke) binne die Westerse samelewing.

### 3.2 Pre-Modernisme, Modernisme en Postmodernisme

Te midde van wisselende standpunte oor die aard en invloed van kulturele- en paradigmaskuiwe binne die samelewing – Van Rensburg (2000:1) verwys spesifiek na die voortgaande debat insake postmodernisme en die feit dat bronne hieroor allesbehalwe maklik is om te volg – bestaan daar nietemin redelike eenstemmigheid dat daar in die geskiedenis van die Westerse denke breedweg onderskeid getref kan word tussen drie paradigmaskuiwe, naamlik pre-modernisme, modernisme en postmodernisme (Delport 2010:40; Bosman & Müller 2008:1414; Büchner 2007:8; Miller 2004:96).

**Pre-modernisme** verwys breedweg na ŉ wêreldbeeld wat min of meer gestrek het vanaf die einde van die 15de eeu tot die einde van die 18de eeu (meer spesifiek vanaf 1492, wat die begin van Kolonialisme was, tot ongeveer 1750, met die aanbreek van die sogenaamde Aufklärung oftewel Verligting) (Büchner 2007:8).

Bosman & Müller (2008:1414) beskryf hierdie paradigma aan die hand van die metafoor van ŉ spieël wat lig uit ŉ transendente omgewing weerkaats. Die onderskeidende kenmerk van hierdie tydvak was die feit dat geen wetenskaplike vrae gevra is nie. Daar is naïef geglo dat niks 'vanselfsprekend' of 'per ongeluk' of 'toevallig' gebeur nie; alles het ŉ doel en elke gebeure het ŉ aanstigter, gewoonlik bonatuurlike magte (God of gode) wat dinge van 'bo' af laat gebeur. Dieselfde het gegeld wat betref kennis: kennis is beskou as die resultaat van direkte openbarings deur gesaghebbende bronne (Hoffman, 2005). Selfs weerverskynsels is beskou as die resultaat van die een of ander aksie of 'ingryping' van gode.

In die pre-moderne tyd was die bestaan van God ŉ gegewe. Die kerk is beskou as hoofbron van gesag, inaggenome hulle rol as bron en interpreteerder van geopenbaarde waarhede. Kulturele- en godsdienstige diversiteit is oor die algemeen nie geduld nie en aangesien sosiale rolle bykans nooit bevraagteken is nie, het daar ook nie eintlik enige sosiale verandering plaasgevind nie.


© University of Pretoria

Ander kenmerke van hierdie tydvak was die feit dat die meeste mense oor die algemeen arm en ongeletterd was. Die feit dat die mense terseldertyd baie geïsoleerd geleef het, het tot gevolg gehad dat daar bykans geen ruimte vir enige invloed van buite af was nie.

In sommige literatuur (Botha 2008:1624; Pilch 1991:201) word daar soms ook na hierdie tydvak verwys as die 'Magiese Wêreldbeeld', vanweë die veronderstelling dat niks gebeur het sonder dat *iemand* ('n mag of 'n god, menslik of nie-menslik) nie 'n direkte rol gespeel het by die betrokke gebeure nie.

**Modernisme** verwys breedweg na 'n wêreldbeeld wat teruggevoer kan word na die tyd van die Verligting (Du Toit 1988:37). Volgens Dockery (1995:23) het die modernistiese era min of meer by die Franse Rewolusie (1789) begin en strek dit ongeveer tot en met die ineenstorting van Kommunisme, byna tweehonderd jaar later.

Du Toit (1988:37) beklemtoon dat die historiese tydvak egter van mindere belang is; waarop daar nietemin deeglik gelet moet word, is die houding onderliggend aan hierdie wêreldbeeld. Modernisme verwys naamlik na 'n geesteshouding waarin die rede, die subjek, wetenskaplike onfeilbaarheid en absolute waarheid beklemtoon word.

Die metafoor wat Bosman en Müller (2008:1414) gebruik om die moderne paradigma te beskryf, naamlik 'n lamp wat 'n eie, oorspronklike lig, binne die self, na buite homself projekteer, is myns insiens 'n metafoor wat hierdie wêreldbeskouing se manier van dink, mooi beklemtoon.

Volgens Kotzé (1992:27) kan die modernistiese wêreldbeskouing kernagtig gekenmerk word aan hul aansprake op objektiwiteit, empiriese waarneming, kwantitatiewe meting, reduktiwisme en verifieerbare kennis en feite.

Baie vereenvoudig beteken dit dus dat daar by hierdie wêreldbeskouing wegbeweeg is van die amper bygelowige benadering eie aan pre-modernisme, na 'n wêreldbeskouing wat van die veronderstelling uitgegaan het dat die menslike rede


© University of Pretoria

ingespan kan word ten einde wetenskaplike onfeilbaarheid en absolute waarheid te verwerf. Kennis was beskou as ŉ refleksie van realiteite, wat objektief waargeneem kon word (Burr 1995:12).

ŉ Noodwendige uitvloeisel van hierdie benadering tot kennis, was dat die kerk die aansien wat hulle in die pre-moderne tyd geniet het, toenemend begin verloor het. Universiteite en akademiese instellings is beskou as die primêre bron van gesag, as gevolg van hulle klem op die verwerwing van kennis langs die weg van wetenskaplik-gefundeerde studie. Die feit dat geloofswaarhede op ŉ logiese wyse beredeneer is, het daartoe gelei dat ŉ groot aantal uitgebreide geloofsbelydenisse, veral in hierdie era geformuleer is. Die redelike aspek van geloof is in só ŉ mate beklemtoon, dat daar bykans geen ruimte gelaat is vir emosionele belewenisse nie (Niemandt 2007:20−21).

Een van die bekendste eksponente van hierdie era, was René Descartes (1596 - 1650) (Erickson 2001:53-59; Cilliers 2003:16). Descartes se alombekende stelling "*cogito ergo sum*" oftewel "*Ek dink, daarom is ek*", word oor die algemeen gereken as dié slagspreuk van modernisme. Vir Descartes was kennis basies soos ŉ gebou: ŉ stewige fondament was nodig, en op dié fondament kon die res van jou kennis dan gebou word. Kennis het dus ŉ kumulatiewe aard gehad en daar is geglo dat kennis tot vooruitgang sou lei en ŉ oplossing sou bied vir die mensdom se probleme.

Op die lange duur het dit egter geblyk dat modernisme, met die belofte om langs die weg van wetenskap en tegniek die mens te bevry en in die proses van die wêreld ŉ beter plek te maak, mense bloot op ŉ nuwe manier verkneg het. Die siening dat enige probleem opgelos kon word deur die vernuf van die menslike rede en die noukeurigheid van wetenskaplike versamelde feite, is deur die toets van die tyd as ŉ onbereikbare ideaal bewys (Du Toit 1988:37).

Ten spyte van ŉ samelewing wat konstant verander, het die wyse waarop taal gebruik word, by die modernistiese wêreldbeskouing staties gebly. Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat *gister* se verstaan en waarhede en oplossings, *vandag* steeds normatief is en dat nuwe taal dus onnodig is wanneer daar hieraan uitdrukking gegee moet word.


© University of Pretoria

Een van die grootste punte van kritiek teen die modernistiese wêreldbeskouing, was hulle absoluut fundamentalistiese benadering tot kennis (Erickson 2001:73-74), wat onder andere behels het dat enige moontlike nuwe insigte eers geldig verklaar kon word, nadat daar seker gemaak is dat hierdie insigte nie dalk teenstrydig is met bestaande grondwaarhede nie (Van Huyssteen 1987:16). Dinge/sake wat nie rasioneel verklaar kan word nie, word gewoonlik bloot genegeer; Bosman (2001:20) verwys hierna as "die donker kant van modernisme".

As gevolg van hulle strewe na deursigtigheid, is daar by die modernistiese wêreldbeskouing moeite gedoen om konsepte so duidelik as moontlik van mekaar te skei. Dít het egter weer aanleiding gegee tot die vestiging van 'n hele aantal dualistiese beskouinge, soos objektiwiteit versus subjektiwiteit, liggaam versus gees, openbare versus private, organies versus meganies, en natuur versus kultuur (Ward 2003:paragraaf 9).

Ongelukkig het die triomf van die 'menslike rede' – die modernistiese wêreldbeskouing se groot punt van roem – terselfdertyd ook dikwels gelei tot 'n onderdrukking van 'n verbeeldingryke-, 'n poëtiese-, 'n simboliese- en selfs 'n etiese waardering van aspekte van die mense se bestaan en leefwêreld (O'Donnell 2003:22)

Intussen het daar al hoe meer vrae ontstaan oor die sogenaamde 'objektiwiteit' van wetenskaplike kennisaansprake (Dill 1997:3), veral die siening dat kennis 'n objektiewe identiteit het en dat waarheid 'n eie bestaan het, ongeag en onafhanklik van die mense se vele interpretasie-moontlikhede daarvan.

Sake soos die aard van die wetenskapsmetodes, wat uiteraard 'n rol gespeel het by die gevolgtrekkings wat gemaak is, het met verloop van tyd al hoe meer onder verdenking gekom (Dill 1997:3). Terselfdertyd het al hoe meer bekende wetenskaplikes die relatiwiteit van kennisaansprake begin uitwys, wat aanleiding gegee het tot 'n toenemende bewustheid van die feit dat verskeie standpunte ewe geldig kan wees in verskillende situasies (Dill 1997:3).


© University of Pretoria

Die grootste ommekeer in die gedagtes van die wetenskaplike wêreld, het egter gekom met Thomas Kuhn (1962) se teorie dat wetenskapsparadigmas 'n wesenlike invloed op wetenskapsbeoefening uitoefen (Dill 1997:6).

Barbour (1990:53-54) wys daarop dat dié teorie veral drie belangrike gevolge ingehou het vir wetenskapsbeoefening:

> All data are paradigm-dependent, but there are data on which adherents of rival paradigms can agree.
>
> Paradigms are resistant to falsification by data, but data must cumulatively affect the acceptability of a paradigm.
>
> There are no rules for paradigm choice, but there are shared criteria for judgement in evaluating paradigms.

Hierdie nuwe insigte wat betref paradigmas, het aanleiding gegee tot 'n groter bewustheid van die rol wat historiese en kulturele faktore (konteks) speel by wetenskapsbeoefening (Dill 1997:6). Gevolglik het die algemeen-aanvaarde kriteria van 'standaard-wetenskapsbeskouing' nog verder onder verdenking gekom.

Volgens Barbour (1990:35-36) het dít alles aanleiding gegee tot 'n nuwe beskouing wat betref wetenskapsbeoefening, wat hy soos volg opsom:

> In sum, science does not lead to certainty. Its conclusions are always incomplete, tentative and subject to revision. Theories change in time and we should expect current theories to be modified or overthrown, as previous ones have been. But science does offer reliable procedures for testing and evaluating theories by a complex set of criteria.

Dill (1997:7) wys daarop dat al hoe meer onverklaarbaarhede op die terreine van die fisika, biologie, kosmologie en die rekenaarwetenskap/wiskunde, toenemende druk veroorsaak het op die algemeen-geldige beskouing van 'standaard-wetenskapsbeoefening'. Hy verwys ook na 'n hele aantal nuwe insigte (Dill 1997:7-13), wat die gevestigde sekerhede op elkeen van dié terreine in die gedrang gebring


© University of Pretoria

het. Dit was egter veral 'n aantal nuwe waarnemings op terrein van die fisika[2], wat die epistemologie van modernisme finaal onder verdenking laat kom het. Dít wat voorheen as absolute, objektiewe en algemeen-geldige sekerhede aanvaar is, het nou skielik in 'n groot mate onseker geword. Waarheid was skielik nie meer beskou as absoluut nie, maar het nou 'n meervoudige dimensie gekry (Dill 1997:7-8).

Hierdie ontnugtering met modernisme se toenemende onvermoë om te alle tye en onder alle omstandighede rasionele, algemeen-geldige verklarings te bied, het die weg gebaan het vir die vorming van 'n nuwe wêreldbeeld of paradigma, naamlik **postmodernisme** (in sommige literatuur word dit geskryf as 'post-modernisme').

Anderson (1990:6) wys daarop dat daar minstens drie prosesse was wat vorm gegee het aan die oorgang van modernisme na postmodernisme, naamlik:

(a) die ineenstorting van 'n enkele geloofsisteem, met baie min en selfs geen konsensus oor wat die waarheid is nie;

(b) die geboorte van 'n wêreldkultuur, wat gelei het tot 'n groter bewustheid van die verskeidenheid van gelowe, met as resultaat dat dit moeiliker geword het om een geloofsisteem as die absolute waarheid te aanvaar;

(c) Die ontwikkeling van 'n nuwe polarisasie, as gevolg van teenstrydige opvattings wat betref sake soos opvoeding en morele ontwikkeling.

Müller (1996:56) maak die opmerking dat 'apartheid' waarskynlik die Suid-Afrikaanse samelewing aanvanklik geïsoleer het wat betref hierdie prosesse, maar dat die sluise van postmodernisme sedert die geboorte van 'n demokratiese Suid-Afrika oopgetrek is. Dít het waarskynlik tot gevolg gehad dat die invloed van postmodernisme op daardie tydstip (van 1994 af) meer intens beleef is in Suid-Afrika as in die res van die wêreld, wat oor 'n langer tydperk aan die veranderinge blootgestel is.

---

[2] Die kwantumteorie van Max Planck was een van die mees beduidende insigte, en het waarskynlik die meeste druk uitgeoefen het op die standaardwetenskapsbeoefening.


© University of Pretoria

Een van die eerste denkers wat uitgebreid oor postmodernisme as ŉ wyer kulturele fenomeen geskryf het, was Jean François Lyotard (Ward 2003:paragraaf 1). In sy boek, *The Postmodern Condition: a Report on Knowledge* (1979), wys hy daarop dat postmodernisme gekenmerk word deur ŉ gebrek aan vertroue in meta-narratiewe. Met meta-narratiewe word bedoel die idee dat die mens en sy wêreld geken en georganiseer kan word aan die hand van sekere kontroleerbare, algemeen-geldige beginsels. Postmodernisme verkondig ŉ radikale skeptisisme teenoor hierdie soort universele- of objektiewe aansprake (Ward 2003:paragraaf 2).

Om ŉ presiese definisie van postmodernisme te probeer gee, is in ŉ sekere sin nie moontlik nie omdat vaste, algemeen-geldige definisies juis een van postmodernisme se punte van kritiek is (Janse van Rensburg 2000:5-6, Scholtz 2005:49, Du Toit 1988:37). Daar is nietemin redelike konsensus dat postmodernisme teen die agtergrond van modernisme verstaan moet word (Janse van Rensburg 2002:47; O'Donell 2003:6; Pieterse 2002:79; Dill 1997:3). Postmodernisme se wortels kan gevind word in die Franse skool van literêre kritiek se beginsel van 'dekonstruksie' (Erickson 1998:18), wat ŉ wyer lees as bloot die 'geskrewe' teks aangemoedig het. Volgens Du Toit (1988:37) behels postmodernisme basies ŉ aanvaarding van die openheid en onvoltooidheid van ons denke en omskrywings. Cunningham (2003:191) sluit hierby aan, as hy sê dat in die plek van beterweterigheid daar beskeidenheid gekom het. Terselfdertyd kry ons by postmodernisme ŉ spesiale waardering vir alternatiewe denke en gesigspunte (Bosman 2001:15; Naudé 1993:98). Volgens Mills *et al.* (1995:368) is een van die grootste onderskeidende kenmerke van postmodernisme "… shifting values and an increasing respect for personal meaning." White & Epston (1990:79) sê in dié verband: "…it is not possible for persons to have direct knowledge of the world; …an objective description of the world is not available to us, and …no-one has a privileged access to the naming of reality, whatever reality is"

Baie vereenvoudig sou daar dus gesê kan word dat ŉ postmodernistiese wêreldbeskouing ŉ kritiese ingesteldheid aanmoedig wat betref die bestaan van objektiewe realiteite, absolute waarhede, eenvormige strukture, die outonome rede en die sentrale posisie van die singewende subjek, terwyl sake soos kompleksiteit,


© University of Pretoria

diversiteit, logies gekonstrueerde realiteite en die betekenis van die ‘ander’, omhels word.

Burr (1995:12) beskryf die vertrekpunt van postmodernisme soos volg:

> Postmodernism as an intellectual movement has its centre of gravity not in the social sciences but in art and architecture, literature and cultural studies. It represents a questioning of and rejection of the fundamental assumptions of modernism, the intellectual movement which preceded it (and exists alongside it, generating much argument and debate) and which in many ways embodies the assumptions underlying intellectual and artistic life that have been around since the Enlightenment.

O’Donnell (2003:29) sluit hierby aan met sy opmerking dat postmodernisme ŉ ondersoek behels na die diskoerse wat tydens die Verligting gemarginaliseer is en in sommige gevalle selfs verdwyn het, en sê: “To explore the postmodern is to explore ourselves again and to link up with a partially forgotten past”. Volgens Lyotard (1997:37−38) wil postmodernisme ons nie net meer sensitief maak vir moontlike verskille nie, maar ook groter verdraagsaamheid by ons kweek, wat betref sulke verskille en ander onmeetbare sake.

Bosman en Müller (2008:1414) se metafoor vir die postmoderne paradigma, naamlik ŉ meervoudige doolhof van beelde, soos dié van spieëls wat mekaar reflekteer en waar dit onmoontlik is om die oorspronklike beeld te vind, beklemtoon die relatiwiteit, kompleksiteit en diversiteit eie aan postmodernisme, baie treffend.

Hoewel geleerdes hieroor verskil, dink ek Buitendag (2002:945) maak ŉ baie belangrike opmerking as hy sê dat ons versigtig moet wees om postmodernisme te sien as die laaste van drie opeenvolgende periodes, so asof alles op ŉ reguit kontinuum uitgepak kan word en ons ons nou in ŉ volgende kompartement bevind.

Postmodernisme wil allesbehalwe só afgebaken word en sluit juis ŉ voortdurende teruggryp na die verlede in. Hy (Buitendag) verwys in dié verband na Alvin Toffler se baie gepaste metafoor van ŉ ‘golf’, wat heen en weer beweeg en wat sekere


© University of Pretoria

voor- en nawerkinge het. Hy sluit ook aan by Lyotard, wat meen dat ŉ woord soos 're-modernisme' dalk ŉ meer toepaslike benaming sou wees, omdat dít meer beskrywend is van die protes of reaksie op modernisme se werklikheidsverstaan. Rossouw (1993b:895) meen dat postmodernisme ŉ produk van modernisme én ŉ reaksie daarop is, wat beteken dat kennis van modernisme ŉ voorvereiste is vir die verstaan van postmodernisme. Ook DiNicola (1993:50) is van mening dat daar ŉ duidelike verband tussen postmodernisme en modernisme bestaan, inaggenome sy opmerking: "There is a continuity between modernism and postmodernism: The latter is a crisis within the former..." Anderson (1997:35) maak selfs die stelling dat postmodernisme juis modernisme veronderstel en dat dit daarom nie beskou moet word as ŉ era wat op modernisme volg nie, en volgens Hoffman (2005) is postmodernisme die resultaat van die bevraagtekening van vorige epistemologieë, spesifiek die pre-modernistiese- en modernistiese epistemologieë. In die lig hiervan meen sý dat postmodernisme juis epistemologiese verskeidenheid aanmoedig, ter wille van die wydste moontlike verstaan.

Aangesien hierdie navorsing juis daarop gemik is om gevestigde diskoerse oor ouerskap in saamgestelde gesinne te ondersoek, ten einde moontlike alternatiewe maniere van verstaan hoorbaar te maak, sal dié navorsing gevolglik aangepak word binne die raamwerk van postmodernisme.

## 3.3 Diskoers en Epistemologie

### 3.3.1 Diskoers

Baie vereenvoudig word die term 'diskoers' gebruik om te verwys na ŉ gespreksproses binne ŉ sosiale konteks (Prinsloo, 199:21). Die idees en waardes binne die betrokke sosiale konteks speel egter óók ŉ belangrike rol en moet daarom deeglik verreken word. ŉ Meer omvattende definisie vir diskoers is daarom myns insiens die definisie van Burman *et al.* (1997:8):

> Discourse is referring to language-in-action, to sets of social practices that are linguistic, but more than "merely" linguistic. We take discourse to mean


© University of Pretoria

> frameworks of meaning that are realized in language but produced by institutional and ideological structures and relations.

Freedman & Combs (1996:42) sluit hierby aan met hulle definisie van 'n diskoers as "a system of statements, practices and institutional structures that share common values", terwyl Madigan & Law (1992:33) sê "discourse can be viewed to reflect a prevailing structure of social and power relationships".

Wanneer daar gepraat word van 'n diskoers, word daar dus daarmee bedoel die idees wat 'n invloed het op mense se beskouinge en hulle leefwyse, met inagneming van die algemeen aanvaarde beskouings en realiteite binne 'n spesifieke sosiale konteks.

Die kragtige invloed van diskoerse op mense se lewens word onder andere beklemtoon deur Freedman & Combs (1996:43) wat sê: "Discourses powerfully shape a person's choices about what life events can be storied and how they should be storied".

Dit beteken dus dat, of ons dit wil weet of nie, daar in elke samelewing sekere diskoerse is wat op watter wyse ook al algemeen-geldige status verkry het en as sodanig 'n beslissende invloed het op die wyse waarop mense dink en optree.

Aangesien hierdie navorsing handel oor ouerskap in saamgestelde gesinne, met verwysing na die invloed van klassieke sprokiesverhale, behoort daar dus deeglik rekening gehou te word met onder andere die wyse waarop die betrokke samelewing dink oor sake soos egskeiding en hertroue, asook die wyse waarop 'goeie ouers' gedefinieer word. Ander diskoerse wat binne die konteks van hierdie studie waarskynlik ter sprake sal kom, is diskoerse oor stiefouerskap en die moontlike invloed van klassieke kultuurverhale hierop, diskoerse binne die geloofsgemeenskap en diskoerse by opvoedkundige instellings soos skole.

Van der Veer (1997:199) beklemtoon dat veral godsdienstige diskoerse baiekeer 'n groter invloed op mense se lewe het as wat die populêre opvatting van *'godsdiens is 'n persoonlike keuse',* impliseer, as hy sê:


© University of Pretoria

> It seems to be difficult to regard religion … as an external, historical force like the state, because religion makes itself appear as a habit of the heart, the hard core of a community's identity, as a thing that cannot change and is non-negotiable…

Dit is belangrik om terselfdertyd ook rekening te hou met onder andere professionele diskoerse by die navorsingsproses. Volgens Dixon (1999:9) behoort daar nie slegs gelet te word op dit *waaroor* daar gepraat word nie; dit is ook belangrik om te let op *wie* praat, *met wie* daar gepraat word, en vanuit *watter verwysingsraamwerk* oftewel paradigma die gesprek plaasvind.

Die Franse filosoof, Michel Foucault, beklemtoon in dié verband dat dit belangrik is dat ons te alle tye bewus sal wees van die direkte verband wat daar is tussen mag, kennis en waarheid (Dill 1996:97). Hy meen dat daar ŉ rekursiewe verband is tussen mag, kennis en waarheid, wat beteken: die mag wat ek het, staan in verband met die kennis wat ek besit, en dit word my waarheid (Dill 1996:98).

Foucault se siening dat kennis en mag onskeibaar is, verdien egter kritiek en vra na dekonstruksie. So ŉ siening het verreikende implikasies vir terapeutiese betrokkenheid, in dié opsig dat dit terapeutiese betrokkenheid relativeer tot ŉ magspel (White & Epston 1990:29):

> … if we accept that power and knowledge are inseparable – that a domain of knowledge is a domain of power and a domain of power is a domain of knowledge – and if we accept that we are simultaneously undergoing the effects of power and exercising power over others, then we are unable to take a benign view of our own practices…

Dat daar wel ŉ *verband* tussen kennis en mag bestaan en dat terapeutiese betrokkenheid van ons vereis om *hiervan* kennis te neem, word deur White & Epston (1990:29) beklemtoon, wanneer hulle sê:

> Instead, we would assume that we are always simultaneously in domains of power and knowledge. Thus, we would endeavor to establish conditions that encourage us to critique our own practices formed in this domain. We


© University of Pretoria

> would work to identify the context of ideas in which our practices are situated and explore the history of these ideas. This would enable us to identify more readily the effects, dangers, and limitations of these ideas and of our own practices. And, instead of believing that therapy doesn't have anything to do with social control, we would assume that this was always a strong possibility. Thus, we would work to identify and critique those aspects of our work that might relate to the techniques of social control.

### 3.3.2 Epistemologie

Kotzé (1992:4) se beskrywing van wat ons onder epistemologie behoort te verstaan, is hier ter sake: "Dit gaan dus in die term epistemologie tegelyk om die vraag na hoe ŉ mens dink, waarneem en besluit, en wat die mens dink, waarneem en besluit."

Hierdie 'hoe' en 'wat' staan egter in wederkerige verband tot mekaar. 'Hoe' ek dink, waarneem en besluit, beïnvloed 'wat' ek dink, waarneem en besluit, terwyl 'wat' ek dink, waarneem en besluit weer 'hoe' ek dink, waarneem en besluit, beïnvloed. Só verstaan verwys epistemologie dus na die verhouding tussen die waarnemer en die waargeneemde en andersom (Kotzé 1992:4).

## 3.4 Epistemologiese vertrekpunte

Die wyse waarop ons vandag dink, is grotendeels geïnformeer deur die wyse waarop ons in die verlede gedink het. In die lig hiervan sal daar kortliks gekyk word na die vernaamste epistemologiese vertrekpunte van die verlede.

### 3.4.1 ŉ Kort oorsig

**Empirisme** as epistemologiese vertrekpunt, werk met die uitgangspunt dat alle menslike kennis van God, insluitende God se bestaan en natuur, die resultaat is van ervaring. Selfs die idee van 'God' word geag as ŉ konstruksie van die menslike verstand, op die basis van ervaring (Delport, 2010:53).


© University of Pretoria

**Rasionalisme** werk met die vertrekpunt dat alle waarheid hulle oorsprong in die menslike denke het. Sekere idees (soos vertroue en Christelike geloof) word verklaar as vooraf 'ingeplant' in die menslike verstand, sonder enige bonatuurlike bemiddeling (Delport 2010:54).

**Idealisme** werk met die vertrekpunt dat kennis bekom word deur jóú waarneming en ervaring van objekte, en nie deur hoe dit op sigself is nie. In die lig hiervan word alle vorme van verhoudings beskou as eie skeppinge van die mens, met 'n ondergeskikste rol vergeleke die kwaliteit van die menslike subjek (Delport 2010:54-55).

**Realisme** werk met die vertrekpunt dat die entiteite in die wêreld onafhanklik van die menslike verstand bestaan; die feit dat iets nie waargeneem kan word nie, beteken dus nie noodwendig dat dit nie bestaan nie (Delport 2010:56).

**Kritiese Realisme** werk met die vertrekpunt dat God onafhanklik van die menslike denke bestaan; mense gebruik dus modelle en analogieë om, wat nie direk geken kan word nie, uit te beeld (Delport 2010:57).

**Konstruktivisme** (daar word soms ook hierna verwys as Tweede-Orde Kubernetika) kan beskou word as 'n epistemologiese golf in gesinsterapie (Müller 1996:81). Die vertrekpunt by konstruktivisme is dat waarneming en kennis 'n konstruksie is van die individuele waarnemer. In dié opsig opponeer dit dus die modernistiese idee dat daar 'n stabiele werklikheid bestaan wat met objektiewe sekerheid geken kan word (Scholtz 2005:9).

### 3.4.2 Sosiale Konstruksionisme

Die beweging vanaf 'n moderne- na 'n postmoderne wêreldbeskouing, het nie net 'n verreikende invloed gehad op die praktyk van wetenskapsbeoefening nie; ook op die terrein van lewenswetenskappe is die invloed van hierdie verskuiwing veral waarneembaar in die epistemologiese verskeidenheid wat skielik die lig gesien het.


© University of Pretoria

Een van die epistemologiese perspektiewe wat by uitstek tuiskom binne die postmoderne paradigma, is sosiale konstruksionisme. Burr (1995:12) maak trouens die opmerking dat postmodernisme die ideale agtergrond ('backcloth') bied vir sosiale konstruksionisme.

Kotzé & Kotzé (1997:29) beklemtoon dat sosiale konstruksionisme nié 'n teorie wil wees nie. Ter verduideliking verwys hulle na Barnhart & Barnhart se definisie van 'n teorie, naamlik "an explanation based on thought… on observation and reasoning, especially one that has been tested and confirmed as a general principle explaining a large number of related facts".

Hierdie definisie is eie aan 'n modernistiese benadering tot kennis en daarom meen hulle dat dit totaal onvanpas sou wees om die woord 'teorie' aan sosiale konstruksionisme te koppel. Hulle verkies om eerder die woord 'diskoers' te gebruik, omdat dié woord erkenning gee aan openheid, sonder beperkende vaste reëls. Hulle (Kotzé & Kotzé 1997:29) wys voorts daarop dat die sosiale konstruksie diskoers spesifiek geïnteresseerd is in die wyse waarop kennis verwerf is (nie soseer die 'wat' van kennis nie, maar die 'hoe' van kennis).

Sosiale konstruksionisme het op veral terapeutiese vlak 'n ingrypende impak gehad (Fruggeri 1992:41), inaggenome die uitgangspunt by sosiale konstruksionisme dat die idees, waardes en die betekenisse wat ons aan gebeurtenisse heg, beïnvloed word deur die kulturele- en kontekstuele werklikheid waarbinne ons ons bevind, asook ons individuele belewenisse (Freedman & Combs 1996:16,31). Gergen (1985:3) sluit hierby aan as hy sê dat sosiale konstruksionisme gaan oor "elucidating the process by which people come to describe, explain, or otherwise account for the world in which they live". In 'n soeke na verstaan behoort daar dus rekening gehou te word met die invloed van tradisie en die betekenis wat onder andere hieraan geheg word (Gergen 1999:16-17).

Volgens Muehlenhard & Kimes (1999:234) behels sosiale konstruksionisme "examining ways in which people understand the world, the social and political processes that influence how people define words and explain events, and the


© University of Pretoria

implications of these definitions and explanations – who benefits and who loses because of how we describe and understand the world".

Die oogmerk van sosiale konstruksionisme is dus om die mantel van wetenskaplike outoriteit as't ware af te gooi en demokratiese deelname aan die interpretasieproses te verseker (Gergen 1999:52). Navorsing wat op hierdie epistemologie berus, hou daarmee rekening dat die waarheid van gebeure nie deur die teorie of die navorser bepaal word nie, maar wel deur die gebeure of proses waar navorsingsgenote saam soek na betekenis en nuwe toekoms-stories. Nietemin behou hulle (die navorsingsgenote) steeds die vryheid om eie interpretasies van gebeure in hulle leefwêreld te maak. Op dié manier word navorsers bevry van ŉ sogenaamde 'gewaande objektiwiteit' (Müller 2000:57).

Vervolgens sal daar aandag gegee word aan twee stemme wat betref sosiale konstruksionisme, naamlik dié van Kennneth J Gergen en John Shotter. Die rede waarom ek spesifiek op hulle besluit het, het te doen met die feit dat hulle name meestal opgeduik het in die bronne oor sosiale konstruksionisme.

**(i) Kenneth J Gergen se verstaan van sosiale konstruksionisme**

Daar het onlangs ŉ tweede uitgawe (2009) van Gergen se boek, *An Invitation to Social Construction (1999)* verskyn. In die openingshoofstuk maak hy die stelling dat sosiale konstruksionisme met die uitgangspunt werk dat dít wat ons in die wêreld as belangrik ag, afhang van die wyse waarop ons dit benader, en hoe ons dit benader, hang weer af van die sosiale verhouding waarvan ons deel is (2009:2).

Gergen (2009:2) beklemtoon voorts dat daar nie ŉ enkele boek of filosofie of skool is wat daartoe is staat is om sosiale konstruksionisme te definieer nie. Idees oor sosiale konstruksionisme moet eerder beskou word as die resultaat van ŉ voortgaande dialogiese proses waartoe enigiemand ŉ bydrae kan maak. As gevolg hiervan is daar nie ŉ enkele gesaghebbende bron of weergawe oor sosiale konstruksionisme, wat almal se insette akkommodeer nie.


© University of Pretoria

Volgens Gergen is die mees basiese uitgangspunt van sosiale konstruksionisme dat dít wat as werklik beskou word, sosiaal gekonstrueer word. Dit beteken egter nie – soos wat teenstanders van hierdie diskoers dikwels te kenne probeer gee – dat iets nie as werklik beskou kan word, alvorens daar nie sosiaal daaroor ooreengekom is nie. Sosiale konstruksionisme wil nié sê: "Daar is niks" of "Daar is geen werklikheid nie", maar wat sosiale konstruksie wel doen, is om rekening te hou met die feit dat mense se definiëring van 'werklikheid' teen 'n spesifieke agtergrond plaasvind. Beskrywings van 'werklikheid' kan dus nie losgemaak word van sekere tradisies van verstaan nie (Gergen 2009:4). 'n Opmerking soos: "My Oupa is dood", sal teen 'n biologiese agtergrond waarskynlik verstaan word as 'die afwesigheid van sekere liggaamsfunksies'. Teen die agtergrond van ander tradisies egter sou dieselfde werklikheid gekommunikeer kon word met beskrywings soos: "My Oupa is hemel toe", of "My Oupa leef nou voort in ons harte" of "My Oupa is nou verlos van sy lyding".

Sosiale konstruksionisme werk met die uitgangspunt dat ons ons leefwêreld (die werklikheid) konstrueer *terwyl* ons met mekaar praat. Dit beteken dat die werklikhede waarbinne ons ons bevind, die resultaat is van die gesprekke wat ons voer. 'n Verandering in gesprekvoering kan dus bydra tot 'n rekonstruksie van 'probleme' tot 'geleenthede'. Trouens, gesprekvoering mag selfs lei tot die ontdekking van totaal nuwe 'werklikhede'.

Gergen (2009:5-13) meen dat daar by sosiale konstruksionisme minstens vyf basiese uitgangspunte bestaan, naamlik:

**(1) Die manier waarop die wêreld verstaan word, word nie noodwendig bepaal deur "wat daar is" nie.**

Die beskrywing van sake/dinge word bepaal deur sosiale instemming, eerder as deur 'wat daar is'. Dit impliseer dat daar nie 'n vaste reël bestaan wat betref die gebruik van lettergrepe, woorde of frases om iets te beskryf of te verduidelik nie. Vir enige stand van sake bestaan daar 'n onbeperkte aantal beskrywings en/of verduidelikings wat gebruik sou kon word. Dit beteken dat dit wat ons geleer het van ons wêreld en van onsself, ook op ander maniere verstaan en


© University of Pretoria

beskryf sou kon word. Ons sou met ons woorde en beskrywings ook alternatiewe wêrelde met nuwe moontlikhede van verstaan kon konstrueer. Dit beteken nié dat daar weggedoen word met bestaande tradisies nie, maar wel dat hulle beskou word as een van ŉ aantal moontlikhede.

**(2) Die manier waarop die wêreld beskryf en verduidelik word, word beïnvloed deur die verhoudings waarin ons is.**

Ons verstaan van ons wêreld word nie gevorm deur die prentjies in ons kop nie, maar deur die verhoudings waarin ons ons bevind. Dit beteken dat, afhangende van die sosiale verhouding waarbinne ons ons bevind, ons huidige verstaan van woorde, frases en sinne, óf bevestig kan word, óf tot onsin gemaak kan word. Ons soeke na sekerheid, iets om op te reken, ŉ gevoel wat op die werklikheid gegrond is, kan slegs gevind word in ondersteunende verhoudings. Verskillende vakdissiplines het byvoorbeeld elkeen ŉ eiesoortige taalgebruik, aan die hand waarvan ervarings beskryf of verduidelik word. ŉ Fisikus sal normaalweg nie sellulose observeer nie, terwyl ŉ bioloog normaalweg nie statiese eienskappe sal observeer nie. Hiervolgens word wetenskaplike waarhede deur wetenskaplike gemeenskappe gekonstrueer en nie deur individuele waarneming nie. Objektiwiteit en waarheid is dus veel eerder beskrywings van ŉ spesifieke gemeenskaplike tradisie, as wat dit ŉ uitvloeisel is van individuele denke. Dit beteken byvoorbeeld dat selfs wetenskap nie kan aanspraak maak op algemeen-geldige waarhede nie, aangesien alle aansprake op waarheid gegrond is in bepaalde tradisies, ingebed in kultuur en geskiedenis.

Daar word voorts van die veronderstelling uitgegaan dat woorde se betekenis ingebed is binne ŉ bepaalde aktiwiteit. Gergen (2009:8) verwys in dié verband na Ludwig Wittgenstein se metafoor van taal as ŉ spel (‘game’), wat die metafoor van taal as prentjies/foto’s vervang het. Dit behels basies dat ŉ frase soos ‘home run’ ŉ sekere betekeniswaarde in die taalspel van ‘baseball’ sal hê, terwyl ŉ woord soos ‘atome’ ŉ sekere betekeniswaarde sal hê in die taalspel van fisika.


© University of Pretoria

**(3) Konstruksies se betekenis hou gewoonlik verband met hulle sosiale gebruik**

Ons verbintenisse is wyer as bloot woorde en dade; dit sluit ook sekere voorwerpe en ruimtes in, wat geassosieer word met die betrokke verbintenis. So byvoorbeeld sal die woordeskat by tennis (dien, vlughou, stroop, ensovoorts) nie net verband hou met die bewegings van die spelers nie, maar ook met die feit dat hulle rakette en balle het, en dat hulle hulle op ŉ tennisbaan bevind.

Gergen (2009:9) verwys na Wittgenstein, wat die term "vorme van lewe" gebruik vir hierdie verskeidenheid (woorde, aksies en objekte) eiesoortig aan verskillende verbintenisse. ŉ Ander begrip wat ook dikwels in dié opsig gebruik word, is "kulturele tradisies". Die feit dat ons taalkonstruksies ingebed is in kulturele tradisies, speel ŉ belangrike rol in die betekeniswaarde daarvan.

Dit impliseer dat daar nié ŉ bevoorregte verwantskap is tussen woorde en die wêreld nie. ŉ Verskeidenheid konstruksies is moontlik vir enige situasie, en daar is geen gronde waarvolgens enige van dié konstruksies aanspraak kan maak op meer juistheid of korrektheid as enige van die ander konstruksies nie.

Die spesifieke woorde wat gebruik word, bepaal dus nie die juistheid of korrektheid van ŉ opmerking/stelling nie; juistheid of korrektheid word bepaal deur die wyse waarop die woorde binne ŉ spesifieke verhoudingsritueel funksioneer.

**(4) Met ons beskrywings en verduidelikings gee ons vorm aan ons toekoms**

Die "vorme van lewe" binne ŉ gemeenskap of ŉ samelewing word onderhou deur gedeelde taalkonstrukte. Trouens, gedeelde taalkonstrukte vorm die basis van tradisies en instellings in ons samelewing.

As ŉ gemeenskap nie voortdurend betrokke bly by ŉ proses van betekenisgewing nie, kan dit daartoe lei dat tradisies en instellings onder druk kom en selfs tot niet gaan. Gergen (2009:11) sê in dié verband: "If we abandon


© University of Pretoria

our languages of the real and the good, so do we destroy forms of life." Anders as wat baiekeer as vanselfsprekend aanvaar word, bepaal die verlede dus nie noodwendig ons bestemming nie en bied dit ook geen waarborg vir die toekoms nie. Trouens, in 'n snelveranderende wêreld, waar nuwe verstaan voordurend aangemoedig word, behoort ons die verhoudings waarin ons tradisies ingebed is en van waaruit hul rasionaal ontwikkel het, te koester en te stimuleer om te verseker dat dié tradisies steeds as sinvol beleef word. Selfs instellings soos die regering, godsdiens, onderwys, ensovoorts, behoort hulleself gedurig te onderwerp aan 'n proses van selfondersoek en moontlike nuwe betekenisgewing, anders gaan hulle waarskynlik nie bly voortbestaan nie. In die woorde van Gergen (2009:12): "Paradoxically, to sustain the tradition means transforming it".

Konstruksionisme behels egter meer as bloot die bewaring van tradisies; dit bied ook 'n uitnodiging om saam te konstrueer aan 'n nuwe toekoms. Transformasie van onsself, ons verhoudings, ons kultuur, of wat ook al, word beskou as iets wat kan plaasvind sonder die ingryping van kundiges, wette, openbare beleid en soortgelyke sake. Terwyl ons (op hierdie oomblik) met mekaar kommunikeer is ons besig om die toekoms te skep. As ons verandering ('n nuwe toekoms) begeer "... (then) we should shake up our traditional ways of constructing the world and set out to generate new ways of making sense. Constructionism invites us to become *poetic activists* (hy kursiveer)" (Gergen 2009:12). Vernuwing behels dus méér as bloot 'n afwysing of verwerping van bestaande betekenisse; dit is iets wat eerder gebeur wanneer alternatiewe taalkonstrukte, interpretasies en voorstellings van die wêreld gegenereer word. Gergen (2009:12) verwys hierna as "generative discourses": maniere waarop daar gepraat en geskryf en weergegee word in 'n poging om bestaande tradisies van verstaan uit te daag en nuwe moontlikhede van verstaan te ontdek.

**(5) Refleksie op ons algemeen-aanvaarde tradisies is noodsaaklik vir ons toekomstige welwese**

Een van die grootste uitdagings in ons lewe is om nie net gewaardeerde tradisies te bewaar nie, maar om ook 'n alternatiewe toekoms te skep. Dit is


© University of Pretoria

daarom belangrik dat ons daarmee rekening sal hou dat elke bestaande tradisie nuwe moontlikhede van verstaan beperk, terwyl nuwe moontlikhede van verstaan weer die potensiaal het om bestaande tradisies te ondermyn.

Vanuit ŉ konstruksionistiese oogpunt is dit belangrik om te verstaan dat 'goeie redes', 'goeie getuienis' en 'goeie waardes' gewoonlik verbind is aan bepaalde tradisies van verstaan. Daarom is kritiese refleksie ten opsigte van bestaande tradisies nodig: ŉ bewustheid en bevraagtekening van ons vertrekpunte, ŉ vermyding van die goed wat ons as vanselfsprekend of voor-die-hand-liggend beskou, ŉ openheid vir alternatiewe maniere van verstaan en ŉ worsteling met verskillende moontlike uitkomste as gevolg van verskillende vertrekpunte. So verstaan, behels konstruksionisme dus ŉ gedurige bewustheid van die moontlikheid dat dit wat as vanselfsprekend beskou word, ons mag verblind.

In die woorde van Gergen (2009:12-13):

> If we are to build together toward a more viable future then we must be prepared to doubt everything we have accepted as real, true, right, necessary or essential. This kind of critical reflection is not necessarily a prelude to rejecting our major traditions. It is simply to recognize them as traditions – historically and culturally situated; it is to recognize the legitimacy of other traditions within their own terms. And it is to invite the kind of dialogue that might lead to common ground.

Bogenoemde is ŉ kort weergawe van Gergen se verstaan van sosiale kontruksionisme. Vervolgens sal daar aandag gegee word aan John Shotter se verstaan van sosiale kontruksionisme.

### (ii) John Shotter se verstaan van sosiale konstruksionisme

Net soos Gergen het Shotter talle boeke en artikels geskryf oor die onderwerp van konstruksionisme. In sy boek *Conversational Realities*, gee hy nie net ŉ uitvoerige beskrywing van sý verstaan van sosiale konstruksionisme nie, maar het hy ook ŉ


© University of Pretoria

epiloog bygevoeg met 'n kort opsomming oor die mees basiese uitgangspunte oor sosiale konstruksionisme.

Volgens Shotter lê sosiale konstruksionisme se belangstelling meer in die proses van konstruksionisme, as in dit wat bereik wil word (Shotter 1993:178). Sosiaal-konstruksionisties gesien, tree ons in 'n pluralistiese, fragmentaries gekende en gedeelde wêreld met mekaar in gesprek, en nié in 'n opsigself staande, vooraf geordende werklikheid nie (Shotter 1993:178). Die ordelikheid en stabiliteit wat wel bestaan, kan toegeskryf word aan 'n deurlopende proses van sosiale konstruksie (dit word sosiaal gereguleer en herstel). Konstruksionisme is volgens Shotter geïnteresseerd in hoe orde uit die wanorde na vore kom, in hoe *"centres of stable social practice"* gekonstrueer word (Shotter 1993:178). Aangesien dit teenstrydig sou wees vir konstruksionisme om 'n sistematiese teorie daar te stel wat presies verduidelik hoe orde bewerkstellig kan word, het Shotter gekies om eerder hulpmiddels aan te bied in wat hy noem "... a rich 'toolbag' of useful 'conceptual prosthetics' ..." Shotter (1993:179)

Shotter (1993:179-184) se bondige opsomming val basies uiteen in drie afdelings, naamlik:

(1) Sosiale konstruksionisme in die algemeen;
(2) 'n Retoriese-responsiewe weergawe van sosiale konstruksionisme;
(3) Wat sosiaal-konstruksionistiese analise nié doen nie.

**(1) Sosiale konstruksionisme in die algemeen**

- Al die verskillende weergawes van sosiale konstruksionisme werk met die veronderstelling dat ons eintlike studieveld die onseker, vae vloei van kontinue kommunikatiewe aktiwiteit tussen mense is (Shotter 1993:179). Die vertrekpunt is dat ons onsself in 'n vae, slegs gedeeltelik gespesifiseerde, onstabiele wêreld bevind wat oop is vir verdere spesifisering aan die hand van kommunikatiewe aktiwiteit.
- Buitengewone belangstelling in onder andere die individuele psige (romantisisme en subjektivisme) aan die een kant, en 'n kenbare eksterne wêreld (modernisme en objektivisme) het tot gevolg gehad dat die sosiale en


© University of Pretoria

historiese aspekte van kommunikatiewe handeling op die agtergrond geskuif is (Shotter 1993:179).

- Alle sosiale betekenisvolle momente van interaksie, onderling en met ons leefwêreld, ontstaan en word gekonstrueer binne die ruimte van onderlinge dialogiese betrokkenheid (Shotter 1993:179).

**(2) ŉ Retoriese-responsiewe weergawe van sosiale konstruksionisme**

- Woorde opsigself het nie enige betekenis nie; hulle betekenis is interindividueel van aard. Tydens dialoog word woorde gebruik om betekenis oor te dra, maar die betekenis wat dit oordra, is beperk tot die spesifieke dialoog (Shotter 1993:179).
- Binne ŉ spesifieke dialoog word alle uitinge beskou as ŉ respons op voorafgaande uitinge. Hierdie uitinge word terselfdertyd begrens deur die moontlike respons van die persone wat betrokke is by die gesprek/dialoog. Die gesprek opsigself is dus bepalend ten opsigte van wat daar gesê word (Shotter 1993:180).
- Die betekeniswaarde wat aan uitinge geheg word, word beïnvloed deur die spesifieke genre. Dit het tot gevolg dat die manier waarop daar gepraat word, gewoonlik geassosieer word met ŉ vorm van sosiale lewe en die geskiedenis daaragter, in so ŉ mate, dat sekere woorde mag lei tot ŉ herbelewing van die outoritêre betekenis wat dit in die verlede gehad het (Shotter 1993:180).
- Hoewel ideologiese invloede hoorbaar mag wees "'in words in their speaking', in 'their tone and in other aspects of their 'temporal shaping'", bly die spreekhandeling op sigself, van primêre belang (Shotter 1993:180).
- Onderlinge ooreenkomste in ŉ gemeenskap se tradisie, is nie gebaseer op ŉ stel oortuigings wat betref betekenis, geloof en waardes nie, maar op meerkantige gemeenplase (alledaagse gesegdes). Hierdie gemeenplase, tesame met toegang tot ander genres (polities, ekonomies, ensovoort), voorsien gewoonlik die invalshoek waaruit twee of meer kante van ŉ gesprek ontwikkel.
- Argumente lei gewoonlik tot dialoog, terwyl kritiek en regverdiging lei tot uitinge.
- Konstruksionisme beskou die wêreld as oop, vaag en onstabiel (Shotter 1993:181). Die feit dat dit moontlik is om ŉ onbepaalde aantal beskrywings van die werklikheid te gee, beteken egter nie dat ŉ benadering van 'anything goes',


© University of Pretoria

gevolg word nie. Sekere beskrywings mag waarskynlik nie gestaaf word deur die gebeure, of deur die agtergrond-omstandighede van ons lewens nie.

- Om vas te stel of uitinge 'feite' of bloot 'fiksie' is, moet uitinge beoordeel word teen die agtergrond waarbinne hulle gemaak is (Shotter 1993:181). Die struktuur wat deur die uiting aan die werklikheid verleen word, moet gegrond wees in die agtergrondgesprek van die gemeenskap waaraan die spreker behoort, alvorens dit as feitelik beskou kan word.
- Ter wille daarvan om onderskeid te tref tussen beskrywings wat gegrond is op hoofsaaklik fiktiewe moontlikhede, teenoor beskrywings wat gegrond is op werklike empiriese moontlikhede ('feit' of 'fiksie'), gebruik Shotter (1993:181) die term 'imaginêr' (*imaginary*). Imaginêre entiteite word beskou as onklaar en is oop vir verdere spesifisering. In die woorde van Shotter (1993:13):

> The concept of the imaginary provides us with the resources we need to talk about those 'political' entities that are not yet wholly in existence, but that are not wholly fictitious either...

**(3) Wat sosiaal-konstruksionistiese analise nié doen nie**

- Dit probeer nie om 'n akkurate weergawe van 'n onderliggende werklikheid te gee nie (Shotter 1993:183).
- Dit gaan nie met kennis om asof dit 'n deel is van statiese sisteem nie (Shotter 1993:183).
- Dit maak nie die aanname dat ons sosiale lewe georden word aan die hand van 'n vooraf-bepaalde sosiale struktuur nie (Shotter 1993:183).
- Dit maak nie die aanname dat psigologiese prosesse afhanklik is, óf die resultaat is, van kognitiewe prosesse wat vooraf by individue vasgelê is nie (Shotter 1993:183).
- Dit maak nie die aanname dat taal uit voorafbepaalde kodes bestaan, wat innerlike psigologiese prosesse met uiterlike sosiale gebeure verbind nie (Shotter 1993:183).
- Dit maak nie skeiding tussen gesprekke en die konteks waarbinne gesprekke plaasvind nie; ons gesprekke en die konteks waarbinne dit plaasvind, het 'n invloed op: ons lewe (wie ons is en word), ons sosiale gedrag, en die aard van ons samelewing en kultuur (Shotter 1993:183).


© University of Pretoria

- Sosiale konstruksionisme dring nie daarop aan om gereken te word as dié (ware) stem in die gesprekvoering van die mensdom nie; dit wil nietemin ernstig opgeneem word as minstens een van die (moontlike) stemme in die kritiese dialoog met ander (Shotter 1993:183).

### 3.5 Sosiale Konstruksionisme as epistemologiese keuse vir navorsing oor ouerskap in saamgestelde gesinne

Bogenoemde inaggenome, sal die beplande navorsing oor ouerskap in saamgestelde gesinne gedoen word vanuit die sosiaal-konstruksionistiese epistemologie.

Navorsing wat op hierdie epistemologie berus, werk met die veronderstelling dat die waarheid van gebeure nie deur die teorie of die navorser bepaal word nie. Navorsingsgenote soek saam na betekenis en nuwe toekomste, maar behou steeds die vryheid om eie interpretasies van gebeure in hulle leefwêreld te maak. Op dié manier word navorsers dus bevry van 'gewaande objektiwiteit' (Müller 2000:57).


© University of Pretoria

# 4. TEOLOGIE, PRAKTIESE TEOLOGIE EN PASTORAAT

> A theology that pretends to be timeless and a closed system of theological knowledge, unaffected by cultural shifts, runs the risk of becoming obsolete, and is itself a reaction to preceding cultural developments. Isolating theology from culture is a coping strategy by theology to deal with the challenges that culture poses to a specific theological interpretation of the world.
>
> Rossouw 1993:895

## 4.1 Teologie

Om ŉ definisie van **teologie** te gee – spesifiek een wat geredelik inpas binne die raamwerk van meer as een epistemologie – is allesbehalwe ŉ eenvoudige taak (Buitendag 2003:1063; Pienaar 2009:28; Pieterse 1991:249; Van Wyk 1991:83).

Spoelstra (1995:207) definieer nietemin teologie – in aansluiting by Pieterse en Schleiermacher – as die "wetenskaplike bestudering van mense se geloof in God", omdat "'n bestudering van God" onmoontlik is.

Louw (1998:1) se definisie van teologie klink soos volg:

> Met 'teologie' word bedoel daardie poging om God se betrokkenheid by die mens en die skepping/die wêreld op so 'n wyse te kommunikeer dat dit sin maak en dat dit mense se geloof in die trou van God kan versterk. Teologie wil geloof in God verstaanbaar maak in die lig van die Skrif, tradisie en konfessie van die Christelike kerk. Teologie het te doen met ŉ besondere vorm van kennis: geloofsinterpretasie en geloofsvertolking in terme van die Skrif se siening van die ontmoeting tussen God en die mens.

Louw gebruik basies hierdie selfde definisie in een van sy vorige artikels (Louw 1997:61), maar in dié spesifieke artikel val sy definiëring van teologie uiteen in drie omskrywings, wat dalk meer verhelderend mag wees:


© University of Pretoria

- *Fides quaerens intellectum*: geloof wat soek om op 'n 'redelike' basis te verstaan. Dit is die gesistematiseerde bestudering (refleksie) en interpretasie (vertolking) van die sin van die God-mens-ontmoeting, soos verstaan in die openbaring en die Christelike geloofstradisie (geloofstaal) vanuit die Christelike perspektief van geloofstoewyding, binne die kontekste van menslike selfverstaan en verskillende lewensverhale.

- *Fides quaerens verbum*: geloof wat soek na maniere van kommunikasie, diskoers en struktuurgewing van die evangelie, en

- *Fides quaerens actum*: geloof wat soek na regte maniere van doen/diens.

Hy (Louw 1997:60) wys voorts daarop "dat alle teologiese uitsprake 'n element van voorlopigheid besit en aldus 'n hipotetiese karakter besit. Teologie is dus inherent self 'n kritiese wetenskap wat altyd weer deur die saak self, die werklikheid van God, onder kritiek geplaas word."

Pienaar (2009:28) herinner dat die term 'teologie' afgelei is van die Griekse woorde θεός (God) en λόγος (woord). Volgens hom is teologie (as 'n saamgestelde woord) "die wetenskaplike studie van God, Sy eienskappe, bestaan, planne en optrede (in die verlede, hede en toekoms), asook Sy verhoudinge en handelinge met die mens en wêreld soos dit deur God in die Skrif geopenbaar word".

Ganzevoort (2009:5) beskou teologie as "the discipline that discerns, describes, interprets, explains, evaluates, and helps to construct the ways people speak about God – theo - logia – to God, and experience being spoken to by God". Hy sluit sy definisie af, deur te sê "For me theology is tracing the sacred."

Buitendag (2003:1064) verwys na Wolfhart Pannenberg, wat meen dat teologie te doen het met die universaliteit van die waarheid van die openbaring van God en daarom met God self. Hy (Pannenberg) voeg egter daartoe by dat die waarheid vir ons slegs toeganklik is in die betreklikheid van ons ervaring en refleksie.


© University of Pretoria

Vanuit bogenoemde definisies is dit duidelik dat daar redelike eenstemmigheid bestaan oor die feit dat teologie wyer verstaan behoort te word as net ‘wetenskaplike denke oor God’. Die Bybel én die mens word óók geïmpliseer die oomblik wanneer ons teologies begin dink. König (1973:13) maak in dié verband ŉ insiggewende opmerking, as hy sê: “Dit gaan in die teologie om meer as God in Jesus Christus.”

Verskeie teoloë, onder andere Bavinck (1967:11-12), Deist (1987:11), König (1973:13) en Kotzé (1992:17), beklemtoon dat die objek van teologie nie bloot die bestudering van die Bybel, of God is nie, maar dat teologie veronderstel is om juis ook die ganse werklikheid vanuit ŉ geloofsoogpunt te bestudeer. Ook Lategan (1994:94) sluit hierby aan, as hy sê dat teologie veronderstel is om die ganse werklikheid te bestudeer vanuit die geloofsmodaliteit daarvan.

Heyns en Jonker (1977:274) verwys na die feit dat teologie vir eeue lank as ŉ geheel uit net een vakgebied bestaan het, maar dat ŉ verskeidenheid van aspekte binne teologie (eksegetiese kommentaar, leerstellige kwessies, kerklike praktyk, geskiedenis, ensovoorts) die moontlikheid van ŉ onderverdeling aangemoedig het.

Dit beteken egter allesbehalwe dat die verskillende vakgebiede binne teologie geheel onafhanklik van mekaar kan funksioneer, óf dat sekere vakgebiede belangriker is as ander (Heyns & Jonker 1977:276). Teologie as studieveld behoort altyd as ’n organiese geheel, eerder as ’n numeriese som van die dele beskou te word (Heyns & Pieterse 1990:5). Ook McGrath 2007:105 beklemtoon iets van die komplekse aard van teologie met sy opmerking dat teologie as dissipline ŉ “bringing together a number of related fields in an uneasy alliance” behels.

Vervolgens sal aandag gegee word aan die wyse waarop **praktiese teologie**, as een van die vakgebiede binne teologie, verstaan word.

### 4.2 Praktiese Teologie

Cilliers (2009:626) verwys na die feit dat die term ‘Praktiese Teologie’ waarskynlik die eerste keer deur Voetius (ŉ Duits-Calvinistiese teoloog) gebruik is om na ’n groep teologiese loci te verwys wat uitdruklik op die werk van predikante in die


© University of Pretoria

bediening gerig was. Hy Cilliers (2009:626) wys voorts daarop dat ‘Praktiese Teologie’ as vakgebied op daardie stadium ook Etiek en Kerkreg ingesluit het.

Sedert die ontstaan van Praktiese Teologie as vakgebied binne die oorkoepelende ruimte van Teologie as vakwetenskap, was daar alreeds talle misverstande oor die wese en aard van praktiese teologie.

Browning (1983:1) noem byvoorbeeld dat daar veral vrae gevra is oor die wetenskaplike begronding van ’n vakgebied soos Praktiese Teologie (sien in dié verband ook Müller 2005:17). Hy (Browning 1983:1) wys voorts daarop dat Praktiese Teologie in sommige kringe selfs beskou is as ’n vereenvoudigde vorm van teologie, nie werklik akademies van aard nie, en as ’n blote addendum tot ‘diepsinnige’ teologie. In ander kringe weer is dit as ’n skisofrene terrein of as ’n teologiese weeskind beskou, of dit is aan die blote aanleer van tegniese vaardighede gelykgestel. Die resultaat hiervan, aldus Browning (1983:1), is dat praktiese teoloë dikwels as gewoon “confused and soft-headed” beskou is. Ek het self ook eerstehands iets hiervan beleef, in dié opsig dat ’n kollega tydens ’n gesprek oor die omvang van my navorsing die volgende opmerking gemaak het: *“Gelukkig is praktiese teologie darem ’n maklike studieveld… dit probeer mos maar net vasstel wat in die praktyk gebeur… sonder die klem op wetenskaplike begronding wat by ander teologiese dissiplines óók nog in ag geneem moet word…”*

Dit is interessant dat selfs reformatore soos Luther en Calvyn van mekaar verskil het oor die praktiese karakter van teologie: Luther het van die veronderstelling uitgegaan dat enige egte teologie in elk geval prakties van aard is, terwyl Calvyn gemeen het dat die praktiese karakter van teologie eerder te sien is in menslike handelinge, wat die konsekwensies van die geloof is (Pieterse 1993:41; McGrath 2007:104).

Maar wat presies ís praktiese teologie dan nou?

Browning (1991:36) definieer praktiese teologie as die “critical reflection on the church’s dialogue with Christian sources and other communities of experience and


© University of Pretoria

interpretation with the aim of guiding its action toward social and individual transformation."

Heitink (1993:18) definieer praktiese teologie soos volg: "*Onder praktische theologie als handelingswetenschap* wordt hier verstaan *de empirisch-georiënteerde theologische theorie van de bemiddeling van het christelijk geloof in de praxis van de moderne samenleving*" (hy kursiveer).

Volgens Müller (1996:16-17) is Heitink se definisie een van die beste geformuleerde definisies wat hy teëgekom het. Hy meen nietemin dat daar twee leemtes in die definisie is, naamlik (1) dat die konsep van die narratiewe nie daarin voorkom nie, en (2) dat die kerk/geloofsgemeenskap nie pertinent genoem word nie. In die lig hiervan klink sý definisie soos volg (Müller 1996:5):

> Praktiese teologie is die sistematies-gestruktureerde, voortgaande hermeneutiese proses, waardeur gepoog word om menslike handelinge wat verband hou met die verhale van die Christen-geloofsgemeenskap, teologies te verhelder en te vernuwe.

Müller (2005:73) beklemtoon voorts dat "Practical Theology happens whenever and wherever there is a reflection on practice, from the perspective of the experience of the presence of God." Hy maak ook melding van die feit dat praktiese teologie op verskillende wyses beoefen kan word: dit kan byvoorbeeld spontaan, informeel en plaaslik, óf baie formeel, sistematies en georganiseerd wees. Dit kan deel wees van die daaglikse bediening binne 'n gemeente, óf dit kan 'n hoogs akademiese aktiwiteit op 'n tersiêre vlak wees (Müller 2005:73). Van kritiese belang is egter dat dit gelei sal word deur die oomblik van *praxis,* en dat dit lokaal, beliggaam en gesitueerd sal wees (*local, embodied and situated)* (Müller 2005:73).

Ter wille daarvan om dit te verduidelik, haal Müller (2005:79) vir Childs aan wat die posisie wat Praktiese Teologie wil inneem, mooi illustreer met sy staaltjie van 'n kort gesprek tussen Hiltner as die pastorale teoloog, en Tillich as sistematiese teoloog:

> Tillich: Let us say that there was a certain man …


© University of Pretoria

> Hiltner (interrupting): What was his name?
> Tillich: Oh, … err … let us say John. So, there was this man named John and …
> Hiltner (interrupting): Was he married?
> Tillich: Let us say he was. So. There was this married man, John, who ….
> Hiltner (interrupting again): What was his wife's name? Did they both work?
> Tillich (with exasperation): Professor Hiltner, won't you please let me finish? What is the meaning of all your questions?
> Hiltner: To speak of just *any* man is to speak of no man at all.

Vir Louw (2008:17) is praktiese teologie in wese niks anders nie as teologie, en weerspieël dit "the praxis of God as related to the praxis of faith within a vivid social, cultural and contextual encounter between God and human beings".

Cilliers (2009:627) maak eers die volgende algemene opmerking, alvorens hy sý definisie van praktiese teologie gee:

> Praktiese Teologie funksioneer binne 'n aantal spanningsvelde wat nooit opgelos mág word nie, byvoorbeeld die wisselwerking tussen empiriese navorsing en teologiese konseptualisering, konfessie en die samelewing, kern-identiteit en inter- (én intra-) dissiplinariteit, induksie en deduksie, kontekstualisering en tradisie, die Skrif en kommunikasie, roeping (vocatio) en denominasie, spiritualiteit en akademiese verantwoording, universiteits- en kerklike vennote, ensovoorts. Hierdie spanningsvelde kan uiters uitputtend wees, maar die vonke wat in dié hoogspanning spat, skep ook die nodige energie vir kreatiwiteit en vindingryke teologie.

Hy (Cilliers 2009:627) verwys ook in dié verband na Cahalan en Nieman (2008:85), wat hierdie siening beaam met die volgende opmerking: "These diverse dynamics and their constant interplay make practical theology persistently fascinating and occasionally frustrating".


© University of Pretoria

Volgens Cilliers (2009:628) is dit allesbehalwe ŉ maklike taak om praktiese teologie te definieer. Hy waag dit nietemin om, inaggenome Praktiese Teologie se studieveld, in sy eie woorde "ŉ kartets van antwoorde" te gee, wat soos volg klink:

> Praktiese Teologie het te make met die praxis van God se heilshandelinge wat in bepaalde ontmoetingsgestaltes na vore tree. Praktiese Teologie bestudeer die wyse waarop mense uit hierdie ontmoetingsgestaltes sin probeer maak – daarom rus dit op ŉ eksistensiële hermeneutiek. Praktiese Teologie funksioneer binne ekklesiologiese verband, en wil dus predikante en ander leiers vir bogenoemde sinsontsyfering (wat ook bedieningsvaardighede insluit) toerus; tog poog dit ook om uiteindelik die ontsyfering van die praxis van God se heilshandeling búíte ekklesiologiese verband, met ander woorde in die samelewing in die breedste sin van die woord, in die hand te werk. p628
>
> Praktiese teologie bly ŉ wetenskap wat oor én voor die aangesig van God besin, maar terselfdertyd vrae vra oor, en op soek is na, die sosiale gestaltes waarin God sy gesig na ons toe draai. p634
>
> Praktiese Teologie… is daarop gerig om, vanuit sy ryke tradisies (denominasie, Skrif, belydenis, prediking, liturgie, pastoraat, ensovoorts) met die oog op die verryking en sinduiding van die lewe as sodanig ŉ bydrae te lewer. p635

Dreyer (2007:46) pleit vir wat hy noem ŉ *publieke* praktiese teologie, en haal in dié verband ook vir Osmer en Schweitzer (2003a:216) aan, wat sê:

> … practical theology… has quite often been understood exclusively in terms of clerical or congregational tasks. In this view the proper role of practical theology is merely to inform pastors and congregations about their various tasks and functions that are not seen in relationship to a wider context. In contrast to this narrow view, a public practical theology takes quite seriously the public's role as an audience of its work, both by addressing issues of the common life – local, national, and global public concerns – and by bringing theology into dialogue with contemporary culture.


© University of Pretoria

Hy (Dreyer) beklemtoon dat publieke (oftewel openbare-) praktiese teologie méér behels as om bloot die omvang van die studie te verbreed; dit wil praktiese teoloë eerder aanmoedig om ook bewus te raak van ander akademiese dissiplines ten einde die sielkundige, sosiale, kulturele, ekonomiese, regs-en politieke faktore aan die werk in godsdienstige praktyk, te probeer verstaan (Dreyer 2007:46-47).

Tydens ŉ Praktiese Teologie Suid-Afrika Konferensie in Januarie 2010, het Ray Anderson die opmerking gemaak dat praktiese teologie ŉ verantwoordelikheid het teenoor beide die kerk en die wêreld. Dis natuurlik ŉ saak wat lankal reeds deur Gerkin (1997:111) beklemtoon is: dat praktiese teologie nie net teologiese denke en die praktyk nader aan mekaar behoort te bring nie, maar dat dit óók veronderstel is om mense se uiteenlopende lewensverhale en die grondverhaal van die betrokke geloofsgemeenskap, met mekaar in verband te bring.

Demasure en Müller (2006:416) het by geleentheid presies hierdie taak/aspek van praktiese teologie beklemtoon, met die opmerking dat “practical theology happens whenever and wherever there is reflection of practice, from the perspective of the experience of the presence of God”.

Bogenoemde is ŉ kort opsomming van wat ék dink belangrike merkers is, in ŉ poging om praktiese teologie te probeer verduidelik. Vervolgens sal aandag gegee word aan **Pastoraat**, wat binne die kontoere van Praktiese Teologie val.

## 4.3 Pastoraat

Aanvanklik, so wil dit blyk, was daar ŉ baie definitiewe onderskeid tussen wat genoem is ‘Praktiese Teologie’ en ‘Pastorale Teologie’. De Jongh van Arkel (1987:6) maak die volgende opmerking in dié verband: “Pastoral Theology is that branch of Practical Theology which focuses on caring actions. I therefore do not regard Pastoral Theology as identical to Practical Theology.”

Dit wil egter voorkom of hierdie aanvanklike duidelike afbakening mettertyd vervaag het, want in 1999 maak Heitink (1999:7) die volgende insiggewende opmerking: “The name ‘Practical Theology’ more and more replaces that of ‘Pastoral Theology’.”


© University of Pretoria

Ander teoloë soos Pattison en Woodward (2000:1) stem hiermee saam, in dié opsig dat hulle ook meen dat Pastorale Teologie bloot 'n ouer term as Praktiese Teologie is.

Hoewel Pattison en Woodward (2000:4) nie ten gunste is van 'n spesifieke definisie vir pastorale/praktiese teologie nie, juis omdat definisies onderling so verskil en daar nie eintlik iets soos 'n universele definisie vir pastorale/praktiese teologie bestaan nie, bied hulle tóg die volgende defnsie aan as moontlike omskrywing vir die taak van pastorale/praktiese teologie:

> Pastoral/practical theology is a place where religious beliefs, traditions and practice meets contemporary experiences, questions and actions and conducts a dialogue that is mutually enriching, intellectually critical, and practically transforming.

De Jongh van Arkel (1987:8) bied weer die volgende definisie aan vir wat hý verstaan onder pastoraat:

- Pastoral counselling takes the pastor into the area of human problems and interpersonal tension, (not only explicitly religious problems), where other professional helpers are also working. Counselling is not the prerogative of a single profession. There is a lot of common ground…. Pastoral counselling is a special form of pastoral work. We can distinguish between three forms of pastoral work: mutual care, pastoral care and pastoral counselling.
- Mutual care is the most basic – and most original – form of care and consists of the (usually) spontaneous caring actions among believers toward each other.
- Pastoral care is organised, supportive ecclesiastical care with the intention of building the congregation…
- Pastoral counselling is the task of the professional, trained pastor who creates a helping relationship with people experiencing difficulties or problems for which they seek help.


© University of Pretoria

Myns insiens beklemtoon Van Arkel se definisie ŉ belangrike aspek van pastoraat, in dié opsig dat dit duidelik meld dat berading ŉ aktiwiteit is wat nie net tot sekere kundige persone se werkterrein beperk is nie. Andersins is dit my beskeie mening dat sy driedeling (onderlinge sorg, pastorale sorg, en pastorale beraad) effens geforseerd is. Sy definisie skets ook die pastor as die sogenaamde kundige persoon (*professional, trained*) wat ŉ verhouding moet 'skep' met die oog daarop om die persoon met die probleem te 'help', teenoor nuwere benaderings tot pastoraat waar die rol van die pastor eerder gesien word as dié van "n reisgenoot' en waar die wedersydse dialogiese aard van die gesprek gerespekteer word (Müller 2000:17-18).

Müller 2000:65 beklemtoon dat pastoraat oor méér gaan as bloot die gee van 'antwoorde'. Dit vra van die pastor om, in plaas daarvan om dinge te wil bereik en te bewerkstellig, eerder 'wag' te fasiliteer. Ware pastoraat is nie resultaat-georiënteer nie, dit is wag-georiënteer.

Volgens Louw (1998:2) worstel alle mense in ŉ meerdere of mindere mate met minstens drie basiese lewensvraagstukke, naamlik (hy kursiveer):

1. *Angs*, dit wil sê die mens se vrees vir isolasie, verwerping, en uiteindelik sy angs vir die dood;
2. Die mens se worsteling met *skuld* en *skuldgevoelens*; en
3. Die mens se ervaring van *wanhoop* en *sinloosheid* wat dikwels tot twyfelvrae en eventuele vertwyfeling aanleiding gee.

Hy (Louw) meen dat pastoraat as teologiese wetenskap ten nouste betrokke is by hierdie worsteling van die mens. In die lig hiervan bied hy daarom die volgende definisie aan vir pastoraat (Louw 1998:2):

> Pastoraat is daardie benadering wat hierdie lewensvraagstukke sinvol vanuit die Christelike geloofsperspektief wil aanspreek. Pastoraat wil aan mense hulp verleen en hoop bied vanuit die oortuiging dat God se trou die inhoud van die geloof is en dat God sy beloftes aangaande die heil van die mens in Christus se kruis en opstanding vervul het (die eskatologiese perspektief) asook die oortuiging dat lewe voltrek word in


© University of Pretoria

> die teenwoordigheid van God. Pastoraat wil God se wil in terme van die vraag na die sin van die lewe, en omgekeerd, vertolk sodat mense met vreugde en hoop kan leef.

Volgens Louw (1998:3) wil pastorale teologie nié ŉ teologie van bo wees nie, maar eerder ŉ teologie van onder, en behoort pastorale teologie hom besig te hou met die tekens of simbole in menslike taal wat moontlike verandering suggereer. *Pastorale teologie is nadenke oor die betekenis en sin van die menslike situasie en konteks coram Deo* (hy kursiveer) (Louw 1998:3).

Cilliers (2009:634-635) meen dat praktiese teologie as *fides quaerens societatem* (geloof op soek na sosiale vergestalting) 'n benadering impliseer wat grense wil oorskry, wat vrae wil vra oor, en op soek is na, die sosiale gestaltes waarin God sy gesig na ons toe draai. Dit wil vanuit sy ryke tradisies (denominasie, Skrif, belydenis, prediking, liturgie, pastoraat, ensovoorts) ŉ bydrae lewer met die oog daarop om die sin en betekenis en nuwe verstaan ten opsigte van die lewe te bewerk. "Dit gaan hier oor die lewe in die breedste sin van die woord; oor die handhawing en heling, die waardigheid en waarde, die singewing en sinsontsluiting van hierdie lewe, wat as 'n gawe van God voor sy aangesig (*coram deo*) gelééf mag word" (Cilliers 2009:635).

## 4.4 Belangrike Paradigmatiese Skuiwe in Pastorale Teorievorming

Op die terrein van die pastoraat het daar die afgelope paar dekades duidelik aantoonbare ontwikkelings plaasgevind. Heitink (1984) en Louw (1998) beskryf die ontwikkeling en bestaande pluralisme binne die pastoraat uitvoerig.

In kort kan genoem word dat dit veral die filosofiese strominge van modernisme en postmodernisme was wat tot gevolg gehad dat daar ook op die gebied van die pastoraat nuut gedink moes word oor ŉ hele aantal sake (Gerkin 1986:20-21). Die aanvanklike beraadmodel wat op die individu en spreekkamer gekonsentreer het, was bloot nie meer voldoende nie. Dit het tot gevolg gehad dat pastorale hulpverlening voor die uitdaging te staan gekom het om geloofshulp uit te brei tot lewenshulp. Uit die aard van die saak het dit ŉ hele aantal verskuiwings meegebring


© University of Pretoria

wat betref pastorale teorievorming. Volgens Louw (1998:21-27) is daar minstens vier bewegings waarvan daar kennis geneem behoort te word, naamlik:

**(1) ’n Verskuiwing vanaf ’n individuele benadering na ’n kontekstuele benadering**

Hierdie verskuiwing het basies gegaan oor ’n wegbeweeg van die eensydigheid van intrapsigiese dinamika (met die eensydige klem op outonomie en selfrealisering) na ’n psigosistemiese dinamika (met ’n beklemtoning van die netwerk van verbintenisse en strukture binne ’n sosiale en kulturele konteks). Dít het weer aanleiding gegee tot die ontwikkeling van die term ‘ekosistemiese denke’, in ’n poging om probleme nie net binne konteks te verstaan nie, maar om die geheel self te verstaan.

**(2) ’n Paradigmatiese verskuiwing**

Hierdie verskuiwing het in kort behels dat begin is om nuwe kategorieë en konsepte te gebruik om die werklikheid te interpreteer. In die pastoraat is die ervaring en konteks van die mens al meer benadruk, met dié voorveronderstelling dat elke mens genoeg innerlike potensiaal het om sinvol met sy lewe te kan omgaan. Dit het ’n verskuiwing van pastoraat as Woordverkondiging en vergewingshulp na pastoraat as lewenshulp en lewensontwikkeling tot gevolg gehad.

Een van die resultate hiervan was die *eduktiewe benadering*, waar kennis uit die sogenaamde ‘kliënt’ afgelei word (Louw 1998:12). Begeleiding het geskied aan die hand van iets wat inherent aan die gespreksgenoot is. Dit was veral Hiltner, onder die invloed van Rodgers, wat gekies het vir hierdie model. Volgens sy verstaan was die doel van pastoraat om, vanuit die gegewe van iemand se eksistensie, hom of haar te lei en te help om geïntegreerd te leef (“becoming whole”) en daarom is onderskraging (“sustaining”) ’n belangrike faset van die terapie. In sy eie woorde beskryf hy (Hiltner 1958:151) dit soos volg:

> … such guiding, is eductive in character – that it ‘leads out’ something that may be regarded as either within the person or potentially available to him.


© University of Pretoria

Mettertyd het daar nog ŉ verdere verskuiwing plaasgevind, na ŉ sogenaamde hermeneutiese paradigma (Louw 1998:22). Hierdie verskuiwing het beteken dat pastoraat minder by die verklaring van probleme betrokke sou wees, en meer by die verheldering en verstaan van menslike probleme. In sy beskrywing van hierdie verskuiwing, beklemtoon Firet (1982:126) die verskuiwing van hermeneuse as blote Skrifuitleg, na hermeneuse as ŉ beskrywing van ŉ totale pastorale gebeurtenis, met die volgende opmerking:

> Het pastoraal optreden is hermeneutisch, of het is geen pastoraal optreden en niet intermediair van het komen van God.

Louw (1998:22) beklemtoon die feit dat ŉ hermeneutiese paradigma ten doel het om mense, binne hulle leefkonteks, die sin en betekenis van die God-mens-verhouding te laat ontdek.

**(3) ŉ Verskuiwing vanaf kerugmatiese verkondiging, na vertolking en storievertelling**

Aanvanklik is daar in die pastoraat gewerk met wat genoem is ŉ *deduktiewe benadering* (Louw 1998:12). Volgens hierdie benadering is die Woord as openbaring die enigste kenbron vir ŉ teologiese antropologie en die pastoraat en die verhale wat mense oor hulleself vertel, hoogstens van sekondêre belang. Pastoraat is hoofsaaklik gesien as vergewingshulp aan ŉ sondige mens en die toepassing van ewige beginsels in ŉ verwarde wêreld. Die Woord staan sentraal en in konfrontasie met die Woord wyk die vrae van die mens en word hy tot swye gebring. Thurneysen met sy kerugmatiese model, en Adams met sy noutetiese beraad, was veral eksponente van hierdie benadering.

Mettertyd is daar egter besef dat pastoraat die taak het om God só te vertolk dat geloof sin maak binne reële kontekste (Louw 1998:23). Dit gaan dus daaroor dat God verstaan, vertolk en geïnterpreteer moet word in terme van die netwerk van reële kontekste. Hierdie besef het die weg gebaan vir ŉ narratiewe aanpak, met ŉ fusie tussen die Godsverhaal en die mensverhaal. Binne die pastorale beraad het ŉ narratiewe aanpak die effek dat storievertelling en die luister na stories in die


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

pastoraat ʼn moontlike werkswyse word. Hierdie stories moet natuurlik altyd belig word in die lig van die Storie van die Evangelie.

Die waarde van ʼn narratiewe aanpak in die pastoraat setel daarin dat dit die pastor se sensitiwiteit om na mense se verhale binne ʼn reële en sosiale konteks te luister, verhoog. Wie dus op ʼn geduldige en sinvolle wyse na mense se stories luister, verskaf ʼn narratiewe sin en betekenis aan mense se dikwels verwarde ervaring van gebeure. Die luisterproses in ʼn narratiewe model orden dus stories in terme van God se Storie en voorkom dat lewensverhale bloot los drade sonder enige sin raak.

Met die narratiewe aanpak word daar myns insiens goed daarin geslaag om weg te beweeg van ʼn deduktiewe benadering in die pastoraat, maar sonder om weer te verval in ʼn eduktiewe benadering. Ander winspunte van hierdie benadering tot pastoraat is onder andere die feit dat geloofshulp oorgaan tot lewenshulp (Louw 1998).

**(4) ʼn Verskuiwing weg van ʼn eensydige professionele benadering na die onderlinge versorging van gelowiges**

Hierdie verskuiwing gaan daaroor dat daar in pastoraat wegbeweeg is van ʼn studeerkamersituasie waar die pastor die sogenaamde ingeligte en opgeleide persoon is, na ʼn pastoraat van betrokkenheid. Die gemeente/gemeenskap behoort dus bewus gemaak te word van die feit dat pastoraat nie iets is wat alleen deur die pastor/predikant beoefen moet word nie, maar dat hulle self ook ʼn verantwoordelikheid het om onderling na mekaar om te sien.

Myns insiens behoort daar ag geslaan te word op die waarskuwing van Campbell (1985:23), as hy sê:

> In the past pastoral care was obviously a professional activity, at least in some sense, since it was carried out by the original profession, the clergy. We cannot assume, however, that this implies to the present. We have seen recently the growth of "a profession within a profession", the trained and accredited


© University of Pretoria

pastoral counsellor. At the same time, the ministry of the whole church, not just of special groups within it, is being constantly raised.

Die bedoeling is dus nie "to lay claim to an expertise in Christian love" (Campbell 1985:9) nie. Dit beklemtoon bloot dat die gemeente onderling by mekaar betrokke behoort te wees. Dit is immers waartoe God se Woord ons oproep: onderlinge verbondenheid (Handelinge 2:42) en om mekaar se laste te dra (Galasiërs 6:2). Dit gaan dus nie meer in die pastoraat oor *wat* ons vir mense sê, en *hoe* ons dit sê nie, maar oor *wie* ons vir mense is (Louw 1998:27). Müller (2000) gebruik ŉ mooi metafoor vir hierdie verhouding, as hy sê dat dit daaroor gaan om ŉ 'reisgenoot' in die lewe van iemand anders te wees. Hierdie metafoor bied natuurlik ŉ mooi beskrywing vir dit wat ons in ons gesinswees vir mekaar behoort te wees: reisgenote.

## 5. ŉ NARRATIEWE BENADERING TOT PRAKTIESE TEOLOGIE

Müller (2005:78) beklemtoon dat praktiese teologie slegs moontlik is binne ŉ spesifieke konteks, daarom is dit baie belangrik dat die studie uit die praktyk sal kom en weer sal uitloop op die praktyk.

ŉ Narratiewe benadering sal gevolg word om verhale te hoor en aan die woord te stel. Hierdie benadering is in ooreenstemming met ŉ postmoderne epistemologie, in dié opsig dat dit ruimte laat vir navorsingsgenote se perspektief op gebeure, eerder as om net te fokus op die ontdekking van ŉ vaste waarheid (Bosman 2001:36).

Een van die mees onderskeidende kenmerke by ŉ narratiewe benadering, is die onderskeiding tussen die persoon en die probleem. Hierdie metode staan ook bekend as 'eksternalisering', en is deur Michael White ontwikkel (White 1993:39). By wyse van 'eksternalisering' word mense gehelp om aan probleme te dink as iets buite hulleself. Die doel hiervan is om die moontlikheid te skep vir sogenaamde "unique outcomes", waar dit primêr daaroor gaan "...to facilitate performances of new meaning" (White & Epston 1990:55). Met behulp van eksternalisering kry


© University of Pretoria

mense die geleentheid om hulle los te maak van dominante stories, en om gevolglik nuwe betekenis aan bepaalde gebeure toe te ken.

Morgan (2000:2) som dit mooi op, as sy sê:

> Narrative… [research] seeks to be a respectful, non-blaming approach to… [research], which centers people as the experts in their own lives. It views problems as separate from people and assumes people have many skills, competencies, beliefs, values, commitments and abilities that will assist them to reduce the influence of problems in their lives.

ŉ Narratiewe benadering tot navorsing gee voorts erkenning aan die feit dat ŉ persoon se storie beïnvloed word deur die algemeen-aanvaarde stories van die kultuur waarbinne ons ons bevind (Morgan 2000:9). Daar is altyd ŉ konteks (kultuur, geskiedenis, ras, geslag, ensovoorts) waarbinne stories vertel word en hierdie konteks is bydraend tot die interpretasie en betekenis wat ons aan bepaalde gebeure heg.

White & Epston (1990:12) beklemtoon dat "persons organize and give meaning to their experience through the storying of the experience, and in the performance of these stories they express selected aspects of their lived experience". Hiervolgens verwoord mense se vertelde verhale ten minste twee dinge, naamlik die betekenis wat aan sekere ervarings toegedig word, sowel as sekere aspekte van die ervarings wat hulle gekies het om te verwoord.

By ŉ narratiewe benadering is dit daarom belangrik dat die navorser ŉ eerbiedige luisteraar sal wees, wat nie te gou begryp nie. Hoe gouer die navorser 'verstaan', hoe kleiner is die kans vir werklike dialoog, en hoe groter die moontlikheid tot misverstand (Müller 2000:16).

Die posisie waarna daar gestreef behoort te word, is ŉ posisie van nuuskierigheid (Morgan 2000:2) en 'not-knowing' (Müller 2000:71; Anderson & Goolishian 1992:25-39). By narratiewe navorsing het die navorser dus ŉ verantwoordelikheid om die gespreksgenoot te bemagtig tot die eintlike deskundige van haar/sy verhaal.


© University of Pretoria

Müller, Van Deventer & Human (2001:68) maak myns insiens in dié verband 'n baie belangrike opmerking, as hulle sê:

> For us, the aim of research is not to bring about change, but to listen to the stories and to be drawn into those stories. While the structuralistic researcher has objectivity in mind by trying to be an observer from outside, and by trying to bring about change from the outside, the narrative researcher has subjective integrity in mind and strives for participatory observation.

'n Belangrike winspunt van narratiewe navorsing is die feit dat verhale wat dalk nie voorheen gehoor is nie, nou juis gehoor kan word (Gottlieb & Lasser 2001:191), aangesien geskrewe tekste nie beskou word as die enigste bron van waarheid nie.

Müller (2000:68) som die narratiewe benadering op, deur te sê dat dit eintlik net drie 'tools' veronderstel, naamlik 'n responsief-aktiewe luister, 'n nie-wetende posisie, en die vra van gespreksvrae.

## 6. 'N POST-FUNDAMENTELE BENADERING TOT PRAKTIESE TEOLOGIE

Wat my **teologiese posisionering** betref, kies ek vir 'n post-fundamentele praktiese teologie. Hierdie model is die resultaat van voortgaande gesprek tussen (en ongemak met!) die fundamentele en anti-fundamentele prakties-teologiese benaderings tot teologie (Van Huyssteen 1997:4).

Die probleem met 'n fundamentele prakties-teologiese benadering, is dat sekere idees en aannames onkrities as 'n gegewe (algemeen-geldige waarheid) aanvaar word, met as resultaat 'n teologie wat nie verantwoordbaar is nie.

In reaksie hierop het die anti-fundamentele benadering (soms ook genoem die nie-fundamentele benadering) ontstaan, met as onderskeidende kenmerk die relativering van kennis. Dít het egter weer gelei tot 'n erg verskraalde – en verarmde! – teologie.


© University of Pretoria

In ŉ poging om die tekortkominge van beide bogenoemde benaderings te ondervang en terselfdertyd hulle winspunte te integreer, het die sogenaamde post-fundamentele benadering tot teologie ontstaan (Van Huyssteen 1997:4). By ŉ post-fundamentele benadering word daar rekening gehou met die geïnterpreteerde ervaring, die plaaslike konteks en die invloed van tradisies. Die vernaamste kenmerk van hierdie benadering is egter interdissiplinêre gespreksvoering. Die post-fundamentele benadering gaan van die veronderstelling uit dat teologie en wetenskap in verhouding staan en dat daar, ten einde nuwe waarhede te rekonstrueer, definitiewe areas van oorvleueling gesoek behoort te word (Van Huyssteen 1997:24-25). Nog ŉ kenmerk van dié benadering is die feit dat dit ingestel is op die ontwikkeling van alternatiewe maniere van verstaan, wat ook vir persone buite die konteks van hulp kan wees (Müller 2005:85).

Volgens Müller (2004:300−304) vertoon ŉ post-fundamentele prakties-teologiese metodologie sewe bewegings, naamlik:

1. ŉ Beskrywing van die spesifieke konteks/onderwerp van navorsing;
2. Die aanhoor en beskrywing van die tersaaklike verhale, met inagneming van die konteks;
3. Interpretasie van ervarings word gemaak, beskryf en ontwikkel in samewerking met die navorsingsgenote;
4. Beskrywing van ervarings met inagneming van die kontekstuele invloed van teologiese– en ander tradisies van interpretasie;
5. ŉ Refleksie op die wyse waarop God se teenwoordigheid verstaan en ervaar word binne die spesifieke situasie (die geestelike en spirituele aspekte);
6. ŉ Beskrywing van ervaring, verryk deur interdissiplinêre ondersoek;
7. Die ontwikkeling van alternatiewe interpretasies wat verder as bloot die plaaslike gemeenskap strek.

Aangesien daar kontekstueel omgegaan word met die fundamentele, kry ons by ŉ post-fundamentele tot teologie ŉ sirkulêre beweging vanuit die konteks na die tradisie van fondamente en terug (Müller 2005:86).


© University of Pretoria

## 7. TRANSVERSALE RASIONALITEIT

Transversale rasionaliteit verwys na die interdissiplinêre gesprek wat ontstaan wanneer respondente uit ander vakgebiede genooi word om óók betrokke te wees by interpretasie van verhale (Van Huyssteen 2006:9), in plaas daarvan dat net die navorser en die navorsingsgenote betrokke is by die aanteken en interpretasie van die verhale. Dit hou dus die voordeel in dat daar nie teologies-eensydig gehandel word tydens die interpretasie van die verhale nie.

Volgens Müller (2009:204) stel transversale rasionaliteit ons daartoe in staat om op ŉ verantwoordelike en werkbare wyse gesprek te voer met ander dissiplines, met die oog op ŉ verruiming van betekenis.

Van Huyssteen (2007:19) beskryf dit soos volg:

> In the multidisciplinary use of the concept of transversality there emerge distinct characteristics or features: the dynamics of consciousness, the interweaving of many voices, the interplay of social practices are all expressed in a metaphor that points to a sense of transition, lying across, extending over, intersecting, meeting, and conveying without becoming identical.

Transversale rasionaliteit gee dus erkenning en hou rekening met skuif van individuele betekenis na sosiale betekenis, asook die skuif vanaf subjektiewe menings na gesprekvoering. In die woorde van Van Huyssteen (2006:21):

> Transversal rationality is now fused with consciousness and self-awareness, and this consciousness is then unified by an experience of self-presence, emerging over time from a remembering self-awareness/ consciousness in which diverse past experiences are transversally integrated as we reach out to others.
>
> Talk about the human subject is now revisioned by resituating the human subject in the space of communicative praxis. Thus the notion of transversal rationality opens up the possibility to focus on patterns of


© University of Pretoria

discourse and action as they happen in our communicative practices, rather than focusing only on the structure of the self, ego, or subject.

Transversale rasionaliteit kan met ander woorde beskryf word as ŉ gedeelde rasionaliteit (of die oorvleuelings/snypunte) tussen verskillende dissiplines en hul vakkundige interpretasies van die verhale.

Müller (2009:222-225) beklemtoon dat die navorsingsproses nie moet stop by die interpretasies van ander vakkundiges nie, maar dat navorsingsgenote – nadat die vakkundiges hul bydraes gelewer het – die geleentheid moet kry om op grond hiervan, herinterpretasies te maak.

## 8. DIE VERLOOP VAN DIE NAVORSINGSPROSES

Die navorsing sal uiteenval in 7 hoofstukke.

In hoofstuk 1 (dié hoofstuk) het die aanloop tot die navorsing aan die orde gekom, asook die wetenskaplike en teologiese posisionering onderliggend aan die navorsingsproses.

In hoofstuk 2 sal aandag gegee word aan die metodologie, met verwysing na die etiese aspekte van navorsing, kwalitatiewe versus kwantitatiewe navorsing, asook deelnemende aksienavorsing. Die verhale van die ouers in saamgestelde gesinne, wat sal optree as gespreksgenote, sal ook aan die orde kom.

Hoofstuk 3 val uiteen in twee afdelings. In die eerste afdeling sal daar aandag gegee word aan die oorsprong en interpretasie-moontlikhede wat betref klassieke sprokiesverhale, met spesifieke verwysing na die Grimm-sprokies. In die tweede afdeling sal aandag gegee word aan die narratief van saamgestelde gesinne, met verwysing na moontlike tradisies van interpretasie.

In hoofstuk 4 sal gereflekteer word op die navorsingsgenote se belewenis van God se teenwoordigheid en betrokkenheid in hulle gesinswees. Daar sal ook aandag


© University of Pretoria

gegee word aan verskillende diskoerse na aanleiding van hulle belewenis van God se teenwoordigheid.

In hoofstuk 5 sal daar ondersoek ingestel word na ŉ moontlike wyer verstaan van ouerskap-belewenisse in saamgestelde gesinne, by wyse van interdissiplinêre gesprekvoering.

In hoofstuk 6 sal die moontlikheid van ŉ 'alternatiewe stem', wat wyer strek as die plaaslike situasie, ondersoek word.

In hoofstuk 7 sal daar gereflekteer word op die navorsingsreis.


© University of Pretoria

## 9. SAMEVATTING

In dié hoofstuk is daar aandag gegee aan die aanloop tot die navorsing.

Inaggenome die feit dat die konteks van die navorser ŉ belangrike rol speel in die wyse waarop die navorsing aangepak sal word, is daar aandag gegee aan die wetenskaplike- en teologiese vertrekpunte van die navorser.

ŉ Oorsig is gegee wat betref die verskillende wetenskaplike paradigmas en paradigmaskuiwe waarbinne navorsing kan plaasvind, asook die moontlike epistemologiese benaderings onderliggend aan elkeen van hierdie paradigmas.

Ondersoek is ook ingestel wat betref die wyse waarop Teologie, Praktiese Teologie en Pastoraat verstaan sou kon word, met ŉ oorsig oor die paradigmatiese skuiwe binne pastorale teorievorming.

Na aanleiding hiervan is die keuse uitgeoefen om die navorsing binne die postmoderne paradigma, by wyse van die sosiaal-konstruksionistiese epistemologie aan te pak. Wat betref die teologiese posisionering, is daar gekies vir ŉ post-fundamentele benadering tot praktiese teologie.

Vevolgens sal daar aandag gegee word aan die navorsingsmetodologie (hoofstuk 2).


© University of Pretoria

# HOOFSTUK 2

## NAVORSINGSMETODOLOGIE
## DIE NARRATIEF VAN OUERS IN SAAMGESTELDE GESINNE

This is what fools people: humans are always tellers of tales, we live surrounded by our stories and the stories of others, we see everything that happens to us through these stories; and we try to live our lives as if we were telling a story.

Jean-Paul Sartre, soos aangehaal deur Lester (1995:27)

## 1. INLEIDING

In hoofstuk 1 is daar aandag gegee aan die aanloop tot hierdie navorsingsverhaal.

ŉ Oorsig is gegee wat betref die verskillende wetenskaplike paradigmas en paradigmaskuiwe waarbinne navorsing kan plaasvind, asook die moontlike epistemologiese benaderings onderliggend aan elkeen van hierdie paradigmas.

Ondersoek is ook ingestel na die wyse waarop teologie, praktiese teologie en pastoraat verstaan sou kon word, met ŉ oorsig oor die paradigmatiese skuiwe binne pastorale teologie.

Dit was die eerste beweging van ŉ post-fundamentele prakties-teologiese metodologie.

In dié hoofstuk sal daar aandag gegee word aan die tweede en derde beweging van ŉ post-fundamentele prakties-teologiese metodologie.

Volgens Müller (2005:83-84) behels dit dat die navorsingsgenote se verhale aangehoor en opgeteken sal word. By wyse van deelnemende aksienavorsing sal die navorsingsgenote terselfdertyd die geleentheid gegun word om hulle eie interpretasie aan die verhale te heg. Müller (2005:84) beklemtoon dat navorsers in


© University of Pretoria

dié fase nie in die eerste plek moet soek na data nie, maar na die betekenis en mening wat die medenavorsers *self* aan hulle vertellings heg.

Voor ons egter hierby gaan uitkom, is dit nodig om net eers aandag te gee aan die etiek onderliggend aan navorsing. Onderskeid sal ook getref word tussen kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsing, met ʼn bespreking van deelnemende aksienavorsing as ʼn navorsingsmetode binne kwalitatiewe navorsing.

## 2. NAVORSINGSETIEK

### 2.1 Die keuse van navorsingsgenote

Verreweg die meeste navorsing oor saamgestelde gesinne is gegrond op afleidings en aannames wat gewoonlik voortgevloei het uit die interaksie tussen persone wat aangemeld het vir berading en hulle terapeut, wat beteken dat die vertrekpunt ongelukkig meestal die problematiek eie aan saamgestelde gesinne is.

In hierdie navorsing het ek daarom doelbewus gekies het om nié te werk met ouers wat by my in terapie is nie. Die fokus was eerder ʼn eerlike luister na die belewenisse van ouers – nie net negatief nie, maar ook positief – in ʼn poging om moontlike rigiede idees en persepsies uit te daag en reg te laat geskied aan die ‘werkbaarheid’ van saamgestelde gesinne naas klassieke kerngesinne.

Navorsingsgenote is geselekteer uit my onmiddellike omgewing (die plaaslike geloofsgemeenskap), met inagneming van die ouers wat die afgelope twee jaar opmerkings gemaak het oor die uitdagings binne saamgestelde gesinne.

Dit is vir my belangrik dat die navorsingsgenote self ook sal baat vind by die navorsing en nie bloot misbruik sal word ter wille van die insameling van inligting nie.

Aangesien daar op ʼn narratiewe wyse gewerk gegaan word, sal die verhale van vier egpare in saamgestelde gesinne aan die orde gestel word. Die fokus van die studie


© University of Pretoria

is die stiefouer se belewenis binne die saamgestelde gesin, maar daar sal ook aandag gegee word aan die biologiese ouer se belewenis, aangesien ek dink dit mag dalk 'n belangrike bydrae lewer tot die verruiming van die verhaal.

## 2.2 Basiese etiese aspekte

Smythe & Murray (2001:196-197) beklemtoon dat die navorser voortdurend bewus moet wees van grade van insluiting en die bereidheid of gereedheid van navorsingsgenote om dele van hulle lewensverhaal te vertel of nie te vertel nie. Daar sal dus deurentyd hierop gelet word.

Freedman & Combs (1996:265) beklemtoon dat die epistemologiese benadering tot die wyse waarop die navorsing aangepak word, óók besliste implikasies het vir die etiese aspekte wat betref die navorsing. Hulle verwoord dit soos volg:

> Modernist ethics tend to be based in rules that can be prescribed an enforced in a 'top down' way. In the postmodernist word, ethics focus on particular people in particular experiences, and there is considerable skepticism about the applicability of any kind of sweeping, universal, one-size-fits-all truth claims. According to them narrative/social constructionist ethics should make a shift to making room for marginalized voices and marginalized cultures. This approach values the experience of people at the margins of any dominant culture or at the at the bottom of any culture hierarchies and takes a strong ethical stance in favor of making space for such people's voices to be heard, understood, and respond to.

Bogenoemde inaggenome het ek as navorser, wat die keuse uitgeoefen het om 'n narratiewe benadering tot die navorsing te volg, 'n verantwoordelikheid om my eie waardes en vooroordele op die agtergrond te skuif, asook om deurlopend krities bewus te wees van my motiewe.

Die volgende riglyne, soos voorgestel deur Smythe & Murray (2000:313-318) en Gottlieb en Lasser (2001:191-194), het gegeld wat betref die wyse waarop die navorsing aangepak is:


© University of Pretoria

- **Verduideliking** van die navorsingsproses. Die doelwitte en werkswyse is duidelik uiteengesit.

- Verkryging van **toestemming** tot vrywillige deelname. Die potensiële medenavorsers is die keuse gegun om self te besluit of hulle betrokke wil raak by die navorsing, al dan nie. Hulle besluit in dié verband is gerespekteer.

- **Anonimiteit**. Skuilname word gebruik om die identiteit van navorsingsgenote te beskerm.

- **Deurlopende eerlikheid** is nagestreef wat betref die prosesse en motiewe. Die navorsingsgenote is nooit mislei oor die doel en uitkoms van die navorsing nie.

- **Deurlopende terugvoer** is gegee. Dit is gedoen by wyse van 'feedback loops' (Müller, Van Deventer & Human 2001:80; Müller 2008:1-18, Müller 2009:223-225). Moeite is gedoen om die gespreksgenote se bedoeling voortdurend te toets.

- Die navorsingsgenote is op **geen manier benadeel** nie.

- **Vertroulikheid** is gehandhaaf, met die nodige respek vir die wyse waarop daar verwys is na mededelings deur die navorsingsgenote.

- **Beskikbaarheid van berading**. Hoewel hierdie navorsing nie ŉ terapeutiese fokus gehad het nie, is reëlings getref vir moontlike berading vir navorsingsgenote wat tydens, of na afloop van die proses, ŉ behoefte daaraan sou hê.

Die Universiteit van Pretoria se amptelike Etiese Vorm (sien Bylaag B) is ingevul ten einde te verseker dat die vertrouensverhouding tussen die navorser en navorsingsgenote op ŉ professionele manier bekragtig is, alvorens daar met die studie begin is.


© University of Pretoria

'n Navorsingsvoorstel (sien by Bylae) is ook by die Universiteit van Pretoria se navorsingskomitee ingedien, waarin die aard en omvang van die beoogde navorsing uiteengesit is, met verwysing na die etiese riglyne wat gevolg sal word.

Aangesien die navorsing gemeentelede betrek het, is die kerkraad van die *NG Kerk Vrede* (sien Bylaag A) se toestemming ook verkry.

## 3. KWALITATIEWE VERSUS KWANTITATIEWE NAVORSING

Volgens Newman & Benz (1998:2) is die debat tussen kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsing gesetel in die wyse waarop daar na die werklikheid gekyk en daaroor gedink word.

> The debate between qualitative and quantitative researchers is based upon the differences in assumptions about what reality is and whether or not it is measurable. The debate further rests on differences of opinion about how we can best understand what we 'know', whether through objective or subjective methods.

By kwantitatiewe navorsing word gebruik gemaak van meetbare data om feite te formuleer en sekere patrone in navorsing te ontbloot. Kwantitatiewe data-insameling is gewoonlik ook baie meer gestruktureerd as kwalitatiewe data-insamelingsmetodes. Tipiese voorbeelde van kwantitatiewe data-insameling is onder andere aanlyn-opnames, vraelyste, telefoon-onderhoude, gestruktureerde onderhoude, longitudinale studies, stembusse en sistematiese waarnemings.

Kwalitatiewe navorsing, aan die ander kant, is meer gemoeid met verstaan wat nie afgelei kan word van syfers of statistiek nie. Volgens Denzin & Lincoln (2000:8) behels kwalitatiewe navorsing:

> … an emphasis… on processes and meaning that are not experimentally examined or measured (if measured at all) in terms of quantity, amount, intensity, or frequency… researchers explicitly explore the quality of experience – an overtly interpretive and subjective process but a


© University of Pretoria

necessary one in order to study the aspects of human life that give it meaning. Researchers are conscious of the socially constructed nature of human reality, and studies are understood to be value laden.

By kwalitatiewe navorsing is die vertrekpunt dus nie ŉ teorie en die bewys daarvan nie, maar die konteks en die ervaring daarvan (De Vos *et al.* 2002:274). In die lig hiervan bied kwalitatiewe navorsing aan ŉ navorser die geleentheid om uit te vind hoe ander oor hulle wêreld dink en voel, al was hy/sy nie persoonlik betrokke by die gebeure nie (Rubin & Rubin, 2012:3).

De Vos *et al.* (2002:292) sluit by hierdie gedagte aan met sy verwysing na Kvale (1996:5) wat kwalitatiewe onderhoude definieer as "… attempts to understand the world from the participant's point of view, to unfold the meaning of peoples experience to uncover their lived world prior to scientific explanations".

Fontana & Frey (2002:645) verwys na kwalitatiewe onderhoudvoering as "one of the most common and powerful ways in which we try to understand our fellow human beings".

Volgens Babbie (2001:275) is kwalitatiewe navorsing "… not just a data collecting activity. Frequently, perhaps typically, it's a theory-generating activity as well", terwyl Rubin & Rubin (2012:xvii) sê "[q]ualitative interviewing is about more than collecting data; it is a way of seeing the world and learning from it".

Kwalitatiewe navorsing pas by uitstek in by ŉ sosiaal-konstruksionistiese epistemologie (Rubin & Rubin 2012:3), aangesien daar rekening gehou word met die natuurlike omstandighede van individue en die wyse waarop betekenis toegeken word in spesifieke sosiale situasies, sonder om normatiewe status aan hierdie betekenisse te verleen. Waarde word geheg aan die betekenis en belang wat mense aan ervarings in hulle leefwêreld heg, aangesien die klem op *verstaan* val, eerder as op *verduidelikings* in terme van oorsaak en gevolg.

ŉ Belangrike winspunt van die kwalitatiewe benadering, spesifiek in dié studie waar daar gewerk word met transversale rasionaliteit, is die feit dat ŉ kwalitatiewe


© University of Pretoria

benadering gemaklik is om die grense van vakdissiplines oor te steek. Denzin & Lincoln (2000:7) merk in dié verband op:

> Qualitative research is an interdisciplinary, transdisciplinary, and sometimes counterdisciplinary field. It croscutts the humanities and the social and physical sciences. Qualitative research is many things at the same time. It is multiparadigmatic in focus. Its practitioners are sensitive to the value of the multimethod approach. They are committed to the naturalistic perspective and to the interpretive understanding of human experience.

## 4. DEELNEMENDE AKSIENAVORSING

Deelnemende aksienavorsing sal gebruik word om die navorsing op kwalitatiewe wyse aan die woord te stel. By deelnemende aksienavorsing is die navorser en navorsingsgenote ewe betrokke en ewe verantwoordelik vir die uitkoms van die navorsingspoging (Strydom 2002:419).

Strydom (2002:421-431) wys daarop dat deelnemende aksienavorsing by uitstek geskik is as navorsingsmetodiek, inaggenome die volgende:

> Participatory action research endeavours to empower deprived and disenfranchised people with research capabilities so that they can identify and transform their situation for themselves, and it takes place in an ongoing learning process for everyone involved. p421

> The PAR model focuses on working with and for people, rather than focusing on people as such. The relationship of inequality (dominant researcher and sub-ordinate research subject) – the role of active researcher and passive research subject is changing to an equalising relationship, increased inclusion, and active involvement. p422

> In the storytelling technique every member… tells his own story by giving an account of his experiences and demonstrating his views on the topic. Storytelling is associated with the narrative approach in therapy. p431


© University of Pretoria

Volgens Strydom (2002:428-431) sal 'n werkswyse van deelnemende aksienavorsing waarskynlik die volgende prosesse insluit:

- 'n Bekendstelling. Die navorser/gemeenskap raak bewus van 'n probleem en gesprekvoering hieroor begin;
- Die identifisering van en bepaling van die probleem. Gesprekvoering oor die spesifieke aard en omvang van die probleem vind plaas;
- Mikpunte en doelwitte word bepaal;
- Data word versamel ooreenkomstig die proses waarop besluit is met betrekking tot die versameling van data;
- Data word geanaliseer;
- Gesprekvoering/interpretasie wat betref waarnemings;
- Ondersoek van waarnemings binne die breër konteks van die gemeenskap;
- Evaluering;
- Navorsingsverslag;
- Aksieplan;
- Evaluering van die uitkomste na aanleiding van die verslag.

Redes vir die gunstige oorweging van navorsing wat gedoen word by wyse van deelnemende aksienavorsing, sluit onder meer in (Strydom 2002:431-433):

- deelnemende aksienavorsing stimuleer aksie;
- deelnemende aksienavorsing is relevant en toepaslik;
- deelnemende aksienavorsing is spesifiek en praktykgerig;
- deelnemende aksienavorsing stimuleer verandering;
- deelnemende aksienavorsing fokus nie op die uitkoms nie; die proses op sigself is van waarde;
- deelnemende aksienavorsing stimuleer 'n self-onderhoudende proses na afloop van die navorsing;
- deelnemende aksienavorsing stimuleer heroorweging en herstrukturering van verhoudings;


© University of Pretoria

- deelnemende aksienavorsing dra daartoe by dat die navorser sowel as medenavorsers baat vind by die proses van navorsing en die kennis wat daaruit voortvloei;
- deelnemende aksienavorsing spreek die spanning tussen navorsing en die praktyk aan;
- deelnemende aksienavorsing stimuleer ŉ multidissiplinêre benadering;
- deelnemende aksienavorsing daag die navorser uit om erns te maak met die idees en argumente van die deelnemers;
- deelnemende aksienavorsing laat ruimte vir kritiese gesprekvoering;
- deelnemende aksienavorsing stimuleer die navorser se voortdurende betrokkenheid, inaggenome die medenavorsers se deelname en groei.

Uit bogenoemde blyk dit dat deelnemende aksienavorsing by uitstek geskik is as navorsingsmetode binne ŉ post-fundamentele prakties-teologiese metodologie.

## 5. DIE "LUISTER-NA-ERVARINGE" GAAN OOR IN 'N "BESKRYWING-VAN-ERVARINGE"

### 5.1 Algemeen

Ter wille van die wydste moontlike verstaan sal daar narratief te werk gegaan om die verhale van die ouers in saamgestelde gesinne aan te hoor. Sodoende word daar weggebreek van ŉ outoritatiewe, van bo-na-onder vorm van gespreksvoering. Die navorser sal dus nie in die eerste plek die meer- en beterweter wees nie, maar ŉ eerbiedige luisteraar (Müller 2000:16&17).

Dit verhaal self sal die veranderingsagent wees en nie bloot ŉ manier om persone aan die praat te kry nie (Müller 1996:102,104).

Chase (2003:79) stel in-diepte onderhoudvoering voor as ŉ metode om na die verhale van mense te luister. Inaggenome die kwalitatiewe aard van die navorsing, sal gefokus word op dialoog in die vorm van oop gesprekke.


© University of Pretoria

Ten einde dialoog te stimuleer, sal daar tydens aanvangsgesprekke gebruik gemaak word van 'n informele vraelys (sien aangehegde vraelys, Bylaag C). Vrae sal doelbewus só geformuleer word, dat dit oop eindes sal hê (Chase 2003:83-84).

Hierna sal 'n tweede groep vrae (gegrond op die terugvoer wat verkry is vanuit die eerste groep vrae), aan die navorsingsgenote gestel word in 'n poging om die navorsingsgenote te help om insig te kry in hulle eie aandeel met betrekking tot hulle lewensverhaal. White & Epston (1990:42) verwys hierna as "relative influence questioning". Die doel hiermee is om die navorsingsgenote toe te laat om hulle lewensverhale onbelemmerd, maar binne die parameters van hierdie studie, te vertel.

Die betekenis/interpretasies waartoe die navorsingsgenote kom, is by hierdie beweging baie belangriker as die insameling en beskrywing van inligting (Müller 2005:84)

As navorser verbind ek my tot die navorsingsgenote se unieke verhale, hulle idees en hulle interpretasies. Ek sal moeite doen om die navorsingsgenote se verhale in hulle eie taalwerklikheid en terme aan te hoor en by wyse van ongestruktureerde- en laag gestruktureerde gesprekke (Rubin 2012:31) sal navorsingsgenote die geleentheid gebied word om self betekenis te heg aan hulle vertellings.

Herhalende terugvoergeleenthede ('feedback loops') sal deurentyd geskep word waartydens alle interpretasies, herinterpretasies of nuwe insigte aan navorsingsgenote gekommunikeer sal word, ten einde seker te maak dat dit 'n ware weergawe van die verhaal is en dat die betekeniswaarde wat daaraan toegeken is, korrek verreken is (Müller 2008:1-18, Muller 2009:223-225).

## 5.2 Die verhale van die medenavorsers

Die gesprekke en opvolggesprekke het plaasgevind. Aangeheg is die opsommings van die gesprekke. Die interpretasies van die navorsingsgenote is in die opsommings van die gesprekke vervat. Nadat die gesprekke gevoer is en


© University of Pretoria

opgeteken is, is die opsommings vir die gespreksgenote gegee om hulle te vergewis van die inhoud en interpretasies. Hulle het almal aangedui dat hulle tevrede is.

### 5.2.3 Gesprek: Michael & Sanet

Michael en Sanet is ongeveer sewe jaar getroud. Ten tyde van hulle huweliksbevestiging was Michael 37 jaar oud en Sanet 34 jaar oud. Michael was nie voorheen getroud nie, maar Sanet was wel voorheen getroud en het twee kinders gehad (ŉ seun, Francois, wat op daardie stadium 11 jaar oud was, en ŉ dogter, Sandra, wat op daardie stadium amper 9 jaar oud was. Intussen het Michael en Sanet ook twee kinders saam, naamlik Andries (nou 5 jaar oud) en Glené (nou 3 jaar oud).

Sanet worstel nog soms met die wyse waarop haar eks-man hulle as gesin, maar veral ook vir háár behandel het. Sy verduidelik dat sy nog nie by die punt gekom het waar sy hom ten volle kan vergewe nie, maar beklemtoon dat sy daaraan werk.

Francois en Sandra se biologiese pa het nooit afstand gedoen van sy voogskap nie, maar was sedert die egskeiding byna heeltemal onbetrokke by die kinders, iets waaroor Sanet soms nog bitter voel en wat daartoe bydra dat sy sukkel om hom te vergewe. Hy maak van sy kant af hoogstens kontak met die kinders op hulle verjaarsdae. Dit voel gevolglik vir Sanet dat haar eks-man sy verantwoordelikheid wat betref die kinders se emosionele- en finansiële versorging, bloot ignoreer.

Ten spyte van haar eie ongelukkigheid oor die wyse waarop haar eks-man die kinders behandel, het sy en veral Michael die kinders gedurig aangemoedig om kontak met hulle pa te behou, ten minste by wyse van telefoonoproepe. Aanvanklik hét Francois en Sandra dit gedoen, maar met verloop van tyd het hulle al hoe meer daarvan weggeskram om dit te doen, met as resultaat dat daar op dié stadium byna geen kontak meer is tussen die kinders en hulle biologiese pa nie.

Dit is waarskynlik een van die hoofredes waarom Francois en Sandra ŉ baie nouer band met Michael het, as met hulle biologiese pa, en dat hulle allesbehalwe aan Michael dink as ŉ ‘stiefpa’. Veral Francois sê dikwels dat hy het net een Pa het,


© University of Pretoria

naamlik Michael, en dat Michael vir hom 'n rolmodel is wat betref hardwerkendheid en integriteit. Hy kuier en werk graag saam met Michael en hoewel hy Michael nie aanspreek as 'Pa' nie, maar meestal as 'Oom', gebruik hy dikwels 'n eie troetelnaam vir Michael, naamlik 'Miegie'.

Michael beklemtoon dat hy nog nooit aan homself gedink het as die kinders se 'stiefpa' nie en dat die kinders hom ook nog nooit so laat voel het nie. Hy erken dat hy aanvanklik wel onseker was, veral omdat van sy familie en vriende dadelik hulle wenkbroue gelig het toe hy aangekondig het dat hy met 'n geskeide vrou, wat op die koop toe twee kinders het, gaan trou. Ten spyte van hulle waarskuwings en betoë dat hy mooi moet dink, het hy by sy besluit gehou, en is dit, in sy eie woorde, "die beste ding wat ek ooit kon doen!"

Michael het dit van die begin af duidelik gemaak dat hy volle verantwoordelikheid wíl aanvaar vir die kinders se finansiële- sowel as emosionele versorging. Gevolglik het hy hulle uit die staanspoor ten volle betrek by die boerdery. Die oorgelewerde familie-gebruik, wat bepaal dat kinders met hulle geboorte twee kalfies uit die boerdery moet kry, met reg op die aanwas, is ook in Francois en Sandra se geval geëerbiedig. Nadat Michael en Sanet getroud is, het hulle elkeen hulle eie beeste gekry. Met hierdie ritueel het Michael 'n groter vastrapplek in Francois en Sandra se harte gekry, as wat hy ooit sou kon dink. Hierdie einste ritueel het terselfdertyd ook dadelik die familie en vriende se aanvanklike skeptisisme gedemp.

Die feit dat Michael moeite gedoen het om die kinders by die boerdery te betrek, het tot gevolg gehad dat Francois en Sandra 'n buitengewone liefde vir diere en die plaaslewe ontwikkel het. Michael het ook vir hulle elkeen 'n eie perd gegee. Francois het die perdry só geniet, dat hy 'n behoefte gehad het aan verdere afrigting. Ook hierin het Francois 'n ware bondgenoot in Michael, in dié opsig dat hy nie net gereël het vir afrigting nie, maar hom ook bystaan en aanmoedig en ondersteun wanneer hy aan kampioenskappe deelneem.

Soos reeds genoem, het Michael volle verantwoordelikheid aanvaar vir die finansiële versorging van die gesin. Hulle inkomste word uit boerdery-aktiwiteite gegenereer en Sanet het nie nodig om te werk nie. Sy noem dat sy aanvanklik


© University of Pretoria

dikwels skuldig gevoel het oor die feit dat nóg sy, nóg haar eks-man, ŉ bydrae lewer tot Francois en Sandra se finansiële versorging, maar dat sy intussen met dankbaarheid ook hiermee begin vrede maak het. Sy is ten volle bewus van die gesin se finansiële posisie en word deurlopend betrek by alle besluite en beplanning op dié terrein. Daar word op ŉ gelyke basis voorsiening gemaak vir al vier hulle kinders en wat vir die een geld, geld vir al die ander. In Michael en Sanet se geval veroorsaak hulle finansiële posisie dus geen druk op hulle ouerskap-belewenisse nie; die teendeel is eerder waar.

Michael en Sanet noem verder dat hulle baie rede tot dankbaarheid het wat betref Francois en Sandra se verhouding met Andries en Glené. Hulle is besonder geheg aan mekaar en tree allesbehalwe teenoor mekaar op asof hulle bloot half-boeties of half-sussies is. Hulle onderlinge verbondenheid is trouens van só ŉ aard, dat mense wat nie bewus is van die samestelling van hulle gesin nie, dikwels verstom is wanneer hulle verneem dat hulle wél ŉ saamgestelde gesin is.

Michael en Sanet beskryf hulle ouerskap-belewenis as ŉ aanpassing, maar nietemin ŉ heerlike reis. In Sanet se geval het haar eks-man met sy besluite en optrede dikwels hulle as gesin se sekuriteit bedreig, met as resultaat dat hulle mettertyd gedurig op hulle hoede was en sover moontlik verantwoordelikheid aanvaar het vir die goed wat wel bínne hulle beheer was. Dít het weer daartoe aanleiding gegee dat Sanet nie net baie hard moes werk ter wille van finansiële stabiliteit nie; sy het ook iets verloor van haar natuurlike spontaniteit en vertroue in mense.

Dit is dus verstaanbaar dat Michael nie slegs haar kinders se vertroue moes wen nie, maar dat hy ook vir haar moes oortuig dat hulle hom kan vertrou en dat hy hulle nie iewers langs die pad in die steek gaan laat nie. Michael noem (met ŉ breë glimlag) dat sy nog ŉ lang ruk ná hulle huwelik só sensitief was oor die hantering van die kinders, dat sý hom baiekeer soos ŉ stiefpa laat voel het. Met verloop van tyd het hulle egter sáám die kuns aangeleer om mekaar te ondersteun in hulle ouerskap-belewenisse, in plaas daarvan om deel te hê aan die vestiging van negatiewe etikette. Vandag lag hulle lekker saam oor al die insidente wat darem nie net konflik veroorsaak het nie, maar ook bygedra het tot groei.


© University of Pretoria

Hulle ervaar dat die oë van die samelewing gedurig op hulle is, maar het vroeg in hulle huwelik reeds besluit om nié te fokus op dit wat die samelewing sê en dink nie. As hulle ŉ spesifieke boodskap aan die samelewing kon rig, sou hulle vir hulle wou sê: "Wees asseblief net rustig, en moenie ons so dophou nie! Ons kom beter reg as wat julle dink!"

Volgens Sanet het sy baie waardering vir die konsekwente wyse waarop Michael deurentyd teenoor al vier die kinders optree. Hy probeer te alle tye regverdig wees, en sy het nog nooit ervaar dat hy die laaste twee kinders (waarvan hy die biologiese pa is) op enige manier anders as die oudste twee behandel nie. Sy dink nie eens aan Michael as haar twee kinders se 'stiefpa' nie. Inteendeel: sy beskou hom as haar gelyke vennoot wat betref die opvoeding en die dissiplinering van al vier die kinders. Hulle maak ook ŉ punt daarvan om gedurig met mekaar te gesels oor die toepassing van dissipline, veral wat betref spesifieke insidente, om enige moontlike misverstande sover moontlik uit die weg te ruim.

Een van hulle grootste struikelblokke as saamgestelde gesin, was en is die wyse waarop die naaste familie hulle as gesin behandel het en soms steeds behandel. Veral Sanet ervaar dat daar soms onderskeid gemaak word tussen háár kinders aan die eenkant, en haar en Michael se kinders aan die anderkant. Dit word spesifiek beleef wanneer dit kom by sake soos die gee van geskenke tydens Kersfees en met verjaarsdae. Hulle het dit al probeer aanspreek, maar gesprekke in dié verband veroorsaak dikwels meer konflik as oplossings, daarom het hulle besluit om dit bloot te ignoreer en eerder die kinders te probeer bemagtig om sulke situasies met waardigheid te hanteer.

Hoewel Michael nie aan homself dink as ŉ 'stiefpa' nie, het hy van die begin af besluit om versigtig te wees wat betref die dissiplinering van Sanet se kinders. Dít het hy gedoen omdat hy deeglik bewus is van die feit dat ŉ saak soos dié sy verhouding met die kinders (onnodig) negatief kan beïnvloed. Hy kies gevolglik om, veral wat betref sekere situasies, eerder op die buitenste periferie te beweeg en die dissiplinering aan Sanet oor te laat. Die feit dat hy as 'werkende pa' vanselfsprekend minder hiermee gemoeid is as Sanet, wat as tuisteskepper op ŉ deurlopende basis by die kinders betrokke is, vergemaklik dit vir hom in ŉ groot mate.


© University of Pretoria

Sanet beklemtoon dat sý van mening is dat een van die sake wat ŉ groot rol speel by húlle positiewe belewenis van ouerskap in saamgestelde gesinne, juis te doen het met die afwesigheid van haar eks-man by hulle kinders. Hulle word gevolglik nie gedurig blootgestel aan verskillende huishoudings en verskillende standaarde, asook ŉ gedurige onderlinge swartsmeerdery tussen ouers nie, wat beslis hulle ouerskap vergemaklik.

Uit die verhale van die Grimm-broers wat aan hulle beskikbaar gestel is, het Michael en Sanet gekies om 'Die drie mannetjies in die bos' te lees, omdat hulle dié verhaal nie geken het nie. Hulle noem dat hulle opnuut verstom was oor die wyse waarop die stiefma in die betrokke verhaal voorgegee het om ŉ goeie ma te wees, maar hoe sy ná die troue haar eie dogter bevoorreg het ten koste van die man met wie sy getrou het, se dogter.

Michael noem dat dié verhaal hom nogal aan die dink gesit het. Hy het so ŉ bietjie 'introspeksie' gaan doen oor die wyse waarop hy Francois en Sandra vóór sy en Sanet se huwelik behandel het, vergeleke die wyse waarop hy dit ná hulle huwelik gedoen het. Hy het ook doelbewus gaan nadink oor sy optrede teenoor Francois en Sandra, vergeleke sy optrede teenoor sy en Sanet se kinders. Die gevolgtrekking waartoe hy gekom het, is dat hy na die beste van sy wete al die kinders op dieselfde wyse behandel. Sanet bevestig dat dit beslis die geval is.

Nóg iets waaroor Michael gewonder het, is of verhale soos dié nie dalk die indruk mag skep dat stiefouers oor die algemeen hulle stiefkinders gáán benadeel nie? Hy noem dat dít mos tot gevolg kan hê dat gemeenskappe só gaan begin konsentreer op die (enkele) kere wat stiefouers dalk verkeerd optree, dat hulle in die proses die talle kere waarop daar reg opgetree word, nie eens meer gaan raaksien nie?

Sanet voeg by dat gemeenskappe moet besef dat ouers in saamgestelde gesinne waarskynlik foute gáán maak in hulle ouerskap, maar dat dieselfde mos ook gebeur by ouers in sogenaamde kerngesinne: ook húlle maak soms foute! Die boodskap wat sy gráág by die gemeenskap wil uitbring, is: "Moenie die heeltyd só konsentreer op óns foute, dat julle dieselfde foute by julle miskyk nie! En moenie sommer besluit


© University of Pretoria

dat, wanneer ons dalk foute maak, ons slegte stiefouers is nie… soos wat julle foute tog mos ook nie van julle slegte ouers maak nie!"

Michael en Sanet beskou hulleself as net nog 'n gesin, soos enige ander gesin. Hulle is gelukkig en beklemtoon dat hulle algehele vrede het oor hulle as gesin se posisie op dié oomblik. Op 'n vraag oor die wyse waarop hulle oor God en egskeiding dink, antwoord hulle dat God se genade en vergifnis vir hulle voorop staan en dat dít is wat hulle in hulle gesinswees beleef: genade en seën…

Sanet noem dat hulle by geleentheid met vakansie was en dat van die mense wat ook daar met vakansie was, nie kon glo dat hulle 'n saamgestelde gesin is nie. Soms, sê sy, vergeet selfs sý dit...

### 5.2.2 Gesprek: Jaco & Naomi

Jaco (in 2003 geskei) en Naomi (in 2009 geskei) is ongeveer vier jaar getroud. Ten tyde van hulle huweliksbevestiging was Jaco 52 jaar oud en Naomi 40 jaar oud. Jaco het op daardie tydstip twee seuns gehad: Andries, wat 28 jaar oud was en Reino wat 25 jaar oud was. Hoewel Andries (nou 32 jaar oud) doof is, is hy onafhanklik en selfversorgend. Reino (nou 29 jaar oud) is getroud en het een seun, en is ook onafhanklik en selfversorgend. Tydens die huweliksbevestiging het Naomi een seun gehad, Christo, wat op daardie stadium sewe jaar oud was.

In Naomi se geval het Christo se pa volgens die skikkingsooreenkoms met betrekking tot hulle egskeiding, bepaalde regte ten opsigte van besoeke, maar aangesien hy geïmpliseer word by misdaad, is hy reeds vir ongeveer twee jaar in die tronk terwyl hy verhoorafwagtend is. Hy het dus die afgelope twee jaar reeds, nie enige kontak met Christo (of Naomi) gehad nie.

Jaco het self ook geen kontak meer met sy gewese vrou nie en verkies dit so. Hy is nie meer enigsins kwaad oor dit wat in die verlede lê, óf vir sy eks-vrou nie. Sy lewensmotto is om nie te tob oor goed wat hy nie kan verander nie. Sekere goed – dit is sy mening! – is onvermydelik en hoe gouer jy dit agter jou sit en aanbeweeg, hoe beter vir jou.


© University of Pretoria

Naomi se seun (Christo) het ŉ baie goeie verhouding met Jaco en aanvaar hom in so ŉ mate dat hy in gesprekke waar Jaco geïmpliseer word, na hom verwys as 'my pa'. Jaco geniet dit self ook baie om dinge saam met Christo te doen en om hom touwys te maak. Hy (Jaco) beklemtoon dat hulle egter nie vir Christo dwing om dinge saam met hom te doen nie. Jaco wil hê dat Christo self moet besluit waar en wanneer hy hom by sy aktiwiteite wil betrek, en wanneer hy van sy kant af dinge saam met hom (Jaco) wil doen.

Hoewel Jaco in dieselfde mate as Naomi betrokke is by die dissiplinering van Christo, vermy hy dit om lyfstraf toe te dien. Daar was nietemin al enkele gevalle waar hy Christo wel getug het by wyse van lyfstraf en dit is sonder enige weerstand aanvaar deur Christo en Naomi. Die feit dat hy op grond van tradisionele rolverwagtinge as 'stiefpa' outomaties minder betrokke is by Christo se opvoeding en dissiplinering, dra beslis by tot die gemaklike verhouding tussen hulle.

Naomi beklemtoon dat sy dink ŉ saamgestelde gesin se oorlewing word bepaal deur die geloofsfondament van só ŉ gesin. Mense wat gelowig is, is mense wat volgens haar outomaties meer inklusief en konsidererend doen en dink. Sy het baie gebid voor haar huwelik met Jaco – en sy bid steeds gedurig vir hulle as gesin vir wysheid en leiding in die hantering van situasies wat soms onverwags opduik. Sy ervaar dat Hy (God) in alle opsigte ŉ metgesel is op hulle lewenspad – en dat hulle beslis nie die eise van gesinswees en ouerskap sonder sy teenwoordigheid sou kon hanteer nie.

Hoewel Jaco heel gemaklik is met die verhouding tussen hom en Naomi en hulle kinders, het Naomi ŉ behoefte aan nouer kontak met Jaco se kinders. Sy beleef dat hulle (Jaco se kinders) haar soms doelbewus uitsluit en dit maak haar hartseer. Dit voel vir haar hulle sien haar bloot as "*my dad's wife*". Ten spyte van al die moeite wat sy doen om betrokke te wees by hulle en om ŉ nouer band tussen hulle te bewerkstelling, hou hulle haar steeds op ŉ afstand en voel dit vir haar sy word behandel soos ŉ tipiese 'stiefma'.

Jaco is egter van mening dat dit nie soseer oor Naomi gaan nie, maar dat dit eintlik die gevolg is van ŉ slegte verhouding met hulle biologiese ma. Hulle biologiese ma


© University of Pretoria

het hulle in die verlede dikwels teleurgestel, daarom dink hý hulle het hulleself doelbewus begin distansieer van enige ma-figuur. Hy meld dat hulle inderwaarheid wantrouig is teenoor enige lid van die vroulike geslag en dat dít waarskynlik die rede is waarom Andries nog nie getroud is nie, en waarom daar soms spanning is tussen Reino en sy vrou (Reino se vrou kom meestal nie saam as hulle by Jaco en Naomi kuier nie).

Naomi voel haar verhouding met Jaco se kinders is nie wat dit behoort te wees nie en sy sal graag wil hê dit moet verbeter. Sy voel onder andere uitgesluit wanneer Andries en Reino kom kuier. Haar belewenis is dat hulle bloot kom kuier ter wille van die rustigheid van die plaas, en ter wille van hulle verhouding met Jaco, en dat sy absoluut die vyfde wiel aan die wa is. Haar enigste rol – so voel dit vir háár – is om hulle te onthaal. Intussen het sy eintlik ’n behoefte om juis deel te wees van hulle lewe en hulle gesinswees.

Een van die baie slegte insidente wat sy beleef het, het tydens 2012 se Kersfees plaasgevind. Ten spyte van die feit dat sy baie moeite gedoen het met die uitsoek van kersgeskenke, is die geskenke redelik nonchalant ontvang en toe Reino en sy seun vertrek, het hulle nie eens die moeite gedoen om die geskenke saam te neem nie.

Hierdie insident het veroorsaak dat Naomi begin voel het dit maak nie saak hoe hard sy probeer nie, haar dade van liefde en haar opoffering word in elk geval nie waardeer nie. Sy noem dat sy die punt bereik het waar sy wonder of dit enigsins nog die moeite werd is om te bly probeer. In haar eie woorde vra sy: “Moet ek nie maar net vergeet van hulle en op my primêre gesin fokus nie? Moet ek nie eerder ophou om te probeer kompenseer vir die gebrek aan moederliefde in hulle kinderdae nie? Moet ek nie maar eerder net op die agtergrond wees en nie sulke hoë eise aan myself stel nie?”

Iewers in die gesprek verwys sy na die verhale wat hulle moes lees, en hoewel sy en Jaco nie spesifiek een van die verhale uitgesonder het nie, wys sy daarop dat ál die verhale vertel van slegte stiefma’s… “Maar hoekom word daar nie ook verhale


© University of Pretoria

geskryf van stiefma's wat probeer, maar ten spyte daarvan elke keer weggestoot word nie?", vra sy.

Naomi beklemtoon dat dit vir haar veral baie sleg is wanneer sy hoor van beplande familie-byeenkomste, omdat sy vooraf weet dat dit eintlik nié vir haar en Christo insluit nie. Sy wíl graag deel wees van Jaco se kinders se lewe en leefwêreld, maar in plaas daarvan, herinner hierdie byeenkomste haar elke keer bloot aan hóé uitgesluit sy is…

Op 'n vraag oor hoe Naomi en Jaco dink hulle die situasie moontlik kan aanspreek, antwoord Jaco dat hy voel 'n mens moenie gedurig karring of die verhouding forseer nie… Hy is van mening dat dit mettertyd vanself sal regkom. Hy onderneem om in die toekoms doelbewus moeite te doen om van sý kant af, haar by hulle aktiwiteite te betrek in 'n poging om haar meer ingesluit te laat voel.

Naomi noem dat sy heeltemal bewus is van die feit dat haar vermyding van gesinsbyeenkomste allesbehalwe 'n positiewe bydrae lewer tot die dinamiek van hulle gesin… en onderneem om dit in die toekoms meer positief te probeer benader.

Iewers in die verloop van ons gesprekke het ons ook gesels oor die moontlikheid om by wyse van sekere rituele of gebruike, voornemende saamgestelde gesinne van meet af aan bewus te maak van mekaar (ouers en kinders en hulle onderlinge behoeftes), asook die nuwe omstandighede wat geïmpliseer word deur 'n nuut-saamgestelde gesin. Sake soos 'n simboliese plegtigheid voor die troue (byvoorbeeld 'n potjiekos geleentheid waar elke lid van die nuut-saamgestelde gesin die geleentheid kry om 'n bestanddeel in die pot sit, en dit dan saam geëet word), of 'n spesiale huweliksformulier vir saamgestelde gesinne, of speletjies-aande, word alles genoem as moontlike voorbeelde van sulke rituele.

Wat die finansiële situasie van die gesin betref: Jaco het van die begin af aangedui dat hy graag volle verantwoordelikheid sal en wíl aanvaar vir die versorging van die gesin en volgens Naomi doen hy dit op 'n uitstekende manier. Daar was nog nooit enige onsekerheid by haar oor hulle gesin se finansiële posisie nie en enige besluite in dié opsig word gesamentlik geneem.


© University of Pretoria

Op ŉ vraag oor wat hulle sou sê die één saak is wat volgens hulle die grootste invloed het op die werkbaarheid van hulle gesin, antwoord Naomi dadelik dat sý nogal voel dat die afwesigheid (onbetrokkenheid) van hulle vorige eggenotes, hulle gesinswees beslis minder kompliseer. Sy noem dat sy weet van talle gevalle waar huweliksmaats vasgevang is in ŉ gedurige inmengery en kwaadstokery van hulle ekse se kant af.

Wat betref die samelewing en die kerk se rol in hulle gesinswees, voel Jaco en Naomi dat daar dalk gewerk sou kon word aan ŉ groter openheid met betrekking tot ŉ bespreking van situasies wat soms mag opduik, sonder dat hulle elke keer skuldig hoef te voel ná sulke besprekings. Hulle ervaar die meeste van die tyd dat, wanneer hulle praat oor ŉ probleem, die samelewing se reaksie gewoonlik iets is soos: *'Ons het nogal so ŉ iets verwag…'* of *'Ons het jou mos gewaarsku…'* Dít maak dat hulle dikwels eerder bloot kies om nié te praat oor wat hulle beleef nie.

Daar is ook gesels oor die rol wat die kerk sou kon speel om tydens huwelikskategese moontlike struikelblokke eie aan saamgestelde gesinne uit te wys en om by wyse van prediking en Bybelstudie lidmate aan te moedig om minder veroordelend te dink oor gesinstipes wat hulle dalk baiekeer net nie ken nie.

Oor die algemeen is dit nietemin hulle mening dat saamgestelde gesinne ŉ gesinstipe geword het wat definitief meer aanvaar word as in die verlede – iets waaroor hulle baie dankbaar is!

### 5.2.3 Gesprek: Thys & Louisa

Thys en Louisa is genader om betrokke te raak as navorsingsgenote, toe hulle net langer as twee jaar getroud was. Tydens hulle huweliksbevestiging was Thys 35 jaar oud en Louisa 40 jaar oud. Thys was voorheen getroud, maar is toe geskei en was ongeveer drie jaar enkellopend voor sy en Louisa se huweliksbevestiging. Op daardie stadium het Thys een seun gehad, Nicolaas, wat 8 jaar oud was. Dit was Louisa se eerste huwelik.


© University of Pretoria

Volgens die skikkingsooreenkoms tussen Thys en sy vorige vrou, bly Nicolaas by sy ma, terwyl sy pa (Thys) daarop geregtig is om hom elke tweede naweek te gaan haal, asook sommige vakansies.

Thys en sy eerste vrou is geskei nadat daar ŉ verhouding ontstaan het tussen haar en ŉ ander vrou. Sy eks-vrou en dié vrou is sedertdien in ŉ vaste verhouding en daar is gerugte dat hulle alkohol misbruik. Op grond hiervan beleef hulle (Thys en Louisa) dat Nicolaas, wanneer hy by hulle kuier, méér deel is van ŉ 'normale gesin' as wat andersins die geval is.

Nietemin ervaar hulle in hulle gesinswees ŉ klómp uitdagings en is dit hulle oortuiging dat hulle gesin waarskynlik anders funksioneer as ŉ sogenaamde kerngesin. Veral Louisa maak melding van die feit dat ŉ huwelik met iemand wat reeds ŉ kind het, méér uitdagings inhou as wat sy aanvanklik gedink het en dat dit ŉ gedurige leerproses is. Anders as Thys wat reeds 8 jaar lank ŉ noue band met Nicolaas gehad het, het sý nie so ŉ band met hom nie en voel sy dat dit bloot logies is dat haar aangetrokkenheid tot, en liefde vir, Nicolaas minder vanselfsprekend sal wees. Tog, ten spyte van die feit dat sy die saak logies beredeneer het en hierdie gevolgtrekking gemaak het, wonder sy soms of dit nie anders sal wees as sy net harder probeer nie? Trouens, sy voel soms skuldig hieroor en dis gewoonlik sulke tye wat sy by haarself dink dat sy eintlik allesbehalwe ŉ goeie ma is…

Een van die eerste dinge waarmee sy gekonfronteer is, is die feit dat Nicolaas die gewoonte het om in sy vertelling van gebeure, baiekeer te vergroot. Hoewel sy hom by meer as een geleentheid hieroor aangespreek het, hou hy steeds hiermee aan. Sy maak melding van die feit dat sy uit die staanspoor versigtig was om in haar hantering van die aangeleentheid nie onnodige spanning tussen haar en Nicolaas te veroorsaak nie. Die kwessie is steeds nie opgelos nie en sy bly maar bekommerd oor hoe mense (veral vriende en kollegas) gaan reageer op sy stories en die gevolge wat dit vir hom én hulle as gesin, mag inhou. Die feit dat daar ŉ geringe moontlikheid bestaan dat Nicolaas in die toekoms dalk selfs meer permanent by hulle sal moet bly, het tot gevolg het dat Louisa onrustig is oor die wyse waarop sy klasmaats en onderwysers op sy gedrag mag reageer.


© University of Pretoria

Hoewel daar nie enige spanning tussen Louisa en Nicolaas is nie, noem Thys dat dit tóg baiekeer vir hom voel asof hy êrens in die middel vasgevang is wat betref Louisa en Nicolaas se verwagtinge. Dis iets wat veral gebeur tydens naweke wat Nicolaas by hulle kuier en hou gewoonlik verband met die tyd wat Thys met Louisa en Nicolaas deurbring: wanneer hy te veel aandag gee aan Louisa, voel dit vir hom Nicolaas is ongelukkig; wanneer hy te veel aandag gee aan Nicolaas, voel dit vir hom dit maak Louisa ongelukkig. Hy ervaar dit ook wanneer keuses ter sprake kom, byvoorbeeld wie se voorkeur in ag geneem moet word by iets so gewoon soos die bestelling van wegneemetes. Dít veroorsaak inherente konflik by Thys, wat graag vir beide Louisa én Nicolaas gelukkig wil hou. Thys beklemtoon dat Louisa hoegenaamd nie daarvoor verantwoordelik is dat hy soms so voel nie; dit het álles te make met sy eie belewenis en hantering van die situasie…

Uit die huwelik tussen Thys en Louisa is daar intussen 'n seun, Nathan, gebore. Hy is op dié stadium een jaar oud en Nicolaas en hy kom besonder goed oor die weg. Thys en Louisa beklemtoon dat dit hulle belewenis is dat Nicolaas regtig omgee vir Nathan en dat hy graag met hom speel en wíl speel.

Iewers in die verloop van die gesprek noem Louisa egter dat dit vir haar voel hulle (sy, Thys en Nathan) is hierdie perfekte gesin – totdat Nicolaas opdaag. Sy ervaar gevolglik gemengde emosies rondom Nicolaas se besoeke: aan die een kant gun sy hom die kuier en samesyn van 'n normale gesin – maar aan die ander kant maak sy teenwoordigheid inbreuk op die kwaliteit-tyd tussen haar en Thys en Nathan.

Louisa voel ook dat Nicolaas soms manipulerend optree, in dié opsig dat hy soms aanspraak maak op tyd en aandag wat nie altyd op 'n gegewe oomblik moontlik is nie. Hy gee byvoorbeeld nie vir haar en Thys enigsins geleentheid om soms alleen vir Nathan te bad nie; die naweke en vakansies wat hy by hulle kuier, sorg hy bloot dat hy self óók daar is wanneer dit gebeur. Vir Louisa is dít 'n opdringerigheid wat haar soms onkant vang en te veel inbreuk maak op hulle persoonlike tyd en ruimte saam met Nathan.

Tydens 'n opvolggesprek noem Thys en Louisa dat hulle ooreengekom het dat dit nie nodig is dat Nicolaas altyd sy sin hoef te kry nie. Waar veral Louisa in die verlede


© University of Pretoria

versigtig was om haar misnoeë oor sekere situasies te wys, voel sy sedertdien dat daar vir haar die ruimte geskep is om dit wel te mag doen. Uit die aard van die saak reageer Nicolaas nie altyd positief wanneer hy nié sy sin kry nie, maar hy is beslis minder opstandig hieroor as in die verlede en hy groei steeds in dié opsig.

Louisa noem dat sy ŉ punt daarvan maak om te probeer om minder fyngevoelig te wees, veral wat betref geleenthede waar Nicolaas eksklusief aanspraak maak op Thys se tyd en aandag of wanneer hy nie die alleentyd tussen haar en Thys respekteer nie.

Beide Thys en Louisa beklemtoon dat hulle agtergekom het dat voortdurende kommunikasie oor die verskillende aspekte van hulle gesinswees en ouerskap noodsaaklik is. Hulle skep daarom dikwels geleenthede om na mekaar te luister en mekaar se gevoelens te respekteer en saam te besluit oor ŉ plan van aksie wat betref die hantering van probleme.

Wat die finansiële aspek van hulle huwelik betref: Thys en Louisa verdien elkeen ŉ eie inkomste. Hulle het afsonderlike bankrekenings en verkies dit so, maar het ooreengekom oor wie vir watter uitgawes verantwoordelik is. Thys het ook ŉ verpligting wat betref die betaling van onderhoud aan sy eks-vrou as bydrae tot die versorging van sy kind, maar daar is ooreengekom dat Louisa nie hiervoor medeverantwoordelik sal wees nie. Louisa maak dit duidelik dat sy geen probleem het met die feit dat Thys hierdie verantwoordelikheid het nie en dat sy hom selfs aanmoedig om nie sy verantwoordelikheid hierin te versaak nie. Sy noem nietemin dat dit uit die aard van die saak hulle gesin se besteebare inkomste negatief beïnvloed en dat sy daarom – as sy heeltemal eerlik moet wees – tóg soms wens dat Thys nie hierdie verpligting gehad het nie. Dít het tot gevolg dat sy soms bietjie skuldig voel en selfs wonder of sy nie tog maar ŉ tipiese stiefma is wat haar stiefseun sal benadeel ter wille van finansiële voordeel nie.

Thys beklemtoon dat dit allesbehalwe die geval is en dat sy nie eens daaroor moet wonder nie. Hy noem dat sy verantwoordelikheid om onderhoud te betaal, selfs by hom ook al inherente konflik veroorsaak het, in dié opsig dat hy voel hy wil nie sy gesin óf sy seun op enige wyse benadeel nie. Nietemin wonder hy soms of sy seun


© University of Pretoria

wel die voordeel geniet wat sy onderhoudsbetaling veronderstel. Hierdie einste onsekerheid veroorsaak dat hy soms skuldig voel oor die verlies wat hierdie verantwoordelikheid meebring, wat betref hulle gesin se besteebare inkomste.

Wat betref die klassieke sprokiesverhale wat hulle deurgelees het, noem beide Thys en Louisa dat húlle nie noodwendig meer of minder met ŉ spesifieke verhaal identifiseer nie. Hulle was wel opnuut verstom oor die negatiewe wyse waarop stiefouers in dié verhale uitgebeeld word. Veral Louisa meen dat hierdie verhale beslis die potensiaal het om kinders negatief teenoor hulle stiefma te laat voel en optree, hoewel sy dit nie in haar spesifieke situasie so beleef nie. In gesprekvoering hieroor blyk dit egter dat sy tóg sensitief is oor haar rol as 'stiefma' en dat dit vir haar sleg sou wees as enigiemand ooit aan haar sou dink as ŉ 'tipiese stiefma' soos wat dit deur die meeste klassieke sprokiesverhale uitgebeeld word.

Binne die breër gemeenskap beleef hulle met groot dankbaarheid dat mense oor die algemeen minder 'veroordelend' dink oor saamgestelde gesinne en dat hulle selfs ondersteunend probeer wees, ten spyte van die feit dat hulle baiekeer nie die intrige van saamgestelde gesinne begryp nie.

Op ŉ vraag oor hoe die gemeenskap en die kerk ŉ rol sou kon speel om hulle te ondersteun wat betref moontlike aanpassingsprobleme, beklemtoon hulle dat gemeenskappe/kerke minder gretig moet wees om voortdurend statistiek en ander voorspellings oor lae 'suksessyfers' by saamgestelde gesinne aan te haal, asof dit ŉ uitgemaakte saak is dat alle gesinne noodwendig dieselfde paadjie sal loop.

Louisa beleef egter nie soseer dat die samelewing se oë gedurig op haar is en dat hulle voortdurend wonder oor haar rol as 'stiefma' nie; die druk wat sy wél in dié verband beleef, het meer te doen met haar eie persepsies en eie verwagtinge wat betref haar rol as 'stiefma'. Sy noem byvoorbeeld dat dit vir haar voel sy tree soms totaal anders op wanneer Nicolaas deel is van die gesin, as wanneer hy nié daar is nie. Dis asof sy bloot meer op haar gemak is wanneer Nicolaas nie daar is nie.

Iewers ná een van ons gesprekke het Louisa vir my die volgende teksboodskap gestuur:


© University of Pretoria

> Ek dink vir my is die grootste uitdaging om 'n kind (wat nie joune is of jy 'n verhouding mee het nie, te aanvaar soos hy is en nie te probeer verander soos ek hom wil hê nie en hom te aanvaar as deel van my gesin alhoewel hy niks van my is of ooit gaan wees nie. Om te verstaan my man is so lief vir hom soos ek vir Nathan, al deel ek nie dieselfde gevoel nie. En dan miskien te weet dis 'n deel van jou man waarvan jy nie deel is nie. Nie omdat hy iets wegsteek of nie deel nie, jy is net nie deel van hulle verhouding of verlede nie. En laaste dalk die skuldgevoel van moet jy nie meer doen nie…

In hulle ouerskap beleef hulle, veral Louisa, dat Nicolaas se biologiese ma die idee dat Louisa sy 'stiefma' is, versterk met haar gedurige op- en aanmerkings oor haar (Louisa), hoewel sy haar nog nooit eens ontmoet het nie. Ten spyte van verskeie pogings van Louisa se kant af om 'n ontmoeting te bewerkstellig, stel Nicolaas se biologiese ma glad nie daarin belang nie en kry Louisa telkens 'n koue skouer in dié verband. Trouens, sy voel só sterk daaroor om geen kontak met Louisa te hê nie en om haar privaatheid te beskerm, dat sy selfs vir Nicolaas verbied het om enige aspekte van hulle huishouding met Louisa of Thys te bespreek. Sy het selfs 'n reëling met Thys dat Nicolaas by 'n vulstasie op- en afgelaai moet word.

Dit is Thys en Louisa se ervaring dat die eks-man of eks-vrou dikwels een van die grootste rolspelers is by die vestiging van negatiewe persepsies by die samelewing wat betref stiefouerskap, eerder as die samelewing self.

Hulle is nietemin 'n gelukkige gesin, en noem dat hulle weer en weer die keuses sou maak wat hulle gemaak het, as hulle weer die geleentheid daartoe sou kry.

### 5.2.4 Gesprek: Danie & Magda

Danie en Magda is ongeveer drie jaar en twee maande getroud. Ten tyde van hulle huweliksbevestiging was Danie 43 jaar oud en Magda 25 jaar oud. Danie het op daardie tydstip drie kinders gehad: 'n dogter van 17 jaar, 'n seun van 13 jaar en nog 'n seun van 10 jaar. Danie was en is steeds die primêre voog van die kinders. Magda


© University of Pretoria

het ten tyde van hulle huweliksbevestiging een kind gehad, ŉ dogter van amper 4 jaar. Buiten Danie se drie kinders en Magda se een kind, het hulle ook gesamentlik ŉ seun (gebore ongeveer 13 maande na hulle huweliksbevestiging).

In Magda se geval het die pa van haar kind volledig afstand gedoen van voogdyskap, maar in Danie se geval is die biologiese ma (Elize) steeds betrokke by die kinders in dié opsig dat sy soms toesig het oor die kinders gedurende ŉ naweek of vakansie.

Die feit dat Elize (Danie se vorige vrou) dikwels alkohol en/of pille misbruik het, het tot gevolg gehad dat hulle kinders hulle geleidelik van haar begin distansieer het. Aangesien sy dikwels op die kinders geskree en hulle soms selfs gevloek het, het hulle haar begin vermy in ŉ poging om enige moontlike konflik vry te spring. Waarskynlik het dít bygedra tot ŉ groter openheid wat betref die aanvaarding van Magda as potensiële huweliksmaat vir Danie, ná Danie en Elize se egskeiding.

Die aankondiging van ŉ voorgenome huwelik tussen Danie en Magda was gevolglik geen verrassing nie en is met groot opgewondenheid deur beide partye se kinders aanvaar.

Op die dag van die huweliksbevestiging het Magda egter ervaar dat Danie se jongste seun homself so ŉ bietjie distansieer van haar en dat hy nie met dieselfde oorgawe in hulle vreugde deel nie. Die moontlikheid van negatiewe beïnvloeding van Elize se kant af, is onmiddellik vermoed.

Met verloop van tyd is hierdie vermoede telkens versterk en het Danie en Magda besef dit sou waarskynlik een van hulle grootste uitdagings wees: om hulleself positief te handhaaf te midde van die verdagmakery van Elize.

Een van die eerste sake waarop hulle (Danie en Magda) gevolglik ooreengekom het, was om nie onnodige tyd en energie te spandeer aan Elize se verdagmakery van hulle by die kinders nie. Hulle het die kinders uitgenooi om, indien daar enigiets is waaroor hulle wonder, dit met hulle te kom bespreek. Die kinders is voorts verseker dat hulle ten alle tye die waarheid sal praat. Danie het ook kort na die troue


© University of Pretoria

– toe hulle bewus geraak het van Elize se verdagmakery – 'n geleentheid geskep vir die kinders om hulle vrae en onsekerhede te opper en van sy kant af het hy hulle deeglik ingelig oor hulle ma (Elize) se situasie, aangesien sy onder andere by die kinders die indruk gewek het dat Danie van haar geskei is nadat 'n verhouding tussen hom en Magda ontstaan het en dat sy ná die egskeiding finansieel onversorgd is.

Van die begin af het hulle as gesin ooreengekom om oop kaarte met mekaar te speel en nie toe te laat dat misverstande en onsekerheid, of wat ook al, hulle wantrouig teenoor mekaar maak nie.

Wat Magda se posisie in die gesin betref: sy het van die begin baie duidelik vir Danie se kinders gesê dat sy nie hulle 'nuwe ma' wil wees nie, sy besef hulle hét 'n ma. Sy het hulle nietemin uitgenooi om haar wel deel te maak van hulle lewe en het onderneem om hulle by te staan waar hulle dit ook al van haar mag verlang. Sy het ook belowe dat sy sal probeer om ten alle tye billik en regverdig teenoor hulle op te tree en dat sy regtig sal probeer om nie haar eie dogter bo hulle te bevoordeel nie. Wat vir die een kind geld, sal ook vir al die ander geld. Verder het sy besluit om van die begin af net haarself te wees, en nie voor te gee teenoor die kinders nie.

In hulle ouerskap het Danie en Magda ooreengekom om gesamentlik betrokke te wees by die dissiplinering van die kinders. Hulle vertrou mekaar en elkeen glo dat sy/haar huweliksmaat in die beste belang van die kinders sal optree. Hulle maak 'n punt daarvan om gedurig hieroor met mekaar te praat in 'n poging om enige misverstande of onsekerhede uit te skakel. Verder het hulle ooreengekom dat die een ouer nooit openlik van die ander ouer sal verskil nie, selfs al stem hulle nie saam wat betref die dissiplinering van die kinders of die gepastheid van straf nie. Hulle ervaring is dat dit enige moontlike manipulering van die kinders se kant af, effektief uitskakel.

Magda voel wel soms dat sy – in haar versigtigheid om nie haar eie dogter bo Danie se kinders te bevoordeel nie – onnodig kwaai is met haar dogter. As gevolg hiervan was en is sy soms sensitief vir die manier waarop Danie teenoor haar kind optree. By geleentheid het daar al selfs 'n effense gespannenheid tussen haar en Danie


© University of Pretoria

ontstaan, omdat sy voel sy is alreeds te kwaai met haar kind, en dat hy nie ook nog so kwaai met haar hoef te wees nie.

Hulle probeer om ten alle tye regverdig te wees en dissipline word op so ŉ wyse toegepas dat die eiewaarde van die kinders nie in die gedrang kom nie. Hulle uitgangspunt is: respek kweek respek. Vanweë die feit dat die kinders se biologiese ma dikwels op hulle geskree het en hulle gevloek het, maak húlle (Danie en Magda) ŉ punt daarvan om nié op die kinders te skree nie. Waar en wanneer dit nodig is om die kinders aan te spreek, word daar gepoog om dit opbouend te doen. Hulle beskryf hulleself as kwaai, maar nie onredelik nie.

Die gesin se posisie (ook finansieel) is van só ŉ aard, dat Magda tuis kan bly en betrokke kan wees by die versorging van die kinders. Dít word positief beleef deur die kinders, aangesien hulle biologiese ma dikwels afwesig was en wanneer sy wel by die huis was, was sy nie regtig beskikbaar vir die kinders nie.

Magda is ten volle bewus van die finansiële situasie van die gesin en voordat daar enige finansiële besluite geneem word, word daar eers daaroor gekommunikeer. Dit gebeur soms dat hulle dalk nie aanvanklik met mekaar saamstem oor sekere sake nie (soos wat waarskynlik in elke ander verhouding ook gebeur), maar danksy die oop kommunikasie in dié verband kon hulle nog altyd by ŉ punt van ooreenstemming uitkom.

Wat Danie se finansiële verpligting teenoor sy eks-vrou betref: hulle het reeds voor hulle huwelik ook hieroor gekommunikeer, met as resultaat dat sy nie gekonfronteer is met enige verrassings in dié verband nie.

Magda maak melding van die feit dat sy gelukkig oor die algemeen spaarsamig is – soveel so dat Danie soms daarop sal aandring dat sy wel iets vir haarself moet koop of dat sy haarself ŉ bietjie sal bederf.

Magda se benadering tot die kinders is: "Wat ook al die vraag, die antwoord is liefde!" Sy beleef dat die liefde wat sy teenoor die kinders uitleef, definitief vrugte afwerp.


© University of Pretoria

Hulle beklemtoon dat dit vir hulle belangrik is dat hulle kinders nooit moet nodig hê om te wonder oor hulle as ouers se liefde vir mekaar nie. Juis daarom maak hulle ŉ punt daarvan om hulle liefde vir mekaar te demonstreer in hulle optrede teenoor en praat met mekaar. Hulle doen ook moeite om dikwels geleentheid te skep vir alleentyd.

As ouers in ŉ saamgestelde gesin, beleef hulle dat die samelewing se oë tóg deurentyd op hulle is. Mense vra gedurig uit, en bly maar effens skepties, selfs al verneem hulle ook dat dit goed gaan. Dit is asof – so beleef húlle dit in elk geval – mense sit en wag vir iets om skeef te loop, sodat hulle kan sê: "Ons het dit maar een of ander tyd verwag".

Magda maak nietemin seker dat die samelewing kan sien sy gee om vir Danie se kinders, in dié opsig dat sy betrokke is by hulle verskillende aktiwiteite en wanneer daar van ma's verwag word om by die skool te werk, bring sy absoluut haar kant. Dit gebeur soms dat onderwysers of onderwyseresse haar kontak oor situasies wat by die skool opduik en dat sy dit dan moet hanteer. Sy maak egter ŉ punt daarvan om sover moontlik vir Danie in sulke situasies te ken voordat sy optree, omdat sy besef dat haar optrede spanning mag veroorsaak tussen haar en die kinders.

Sy ervaar nie soseer dat die kinders haar sien as ŉ tipiese 'stiefma' nie, maar dink tog dat die samelewing haar soms as sodanig beoordeel. Wat die samelewing sê en dink, is egter nie vir haar (en Danie) ŉ probleem nie, omdat hulle hulle gewoon nie daaraan steur nie. Hulle het besluit om die energie en tyd wat verduideliking en regverdiging in die oë van die samelewing sou vereis, eerder positief terug te ploeg in hulle gesinswees.

Beide Danie en Magda kon nie regtig ŉ klassieke sprokiesverhaal uitwys waarmee hulle spesifiek identifiseer nie. Hulle noem wel dat hulle opnuut geskok was oor die negatiewe wyse waarop die stiefma in al hierdie sprokiesverhale uitgebeeld word.

Magda noem dat sy uit die aard van die saak nie graag beskou wil word as ŉ tipiese 'stiefma' nie – en dan nie noodwendig in die oë van die samelewing nie – maar in die oë van Danie en die kinders. Sy doen daarom baie moeite om elke kind se liefde


© University of Pretoria

en vertroue te behou en bewus te wees van hulle voorkeure en afkeure. Sy noem dat sy (probeer!) om hulle lief te hê soos eie kinders. Sy beleef nietemin dat hulle nogtans soms "soos krimpvarkies optree". (Hierdie vergelyking het my opnuut bewus gemaak van die pyn wat stiefouers soms beleef…)

Op 'n vraag oor hoe die samelewing en die kerk 'n positiewe bydrae sou kon lewer tot hulle ouerskap-belewenis, voel hulle dat dit hulle ouerskap baie sou vergemaklik as die samelewing nie uit die staanspoor die ergste verwag nie, maar hulle minstens 'n billike kans gee én probleme wat soms opduik (en gáán opduik) binne konteks sal beskou. Hiermee bedoel hulle dat baie van die probleme wat soms by hulle opduik en waaroor daar so maklik 'n ophef gemaak word, eintlik nié so vreemd is nie en óók by kerngesinne voorkom. Hulle sou ook wou hê mense moet minder veralgemeen wanneer dit kom by saamgestelde gesinne en dat hulle nie sommer voor die voet 'etikette' op hulle sal 'plak' nie. Hulle is van mening dat elke saamgestelde gesin uniek is en dat dit as sodanig gerespekteer behoort te word.

Op geestelike vlak het hulle rustigheid oor die feit dat hulle hergetroud is. Hulle is terdeë bewus van die sake wat in die verlede in hulle onderskeie verhoudings skeefgeloop het, met as noodwendige resultaat dat dié verhoudings beëindig is. Hulle het reeds voor hulle huidige huwelik by 'n punt van vergifnis gekom, teenoor hulle eks-maats, maar ook vergifnis wat betref hulleself. Hulle beklemtoon dat hulle heeltemal bewus is van die feit dat egskeiding nie God se wil vir mense is nie, maar hulle sien hulle huwelik as 'n nuwe geleentheid en hulle is daarvan oortuig dat hulle huwelik óók die Here se seën geniet.

## 6. SAMEVATTING

In dié hoofstuk is daar spesifiek aandag gegee aan die metodologiese benadering tot die navorsing. Die etiek onderliggend aan die navorsingproses is bespreek.

Onderskeid is getref tussen kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsing, met 'n bespreking van deelnemende aksienavorsing as 'n navorsingsmetode binne kwalitatiewe navorsing.


© University of Pretoria

Hierna is die verhale van die navorsingsgenote, inaggenome die narratiewe benadering tot navorsing binne praktiese teologie, aangehoor en opgeteken. In samewerking met die navorsingsgenote is belewenisse beskryf en geïnterpreteer.

Die tweede en derde beweging binne ŉ post-fundamentele prakties-teologiese metodologie het dus aan die orde gekom.

In hoofstuk 3 sal daar aandag gegee word aan die oorsprong en interpretasie-moontlikhede wat betref klassieke sprokiesverhale, met spesifieke verwysing na die Grimm-sprokies. Die narratief van saamgestelde gesinne, met verwysing na moontlike tradisies van interpretasie, sal ook aandag geniet.


© University of Pretoria

# HOOFSTUK 3

# KLASSIEKE SPROKIESVERHALE…
# EN DIE NARRATIEF VAN SAAMGESTELDE GESINNE

## 1. INLEIDING

In hoofstuk 2 is daar aandag gegee aan die metodologiese benadering wat gevolg is, met verwysing na die etiek onderliggend aan navorsing. Onderskeid is voorts getref tussen kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsing, met ŉ bespreking van deelnemende aksienavorsing as ŉ navorsingsmetode binne kwalitatiewe navorsing. Vervolgens is die verhale van die navorsingsgenote, inaggenome die narratiewe benadering tot navorsing binne praktiese teologie, aangehoor en opgeteken. Terselfdertyd is daar by wyse van deelnemende aksienavorsing aan die navorsingsnote die geleentheid gebied om hulle verhale te interpreteer. Dit was die tweede en derde beweging van ŉ post-fundamentele prakties-teologiese metodologie.

In dié hoofstuk sal daar aandag gegee word aan die vierde beweging van ŉ post-fundamentele prakties-teologiese metodologie. Müller (2005:84) beskryf hierdie beweging in die navorsingsproses soos volg:

> There are specific discourses/traditions in certain communities and in faith-based organisations, which inform perceptions and behaviour. The researchers will have to identify these discourses and try and gain some understanding on how current behaviour is influenced by these discourses by listening to the co-researchers, but also by listening to the literature, the art, and the culture of a certain context. The informative theological traditions should also be listened to.

Inaggenome die tema van die navorsing – *ŉ refleksie op ouerskap in saamgestelde gesinne met verwysing na klassieke sprokiesverhale* – is minstens twee sake hier van belang, naamlik sprokiesverhale en ouerskap in saamgestelde gesinne.


© University of Pretoria

Dié hoofstuk sal dus in twee afdelings uiteenval:

- In die eerste afdeling sal daar aandag gegee word aan die oorsprong en interpretasie-moontlikhede wat betref klassieke sprokiesverhale, met spesifieke verwysing na die Grimm-sprokies.
- In die tweede afdeling van die hoofstuk sal daar aandag gegee word aan die narratief van saamgestelde gesinne, met verwysing na moontlike tradisies van interpretasie.


© University of Pretoria

# 2. LANK, LANK GELEDE... KLASSIEKE SPROKIESVERHALE

## 2.1 Die ontstaan van 'sprokies' as literêre vorm

Europese volksprokies het duisende jare gelede reeds ontstaan.

Die Afrikaanse woord 'sprokie' kom waarskynlik van Middel-Nederlandse woord 'sprook' af, wat gebruik is om te verwys na ŉ spreuk, ŉ uitspraak of ŉ verhaal. Die verkleiningsvorm, 'sprookje', word reeds sedert die 17$^{e}$ eeu gebruik (Steenberg 2010). In sowel Nederlands as Afrikaans word dié woord vandag oor die algemeen gebruik om te verwys na ŉ spesifieke verhaalsoort wat in Engels bekend staan as "fairy tales".

Dit word redelik algemeen aanvaar dat, by wyse van sprokies, wat aanvanklik op ŉ mondelingse wyse oorgedra is, groot waarhede van geslag tot geslag oorgedra is. Die oorspronklike vertellinge (sprokies) was nie noodwendig net vir kinders bedoel nie, dit was volksvermaak vir alle ouderdomme (Van der Vyver 2010:ii; Van Rensburg 2012:7). Hierdie verhaalvorm is vandag nog baie gewild en sprokies word nog steeds graag (oor)vertel om groot waarhede te beklemtoon.

Onder die mees beroemde sprokieskrywers was onder andere die Fransman Charles Perrault (1628 -1703), die Duitse broers Jacob Grimm (1785 - 1863) en Wilhelm Grimm (1786 - 1859), die Deense skrywer Hans Christian Andersen (1805 - 1875) en die Engelsman Lewis Carroll (1832 - 1898) wat dikwels onder die skuilnaam 'Charles Dodgson' geskryf het.

Inaggenome die literatuur tot ons beskikking, was Charles Perrault waarskynlik die eerste persoon wat sprokies begin neerskryf het en op dié manier ŉ bydrae gelewer het tot die Franse kultuur (Steenberg 2010). Volgens oorlewering was hy egter so skaam om geïdentifiseer te word met hierdie 'kinderagtige' sprokies, dat hy voorgegee het dat sy seun die samesteller van hierdie sprokies was.


© University of Pretoria

## 2.2 Die Grimm-broers

Daar word oor die algemeen aanvaar dat die Grimm-broers waarskynlik die grootste bydrae gelewer het tot die versameling van sprokies wat vandag nog met groot entoesiasme van geslag tot geslag oorgedra word (Van der Vyver 2010:i). Trouens, die meeste van ons het waarskynlik grootgeword met die sprokies van die Grimm-broers: ‘Hansie en Grietjie’, ‘Sneeuwitjie’, ‘Aspoestertjie’, ‘Drie Mannetjies in die Bos’ en nog talle ander.

Volgens navorsers bestaan daar ŉ versameling van minstens 211 sprokies uit die pen van die Duitse broers Jacob en Wilhem Grimm (Zipes 2002:114; Van der Vyver 2010:i).

Dié broers het, anders as byvoorbeeld die Deense skrywer Hans Christian Anderson, nie hulle eie sprokies ‘opgemaak’ nie. Hulle was volkekundige navorsers wat in die vroeë negentiende eeu begin het om eeue-oue mondelinge sprokies op te teken en uit te gee; sprokies wat as’t ware opgetrek is uit die oerbewussyn van die mensdom, amper soos wat ŉ mens ŉ emmer vol koue water uit ŉ diep en donker put sou optrek (Van der Vyver 2010:i). Hulle was onder die indruk dat dié stories almal Europees van oorsprong was, met oorblyfsels van ou Germaanse gelowe, gebruike en mites. Latere navorsing toon egter dat baie van die stories uit ander lande, soos Indië kom (Van Rensburg 2012:25).

Die werklikheid wat betref die Grimm-broers se agtergrond, is van só ŉ aard, dat nie eens ŉ sprokieskrywer ŉ meer idilliese en gepaste agtergrond sou kon uitdink nie.

Hulle vader, Phillip Wilhelm Grimm, was ŉ prokureur, ambisieus, ywerig en welvarend. Hulle moeder, Dorothea (néé Zimmer) was die dogter van ŉ raadslid in Kassel, ŉ toegewyde huisvrou (Zipes 2002:2). Hulle het ŉ ruim herehuis bewoon, met ŉ rustige en gemaklike leefwyse en besondere sosiale aansien geniet. Tydens die eerste 12 jaar van hulle huwelik is nege kinders gebore, waarvan ses oorleef het. Jacob Ludwig Grimm (1785-1863) was die oudste, terwyl Wilhelm Carl Grimm (1786-1859) die tweede oudste was (Zipes 2002:2-3).


© University of Pretoria

Beide broers is op ŉ baie vroeë ouderdom skool toe gestuur en het terselfdertyd onderrig ontvang in die leer van die Gereformeerde Calvinistiese Kerk. Hulle het hulleself onderskei as hardwerkende leerlinge met ŉ blink toekoms. Dit was bykans ŉ uitgemaakte saak dat hulle in die voetspore van hulle vader sou volg en self ook bekwame prokureurs sou word. Alles het egter in ŉ oomblik verander toe hulle vader in 1796, op 44 jarige ouderdom, dood is nadat hy longontsteking opgedoen het. Jacob was op daardie stadium 11 jaar oud, terwyl Wilhelm 10 jaar oud was (Zipes 2002:2-3).

Binne ŉ kwessie van enkele maande moes die gesin hulle huis verlaat en was hulle afhanklik van hulle familie vir ondersteuning, veral wat betref finansiële oorlewing. Danksy die welwillendheid van sommige familielede is hulle na die baie gesogte Lyzeum Hoërskool in Kassel toe gestuur. Hier is hulle vir die eerste keer in hulle lewe direk blootgestel aan sosiale ongeregtigheid en uitbuiting. Hulle is onder andere, vergeleke hulle klasmaats uit die adelstand, deur hulle onderwysers as sosiaal ondergeskiktes beskou en behandel (Zipes 2002:3).

Hoewel beide broers die toppresteerders was in hulle onderskeie klasse moes hulle, inaggenome hulle 'laer' sosiale stand, steeds buitengewone vergunning verkry om Regte te kon gaan studeer aan die Universiteit van Marburg. Dít het hulle nie net nog meer gemotiveer om hulleself te onderskei nie, maar het ook ŉ beslissende invloed gehad op die wyse waarop hulle in hulle latere jare sprokies benader en vertel het. Zipes (2002:6) skryf in dié verband:

> The identification with the common hard-working folk and the great desire to prove his individual worth were major factors in Jacob's later success and also figured in his idealization of the German folk. These were also the factors that drove Wilhelm, who shared Jacob's reverence for the simple German people and the ascetic life.

ŉ Ander gebeure wat ŉ beslissende invloed gehad het op die Grimm-broers se benadering tot sprokies en die vertelling daarvan, het te doen gehad met die invloed van een van hul mentors by hulle universiteit, ene professor Friedrich Carl von Savigny. Hy het in sy onderrig gedurig die belangrikheid daarvan beklemtoon dat


© University of Pretoria

die oorsprong van wette nagevors behoort te word in die geskiedenis en in die gewoontes en tale van die mense wat die betrokke wette daargestel het. Die Grimm-broers het gevolglik dié werkswyse gehandhaaf met betrekking tot hulle sprokiesverhale (Zipes 2002:7).

Kort na hulle moeder se dood (1808) het die broers, bekommerd oor hulle jonger broers en susters se blootstelling aan die waardes van die samelewing en die moontlike invloed hiervan op die stabiliteit van hulle gesin, begin om sprokiesverhale en ander verwante materiaal te versamel (Zipes 2002:9-10). Spesiale moeite is gevolglik gedoen om die mondelinge tradisies, verhale en kultuur, wat na hulle mening vervang was of bedreig was deur literêre kultuur, te identifiseer en te bewaar. Die broers het van harte geglo dat dié ouer tradisies krities belangrik was vir die behoud van die Duitse kultuur en gemeenskap (Zipes 2002:10-11). Hulle het hulleself daarom daartoe verbind om dít wat hulle beskou het as suiwer vorme van die Duitse kultuur, te herontdek en te bewaar, in ’n poging om te verseker dat dit nie sou vervaag in die bewussyn van die Duitsers nie.

Hoewel dalk onbewustelik, is hulle eie persoonlike etiek en strewe om die middelklas-kultuur te propageer, onteenseglik ingebed in hierdie pogings van hulle om die waardes van die ou Duitse kultuur te hervestig. Duidelike trekke van die Gereformeerde Calvinistiese tradisie, waarin hulle onderrig is, kan onder andere óók bespeur word in die waardes wat deur hulle beklemtoon is (Zipes 2002:12).

Hoewel Jacob nooit getroud is nie, is Wilhelm in 1825 getroud met Dortchen Wild, die dogter van ’n apteker in Kassel. Hulle was gelukkig getroud en het saam drie kinders gehad. Desnieteenstaande was Wilhelm eintlik maar net soos sy broer Jacob, getroud met sy werk (Zipes 2002:18). Beide broers het dit as hulle lewenstaak beskou om sosiale geregtigheid by die Duitsers te bevorder en om trots by hulle te kweek vir volkstradisies (Zipes 2002:23).


© University of Pretoria

## 2.3 ʼn Paar algemene opmerkings wat betref die oorsprong en doel van die Grimm-verhale

Een van die mees algemene misopvattings wat betref die versameling van die Grimm-sprokies, is dat die broers rondgereis het en dat hulle die verhale wat hulle by eenvoudige plattelanders op plase, in kroeë en in dorpies gehoor het, aangeteken het. Dit was allesbehalwe die geval. Volgens Zipes (2002:28) het hulle hulle verhale hoofsaaklik versamel by wyse van ʼn uitnodiging aan storievertellers, wat dan die verhale by hulle huis vir hulle kom vertel het.

ʼn Groot aantal van hulle vertellers was opgeleide jong dames, uit die middelklas en aristokrasie. Daar was onder andere só ʼn groep in Kassel (bestaande uit die Wild-familie en die Hassenpflug-familie), wat op ʼn gereelde basis bymekaar gekom het om die verhale wat hulle by hulle kinderoppassers, goewernantes en bediendes gehoor het, of wat hulle self gelees het, met mekaar te deel (Zipes 2002:28). Danksy ʼn vriend van Jacob Grimm, Werner von Haxten, se vriende- en familiekring is ook ʼn hele aantal verhale versamel. Die oorgrote meerderheid van hulle vertellers kom egter van Hessia af (Zipes 2002:28).

Die broers se vernaamste vertellers was Dorothea Viehmann, die vrou van ʼn kleremaker, wat dikwels in Kassel kom vrugte verkoop het, asook Johann Friedrich Krause, ʼn ou afgetrede soldaat, wat stories met die broers gedeel het in ruil vir klere (Zipes 2002:28).

Baie van die Grimm-verhale het ʼn Franse oorsprong, aangesien die Hassenpflugs (deel van die groep vertellers in Kassel) se voorouers Franse Hugenote was (Zipes 2002:29).

Mettertyd het die Grimm-broers begin om ook stories uit boeke, briewe en joernale oor te neem en dit te verander volgens hulle smaak en voorkeure (Zipes 2002:28). Trouens, die Grimm-broers het met verloop van tyd al hoe meer begin verander aan die *oorspronklik opgetekende* verhale. Die smaak en die verwagting van hulle gehoor het ʼn al groter invloed begin uitoefen op hulle keuse van motiewe, temas en karakters in hulle verhale. So byvoorbeeld is erotiese en seksuele ondertone bloot


© University of Pretoria

weggelaat, omdat dit na hulle mening die middelklas se moraliteit kon bedreig. Hulle het ook al hoe meer Christelike uitdrukkings en verwysings bygevoeg, met ŉ toenemende beklemtoning van die tradisionele rolverwagtinge van mans en vrouens. Moeite is gedoen om die verhale só te vertel, dat dit meer 'huislik' sou wees (Zipes 2002:46).

Sedert 1819 het veral Wilhelm hom al hoe meer daarop begin toespits om verhale só weer te gee, dat dit nie net gepas sou wees vir kinders nie, maar dat dit ook ŉ bepaalde didaktiese element sou hê (Zipes 2002:47). Daar is geleerdes wat meen dat baie van hierdie aanpassings nie die goedkeuring van sy ouer broer Jacob weggedra het nie en dat dit selfs spanning veroorsaak het tussen die broers. Zipes (2002:30) verwys egter na korrespondensie tussen die broers wat hierdie stelling grootliks weerlê.

Daar is aanduidings dat Wilhelm reeds sedert 1815 primêr verantwoordelikheid aanvaar het vir die redigering van die tekste, wat ŉ verdere verklaring bied vir die feit dat die meeste veranderings aan die verhale aan hom toegeskryf word (Zipes 2002:30).

Soos reeds genoem: die effense grimmige storielyn, wat so kenmerkend is by die meeste van hierdie sprokies, is waarskynlik doelbewus bygevoeg/beklemtoon, as teenvoeter vir die morele verval van die samelewing wat sedert die begin van die 19de eeu al hoe meer kop uitgesteek het.

Die Protestantse- en die Rooms-Katolieke Kerk het in dié tyd toenemend bekommerd begin raak het oor die morele agteruitgang en die wyse waarop dít veroorsaak het dat die huwelik as instelling al hoe meer misken is. Daarom – volgens oorlewering, hoewel dit nie bevestig kan word nie – het die Rooms-Katolieke Kerk blykbaar die Grimm-broers genader met die versoek om verhale op te diep wat die verval van huwelike kon help omkeer.

Ongeag die geldigheid van dié gerug wás die Grimm-broers verantwoordelik vir talle sprokies oor stiefma's en hekse. Stories wat klaarblyklik só gekies en vertel is, dat pa's die boodskap moes kry dat hulle nie van hul vrouens moes skei of van hulle


© University of Pretoria

vervreem moes raak nie, sodat hulle kinders nie deur ander vrouens grootgemaak moes word nie. Stories wat daarop gemik was om die psige van die gemeenskap subtiel te verander.

Hoewel beide broers op daardie stadium reeds oorlede was, het ŉ toenemende bewustheid wat betref die moontlike didaktiese aard van die Grimm-verhale, daartoe gelei dat al hoe meer opleidingsinstansies sedert die 1870's hierdie verhale in hulle kurrikulums begin insluit het (Zipes 2002:46).

### 2.4 Die vier fases wat by sprokies onderskei kan word

Van Rensburg (2012:38-42) verwys na Marie-Louise von Franz, wat daarop wys dat die ontwikkeling en verloop van sprokies basies in vier fases opgedeel kan word, naamlik:

1) ŉ uiteensetting (Van Rensburg 2012:39)

   By hierdie fase gaan dit oor die 'hoe', die 'waar' en die 'wanneer' van die sprokie.

   Afhangende van die wyse waarop die verskillende sprokies begin, word sake soos die 'tydloosheid', die 'ruimteloosheid', die 'geloofwaardigheid', ŉ 'siniese benadering' of ŉ 'belewenis buite die grense van ervaring', beklemtoon.

   Sodra die 'waar' en 'wanneer' bepaal is, kom die karakters aan die beurt. Volgens Von Frantz behoort daar noukeurig gelet te word op die hoeveelheid karakters, die geslag van die karakters, en die posisie van die karakters.

2) ŉ probleemstelling (Van Rensburg 2012:40)

   By hierdie fase gaan dit oor die probleem, dít wat aanleiding gee tot die vertel van die sprokie. Meestal word die probleem sommer reg aan die begin gemeld en in baie gevalle word dit herhaal in die verloop van die verhaal.

   Probleme by sprokies het gewoonlik meer as een betekenis, byvoorbeeld ŉ


© University of Pretoria

sosiologiese vertolking, ŉ politiese vertolking, ŉ sielkundige vertolking, ensovoorts.

3) die 'peripeteia' of verloop

Hierdie fase behels die soeke na ŉ oplossing, vandaar dan ook die Griekse woord 'peripeteia', wat letterlik beteken 'om rond te loop'.

Sprokies wil mense help om te besef daar is rigtingwysers, bakens en selfs rusplekke waarop hulle ag behoort te slaan; dit wil mense help om sekere patrone in hulle lewensloop te herken.

4) die oplossing

By hierdie fase gaan dit oor die ontknoping/oplossing. Dit is belangrik om daarmee rekening te hou dat die oplossing/belofte van geluk 'vir altyd', nie waar is nie. Die lewe behoort eerder beskou te word as ŉ reis wat nooit ophou nie. Sodra die een sprokie deurleef is, wag die ander een reeds.

## 2.5 Algemene kenmerke/eienskappe van sprokies

Hoewel daar met groot versigtigheid te werk gegaan behoort te word om moontlike veralgemening uit te skakel, wil dit tog lyk asof die meeste sprokies sekere algemene eienskappe het.

- Sprokies het ŉ eenvoudige struktuur.
  Gewoonlik word net die noodsaaklikste uitgelig en verloop die verhaal vinnig, sonder onnodige beskrywings;
  herhalings, as dit voorkom, beklemtoon gewoonlik ŉ motief;
  spanning lei gewoonlik tot ŉ klimaks én oplossing (Steenberg, 2010).

- Sprokies begin met ŉ duidelike herkenbare opening- en slotformule.
  Tradisioneel begin hulle met "Eendag was daar…" en eindig hulle met "... en hulle het lank en gelukkig saamgeleef" (Swanepoel, 2002).


© University of Pretoria

- Tyd en tydsverloop by sprokies is gewoonlik vaag.
  Chronologie word gerespekteer;
  die vertelde tyd kan wissel tussen ŉ paar uur (Rooikappie) tot jare (Sneeuwitjie) (Steenberg, 2010);
  sprokiestyd is nie horlosie-tyd nie, maar eerder emosionele tyd, waarin die verlede, hede en toekoms saamgebind word asof dit alles deel vorm van die onmiddellike (Swanepoel, 2002).

- Ruimteaanduidings by sprokies is gewoonlik vaag.
  Koninkryke, riviere, kastele en veral bosse is bekende ruimtes;
  bosse dui dikwels op onsekerheid, ŉ tussen-toestand in die grootword-proses, of probleme wat nog nie opgeklaar is nie (Steenberg, 2010).

- Die karakters by sprokies is gewoonlik eendimensioneel en duidelik omlyn.
  Hoewel die kontras tussen goed en kwaad gewoonlik duidelik is, kan dit nie altyd absoluut geskei word nie;
  dit gebeur soms dat die hooffiguur deur omstandighede buite homself/haarself in ellende gedompel word, soos byvoorbeeld Sneeuwitjie en Doringrosie wie se 'sonde' hul skoonheid was (Swanepoel, 2002);
  daar word normaalweg nie veel klem gelê op name nie (anonimiteit) ter wille daarvan om universaliteit te beklemtoon (Potgieter 2003:51).

- Sprokies het meestal ŉ element van betowering of die wonderbaarlike.
  Daar word gewoonlik begin by die realiteit, waarna die element van betowering volg, met ŉ terugkeer na die realiteit by die afsluiting (Steenberg, 2010);
  die wonderbare in sprokie is nie net wonderbaar nie, dis vanselfsprekend, want dit is die enigste wyse waarop die wêreld en sy onregverdigheid besweer en opgehef kan word (Taljard, 2011);
  sprokies skep dus ŉ nuwe wêreld met sy eie wetmatighede, wat in die eerste plek vir die betrokke sprokie geld (Taljard, 2011).

- Sprokies is van so ŉ aard dat die werklikheid by sprokies ingetrek kan word, maar sprokies kan nooit deel word van die werklikheid nie (Taljard, 2011).


© University of Pretoria

- By sprokies oorwin die goeie altyd die kwaad.
  So byvoorbeeld word die pragtige Sneeuwitjie weer lewendig, Hansie en Grietjie kom terug by hulle huis, Aspoestertjie kry haar prins en die wrede stiefma word gestraf (Swanepoel, 2002).

- Sprokies speel gewoonlik ŉ rol om negatiewe belewenisse aan te spreek.
  Behoeftes, emosies, onsekerhede en vrese (veral by kinders) word gewoonlik aangespreek deur die beklemtoning van verlossing, oorwinning en vertroosting (Steenberg, 2010).

- Die karakters by die sprokies is baiekeer tipiese argetipes.
  So byvoorbeeld is daar baiekeer verlosser-figure, geliefdes, hekse, dwerge; met verwysing na Jung se dieptesielkunde word ŉ heks geag as minste skadelike bose figuur, terwyl dwerge baiekeer onvolwasse eienskappe voorstel (Steenberg, 2010).

- Getalle speel ŉ belangrike rol by sprokies.
  Die getal drie wys gewoonlik op afgerondheid en volledigheid, hoewel dit ook seksuele betekenis kan hê (Steenberg, 2010);
  ander getalle wat dikwels in sprokies voorkom, is vier (die volmaakte getal), sewe (speel ŉ rol by huwelike en verhoudings en die sukses daarvan) en agt (die simbool van die ewigheid) (Van Rensburg 2012:93).

- By sprokies het die hoofkarakter (altyd) iemand wat hom help.
  Dié helpers se mag is beperk; hulle kan gewoonlik nie die hoofkarakter red nie, maar net help;
  die hoofkarakter, wat altyd die goeie verteenwoordig, moet dikwels eers ŉ karaktertoets slaag, wat dan uitloop op ŉ oorwinning oor die kwade of bose (Steenberg, 2010).

- Sprokies het ŉ dodelik-ernstige aard met ŉ duidelike oplossing.
  Spot en humor pas daarom nie glad nie by sprokies nie; vertellers behoort dit ook so te respekteer, anders mag hulle afbreuk doen aan die geloofwaardigheid


© University of Pretoria

van die uitkoms (Steenberg, 2010).

- Sprokies is gewoonlik die resultaat van ŉ klomp outeurs.
  Die meeste sprokies is ouer as die mens self en het uit die kollektiewe onbewuste van die mens ontspring (Taljard, 2011).

## 2.6 Die gerigtheid van sprokies

Volgens Taljard (2011) is sprokies aanvanklik as ŉ soort moraliteitsverhaal beskou. Sy verwys onder andere na Charles Perrault, wat teen die einde van die 17de eeu, al sy sprokies met ŉ lewensles afgesluit het. Sy meen dat dit egter ŉ beredeneerbare saak is of elke sprokie noodwendig met so ŉ lewensles afsluit. ‘Doringrosie’ en ‘Die gestewelde kat’, is byvoorbeeld voorbeelde van sprokies wat na haar mening nié sulke lewenslesse het nie. Die leser se verwagting, naamlik dat regverdigheid behoort te geskied, word meestal wel by hierdie verhale gerespekteer en was waarskynlik die rede waarom Perrault (en ander) hierdie soort verhale beskou het as tipiese moraliteitsverhale.

Sy beklemtoon dat ŉ moderne filosofiese perspektief op moraliteit eerder geïnteresseerd is in die vraag “Wat moet ek doen?”, as in die vraag “Hoe behoort die lewe te wees?” Egte moraliteit roep mense op tot ŉ “etiek van handeling”, eerder as ŉ “etiek van gebeure”. ŉ “Etiek van handeling” maak ŉ appèl op mense se inherente norme en waardes, wat waarskynlik ontwikkel het uit hulle religieuse bewustheid. Hierteenoor berus ŉ “etiek van gebeure” op mense se primitief-inherente sedes (soos byvoorbeeld hulle sin vir regverdigheid), wat dus nie te doen het met aangeleerde gedrag nie. Inaggenome die feit dat sommige sprokies nié so ŉ gedragsverandering by mense teweeg bring nie, verwerp Taljard die gedagte dat alle sprokies ŉ lewensles te leer het (Taljard, 2011).

Taljard (2011) verwys voorts na André Jolles (1972), wat die wêreld waarin ons leef, “ŉ tragiese werklikheid” noem. Een van die definisies van ‘tragiek’ lui: “iets wat moet wees, maar nie kan wees nie” of “iets wat nie kan wees nie, maar wat moet wees”. In die lig hiervan gee sy (Taljard, 2011) erkenning aan sprokies as literêre vorme waarin die tragiese erken word met die doel om dit te verander. Dit verklaar dan ook


© University of Pretoria

die feit dat die aanvangsituasie by talle sprokies gewoonlik ŉ 'tragiese' situasie is wat in die alledaagse lewe sou 'pas', met ŉ besliste beweging in die rigting van die oplossing/ontknoping: dit wat behoort te wees! (Taljard, 2011)

Daar bestaan talle ander teorieë oor sprokies. Veral na die Tweede Wêreldoorlog was daar uit verskeie oorde teorieë en/of kritiek wat betref sprokies. So byvoorbeeld was daar, volgens Steenberg (2010):

1) die imitasie-teorie, waarvolgens kinders verlei kon word tot ŉ aanvaarding en selfs nabootsing van geweld; en
2) die angs-teorie, wat die aanname gemaak het dat sprokies die balans van die kinderpsige versteur; en
3) die katarsis-teorie, wat aangevoer het dat sprokies ŉ belangrike hulpmiddel is in die deurwerk van angs, jaloesie en woede; en
4) die sosiale teorie, wat sprokies beskou het as bloot die neerslag van ŉ maatskaplike bestel.

Sy (Steenberg, 2010) verwys ook na Bruno Bettelheim, wat in navolging van Freud en Jung, sekere psigoanalitiese uitsprake gemaak het wat gelei het tot sekere hiperseksuele- en allegoriese uitsprake. Sy beklemtoon nietemin dat hy na haar mening steeds aanneemlikste benadering handhaaf, met sy beskouing dat sprokies ŉ literatuursoort is wat tot mense se onbewuste spreek en kinders help om probleme te verwerk. Probleme by kinders wat suksesvol aangespreek sou kon word deur die gebruik van sprokies, sluit moontlikhede in soos die hantering van ŉ identiteitskrisis, leiding wat betref kinders se strewe na selfstandigheid, ŉ aanspreek van kinders se soeke na sekuriteit, en die hantering van ervarings van verwerping deur ouers. Sprokies bied, volgens die voorstanders van dié gedagte, die moontlikheid om kinders bewus te maak van die moontlikhede van verlossing en oorwinning (Steenberg, 2010).

Of dit nou so bedoel was of nie, sprokies het beslis ŉ invloed gehad wat betref mense se beskouing en hantering van sekere aspekte in die samelewing. Jones (1993:24) verwys in dié verband spesifiek na die verhaal 'Cinderella' en maak dan die volgende opmerking:


© University of Pretoria

> ... tales offer some instruction about how society expects females to behave, part of which is drawn from idealized and sexist conceptualizations of women fostered by a male-dominated society (inasmuch as the examples of these tales have been exclusively collected from western patriarchal societies). But the tales also apparently provide dramatic representations of a young girl's point of view, depictions of what might be regarded as her attitudes about those whom she grows up with or encounters and towards the tasks, difficulties, and goals that she faces and must succeed in mastering. The texts and the genre as a whole are multi-dimensional, capable of reflecting different perspectives simultaneously.

## 2.7 Die moontlike terapeutiese waarde van sprokies

Volgens Bettelheim, soos aangehaal deur Swanepoel (2002), beskik sprokies beslis oor 'n bepaalde terapeutiese waarde en behoort dit verreken te word in situasies waar dit nodig mag wees. My persoonlike mening is dat dit 'n baie oorvereenvoudige benadering is, maar ter wille van volledigheid haal ek hom aan. Hy (Bettelheim) wys daarop dat:

- sprokies gebruik sou kon word om kinders se oë oop te maak vir die werklikheid.

  Ouers word oud en kan doodgaan, wat kinders in moeilike situasies mag plaas. Dit behoort egter bloot beskou te word as 'n ongelukkige begin; sprokies loop altyd goed af, die kwade word altyd oorwin deur die goeie; dieselfde sou moontlik kon wees in die lewe van die kind.

- sprokies gebruik sou kon word om kinders bewus te maak van die belangrikheid van gesinsverhoudinge, maar ook die werklikheid van magspel binne die gesin.

  Sprokies kan help om kinders bewus te maak van die waarde van sinvolle verhoudings met hulle ouers; dit sou hulle kon leer om hulleself te handhaaf teenoor broers en susters; dit sou hulle kon leer om te midde van moeilike verhoudings (stiefma, stiefsusters) die lewe met selfvertroue aan te pak.


© University of Pretoria

Sprokies kan ook ŉ rol speel om kinders bewus te maak van die feit dat die kleinste of jongste bo kán uitkom, soos byvoorbeeld in 'Aspoestertjie'.

- sprokies gebruik sou kon word om aan kinders leiding te bied wat betref die verskillende lewensfases/groeifases waarmee hulle gekonfronteer (sal) word.

  In talle van die sprokies lees ons van kinders wat op die punt kom waar hulle hulle ouerhuis moet verlaat, of waar hulle ŉ eie familie begin (trou). Ander ontwikkelings wat dikwels in sprokies voorkom en wat dus met vrug gebruik sou word by die begeleiding van kinders, is die ontwikkeling van ŉ meisie na ŉ vrou, die ontwikkeling van ŉ seun na ŉ man en die ontwikkeling van ŉ man na ŉ wyse man/koning.

- sprokies gebruik sou kon word om kinders bewus te maak van die feit dat klein dingetjies dikwels tot groot dinge kan lei.
  Die sprokie oor 'Die Goue Gans' beklemtoon volgens hom byvoorbeeld die feit dat om ŉ stukkie brood met iemand te deel, jou lot kan verander.

## 2.8 Sprokies en ouerskap in saamgestelde gesinne

Oor die mate waarin die Grimm-broers met hulle sprokiesverhale ouers dalk soms twee keer laat dink het voordat hulle geskei is, kan ek my nie uitlaat nie. Maar wat waarskynlik wél gebeur het, was dat baie van hierdie verhale die persepsie geskep het dat *alle* stiefouers wreed is.

Jones (2004:129) meen dat verhale oor stiefma's wat hulle goeie en hulpelose stiefkinders benadeel, só kragtig is, dat dit oor eeue heen in al hoe meer kulture ŉ dwingende vastrapplek begin kry het. Hy (Jones 2004:129) verwys onder andere na ŉ gesprek tussen ŉ seun (Gregg) en sy stiefma (Christy), waarin die seun die volgende opmerking gemaak het:

> You could have been giving me lemonade on a hot summer day, and it would have tasted like poison to me. … You see, you couldn't do anything right no matter what it was. You weren't my mother. The more you tried,


© University of Pretoria

> the more I hated you. The person who was supposed to be bad was good, and the person who was supposed to be good was bad. It was an equation that just wouldn’t work out.

Dit is natuurlik die een kant van die munt. Aan die anderkant van dieselfde munt kry ons talle gesinne waar stiefma’s nié gedurig gelykgestel word aan die wrede stiefma’s waarvan die Grimm-verhale vertel nie.

Getrou aan die aard van die navorsing, sal daar in die verloop van dié studie verder aandag gegee word aan die werklike belewenisse van werklike ouers in saamgestelde gesinne, in ’n poging om te reflekteer op die moontlike invloed van sprokiesverhale op ouerskap-belewenisse.

In die volgende gedeelte van dié hoofstuk sal aandag gegee word aan die narratief van saamgestelde gesinne, met spesifieke verwysing na die belewenisse van hierdie gesinne. Aan die hand van ’n literatuurstudie sal daar aandag gegee word aan die wyse waarop tradisies en/of interpretasies meewerk aan die narratief van hierdie gesinne.


© University of Pretoria

# 3. DIE NARRATIEF VAN SAAMGESTELDE GESINNE

## 3.1 Die tragiek van egskeiding

Egskeiding is een van daardie goed waarop niemand voorberei is nie. Die seer, bitterheid, wanhoop en moedeloosheid wat gewoonlik gepaard gaan met egskeiding, sal waarskynlik nooit ten volle vasgevang kan word in 'n beskrywing op papier nie. Min beelde kan die leegheid weerspieël wat in mense leef wanneer hulle gekonfronteer word met egskeiding: die aardskuddende einde van 'n huwelik.

Hoewel dit allesbehalwe 'n getroue aanduiding is van die werklikheid, vergestalt een van Laurika Rauch se treurliedere (*Kom laat ons sing*), iets van die feilbaarheid van liefde en huwelike, nogal treffend:

Net soos 'n ongenooide gas
so sal die liefde jou verras,
En julle sal ook later sing:
Dis 'n tydelike ding.

Want dit wat kom, sal later gaan
Eendag sal ons dit wel verstaan.
Die liefde sal vir jou verras –
stof tot stof, as tot as.

Refrein:
Kom laat ons sing, kom laat ons sing!
Dis 'n tydelike ding!
Later sal ek tog onthou:
ek was baie lief vir jou.

Waar is die vonk, waar is die vuur?
Waar is die skrif? Waar is die muur?
Die vuur is koud, jou stem is dof –
as tot as, stof tot stof.


© University of Pretoria

Maar ek sal sing, ja, ek sal sing
van hierdie tydelike ding.
Die liefde bring vir jou plesier;
dit is net van korte duur!

Kom laat ons sing, kom laat ons sing!
Dis ʼn tydelike ding!
Later sal ek tog onthou:
ek was baie lief vir jou.

Niemand wat die dag van hulle troue met vonkelende oë en ʼn bonsende hart voor die kansel staan, voorsien die moontlikheid van egskeiding nie. Ja, almal weet daarvan, maar dis mos gewoonlik iets wat met iemand anders gebeur... Tot op die dag wat jy dit skielik aan jou eie lyf voel. Egskeiding wat deur murg en been sny. Egskeiding wat jou beroof van soveel meer as net ʼn eggenoot: jou selfbeeld, jou onafhanklikheid, jou gesin.

Ek onthou hoedat ek dikwels ná my eie egskeiding gesê het: "Die finansiële verlies wat met egskeiding saamgaan, is die heel kleinste verlies wat noodwendig met egskeiding saamgaan". Smit (2006:2) beklemtoon hierdie selfde gedagte, as hý sê:

> Egskeiding gooi nie net die appelkar om nie; dit breek in die proses ook die wiele af. ʼn Mens kan nie een oggend gou-gou by die skeihof instap – en die anderkant uit – en vir jouself sê: "Nog ʼn takie op my te-doen-lysie is klaar" nie, selfs al is hierdie formele prosedure en hofverrigtinge in werklikheid tjoef-tjaf.

Die nare werklikheid, volgens Smit (2006:3), is dat 46% van alle Afrikaanse huwelike binne die eerste vyf jaar na die huweliksluiting in die skeihof eindig, met as resultaat dat twee derdes van alle Afrikaanse kinders met die stukkende seer van ʼn gebroke ouerhuis rondloop.


© University of Pretoria

### 3.2 Die moontlikheid van hertroue

Hoe dit ook al sy: ten spyte van die seer van egskeiding, gebeur dit tóg dat baie geskeide persone iewers op hulle lewenspad in só 'n mate herstel beleef, dat hulle aan 'n tweede (of selfs derde) huwelik begin dink. Die meeste van die tyd is só 'n huwelik egter baie meer gekompliseerd as 'n eerste huwelik, vir die eenvoudige rede dat daar dikwels 'bagasie' uit die vorige huwelik is, wat waarskynlik deel gaan uitmaak van die nuwe huwelik.

Een van die grootste uitdagings van hertroue, is gewoonlik die feit dat jy en/of die persoon met wie jy gaan trou, reeds kinders het. Hierdie realiteit plaas ongelukkig baiekeer soveel druk op ouerskap-belewenisse in die nuwe huwelik, dat die potensiaal bestaan dat sulke nuwe huwelike óók in die skeihof mag eindig. Daar word trouens die aanname gemaak dat tweede huwelike se kans op oorlewing selfs nog kleiner is as dié van eerste huwelike. Smit (2006:9) verwys na statistiek wat meld dat tot soveel as 80% van alle tweede huwelike in die skeihof beland. Hy (Smit 2006:9) sê in dié verband:

> As die eerste huwelik in die skeihof kon eindig... dan is die sluise spreekwoordelik oopgetrek vir die vloedwater van opeenvolgende skei-oplossings. Dit is... immers makliker om 'n tweede huweliksfout met 'n egskeiding reg te stel as wat dit die geval met die eerste huwelik was.

Tóg – ten spyte van statistiek soos hierdie – is daar talle mense wat wél gelukkig getroud is en wat oor die algemeen hulle ouerskap in hulle saamgestelde gesinne as positief beleef. Die doel van hierdie studie is om vas te stel watter faktore/optrede die werkbaarheid van saamgestelde gesinne bevorder en wat moontlik aanleiding gee tot hierdie positiewe ouerskap-belewenisse.

Vervolgens sal daar gefokus word op die insigte wat uit 'n studie van tersaaklike literatuur na vore mag kom. Daar sal ook 'n ondersoek ingestel word na invloed van spesifieke diskoerse en tradisies op die belewenisse van ouers, binne die geloofsgemeenskap sowel as binne die breër gemeenskap.


© University of Pretoria

### 3.3 Die narratief van saamgestelde gesinne

Volgens Kelley (1995:xi) was saamgestelde gesinne alreeds in die vroeë 1990's die vinnigste groeiende familievorm in die Verenigde State van Amerika. Sy verwys ook na statistiek waarvolgens 79% van mans en 75% van vroue ná egskeidings wéér trou, terwyl ongeveer 60% van hulle kinders het wat deel vorm van die nuut-saamgestelde gesin – en dit alreeds in die jaar 1995.

In Amerika en Brittanje het saamgestelde gesinne lankal reeds verander van ŉ 'alternatiewe' gesinsvorm tot ŉ 'oorheersende' gesinsvorm.

Hoewel daar ongelukkig nie soortgelyke verifieerbare statistiek binne die konteks van Suid-Afrika beskikbaar is nie, glo ek dat ons onsself op dié stadium (2014) in ŉ soortgelyke situasie bevind. Ter stawing hiervan kan ek noem dat ek vir die interessantheid daarvan by drie skole navraag gedoen het oor die samestelling van graad-drie kinders se gesinne, met as resultaat die volgende waarneming: in die jaar 2000 was daar gemiddeld ongeveer vyf uit vyf-en-twintig kinders (±20%) wat deel gevorm het van saamgestelde gesinne, terwyl dit toegeneem het tot ŉ gemiddeld van ongeveer veertien uit vyf-en-twintig (56%) in die jaar 2013. Die punt wat ek wil maak is: saamgestelde gesinne is ŉ gesinsvorm waarvan daar beslis kennis geneem moet word!

Visher & Visher (1988:9) definieer stiefgesinne (*stepfamilies*) as "a household in which there is a an adult couple, at least one of whom has a child from a previous relationship".

Persoonlik verkies ek die woord 'saamgestelde gesin' eerder as 'stiefgesin', vir die eenvoudige rede dat die woord 'stiefgesin' na my mening alreeds ŉ negatief gelade term is. Om bloot aandag te gee aan die manier waarop die samelewing 'stiefgesinne' beoordeel, sonder om in die proses ook ŉ doelbewuste keuse te maak vir ŉ minder gelade term om na hierdie gesinstipe te verwys, is myns insiens onvoldoende, daarom kies ek vir die begrip 'saamgestelde gesinne'.


© University of Pretoria

Inaggenome Visher & Visher (1988:9) se definisie, sou 'n saamgestelde gesin dus gedefinieer kon word as "'n gesin met twee volwassenes, waarvan ten minste een van die volwassenes 'n kind uit 'n vorige verhouding het".

Ek verkies hierdie definisie, omdat dit wyd genoeg is om 'n hele klomp verskillende soorte saamgestelde gesinne in te sluit: gesinne waar die een ouer primêre toesig oor sy/haar kinders het, maar ook gesinne waar die ouer nie primêre toesig het nie; gesinne waar die paartjie getroud is, maar ook gesinne waar hulle dalk bloot saambly; gesinne waar een van die volwassenes geskei is, maar ook gesinne wat ontstaan het omdat een van die volwassenes se huweliksmaat oorlede is. Uit die aard van die saak sal die ouerskap-dinamika in elkeen van bogenoemde gesinne verskil, maar hulle het een gemeenskaplike kenmerk: elkeen van hierdie gesinne verskil van sogenaamde kerngesinne wat, hoewel dalk onuitgesproke, waarskynlik in die samelewing steeds die norm en ideaal is ten opsigte van gesonde gesinne.

Alle saamgestelde gesinne is ook nie dieselfde nie. Sommige gesinne se opset is redelik eenvoudig, terwyl ander gesinne se opset weer meer kompleks is. Nie alle saamgestelde gesinne het ook noodwendig 'n moeilike reis nie, hoewel almal van tyd tot tyd met uitdagings gekonfronteer word.

Daar is selfs voorbeelde van saamgestelde gesinne, waar die ouers sulke moeilike omstandighede in hulle eerste gesinsopset beleef het, dat hulle hulle nuwe gesinsopset as 'n 'plesierrit' beskryf vergeleke hulle eerste gesinsopset.

Een van die sake waaroor daar egter eenstemmigheid bestaan, is die feit dat saamgestelde gesinne 'n verantwoordelikheid het om op 'n gereelde basis hulleself opnuut toe te wy aan hulle verbintenis.

### 3.4 Saamgestelde gesinne versus kerngesinne

Ten spyte van die toename in saamgestelde gesinne, word klassieke kerngesinne steeds beskou as die ideaal, met as resultaat 'n (onbewuste?) neiging by saamgestelde gesinne om te wees soos kerngesinne. In my gesprekvoering met


© University of Pretoria

ouers in saamgestelde gesinne was dít vir my opvallend: dat hulle ook hulleself steeds voortdurend meet aan kerngesinne.

ŉ Erkenning en waardering van saamgestelde gesinne as ŉ geldige (en normale!) vorm van familiewees, is myns insiens ŉ saak wat ernstig opgeneem behoort te word deur saamgestelde gesinne *per se*, maar ook deur kerke en skole en werkgewers. Tydens een van my gesprekke met ŉ stiefma het sy verwys na ŉ situasie by haar werk waar haar werkgewer haar nie verlof wou gee om haar stiefseun te ondersteun nie, want *"*hy's mos darem nie jou seun nie, hy is bloot jou stiefseun!"

Terselfdertyd is dit krities belangrik om te verstaan dat 'gesonde' saamgestelde gesinne nié noodwendig gesinne is wat nooit enige stres of probleme ervaar nie. Alle gesinne het sterk punte en alle gesinne ondervind soms probleme. Trouens, die gebruik om gesinne as óf funksioneel óf disfunksioneel te wil klassifiseer (Müller 2002:10), is wat my betref onbillik, omdat gesinswees veel meer behels as die krisis of voorspoed wat hulle op ŉ gegewe stadium beleef. Gesinswees behoort eerder gesien te word as ŉ kontinuum van vele fasette en die kwaliteit van gesinswees hang af van waar die betrokke gesin hulle op ŉ gegewe oomblik op hierdie kontinuum bevind. Terselfdertyd moet in gedagte gehou word dat *alle* gesinne blootgestel is aan verandering – soms beplan, soms onbeplan – as gevolg van nuwe gebeure, tydsverloop en nuwe omstandighede. Wanneer gesinne gevolglik geëtiketteer word as óf funksioneel, óf disfunksioneel, word hulle beperk tot ŉ sekere plek op die genoemde kontinuum, minstens en veral in die denke van die persoon wat die gesin etiketteer. Myns insiens is dit dus beter om te sê dat gesinne, afhangende van hulle omstandighede, soms meer- en ander kere minder funksioneel optree.

Die wyse waarop ŉ gesin (en spesifiek ouers binne die gesin) op ŉ spesifieke situasie reageer, word bepaal deur die betrokke gesin se beskouing van die omstandighede en op watter punt in hulle lewensiklus die betrokke gesin is ten tyde van die gebeure. Waarop dit neerkom is: een gesin (of ouerpaar) mag dalk meer negatief reageer op ŉ spesifieke gebeure as ander, maar op ŉ ander stadium, of op ŉ ander gebeure, mag die ander gesin dalk weer meer negatief reageer. Juis as


© University of Pretoria

gevolg hiervan behoort ons versigtig te wees om nie net “een regte manier” van gesinswees (ouerskap) te propageer nie (Müller 2002:13).

Buiten die groot verskeidenheid van gebruike wat dikwels verskil van gesin tot gesin, speel verskille wat betref kulturele agtergrond ook ŉ rol in die ouerskap-belewenisse; dit sou daarom onbillik wees om een spesifieke ouerskap-model te wil voorhou as die alfa en omega (Müller 2002:16).

### 3.5 Die moontlike rol van Godsdiens-diskoerse op ouerskap in saamgestelde gesinne

Die kwessie van hertrou is/was vir baie gelowige ouers in saamgestelde gesinne ŉ ingewikkelde vraagstuk.

Aan die een kant bied die Skrif baie duidelike riglyne oor hertrou: God se bedoeling met die huwelik was dat dit ŉ permanente verhouding moes wees. Hertroue na egskeiding vernietig enige moontlike potensiaal op versoening tussen huweliksmaats, en *daarom* word dit ten sterkste in die Skrif veroordeel.

Aan die ander kant behoort daar nietemin óók rekening gehou word met die grootheid van God se genade en vergifnis.

Louw (1986:58) skryf in dié verband:

> Wanneer ŉ pastor moet besluit of hy geskeides kan trou, moet hy ŉ onderskeid maak tussen diegene wat doelbewus gesondig het en sonder enige berou is en diegene wat as gevolg van verskeie faktore dit onmoontlik gevind het om ná verskeie versoeningspogings die huwelik voort te sit. Die kerk moet dus van situasie tot situasie besluit. ŉ Prinsipiële weiering om die huwelik te voltrek strook nie met die evangeliese moontlikheid van vernuwing en vergifnis nie. Indien die kerk die egskeiding deur ŉ burgerlike hof erken, kan hy moeilik ŉ hertroue volstrek weier.


© University of Pretoria

Dieselfde Louw (1986:59) beklemtoon egter terselfdertyd dat egskeiding en hertrou nie veronderstel is om sonder vermaning en tug plaas te vind nie. Hoewel ek allesbehalwe wil redeneer oor kwessies soos vermaning en tug en die wyse waarop dit toegepas word, kan ek egter nie anders as om te wonder oor die 'mag' wat in sulke gevalle aan die kerkraad en die leraar gegee word nie.

Louw (1986:60) skryf byvoorbeeld:

> Die kerk behoort ŉ bepaling te hê dat niemand ŉ geskeidene mag trou alvorens daar nie ŉ verslag by die kerkraad of betrokke predikant ingedien is oor die aard en omstandighede van die vorige huwelik of ná raadpleging van die plaaslike gemeente/predikant onder wie se toesig die lidmaat val nie.

Dit ís van kritiese belang dat daar deeglike gesprekvoering tussen die leraar en egpaar wat van voorneme is om in die huwelik bevestig te word, sal plaasvind. Waaroor ek nietemin wonder, is of die predikant die bevoegdheid het om te besluit óf en wanneer mense se berou van só ŉ aard is, dat hulle kwalifiseer vir ŉ tweede huwelik?

Ek sal nooit die geleentheid vergeet toe ek my wel die reg toegeëien het om vir ŉ paartjie, wat voor my kom sit het, te vra of hulle nie dalk dink dit is te vinnig nie? Die paartjie was egter oortuig dat hulle wóú trou en op die ou-end is hulle in die huwelik bevestig. Kort hierna het die vrou swanger geraak, maar as gevolg van komplikasies tydens die swangerskap is sy dood toe sy so ongeveer ses maande swanger was. Die dag van die begrafnis het haar man vir my gesê: "Sjoe dominee, gelukkig het ons daarop aangedring om te trou toe jý nog gevoel het dat ons eers ŉ bietjie moet wag... Hoe dankbaar is ek nie daaroor nie, want as ons wel gewag het, het ons nóg minder tyd saam gehad!"

Hoe dit ook al sy: dit wil tóg lyk asof daar steeds talle getroudes is wat steeds wonder of hulle eendag vergifnis sal ontvang vir hulle egskeiding en hertroue. Op ŉ stadium het ŉ persoon die opmerking teenoor my gemaak dat sy verlede-foute maak dat hy eintlik nie kan bid vir seën in sy tweede huwelik nie en dat hy aanvaar dat die dinge wat soms in hulle gesinswees (in hulle tweede huwelik) skeefloop, waarskynlik maar


© University of Pretoria

hulle straf is omdat hulle wél getroud is! Sjoe, die kerk (geloofsgemeenskap) het ŉ groot taak om mense bewus te maak van verlossing...

### 3.6 Die moontlikheid van rituele met die oog op ŉ nuwe begin... en toekoms!

Louw (1986:60) raak myns insiens ŉ baie belangrike saak aan, as hy sê: "[d]ie huwelik begin in die kerk; hoort die opsegging van ŉ huwelik dan nie ook liturgies by die gemeente nie?" Hy (Louw 1986:61) gaan selfs sover as om te sê: "ŉ Gelowige egpaar wat eventueel skei, behoort ŉ verklaring te teken, wat in die erediens voortgelees behoort te word."

Müller sluit hierby aan, met sy opmerking dat rituele en godsdienstige belewing in ŉ baie noue verband met mekaar staan en dat rituele ŉ belangrike rol kan speel om wêrelde te integreer (Müller 1996:188). Hy (Müller 1996:189-190) wys daarop dat die funksionaliteit van rituele in hoofsaaklik sewe punte saamgevat sou kon word, naamlik, onder andere rituele met:

1) ŉ Bevrydende en kanaliserende funksie.
So ŉ ritueel sal ten doel hê om die dikwels geweldige emosies, ontketen deur ingrypende gebeurtenisse, te kanaliseer en bruikbaar te maak.

2) ŉ Bemiddelende funksie tot die verlede.
So ŉ ritueel wil ons gewoonlik herinner aan herkoms, of wil opnuut die basis vir vertroue in die toekoms verskaf/bevestig.

3) ŉ Etiese funksie.
Die soort ritueel speel ŉ rol wat betref reoriëntasie van wesenlike lewenswaardes.

4) ŉ Beswerende funksie.
Met só ŉ ritueel besweer ons die kwaad en bely ons op ŉ tasbare wyse dat die kwaad nie die laaste woord spreek nie.

5) ŉ Ekspressiewe funksie.
ŉ Ritueel wat ons wil help om uitdrukking te gee aan ons gevoelens.


© University of Pretoria

6) ’n Verdigtingsfunksie.
’n Ritueel met die doel om die werklikheid te herbevestig/verdig.

7) ’n Sosiale funksie.
’n Ritueel wat kommunikasie skep, byvoorbeeld ná disfunksionele isolasie, as gevolg van byvoorbeeld iets soos rousmart.

In ’n geval van egskeiding stel Müller (1996:192) só ’n egskeidingsritueel voor[3], juis omdat egskeiding gewoonlik lei tot ’n herdefiniëring van omstandighede (sien gerus weer punt 3 by Müller se indeling van rituele). Só ’n ritueel sou die egpaar beslis kon help om gevoelens van onvoltooidheid te hanteer en hulle voor te berei vir bepaalde nuwe uitdagings.

Die punt wat hier gemaak word en waarvan die kerk móét kennis neem, is die feit dat die kerk ’n verantwoordelikheid het om persone wat skei by te staan en hulle veral te bewus maak van die feit dat God se genade, groter is as straf.

Een van die maniere waarop die kerk (geloofsgemeenskap) onder andere bewus gemaak sou kon word van die feit dat God juis ’n ‘God-van-tweede-kanse’ is, sou dalk wees om soms sulke huwelike by saamgestelde gesinne tydens eredienste te bevestig. Met só ’n handeling sal die kerk nie net vergifnis verkondig nie, maar sal dit in die proses ook gedemonstreer word.

### 3.7. ’n Paar perspektiewe op enkele moontlike sake van belang by ouers in saamgestelde gesinne, na aanleiding van die gesprekvoering met die navorsingsgenote

Tydens die gesprekvoering met die navorsingsgenote (die ouers is saamgestelde gesinne), het daar by die verskillende gesprekke elke keer sekere herhalende temas voorgekom. Hiermee wil ek allesbehalwe te kenne te gee dat dié spesifieke temas ‘algemeen-geldige’ temas is wat by alle toekomstige saamgestelde gesinne rol ’n rol gaan speel; die primêre motivering vir die keuse van dié spesifieke temas,

[3] Müller, J., 1996, *Om tot verhaal te kom,* p193-p194


© University of Pretoria

hou verband met die minimum vereistes vir praktiese teologie, wat vereis dat die vertrekpunt van die studie die plaaslike konteks sal wees (Müller 2005:78). In die lig hiervan sal daar aan die hand van die beskrywing van die navorsingsgenote, asook verwysings hierna in die literatuurstudie, aandag gegee word aan die volgende temas:

### 3.7.1 Dissipline

Dit is van uiterste belang dat die stiefouer nie haastig sal wees om verantwoordelikheid te aanvaar vir die dissiplinering van die kinders nie. Doen moeite om eerstens te werk aan ŉ gesonde verhouding met die kinders. Kelley (1995:37) verwys na ŉ gesin by wie sy betrokke was, wie se aanbeveling was dat die stiefouer aan die begin verkieslik soos ŉ buitestaander moet optree, mettertyd soos ŉ onderwyser of mentor, en uiteindelik ondersteunend ten opsigte van die biologiese ouer.

Dit wil tog lyk asof die stiefouer makliker deur kinders aanvaar word as ŉ vennoot van die biologiese ouer wanneer die kinders jonger is, of wanneer die nie-toesighoudende biologiese ouer óf meestal afwesig is óf doelbewus moeite doen om saam met die stiefouer te werk (in die geval van die navorsingsgenote wil dit lyk asof die afwesigheid van die nie-toesighoudende biologiese ouers moontlik ŉ positiewe rol gespeel het).

Nog iets wat opmerklik was, is dat die ouers wat van tyd tot tyd met hulle kinders vergader wat betref huisreëls, sodat almal ten alle tye op hoogte is oor wat aanvaarbaar is en wat onaanvaarbaar is, heelwat minder frustrasie beleef. Ek wil dit waag om te sê: hoewel dit eintlik iets is wat in elk geval van tyd tot tyd in elke huishouding behoort te gebeur, is dit by saamgestelde gesinne amper onontbeerlik. Stiefouers sowel as stiefkinders moet te alle tye weet watter mag/bevoegdheid die stiefouers het, wanneer die biologiese ouer nie daar is om dissipline toe te pas nie.

Dit is opvallend dat heelwat van die frustrasies wat soms gepaardgaan met stiefouerskap, dikwels juis wentel rondom die toepassing van dissipline. Nietemin wil dit tog voorkom of konflik in dié verband heelwat minder is in gevalle waar die


© University of Pretoria

biologiese ouer primêr verantwoordelik is vir die handhawing van dissipline, as wanneer die verantwoordelikheid gedeel word of wanneer die biologiese ouer dit bykans heeltemal aan die stiefouer oorlaat.

Kelley (1995:38) verwys na navorsing wat sy gedoen het, waar sy bevind het dat die gesinne waar stiefouers medeverantwoordelik was en self leiding geneem het wat betref die handhawing van dissipline, dikwels juis die gesinne was wat soveel konflik beleef het, dat hulle aangemeld het vir terapie. Hierteenoor het gesinne waar die biologiese ouer hoofsaaklik verantwoordelik was vir dissipline, gewoonlik heelwat minder konflik beleef. Interessant genoeg was die gesinne wat die langste getroud was ten tyde van haar navorsing, die gesinne waar die biologiese ouer die primêre verantwoordelikheid aanvaar het wat betref dissipline.

Thys en Louisa se geval bevestig waarskynlik die belangrikheid hiervan: toe Thys begin het om primêre verantwoordelikheid te aanvaar vir Nicolaas se dissiplinering en hy dit ook aan Nicolaas duidelik gemaak het dat hy daarmee vrede moet maak dat hy nie altyd sy sin kan kry nie, was daar ŉ beduidende verskil wat betref hulle ouerskap-belewenisse.

### 3.7.2 Ouerskaprolle

Hier gaan dit oor ‘wie doen wat?’ Met die begrip ‘ouerskaprolle’ word bedoel die herhalende patrone van optrede by ouers wat deel vorm van ŉ familie. Hierdie patrone van optrede is gewoonlik gegrond op ŉ onderlinge ooreenkoms (gesproke óf onuitgesproke) binne die betrokke verhouding, waarvolgens man en vrou afsonderlik en gesamentlik sekere verantwoordelikhede aanvaar. Gewoonlik is hierdie ouerskaprolle ten nouste verweef met die kulturele verwagtings van ŉ gemeenskap, asook die geslag van die betrokke ouers.

Hoewel daar die afgelope dekades tóg ŉ mate van verskuiwing in ouerskaprolle waarneembaar was, wil ek dit nietemin waag om te sê dat die algemeen-geldige opvatting by die grootste deel van die samelewing, steeds is dat die man die broodwinner moet wees, terwyl die vrou die versorger moet wees en moet toesien dat die huishouding vlot verloop.


© University of Pretoria

In saamgestelde gesinne is daar meestal nie sprake van sulke tradisionele rolverwagtinge nie. Volgens McGoldrick & Carter (1988:400) is dit veral moeilik, omdat saamgestelde gesinne kinders mag hê wat vreemd voel teenoor die vrou, of omdat daar dalk op finansiële vlak bronne van inkomstes en uitgawes is, wat nie deur die man gegenereer of beheer word nie.

In die lig hiervan behoort daar by saamgestelde gesinne beslis aandag gegee te word aan ŉ herdefiniëring van ouerskaprolle. Die tipiese rolverwagtings van die breër gemeenskap bemoeilik dit egter in vele opsigte. Dit het ongelukkig tot gevolg dat die stiefouer baiekeer verwagtinge van hom- of haarself het, gegrond op die verwagtinge van die breër gemeenskap, wat deel vorm van die betrokke persoon se waardestelsel wat oor baie jare gevorm is. Baiekeer word hierdie rolverwagtings selfs verder versterk deur 'prominente' persone binne ŉ gemeenskap, soos byvoorbeeld die geval van die onderwyseres wat huis toe gebel het oor ŉ kind se vordering by die skool, maar toe die biologiese pa antwoord, gevra het om met die ma te praat, ongeag die feit dat sy nié die kind se biologiese ouer was nie.

As gevolg van die verwagtinge van die gemeenskap wat dikwels ons eie idees of verwagtinge informeer, ervaar stiefouers dikwels spanning tussen hoe hulle dink hulle 'behoort' op te tree en hoe hulle wel optree. ŉ Duidelike voorbeeld hiervan is die opmerking wat Louisa by geleentheid gemaak het, in ŉ verwysing na haar eie persepsies en eie verwagtinge wat betref haar rol as 'stiefma':

> ... vir my is die grootste uitdaging om ŉ kind (wat nie joune is of jy ŉ verhouding mee het nie, te aanvaar soos hy is en nie te probeer verander soos ek hom wil hê nie. En .... dalk die skuldgevoel van moet jy nie meer doen nie…

Kelley (1995:40) wys daarop dat stiefouers meer kwesbaar is wanneer dit kom by rolverwagtinge en dat stiefma's gewoonlik meer druk beleef in dié opsig as stiefpa's. Dit gebeur waarskynlik omdat daar (tog maar) oor die algemeen van stiefma's verwag word om verantwoordelikheid te aanvaar vir die versorging van die kinders. Selfs al word dit nie vooraf so uitgespel nie, speel die persepsie van die samelewing en die stiefma's se eie persepsie in dié verband dikwels ŉ groot rol.


© University of Pretoria

Dikwels wil stiefma's van nature meer verantwoordelikheid neem as wat nodig is. 'n Duidelike voorbeeld van hierdie optrede blyk waarskynlik in die optrede van Naomi, soos opgemerk deur *Respondent 7, Opvoedkunde, dr Emelda von Caues*:

> Naomi [het] 'n behoefte aan nouer kontak met Jaco se kinders. Sy beleef dat hulle (Jaco se kinders) haar soms doelbewus uitsluit en dit maak haar hartseer. Dit voel vir haar hulle sien haar bloot as "*my dad's wife*". Ten spyte van al die moeite wat sy doen om betrokke te wees by hulle en om 'n nouer band tussen hulle te bewerkstelling, hou hulle haar steeds op 'n afstand en voel dit vir haar sy word behandel soos 'n tipiese 'stiefma'. [...] Dit terwyl sy eintlik 'n behoefte het om juis deel te wees van hulle lewe en hulle gesinswees.

Die resultaat hiervan is dat Naomi inherente konflik beleef, nie net wat betref haar rol as die stiefma nie, maar ook in haar verhouding met die ander gesinslede.

Oor die algemeen het die ouers wat deel was van die navorsing (die navorsingsgenote) saamgestem dat die rolverdeling in saamgestelde gesinne nie op geslag gegrond moet word nie. Dit blyk dat dit bloot beter werk wanneer beide ouers (die biologiese ouer sowel as die stiefouer) gesamentlik verantwoordelikheid aanvaar vir die emosionele- en materiële versorging van die kinders, maar met dien verstande dat die biologiese ouer steeds primêr verantwoordelik bly.

Ongelukkig – dit het spesifiek in die verhale van die navorsingsgenote na vore gekom – is mans baiekeer geneig om die versorgings-aspek van hulle kinders heeltemal oor te laat aan die vrou (stiefma), wat dikwels konflik tussen die stiefma en die kind(ers) veroorsaak.

Volgens navorsing waarin 'n ondersoek geloods is om vas te stel watter faktore 'n positiewe invloed op stiefouers se ouerskap-belewenis het (Kelley 1995:40), is bevind dat die selfbeeld van die stiefouer en huweliksgeluk 'n direkte invloed het op rolverwagtinge: persone met 'n positiewe selfbeeld en wat gelukkig getroud is, beleef oor die algemeen minder spanning wat betref rolverwagtinge in die saamgestelde


© University of Pretoria

gesin (Danie en Magda, en Michael en Sanet, is myns insiens mooi voorbeelde hiervan).

Ongelukkig is die omgekeerde ook waar: onsekerheid wat betref rolverwagtinge by die stiefouer, lei maklik tot ŉ gebrekkige selfbeeld, en ŉ gebrekkige selfbeeld veroorsaak baiekeer weer ŉ afname in huweliksgeluk. Hoewel ŉ situasie soos hierdie na ŉ hopelose sirkelgang mag klink, moet dit egter nie so geïnterpreteer word nie; die saak wat bloot hierdeur beklemtoon word, is dat ouers in die eerste plek moet fokus op hulle huweliksgeluk en nié op hulle rolle as stiefouers binne die saamgestelde gesinne nie. Dieselfde studie toon ook aan dat spanning wat betref rolverwagtinge, gewoonlik afneem namate die ouers langer getroud is. Geduld en 'uithou en aanhou!' is dus van kritiese belang!

In ons nadenke oor rolverwagtinge is dit belangrik om terselfdertyd ook aandag te gee aan die wyse waarop die stiefouer aangespreek word, omdat die aanspreekvorm waarskynlik iets sê van ŉ rolverwagting. As ŉ ouer byvoorbeeld vir ŉ kind sou sê: "... ontmoet vir X, hierdie persoon gaan van nou af jou nuwe ma/pa wees", mag die indruk by die kind geskep word dat die genoemde persoon die biologiese ouer gaan vervang en dat die kind van nou af dié persoon moet liefhê en gehoorsaam. So ŉ benadering het die potensiaal om meer weerstand as positiewe gevolge tot gevolg hê, en moet daarom liefs vermy word.

Dit is interessant dat al die gesinne met wie gesprekke gevoer is, die belangrikheid hiervan beklemtoon het: dat die stiefouer liefs aangespreek moet word as 'oom' of 'tannie' of op sy/haar voornaam. Hiermee wil daar nie te kenne gegee word dat dit nou ŉ algemeen-geldige reël behoort wees nie, maar bloot dat dit waarskynlik die aanvaarding van die nuwe stiefouer heelwat sal vergemaklik as daar nie van die begin af onnodige verwagtinge geskep word nie.

Die meeste van die bronne wat in dié verband geraadpleeg is (Kelley, 1995:43; Deal & Petherbridge 2009:26-27) waarsku selfs teen die moontlikheid om hieroor te wil onderhandel (soos byvoorbeeld wanneer ŉ stiefouer vir ŉ kind sou sê: "Jy kan my maar Ma noem as jy wil…" Só ŉ benadering plaas baiekeer onuitgesproke druk op die kind om meer erkenning aan die stiefouer te gee as wat die kinders dalk gereed


© University of Pretoria

is om te gee, met as resultaat onnodige spanning. Een van die medenavorsers (Magda) het op ŉ stadium die opmerking gemaak:

> Stiefouers wat hulleself aan kinders wil bekendstel op ŉ gelykwaardige vlak vergeleke die biologiese ouers, moet daarmee rekening hou dat hulle hulleself dikwels met hierdie einste handeling gaan blootstel aan mislukking.

Wat die uitgebreide familie betref, het al die ouers wat aan die navorsing deelgeneem het, dit aan die kinders en die uitgebreide familie oorgelaat om saam te onderhandel oor ŉ moontlike aanspreekvorm. Een van die ouers se ouers het byvoorbeeld vir die kind gesê: “Jy kan my ‘Oom’ noem, of ‘Oupa’ of selfs ‘Oupa Daan’… net soos jy verkies… maar ek moet sê: dit sal vir my baie lekker wees om jou ‘Oupa Daan’ te wees!”

Uit die navorsing blyk dit dat die kinders oor die algemeen redelik gemaklik daarmee is om die stiefouer se ouers aan te spreek as ‘Oupa’ of ‘Ouma’, waarskynlik omdat die oupa- en ouma-rol gepaardgaan met koestering en spesiale oomblikke en geen kinders te veel koestering kan kry nie. Die ouer-rol, aan die anderkant, veronderstel gewoonlik verpligting, verantwoordelikheid, liefde, respek, gesag en mag. Kinders vind dit dikwels moeiliker om só ŉ delikate verhouding oor ŉ lang tyd te handhaaf met te veel persone.

Samevattend kan gesê word dat dit waarskynlik in die saamgestelde gesin (en gevolglik die ouerskap-belewenis binne daardie gesin) se guns mag tel om as eerste voorsorgmaatreël liefs geduld aan die dag te lê wat betref besluitneming oor aanspreekvorme en die definiëring van ouerskaprolle. Veral in gevalle waar kinders en een biologiese ouer vir ŉ geruime tyd reeds saambly, moet die stiefouer bewus wees van die feit dat sy/haar skielike toetrede tot die gesin, heelwaarskynlik met spanning gepaard sál gaan.

Die betrokkenheid en ouerskap-rol van die nie-biologiese ouer speel ŉ uiters belangrike rol by saamgestelde gesinne. Terwyl die klem by kerngesinne meestal val op die aanwas in die gesin en gedeelde ouerskap wat betref die grootmaak van


© University of Pretoria

die kinders, is daar by saamgestelde gesinne 'n klemverskuiwing vanaf gedeelde ouerskap, na ouerskap in ondersteuning van mekaar.

### 3.7.3 Finansiële bestuur

> Nie lank daarna nie is daar weer 'n groot skaarste en die kinders hoor hoe hulle stiefma een aand vir hulle pa sê: "Dit gaan al hoe slegter, ons het net 'n halwe brood oor, dan is dit verby met ons. Die kinders moet weg; ons moet hulle dieper die woud inneem sodat hulle nie weer die pad terugkry nie, anders is dit klaarpraat met ons."
>
> Uit: Hansie & Grietjie
>
> (Marita van der Vyver 2010:91)

Volgens Leigh & Clark (2001:1) is geld een van die grootste en mees algemene oorsake van konflik in huwelike. Sommige terapeute beweer selfs dat 'n klomp van die sekondêre konflik in huwelike, baiekeer ontstaan as gevolg van primêre konflik wat betref geld. In die lig hiervan ag hulle dit van kritiese belang dat terapeute netso ingelig behoort te wees oor die invloed en gevare van geld op huweliksgeluk, as wat hulle ingelig is oor 'n onderwerp soos seks.

Dit was egter opvallend dat – in my betrokkenheid by die navorsingsgenote – finansies en finansiële bestuur gelys was as een van die sake wat die minste konflik veroorsaak.

Leigh & Clark (2001:1) beklemtoon nietemin dat 'n onderwerp soos finansies allesbehalwe bloot geïgnoreer moet word, veral inaggenome die feit dat saamgetelde gesinne daagliks toeneem. Dit is belangrik dat saamgestelde te alle tye bewus sal wees van die moontlike slaggate in dié verband.

Navorsing deur Deal (2006:184) sluit hierby aan, met sý stelling dat geld waarskynlik nooit 'n neutrale konnotasie sal hê in saamgestelde gesinne nie, omdat sake soos vertroue, verbintenis en die waarborg van permanensie, dikwels onderliggende faktore is wat 'n beslissende rol speel by finansiële besluite.


© University of Pretoria

Metzen & Metzen (2000:1) maak die opmerking dat geld by die meeste saamgestelde gesinne, die tweede grootste struikelblok is (hulle meen die aanpassing wat betref kinders is die grootste probleem). Desnieteenstaande blyk dit uit navorsing wat deur hulle (Leigh & Clark 2001:4) gedoen is, dat slegs ongeveer 20% van paartjies in saamgestelde gesinne voor hulle huwelike reeds die finansiële uitdagings wat uit die huwelik mag voortspruit, bespreek het.

Of ons dit dus wil weet of nie: die wyse waarop finansies in saamgestelde gesinne gehanteer word, is beslis meer gekompliseerd as in die meeste ander gesinne. Sake wat waarskynlik aandag behoort te geniet, is die manier waarop daar oor geld gedínk word versus die werklike situasies van die gesinne, asook die mate waarin die stiefouer verantwoordelik en betrokke behoort te wees by die wyse waarop geld in die gesin aangewend word. Terselfdertyd moet daar in aanmerking geneem word dat elke ouer in 'n saamgestelde gesin, nie net sy/haar eie idees met betrekking tot geld indra in die nuwe verhouding nie, maar dat elkeen ook 'n eie finansiële verlede en waarskynlik gevestigde gewoontes het wat betref sake soos om te spaar of om te spandeer.

Voornemende ouers in saamgestelde gesinne het ongelukkig meestal nie die vaagste idee van die mynveld wat hulle betree, wanneer dit kom by iets so gewoon soos finansies nie. Van die mees algemene kwessies sluit onder meer in:

- die finansiering van spesiale voorregte vir sy/haar kinders, terwyl die gesin dit eintlik nie kan bekostig nie, of terwyl die anders kinders in die gesin nie dieselfde voorregte het nie;
- 'n prysgawe van iets waarna daar lankal reeds uitgesien is (byvoorbeeld 'n vakansie op die opgradering van die kombuis) omdat die finansiële behoeftes van die stiefkinders dit noodsaak;
- kinders wat aanspraak maak op voorregte of geskenke wat eintlik nie bekostig kan word nie, maar wat dit nietemin kry ter wille daarvan om die vrede te bewaar;
- eks-mans en eks-vrouens wat nie hulle verpligtinge nakom nie, met as resultaat dat stiefouers gedwing word om verantwoordelikhede te aanvaar waarop hulle nie gereken het nie;


© University of Pretoria

- ŉ geneigdheid by grootouers (of ander biologiese familielede) om bloedverwante te bevoordeel met spesiale geskenke of voorregte, terwyl die stiefouer se eie kinders buite rekening gelaat word.

Ander kwessies waarmee daar beslis rekening gehou moet word, is die gesamentlike en afsonderlike finansiële vermoë én verpligtinge van sowel die biologiese ouer as die stiefouer.

Na aanleiding van die gesprekke wat gevoer is met ouers in saamgestelde gesinne, blyk dit dat daar iewers in die samelewing die algemeen-geldige idee ontstaan het dat die 'werkbaarheid' van ŉ saamgestelde gesin gemeet kan word aan die mate waarin stiefouers bereid is om finansiële bronne te deel en gesamentlik verantwoordelikheid te aanvaar vir die behoeftes van die gesin.

ŉ Bereidheid om álles te deel, word dikwels voorgehou as die ideaal waartoe daar gestreef behoort te word, ŉ situasie van 'daar's nie ŉ syne of hare nie, net ŉ ons s'n'. Die praktyk wys egter duidelik dat dit nie altyd so eenvoudig werk nie en dat daar wel ander werkbare maniere is wat betref die hantering van finansies.

Oor die algemeen sou finansies in saamgestelde gesinne hoofsaaklik op een van drie maniere hanteer kon word, natuurlik met moontlike variasies by elkeen:

1) Afsonderlike beursies.
   By hierdie benadering word daar gewoonlik vooraf ooreengekom vir watter deel van die huishoudelike uitgawes elke eggenoot verantwoordelik sal wees. Elke ouer bly egter self verantwoordelik vir die uitgawes ten opsigte van sy/haar kind se behoeftes.

2) Afsonderlike beursies, sowel as ŉ gesamentlike beursie.
   Hierdie benadering maak gewoonlik voorsiening vir kleiner afsonderlike beursies/bankrekenings, asook ŉ gesamentlike beursie/bankrekening waaruit huishoudelike uitgawes en sekere algemene uitgawes ten opsigte van die kinders en/of stiefkinders gefinansier word. Die wyse waarop geld in die gesamentlike beursie/bankrekening gestort word, wissel gewoonlik. Daar sou


© University of Pretoria

ooreengekom kon word dat bydraes tot die gesamentlike rekening om die helfte moet wees, of dat elke ouer ʼn persentasie van hulle inkomste moet bydra. By hierdie benadering aanvaar die biologiese ouer gewoonlik steeds verantwoordelikheid vir buitengewone uitgawes ten opsigte van sy/haar kind.

3) Slegs ʼn gesamentlike beursie.

By hierdie benadering word al die bronne van inkomste gewoonlik in een beursie of bankrekening geplaas, met beide ouers wat ewe veel seggenskap oor die fondse in hierdie rekening het. Alle uitgawes, huishoudelik sowel as uitgawes/onderhoud wat betref die versorging van kinders en/of stiefkinders, word gewoonlik uit hierdie rekening gefinansier.

Dit is belangrik om te verstaan dat daar nie ʼn algemeen-geldige voorkeur is (of behoort te wees) wanneer dit kom by die hantering van finansies nie (Leigh & Clark 2001:1; Deal 2006:187). Die norm behoort eerder te wees om saam ooreen te kom op ʼn wyse van hantering, wat op die lange duur vir beide ouers bevredigend is.

Na aanleiding van gesprekke wat gevoer is met die navorsingsgenote, wil dit tog lyk of gesinne met ʼn hoër inkomste oor die algemeen meer geredelik daarin slaag om sekere aanpassings te maak. Nietemin: ongeag die finansiële posisie van die gesin, word elke gesin soms gekonfronteer met probleme wat opduik en wat gehanteer moet word.

Gedurende die tyd wat ek besig was met die navorsing, is ek op ʼn stadium gekonfronteer met ʼn gesin wat spesifiek hiermee geworstel het. Hoewel dié gesin nie deel was van die oorspronklike navorsingsgenote nie, was hulle belewenis van só ʼn aard dat ek van mening is dat dit die navorsing in dié verband sou verryk deur onder andere hierna te verwys. Die konflik by dié spesifieke gesin het ontstaan as gevolg van die feit dat die man nie sy vrou op enige wyse by finansiële besluite betrek het nie.

Ter willie van agtergrond verwys ek kortliks na ʼn deel van die gesprek:


© University of Pretoria

> *"Dit het hoegenaamd nie vir my gevoel of ek sy huweliksmaat was nie… of ons sáám aan die wa getrek het nie. Neels[4] hét alles beheer en wóú alles beheer… soveel so dat ek nie die vaagste benul gehad het wat ons finansiële posisie was nie! Hy het my nooit geken in enige van sy finansiële besluite nie… ek vermoed dat hy dit doelbewus so gedoen het, vir ingeval ons huwelik dalk op die rotse sou beland… sodat ek hom en sy kinders nie dalk op finansiële gebied sou skede berokken nie… Dit het my só kwaad gemaak… ek was gedurig ongelukkig daaroor… en ek vermoed dat my frustrasie hieroor nie net my verhouding met hóm beïnvloed het nie, maar ook my verhouding met sy kinders…"*

Hoewel dit allesbehalwe Neels se bedoeling was om Sarie[5] só uit te sluit (in ons gesprekke het hy dit beklemtoon), het sy dit nogtans so beleef het. In haar hart het dit vir haar voortdurend gevoel Neels skram weg van ŉ algehele verbintenis, ten spyte van die feit dat hy volle verantwoordelikheid ervaar het vir haar finansiële behoeftes en sy inderdaad toegang gehad het tot al die fondse wat sy nodig gehad het. Haar ongelukkigheid oor haar 'uitsluiting' is aangeblaas deur die wete dat Neels en sy eks-vrou altyd alle finansiële besluite saam geneem het; sy het gevoel hy het haar (sy eks-vrou) altyd geken in al sy besluite, so hoekom ken hy haar (Sarie) dan nie ook in die besluite wat hy neem nie?

Nadat die saak deeglik bespreek is, is die volgende sake geïdentifiseer as moontlike redes vir elkeen se optrede:

(1) Sarie se behoefte aan groter insluiting wat betref die finansies, was gegrond op haar behoefte aan ŉ verhouding wat getuig van emosionele sekuriteit en toekoms-sekerheid (permanensie).

(2) Neels se egskeiding met sy eks-vrou het hom veral op finansiële gebied ernstige skade berokken; versigtigheid vir ŉ moontlike herhaling van só ŉ situasie het veroorsaak dat hy besluit het om te sorg dat hy in enige moontlike nuwe verhouding in beheer van die finansies moes bly. Hy het gevoel dat sy

[4] Skuilnaam ter wille daarvan om die identiteit van die gesin te beskerm

[5] Skuilnaam ter wille daarvan om die identiteit van die gesin te beskerm


© University of Pretoria

vrygewigheid teenoor Sarie en haar kinders, meer as voldoende behoort te wees.

Bogenoemde situasie is een van die talle voorbeelde van optrede wat gegrond is op vrees vir ŉ herhaling van slegte situasies uit die verlede. Op die lange duur veroorsaak sulke 'vreesgedrewe' keuses ongelukkig baiekeer dat selfbehoud só ŉ dryfveer word, dat die verbintenis (huwelik) en gevolglik ook ouerskap-belewenisse in die proses benadeel word.

Die uitdaging waarmee ouers in saamgestelde gesinne dus gekonfronteer word, is om ŉ wilsbesluit te neem om hulle optrede in die hede juis nié te grond op die pyn van die verlede nie, maar op hoop wat betref die toekoms. Wanneer dít gebeur, sal ouers daarin slaag om minder selfbeskermend op te tree, wat hulle sal help om te fokus op die wel en weë van die gesin en wat waarskynlik ook sal bydra tot ŉ bereidheid om nuwe dinge te waag.

Inaggenome die belangrikheid van doeltreffende finansiële bestuur by alle gesinne, die wysheid wat eggenote verkry het uit vorige huwelike, en die unieke omstandighede van stiefgesinne, is ŉ mens geneig om te aanvaar dat eggenote in saamgestelde gesinne uit die staanspoor alles moontlik sou doen om enige kwessies wat betref geld uit te stryk voor hulle hulleself weer sou verbind. Dit blyk egter in die praktyk nie ŉ gegewe te wees nie. Navorsing deur Metzen & Metzen (2000:1) dui daarop dat egpare, selfs in gevalle waar finansiële probleme een van die bydraende faktore was by vorige egskeidings, nie genoeg moeite doen om sekere kwessies aan te spreek en te hanteer nie.

Dit gebeur waarskynlik omdat egpare van die veronderstelling uitgaan dat die verlede afgehandel is, en dat die nuwe verbintenis ŉ nuwe geleentheid behoort te wees. Daarom is een of albei eggenote baiekeer huiwerig om veral nie in die beginstadium van hulle verhouding 'ŉ blik met wurms op die tafel te sit nie'. ŉ Verdere rede vir die feit dat gesprekke oor finansies nie altyd plaasvind nie, het te doen met die feit dat finansies baiekeer as ŉ 'taboe' onderwerp beskou word.

Dít was spesifiek by Neels en Sarie die geval. In haar eie woorde:


© University of Pretoria

> *"Ek het op 'n stadium nie eens meer probeer om met Neels hieroor te praat nie... want hy't bloot elke keer wanneer ons gesprekke net effens in dié rigting beweeg, kwaad geword en daarop aangedring dat die onderwerp verander moet word... en dan was ek ook bang hy dink ek is bloot agter hom aan ter wille van die finansiële versorging en dit wat ék kan baat..."*

Nóg 'n rede hoekom die finansiële uitdagings in saamgestelde gesinne soms vermy word, is dat daar gewoonlik 'n klomp veranderlikes by saamgestelde gesinne is, waarvan sommiges sekerheid in die wiele ry, eerder as wat hulle sekerheid vestig. Tipiese voorbeelde van sulke veranderlikes is: die moontlikheid dat die gesin mag uitbrei, onderhoud-betalings wat mag verander, die beroepe en inkomste van die ouers wat skielik kan verander, kinders wat mag besluit om te verhuis vanaf die een ouer na die ander ouer.

Ouers in saamgestelde gesinne behoort voorbereid te wees op verandering, sodat hulle nie elke verandering as 'n terugslag sal beskou nie. Dit is egter belangrik om te onthou dat elke saamgestelde gesien uniek is en dat almal nie noodwendig gekonfronteer gaan word met dieselfde aanpassings nie. Op dieselfde wyse sal elke ouer in 'n saamgestelde gesin nie aanpassings op dieselfde wyse hanteer nie; ouers gáán soms van mekaar verskil en nie in pas met mekaar dink en optree nie. Dit is daarom raadsaam om vrede daarmee te maak dat finansiële aanpassings 'n proses is, in plaas van 'n bestemming.

Daar moet onthou word dat enige stabiele, langdurige, verhouding gewoonlik die eindpunt is van 'n hele aantal fases waardeur so 'n verhouding beweeg (Estess 2001:6; Metzen & Metzen 2000:2; Deal, 2010:196). Baie vereenvoudig word daar onderskeid gemaak tussen vyf fases, wat min of meer soos volg beskryf sou kon word:

1) Die 'rooskleurige-bril' fase (the rose-coloured glasses stage)

   Hierdie fase word gekenmerk deur 'n nuwe romantiese bewuswording van mekaar; om op dié stadium oor geld te praat, is 'n moontlikheid wat gewoonlik nie eens oorweeg word nie; sulke gesprekke word gereken as onnodig kras en


© University of Pretoria

selfs aanvallend en belemmer die uitgangspunt dat met die krag van liefde, enigiets hanteer kan word!

Egpare in hierdie fase het gewoonlik 'n geneigdheid om óf

(1) die moontlikheid dat finansiële probleme dalk mag opduik, nie raak te sien nie omdat hulle dit nie raak wíl sien nie, óf

(2) te kies vir 'n naïewe hanteringswyse van voorgee, wat daarop neerkom dat hulle glo hulle beskik oor die vermoë om enigiets wat oor hulle pad kom, te hanteer.

2) Die 'swyg-en-verdra' fase (don't rock the boat)

Hierdie fase word gewoonlik gekenmerk deur onderdrukte vrees of selfs woede oor die situasie waarin die egpaar vasgevang is. Gedagtes en gevoelens, soos "Wat is verkeerd met my? Hoekom voel ek so geïrriteerd?", "Ek wás tog daarvan bewus dat hy/sy sekere verpligtinge gehad het toe ons getroud is, so watter reg het ek om nou daaroor te wil kla?", "Ek hét tog geweet sy/haar kinders gaan aanspraak maak op ons tyd, aandag en geld, so hoe kan ek nou skielik ongelukkig of selfs jaloers wil voel?", word dikwels doelbewus nie uitgespreek nie uit vrees dat enige moontlike konflik, onnodige spanning kan plaas op die nuwe, broos verhouding.

Ongelukkig het hierdie benadering tot gevolg dat bestaande spanning of ongelukkigheid op die lange duur só toeneem, dat dit mettertyd groot frustrasie veroorsaak. Ouers in nuut-saamgestelde gesinne wat nie hierop voorbereid is nie, raak baiekeer tydens hierdie fase paniekerig, maar in plaas daarvan om hulle emosies iewers te verwoord, bêre hulle dit eerder net dieper in hulle harte weg in die hoop dat dit mettertyd self sal verdwyn.

3) Die 'sit-dit-op-die-tafel' fase (lay it on the table)

Tydens hierdie fase bereik ouers die punt waar hulle met mekaar begin praat oor hulle belewenisse; hulle het aanvaar dat hulle soms gáán verskil wat betref finansies en dat dit in orde is om eerlik te wees daaroor en om met mekaar te


© University of Pretoria

redeneer oor bestedingsprioriteite. Hierdie fase word gekenmerk deur ŉ openheid in gesprekvoering oor behoeftes, frustrasies en vrese, wat betref finansies. Uit die aard van die saak is hierdie soort gesprekke soms konfronterend en blootstellend, maar die onderlinge vertroue wat op hierdie wyse gevestig word, maak dit absoluut die moeite werd.

4) Gesamentlike beplanning fase (getting it together)

Hierdie fase word gekenmerk deur ŉ wedersyds ooreengekome leefstyl en die vestiging van ŉ effektiewe benadering wat betref die hantering van finansies en enige besluitneming in dié verband. Die beteken nie noodwendig dat die ouers nou al hulle bates en inkomste saamgegooi het nie, maar wel dat hulle ooreengekom het wat die waarde van elke eggenoot se bydrae is tot die huishouding (geldelike bydraes en bydraes in tyd). By hierdie fase is daar gewoonlik ŉ stelsel in plek wat betref die hantering van gesamentlike en afsonderlike bates.

5) Die bereiking van stabiliteit fase (achieving stability)

Hierdie fase word meestal net bereik met verloop van tyd en op grond van ervaring. Geduld en voortdurende toewyding lei gewoonlik daartoe dat ouers mettertyd ŉ punt bereik waar die finansiële uitdagings binne ŉ saamgestelde gesin met groter gemak en meestal tot bevrediging van al die partye hanteer word. Teen dié tyd het dinge oor die algemeen in plek geval en ouers is in staat om, volgens die eis van omstandighede, hulle finansiële doelwitte en bestedingsgewoontes aan te pas.

inaggenome die feit dat elke saamgestelde gesin uniek is, sál verskillende saamgestelde gesinne hulle finansiële aanpassings verskillend hanteer. Dit geld in die besonder ook wat betref bogenoemde fases: terwyl die een gesin dalk vinniger deur ŉ bepaalde fase gaan beweeg, mag ŉ ander gesin dit dalk stadiger doen; dit mag ook gebeur dat ŉ gesin op ŉ gegewe tydstip nie vorentoe beweeg na ŉ volgende fase nie, maar terugbeweeg na ŉ vorige fase, of selfs dat fases oorgeslaan word. Daar is nié ŉ regte of verkeerde manier wat betref die wyse waarop


© University of Pretoria

saamgestelde gesinne deur die verskillende fases behoort te beweeg nie – die unieke situasie van die gesin behoort die wyse van hantering te bepaal. Ouers gaan soms ervaar dat hulle sekere kwessies makliker hanteer en makliker daaroor kommunikeer, terwyl ander kwessies meer tyd en vaardighede vereis. Dit mag selfs gebeur dat gesinne in die hede skielik probleme ervaar met die hantering van op die oog af geringe kwessies, terwyl hulle in die verlede dalk heelwat moeiliker kwessies met buitengewone vaardigheid kon hanteer en oplos.

Ouers se erns wat betref hulle verbintenis aan mekaar, asook ŉ gewilligheid om finansiële uitdagings tot bevrediging van beide partye te hanteer, behoort te alle tye die dryfveer te wees in die hantering van enige moontlike wrywing wat betref finansies. Egpare wat dít ŉ prioriteit maak in hulle verhouding, sal ervaar dat hulle die vrugte pluk van ŉ gelukkige verhouding.

### 3.8 ŉ Paar slotgedagtes oor ouerskap in saamgestelde gesinne

Dit sal sinvol wees om die volgende in gedagte te hou:

- Moenie onrealistiese verwagtings koester nie;
- Sorg te alle tye dat die huweliksverhouding die hoogste prioriteit is;
- Ondersteun mekaar wat betref die eise van ouerskap;
- Probeer om sover as moontlik saam te werk met die ouers wat nie deel vorm van die nuwe gesinsopset nie;
- Kyk uit vir slaggate en moenie by hulle vasval nie;
- Moenie probleme ignoreer nie, hulle gaan nie vanself verdwyn nie. Werk daardeur;
- Gryp die genade-oomblik – ŉ tweede kans – met albei hande aan!


© University of Pretoria

## 4. SAMEVATTING

In dié hoofstuk is daar spesifiek aandag gegee aan die geskiedenis en interpretasie van die sprokiesverhale van die Grimm-broers, inaggenome die moontlikheid dat hierdie verhale ŉ invloed mag hê op die belewenisse van ouers in saamgestelde gesinne.

Daar is voorts, aan die hand van ŉ literatuurstudie, aandag gegee aan die narratief van saamgestelde gesinne, met spesifieke verwysing na sake wat in die praktyk dikwels uitstaan as problematies, soos dissipline, ouerskaprolle en finansiële bestuur.

In hoofstuk 4 sal aandag gegee word aan die navorsingsgenote se belewenis van God in hulle gesinswees en ouerskap.


© University of Pretoria

# HOOFSTUK 4

## NAVORSINGSGENOTE SE BELEWENIS VAN GOD IN HULLE GESINS-WEES EN OUERSKAP

The questions are not all alike, but they do seem to have
one common ingredient: uncertainty about where
the normative boundaries for living are now located.

Gerkin (1992:11)

Perhaps the greatest sin of the Christian church has been that particular brand of arrogance, or narcissism, that impels so many Christians to feel they have God all sewn up and put in their back pocket. Those who think that they've got the whole truth, and that those other poor slobs who believe differently are necessarily not saved, as far as I'm concerned, have a very small God.

Peck (1993:166)

## 1. INLEIDING

In hoofstuk 3 is daar spesifiek aandag gegee aan die geskiedenis en interpretasie van die sprokiesverhale van die Grimm-broers, inaggenome die moontlikheid dat hierdie verhale ŉ invloed mag hê op die belewenisse van ouers in saamgestelde gesinne. Daar is voorts, aan die hand van ŉ literatuurstudie, aandag gegee aan die narratief van saamgestelde gesinne, met spesifieke verwysing na sake soos dissipline, ouerskaprolle en finansiële bestuur.

In dié hoofstuk sal daar vervolgens aandag gegee word aan die vyfde beweging van ŉ post-fundamentele prakties-teologiese metodologie, wat ŉ refleksie op die navorsingsgenote se belewenis van God se teenwoordigheid en betrokkenheid in hulle gesinswees, behels. Die verskillende moontlike diskoerse in dié verband sal ook ondersoek word.


© University of Pretoria

Müller (2005:84) beklemtoon dat hierdie beweging nie ŉ geforseerde poging moet wees om God iewers in die prentjie (navorsing) in te bring nie, maar dat dit ŉ eerlike soeke (luister) sal behels na die *navorsingsgenote* se ervaring en verstaan van God. Binne die raamwerk van narratiewe navorsing is die navorser nie veronderstel om te interpreteer nie, maar om eerder interpretasie te fasiliteer. Dit veronderstel dus dat daar fyn geluister sal word, nie net na dit wat die navorsingsgenote oor God sê nie, maar ook na dit wat hulle nié sê nie.

## 2. EGIPTE... WOESTYN... KANAÄN

Teen die agtergrond van die Bybel is begrippe soos 'Egipte' en 'woestyn' en 'Kanaän' allesbehalwe betekenisloos. 'Egipte', dit weet ons alte goed, is die plek van slawerny... en 'woestyn' is sinoniem met ŉ lang en swaar pad... en 'Kanaän' vertel van die langverwagte eindpunt, die Beloofde Land...

In aansluiting by Deal (2006:17) en in ooreenstemming met my en die navorsingsgenote se saamdink, sal ek 'Egipte' en 'woestyn' en 'Kanaän' gebruik as moontlike metafore in ŉ nadenke en ŉ beskrywing van saamgestelde gesinne se reis wat betref hulle God-belewenisse.

### 2.1 Egipte...

Hertroue is vir die meeste geskeides soos om Egipte te verlaat... dit behels ŉ klaarmaak met die verlede. Klaar met die las van egskeiding, klaar met die verliese wat dit meegebring het, klaar met die gedurige alleenheid en ŉ gesukkel op jou eie. Daarom, net soos wat die Israeliete met groot opgewondenheid opgepak het en weggetrek het uit Egipte, net so gebeur dit dikwels dat geskeide persone met groot opgewondenheid die toekoms tegemoet gaan aan die sy van hulle nuwe man/vrou.

In die woorde van Magda, een van die navorsingsgenote:


© University of Pretoria

> *"Ek was só opgewonde oor die vooruitsig van 'n nuwe begin! My hertroue was vir my simbolies van 'n verlede wat verby is... en van vergifnis wat daar by God is... en van nuwe hoop!"*

## 2.2 Woestyn...

Die harde werklikheid waarmee die Israeliete gekonfronteer is, was dat daar tussen Egipte aan die een kant en die Beloofde Land aan die anderkant, 'n woestyn was. 'n Moment in hulle lewe toe hulle geworstel het met hulle omstandighede. 'n Moment waar hulle selfs kwaad was vir Moses en waar hulle indirek die Here se betrokkenheid by hulle bevraagteken het. Eksodus 14:11-13 (Die Bybel, 1983) vertel daarvan:

> 11Hulle het vir Moses gesê: "Is daar nie begraafplek in Egipte nie dat jy ons saamsleep om in die woestyn te sterwe? Wat het jy ons aangedoen dat jy ons uit Egipte laat trek het? 12Ons het jou mos in Egipte gesê om ons te laat staan dat ons vir die Egiptenaars werk. Dit is vir ons beter om vir hulle te werk as om hier in die woestyn om te kom."

Daar is talle saamgestelde gesinne wat kan getuig dat hulle al iewers op hulle eie reis soortgelyke emosies ervaar het. Momente waar hulle gewonder het hoekom hulle enigsins (weer) getrou het. Momente waar hulle, net soos die volk Israel, gewonder het (of steeds wonder) oor God se betrokkenheid by hulle en hoekom Hy hulle dan nie help nie.

Louisa het by geleentheid só 'n punt bereik, waar sy gesê het:

> *Ek was nogal bekommerd oor die aanpassing wat vir my en Thys voorlê... Onthou, ek was nie voorheen getroud nie en daaraan gewoond om my eie ding te doen. Maar op die ou-end was die troue toe glad nie 'n aanpassing nie. Wat wel 'n aanpassing was en steeds is, is die verhouding tussen my en Nicolaas... ek probeer regtig hard... en ek bid baie... maar dit voel nie aldag of dit eintlik 'n verskil maak nie... Soms is dit maar net nie so maklik om God se prentjie vir ons raak te sien nie... ander dae gaan dit weer beter!*


© University of Pretoria

Michael en Sanet het self ook al in die 'woestyn' vasgeval. Teen alle verwagting in was baie van die mense rondom hulle nié so opgewonde soos hulle nie. Hulle is gekonfronteer met mense se nuuskierigheid en gedurige kritiese opmerkings. Daar was selfs mense wat by Sanet wou weet waarom sy dink haar tweede huwelik sal kan uitwerk, terwyl die vorige een dan nie uitgewerk het nie? Sy vertel dat haar selfbeeld in dié tyd nogal 'n paar erge knoue gekry het. In haar eie woorde beskryf sy haar worsteling soos volg:

> *Ek het só ongelooflik swaar gekry tydens en na my egskeiding. Ek was kwaad en verbitterd. Maar toe ontmoet ek en vir Michael... en iewers het daar weer 'n vlammetjie van hoop begin brand... Ek was só dankbaar! Ek het uitgesien na die nuwe begin. Min het ek geweet watter geweldige aanpassing dit sou wees om deel te word van 'n nuwe gemeenskap. Daar was mense wat só skerp was in hulle kritiek... op 'n stadium het dit vir my gevoel net mooi alles loop skeef! Die kinders het swaar aangepas by die skool en in hulle nuwe familie-opset. "Here, het ons nie al genoeg swaargekry nie? Waarom laat U die goed toe? Hoekom keer U dit nie net nie?", was omtrent my standaardgebed. En tussendeur dit alles het ek sélf ook nog gesukkel om die verlede agter my te sit; ek't gesprekke oor vergifnis vermy; ek wóú nie vergewe nie en het gevoel die ouens wat so karring daaroor, weet nie wat ons deurgemaak het nie, hulle moet liewer net stilbly!*

Ook by Jaco en Naomi het dinge soms heelwat ánders verloop as wat hulle gehoop het. By meer as een geleentheid het dit vir hulle gevoel 'die Egiptenare' is agter hulle en die 'Rooi See' voor hulle. Maar in benoude oomblikke, só getuig hulle, was hulle benadering nog altyd "om in die eerste plek met God daaroor te praat en om nie oorhaastige besluite te neem nie." Hulle beklemtoon dat hulle nog altyd ervaar het "dat ons gebede verhoor word op God se bestemde tyd en manier."

By 'n ander geleentheid, toe hulle praat-met-God weer ter sprake gekom het, het Naomi met oortuiging geantwoord:


© University of Pretoria

> *Ek glo dat 'n saamgestelde gesin se oorlewing gesetel is in voortdurende gebed en 'n verhouding met God. Ek het baie gebid voor ons getroud is, en ek doen dit steeds! Gebed kan die wêreld waarin ons leef, verander en wonderwerke laat gebeur. En ek sê dit nie maar net nie, dis wat ons beleef!*

## 2.3 Kanaän

Miskien was die grootste probleem by die Israeliete, hulle fokus... die feit dat hulle só vasgevang geraak het in hulle dag-tot-dag worstelinge, dat hulle later niks anders raakgesien het nie? Of miskien het hulle maar net te klein gedink oor God se vermoë om hulle by te staan? Wat ook al die rede, toe hulle op 'n stadium moes besluit of hulle verder gaan trek Beloofde Land toe, en of hulle dit dalk eerder net moet los, toe kies hulle om dit eerder te los... Buitendien, die meeste mense – tien van die twaalf verkenners – het tog saamgestem dat dit sal nie kan werk nie... en wie sal nou 'n meerderheidstem teëgaan?

Ek wil dit waag om te sê dat dieselfde ongelukkig ook dikwels by saamgestelde gesinne gebeur. Ouers in saamgestelde gesinne hoor baiekeer by almal rondom hulle (onder andere die geloofgemeenskap!), hoe moeilik dit gaan wees en dat dit *eintlik* nie kan werk nie. 'n Kombinasie van statistiek en die moeilike omstandighede wat dalk op 'n gegewe oomblik beleef word, lei baiekeer tot die beëindiging van die reis as saamgestelde gesin.

Danie en Magda het eerstehandse ervaring hiervan. Soos enige ander gesin het hulle ook al hulle 'woestyn-oomblikke' gehad. In hulle geval was daar ook meer mense vir hulle vertel het hoekom hulle huwelik eintlik nié kan werk nie, as wat daar mense was wat hulle aangemoedig het. 'Goeie redes' is aangevoer: sake soos die groot ouderdomsverskil tussen Danie en Magda (18 jaar); die feit dat hulle 'n kitsgesin is met *vier* kinders, waarvan sy en die oudste kind maar net agt jaar verskil; die ekstra spanning wat die vyfde (gesamentlike) kind gaan meebring... In die lig hiervan is daar vir hulle gesê: "Julle moet maar nie té positief wees nie, die ware toets kom nog..."


© University of Pretoria

Hulle het egter besluit om hulle hoegenaamd nie aan die opmerkings te steur nie. Wat hulle betref, is en bly hulle huwelik "'n seën uit die hand van God". Magda se kommentaar hierop was:

> *Ons kom albei uit moeilike verhoudings uit, maar danksy die genade van die Here en sy voorsienigheid, het ons paaie gekruis en is ons getroud. Ons is sielsgenote wat mekaar perfek aanvul en elke oomblik van ons saamwees geniet... ons beskou ons saamwees as 'n absolute seën uit die hand van God! Ons kyk nie 'n oomblik terug nie... en weet dit wat vir ons voorlê, gaan net nog beter wees!*

Die gesinne wat aan die navorsing deelgeneem het, is myns insiens almal baie sterk op pad na die 'Beloofde Land' toe, as hulle nie alreeds daar is nie. Hulle beleef God op hulle pad in hulle gesinswees en slaag goed daarin om nie toe te laat dat die 'meerderheidstem' en 'Grimm'ige stories hulle ontmoedig nie.

## 3. DALK VERSKILLENDE GODSBEELDE?

Wat sou die rede daarvoor wees dat een gesin God se teenwoordigheid en betrokkenheid op een manier beleef, terwyl 'n ander gesin God se teenwoordigheid en betrokkenheid op 'n totaal ander manier beleef?

Waarskynlik het dit te doen met mense se 'Godsbeelde'. Volgens Smith (2003:1444) het alle mense sekere 'Godsbeelde' wat mense se ervaring van God en die wyse waarop hulle hulle eie identiteit in verhouding met God belewe, beïnvloed. Hy meen dat daar hoofsaaklik onderskeid gemaak kan word tussen vier basiese Godsbeelde, naamlik 'n monargies-juridiese beeld (God as Koning en Regter), 'n familiebeeld (God as ons Vader), 'n vriendskapsbeeld (God as metgesel, bondgenoot en vertroueling) en die beeld van 'n God van liefde.

Brown (2006:295) en in navolging van hom, Müller (2001:131), verwys óók na verskillende 'Godsbeelde' wat waarskynlik mense se ervaring en optrede beïnvloed. Hulle maak onder andere onderskeid tussen wat hulle noem 'God as bron', 'God as


© University of Pretoria

agent', 'God as geïnkarneerde' en 'God as doel'. Vervolgens sal daar aandag gegee word aan ŉ kort bespreking van elkeen.

- God as Bron

Hieronder word verstaan dat alles by God begin, dat Hy die Skepper en die fondament van alles is en dat sy optrede en sy almag in alle opsigte volmaak is. Alles wat gebeur kan op die een of ander wyse, hoe misterieus dit ook al mag wees, teruggelei word na God toe. Die finale antwoord vir alles lê by Hom. Só ŉ verstaan van God roep die mens op tot ŉ vreugdevolle viering van die onnaspeurbaarheid van alle dinge, ŉ leefwyse van verwondering en dankbaarheid (Brown 2006:295).

- God as Agent

Volgens hierdie verstaan is God soos ŉ marionette-meester; die 'agent' wat agter alles staan wat in die wêreld gebeur. Hy word beskou as die Meester of die Bestuurder van letterlik elke proses in die natuur en geskiedenis. Ons rigting word deur Hom bepaal en aangewys, en die Bybel word beskou as sy 'direkte woorde' aan ons. Gehoorsaamheid wat betref God se wil en leiding, is baie belangrik. By die meeste mense is hierdie die mees algemene Godsbeeld, omdat dit die gerusstelling bied dat daar ŉ Hoër Hand is agter alles wat gebeur. Hierdie einste gerusstelling veroorsaak egter ŉ magdom ander probleme, soos die interpretasie dat ás God in beheer van alles is, dan is Hy mos óók verantwoordelik vir kwaad en lyding?

- God as Geïnkarneerde

Volgens hierdie verstaan van God behoort daar in die eerste plek oor God gedink te word in terme van sy menswording. Klem word gelê op die feit dat God Homself leeggemaak het van sy transendensie/andersheid/goddelikheid en Homself ten volle blootgestel het aan die pyn van die wêreld (Brown 2006:301). By hierdie Godsbeeld word daar dus meer en eerder gefokus op


© University of Pretoria

God se teenwoordigheid in mense se ervaring van pyn en onsekerheid, as op God wat die Bron van alle antwoorde is.

- God as Doel

  By hierdie Godsbeeld word daar gefokus op die opstanding en wederkoms van Jesus en die wyse waarop mense hierdeur bekragtig word. Wat ook al hier op aarde gebeur, word beskou as van mindere belang. Klem word eerder gelê op die feit dat God mense vanuit die toekoms tegemoetkom. Dit gaan dus hier oor 'n leefwyse van afwagting en hoop, wat vergestalt moet word in mense se elke-dag-se manier van leef. Op grond van hierdie verstaan van God, word daar soms ook na hierdie manier van dink verwys as 'n teologie van bevryding of 'n teologie van hoop.

Hoewel ek heeltemal gemaklik is daarmee dat bogenoemde Godsbeelde 'n goeie verklaring bied vir die wyse waarop mense dikwels oor God dink, is dit my beskeie mening dat daar ruimte gelaat moet word vir nog ander maniere van verstaan. Die moontlikheid bestaan selfs dat sommige mense se verstaan van God nie afgegrens kan word tot net één spesifieke Godsbeeld nie, maar dalk eerder 'n kombinasie van twee (of selfs drie) van die genoemde Godsbeelde.

Soos reeds genoem, by die meeste mense (veral Suid-Afrikaners) is die dominante Godsbeeld gewoonlik dié van "God as agent of werkende mag" (Müller 2011:131). By mense met hierdie Godsbeeld gebeur daar gewoonlik twee dinge: hulle probeer om God se guns te wen met hulle gehoorsaamheid en toewyding, en iewers langs die pad word Godsdiens en gebed baiekeer vir hulle 'n manier om God te manipuleer. Die resultaat hiervan is gewoonlik een van twee dinge (Müller 2011:132): óf jy raak arrogant-godsdienstig, omdat jy dink jou aksies en jou gebede beïnvloed vir God, óf jy raak wanhopig en ongelowig omdat dinge nie vir jou uitwerk nie en nie verklaar kan word nie.

Juis in die lig van bogenoemde moet ons dalk versigtig wees om God nie te verskraal tot één spesifieke beeld/metafoor nie. Terselfdertyd moet ons altyd in gedagte hou dat verskillende 'Godsbeelde' nie in die eerste plek iets sê oor die


© University of Pretoria

'absolute' wese van God nie, maar eerder van óns verstaan van Hom, en sy betrokkenheid by ons.

## 4. DIE ROL VAN TAAL?

Nog 'n saak wat 'n invloed het op ons belewenis van God, is natuurlik die taal wat ons gebruik in ons nadenke oor Hom. Volgens Van Huyssteen (1989:128,137,140,168) kan die verhouding tussen taal en ervaring beskryf word as 'n 'wisselwerking'. Hy beklemtoon dat taal nie net die werklikheid weerspieël nie, maar dat taal die werklikheid verteenwoordig en skep. In die lig hiervan sou daar dus nie iets kon wees soos godsdienstige ervarings buite die grense van taal en teorie nie. Die implikasie hiervan is dat nie net ons godsdienstige ervarings nie, maar alle ander intellektuele aktiwiteite, onder andere teologie, sosiokulturele vorms is wat beheer word deur die taal en tradisies van spesifieke groepe.

Jean-Paul Sartre (Lester 1995:27) sluit hierby aan as hy sê:

> ... we live surrounded by our stories and the stories of others, we see everything that happens to us through these stories; and we try to live our lives as if we were telling a story.

Inaggenome die feit dat die geloofsgemeenskap se verskillende diskoerse oor ouerskap binne saamgestelde gesinne, dikwels 'n direkte invloed het op mense se belewenis, sal daar vervolgens eers hieraan aandag gegee word, alvorens daar gereflekteer sal word op die navorsingsgenote se belewenis van God.

## 5. AFDRAAIPAAIE WAT BETREF GOD SE BETROKKENHEID BY OUERS IN SAAMGESTELDE GESINNE

Almal van ons ken waarskynlik die gevoel van verlore wees, van verdwaal. Soms verdwaal mense sommerso op hulle eie. Ander kere gebeur dit dat mense verdwaal as gevolg van verkeerde roete-aanwysings. Hoewel dit soms gebeur, is die persone


© University of Pretoria

wat die verkeerde aanwysings gegee het, gewoonlik darem nie moedswillig nie. Hulle het die pad waarskynlik só aangedui omdat hulle geglo het dit is min of meer die rigting...

Ouers in saamgestelde gesinne is in dieselfde posisie. Soms verdwaal hulle, omdat hulle op hulle eie die pad 'byster' raak... Maar (meer) dikwels verdwaal hulle as gevolg van verkeerde aanwysings: onder andere die idees wat mense verkondig wat betref seën in gesinne, egskeiding en hertroue.

Vervolgens sal aandag gegee word aan hierdie drie afdraaipaaie.

### 5.1 God se seën is gereserveer vir perfekte gesinne

> Second-class citizens. That well sums up how many stepfamilies are made to feel. They don't reflect God's ideal family constellation, so they just aren't quite good enough.
>
> Deal (2010:53)

Een van die grootste foute wat dikwels deur die kerk en gelowiges gemaak word, is om te dink dat God meer en eerder betrokke is by kerngesinne. Gesinne, met ander woorde, waar dinge reg begin het en waar dinge steeds reg verloop. Nie gesinne soos saamgestelde gesinne, waar 'n klomp goed alreeds verkeerd geloop het nie... Dís in elk geval hoe saamgestelde gesinne dit dikwels beleef!

Kyk 'n mens egter na die Bybel, dan kom jy gou agter dat 'perfekte gesinne' die uitsondering, eerder as die reël is:

- In Genesis 4 word daar gelees van Adam en Eva se twee oudste seuns, wat in só 'n magstryd gewikkel was, dat dit op moord uitgeloop het.

- Genesis 9 vertel van Noag wat so dronk geword het, dat hy kaal in sy tent gaan lê en slaap het. Hy was 'n verleentheid vir sy kinders. As gevolg van die manier waarop hy sy kinders behandel het toe hy uiteindelik wakker geword het (seën en vervloek), het hy verwydering en jaloesie tussen die broers veroorsaak.


© University of Pretoria

- Dan is daar natuurlik ook die verhaal van Abraham, die aardsvader, wat sy vrou geforseer het om te jok te wille van sy eie veiligheid. Nie net eenmaal nie, maar sommer tweemaal (Genesis 12:13-20, Genesis 20). Hy het ook hulle lewe gekompliseer met sy instemming om by Hagar te gaan slaap (Genesis 16) en in die proses het hulle gesin die eerste 'saamgestelde gesin' geword waarvan ons in die Bybel lees...

Daar is nog talle soortgelyke verhale in die Bybel. Maar wat belangrik is, is dat ons nêrens lees van God wat sy rug op hierdie gesinne gedraai het nie. God se seën word allesbehalwe gereserveer vir perfekte gesinne. Selfs saamgestelde gesinne mág daarop aanspraak maak.

### 5.2 Egskeiding is ŉ 'onvergeeflike sonde'

Daar is talle teksgedeeltes[6] in die Bybel wat egskeiding verbied. Louw (1986:17-23) gee ŉ volledige eksegetiese verduideliking ten opsigte van elkeen van hierdie tekste, en kom dan tot die volgende gevolgtrekking (Louw 1986:25):

> Egskeiding is voor God sonde. Daarom staan die persoon wat skei, skuldig voor God [...] ons [kan] die skuldbeginsel in egskeiding nie ignoreer nie.

Die feit dat egskeiding sonde is, staan vas. Hieroor hoef daar nie eens verder geredeneer hoef te word nie. Die saak wat wel aangespreek behoort te word, is die algemene opvatting by ŉ klomp mense (baiekeer selfs gelowiges) dat dit ŉ *onvergeeflike* sonde is. Volgens Deal (2010:51) is dít die rede waarom mense baiekeer nie glo dat hulle geregtig is op God se liefde en vergifnis nie.

Dit is my mening dat ons – en elke saamgestelde gesin wat dalk soms hieroor wonder – kennis sal neem van een van die mees treffende tekste in die Bybel oor God se genade, naamlik Romeine 5:6-9 (Die Bybel, 1983):

> [6]Toe ons nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde

[6] Deut 24:1-4, Mark 10:2-9, Matt 5:32, Matt 19:9, 1 Kor 7:15


© University of Pretoria

> tyd vir goddeloses gesterwe. [7]'n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir 'n regverdige nie. Ja tog, vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe. [8]Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. [9]Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van sy versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die straf van God gered sal word.

Teksgedeeltes soos dié behoort die kerk en geloofsgemeenskap aan te spoor om ŉ baie groter rol te vervul wat betref die verkondiging van God se genade, as wat hulle op dié stadium doen. Te veel saamgestelde gesinne gaan steeds gebuk onder gevoelens van onsekerheid, verwarring en selfs verwerping deur God, omdat hulle nie óók geleer is van ŉ genadige en vergewensgesinde God nie.

### 5.3 Hertroue is teen die wil van God

Soos wat daar tekste in die Bybel is wat egskeiding verbied, netso is daar ook tekste[7] wat hertroue verbied. Die rasionaal hieragter is dat ŉ tweede huwelik die pad na versoening en herstel, ná egskeiding, onmoontlik maak (Louw 1986:57). Die prinsipiële standpunt wat die Skrif wil beklemtoon, is: moenie skei nie en moenie weer trou nie. Volg die pad van versoening end-uit en moenie enigiets doen om dit in die wiele te ry nie.

Louw (1986:58) maak nietemin ook die volgende opmerking:

> Die vervulling van die roeping tot ŉ huwelik bly ŉ opdrag in reaksie op Gods genade en gehoorsaamheid aan die wet. Indien sonde egter hierdie verantwoordelikheid begrens en laat misluk, beteken dit egter nie ŉ nuwe kasuïstiek nie, naamlik jy mag *nooit* [hy kursiveer] weer trou nie. Christus het inderdaad ook vir die sonde van egskeiding gesterf sodat langs die pad van berou en vergifnis ŉ nuwe begin in Christus tog moontlik is.

[7] Vgl Matt 5:32, Matt 19:9, 1 Kor 7:11, Luk 16:18, Rom 7:3


© University of Pretoria

Ek wil dit waag om te sê dat een van die grootste oorsake vir die vestiging van die talle negatiewe persepsies betreffende egskeiding en hertroue, ongelukkig die kerk en geloofsgemeenskap se passiewe hantering hiervan is. Sommer nog onlangs, toe ek vir iemand vertel van die navorsing waarmee ek besig is, was sy reaksie: "Ek is nogal jammer vir sulke mense... maar die kerk kan tog nie 'n bediening vir saamgestelde gesinne wil begin nie, want dit gaan die verkeerde beeld uitdra... mense sal dink die kerk moedig egskeiding en hertroue aan!"

Hiermee wil ek nie sê dat die kerk oor die sonde van egskeiding en hertrou moet swyg nie, maar die kerk mag ewe min swyg oor die werklikheid van berou en vergifnis by God!

## 5.4 Samevattende refleksie wat betref algemeen-geldige diskoerse

Die wyse waarop mense dink en praat oor God, het waarskynlik álles te doen met hulle Godsbeeld. Vir mense wat God beskou as 'Regter' of as 'Agent', sal dit bloot logies wees dat Hy sy seën sal reserveer vir 'perfekte gesinne' en dat mense wat hulle skuldig maak aan egskeiding en/of hertrou, daarom nie kan verwag dat dit met hulle sal goed gaan nie.

Dit is myns insiens dringend nodig dat die kerk meer klem behoort te lê op 'God as Geïnkarneerde'. Die wêreld het nodig om te hoor van Jesus se menswording; die feit dat Hy onder ons en tussen ons kom woon het, as Metgesel. Klem behoort ook gelê te word op die feit dat Hy juis gekom het om dié wat siek is, gesond te maak (Markus 2:17). Kerke is nie veronderstel om te wil besluit óf en wanneer mense kwalifiseer vir vergifnis nie; hulle word bloot opgeroep om dit te verkondig.

In Johannes 1:14a, 16 (Die Bybel, 1983) lees ons: "[14]Die Woord het mens geword en onder ons kom woon... [16]Uit sy oorvloed het ons almal genade op genade ontvang."

Jakobus 4:12 (Bybel, 1983) beklemtoon dieselfde gedagte: "[12]Daar is egter maar een Wetgewer en Regter, en dit is Hy wat die mag het om te red en te verdelg. Maar jy, wie is jy om regter te speel oor jou naaste?"


© University of Pretoria

# 6. REFLEKSIE OP DIE NAVORSINGSGENOTE SE GODSBELEWENISSE

## 6.1 Refleksie op Michael en Sanet se belewenis van God

Sanet is baie eerlik oor haar emosies en haar belewenis van God. Sy hou hoegenaamd nie 'n prentjie voor van "as God by jou is, dan sal alles altyd goed gaan!" nie. Sy en Michael verstaan dat God nie soos die 'genie' in die sprokiesverhaal 'Aladdin' is nie; dat hulle Hom nie kan nadertrek en wegbêre soos en wanneer dit hulle pas nie. Hulle bely nietemin dat hulle wéét Hy het die mag om dinge te verander, maar dat Hy om redes wat hulle nie altyd verstaan nie, dit nie noodwendig doen nie. Juis daarom bly hulle bid vir mekaar en vir hulle gesin. Dit is ook duidelik dat hulle (veral Sanet) nie aan God dink as 'n 'Regter' nie, daarom is sy eerlik oor haar 'sukkel om te vergewe' en God se begrip vir haar 'op-pad-wees'.

Michael en Sanet se belewenis van God se teenwoordigheid dra myns insiens beslis by tot hulle positiewe ouerskap-hantering. Ek is oortuig dat die Beloofde Land vir hulle in sig is... as hulle nie alreeds daar is nie!

## 6.2 Refleksie op Jaco en Naomi se belewenis van God

Jaco en Naomi is eerlik oor die feit dat hulle reis nie altyd ewe voorspoedig verloop nie; soms gebeur dit dat hulle met moeilike situasies gekonfronteer word. Hulle hanteringsmeganisme in sulke situasies, is om met God te praat. Veral Naomi maak dit baie duidelik dat sy gló gebed kan die wêreld verander.

Hierdie ouerpaar se belewenis van God is 'n besliste anker in hulle lewe. Hulle worstel beslis nie onnodig met verlede-gebeure, of diskoerse wat hulle beperk in hulle verwagting van God se seën nie.

## 6.3 Refleksie op Thys en Louisa se belewenis van God

Hoewel Thys en Louisa sekere aanpassings verwag het, was die werklikheid waarmee hulle gekonfronteer is, totaal anders as wat hulle (veral Louisa) verwag het. Hulle is baie eerlik oor die feit dat hulle nie altyd alles verstaan nie en dat,


© University of Pretoria

hoewel hulle dikwels daaroor bid, daar steeds kwessies is wat aandag behoort te geniet. My gesprek met hulle het my dadelik laat dink aan die treffende woorde wat gospelsanger, Piet Smit, by geleentheid in die omslag van een van sy CD's[8] geskryf het:

> Ek glo daar is twee soorte Christene.
>
> Eerstens:- die klein groepie wat dit regkry om in oorwinning te lewe en God se liefde elke dag tasbaar te ervaar.
>
> En tweedens:- die res van ons. Ons wie se dierbares kanker kry en doodgaan. Ons wat sukkel met ons huwelike. Ons wat ons werk verloor en wie se motors gesteel word. Ons wie se ouers op straat aangerand word. Ons wat bitter koud kry in die winter van ons omstandighede ten spye daarvan dat ons die Here voluit dien.
>
> ... My gebed vir jou is dat die Here jou sal help om jou winter te gebruik om in geloof nader aan Hom te groei. Ek glo dis die rede waarom Hy ons omstandighede toelaat.

Ek het nogal iets hiervan by Thys en Louisa beleef: dat hulle vertroue ín, en hoop óp God, steeds die mees prominente bakens in hulle ervaring van God op hulle reis as ouers in ŉ saamgestelde gesin is.

## 6.4 Refleksie op Danie en Magda se belewenis van God

Danie en Magda is deeglik bewus van die Here se genadige betrokkenheid in elke faset van hulle lewe. Inaggenome die wyse waarop hulle oor God praat en sy teenwoordigheid beleef, is hulle primêre Godsbeeld waarskynlik dié van 'God as Geïnkarneerde'. Hoewel hulle, uit die aard van hulle gesinswees, soms met situasies gekonfronteer word wat noodwendig voortvloei uit verlede-verbintenisse, worstel hulle nie onnodig daarmee nie. Trouens, hulle is absoluut onder die indruk van God se vergifnis. Hulle bely ook dat dit juis hierdie vergifnis is wat maak dat

[8] My gebed vir jou, 1997, Glenstantia: Maranatha Platemaatskappy


© University of Pretoria

hulle elke dag sinvol en met hoop kan leef. Nog ʼn aspek van hulle ervaring van God, is hulle gedurige bewustheid van sy seën. Hulle slaag daarin om meer hierop te konsentreer, as op die dinge wat soms skeefloop.

## 7. MOONTLIKE BAKENS BY OUERS IN SAAMGESTELDE GESINNE SE REIS OP WEG NA DIE BELOOFDE LAND

### 7.1 God is by saamgestelde gesinne... spesifiek ook ín die woestyn

Nadat die Here vir Moses en die Israeliete bevry het van die leërmag van die Farao (Eksodus 14:15-31), lees ons dat hulle weggedraai het van die Rietsee af en deur die Surwoestyn getrek het. Hulle het drie dae lank getrek sonder enige water, omdat die water oral bitter was. Hulle het toe weer begin kla en wéér het die Here hulle tegemoet gekom, deurdat Hy die bitter water soet laat word het (Eksodus 15:22-27). Kort daarna het hulle toe deur die Sinaiwoestyn getrek en daar het presies dieselfde gebeur: dié keer het die volk gekla dat hulle nie kos het nie en wéér het die Here in hulle behoefte voorsien (Eksodus 16:1-21). Die Here het dus nie die Israeliete se ‘woestyn’ weggevat nie, maar in die woestyn was Hy by hulle en het Hy hulle dag vir dag gedra.

Miskien sou ʼn beeld soos hierdie ʼn merker kon wees in saamgestelde gesinne se reis? Die gesinne wat aan die navorsing deelgeneem het, het dié gedagte nogal dikwels in ons gesprekke beklemtoon: dat hulle reis nie altyd ewe maklik is nie, maar dat hulle wéét die Here sal hulle uit die toekoms tegemoet kom op pad na die Beloofde Land toe. Dit mag dalk soms gebeur dat die bitter water miskien nie dadelik soet word nie, maar danksy God se betrokkenheid by ouers in saamgestelde gesinne, kán hulle hulle reis met moed en hoop aanpak!

Moed en hoop stel mense in staat om te droom oor ʼn beter toekoms. Müller (2000:99) beklemtoon hierdie selfde gedagte, hoewel hy dit net in ander woorde stel. Hy gebruik die begrip ‘verbeelde toekomsverhaal’ en maak die volgende opmerking:


© University of Pretoria

> Die verbeelding van ŉ toekomsverhaal is ŉ kragtige middel tot verandering in die hede. Daardeur kan mense weer gehelp word om motivering, opgewondenheid en doelgerigtheid te herwin.

Mense wat op welke wyse ook al betrokke is by saamgestelde gesinne, behoort hulle te help om bewus te raak van só ŉ moontlike 'verbeelde toekomsverhaal'.

### 7.2 God sorg dag-vir-dag, ook vir saamgestelde gesinne

In Eksodus 16:4 sê die Here uitdruklik vir Moses (Die Bybel, 1983):

> ... Ek sal elke keer vir julle kos uit die hemel laat reën. Dan moet die volk elke dag gaan en dié dag se voorraad optel ...

Dit was vir my opvallend dat twee van die vier gesinne wat as navorsingsgenote opgetree het (Thys en Naomi, sowel as Jaco en Louisa), iewers in ons gesprekke genoem het dat hulle dikwels ervaar dat die Here van dag-tot-dag en soms nét betyds vir hulle sorg.

Miskien – het ons op ŉ stadium vir mekaar gesê – is die probleem dat ons baiekeer vandag reeds die oplossing wil hê op ses maande verder se probleme? Miskien moet ons eerder bewus raak van vandag se 'wonderwerke' wat ons in staat wil stel om vandag te hanteer? Miskien moet ons dankbaar wees vir nóú en minder bekommerd wees oor môre?

Dit het my dadelik laat dink aan Müller (2000:64) se opmerking oor wat hy noem 'magic' en verantwoordelikheid: "*Magic* (hy kursiveer) staan nie teenoor verantwoordelikheid nie, dit fasiliteer juis verantwoordelikheid.*"*

In saamgestelde gesinne behoort ouers bewus te wees van dié *magic* – God wat vir hulle sál sorg – maar hulle het ook die verantwoordelikheid om vandag aan te gryp en juis nie moedeloos te word omdat hulle nog nie die antwoorde (die *magic*) van more ken nie.


© University of Pretoria

## 7.3 Jou verlede-foute hoef nié jou toekoms te bepaal nie

Müller (2000:111) wys daarop dat ŉ ontkenning van die verlede net so goed is soos om ŉ huis (die toekomsstorie) te probeer konstrueer sonder om al die nodige stene te hê. Daarom is dit nodig om verlede-gebeure te hanteer en te herinterpreteer.

In saamgestelde gesinne is daar gewoonlik ŉ klomp sulke stene, soos byvoorbeeld woede/frustrasie teenoor ekse, selfvergifnis, vergifnis van ander mense en die hantering van gevoelens van mislukking, om maar net enkeles te noem.

Vanuit die verhale van die navorsingsgenote, blyk dit dat dit juis hulle hantering hiervan was, met spesifieke verwysing na vergifnis, wat op die ou-end ŉ beslissende rol gespeel het, en steeds speel, in hulle positiewe ouerskap-belewenisse.

Persone wat op welke wyse ook al betrokke is by ouers in saamgestelde gesinne, behoort daarom spesiale moeite te doen om saamgestelde gesinne hiervan bewus te maak. ŉ Deeglike hantering van verledeverhale verhoed nie net verduisterde toekomsverhale nie; dit rus ook die betrokkenes toe om vanuit ŉ bewustheid van God se vergifnis te leef, sodat skeefgetrekte diskoerse oor sake soos sonde, egskeiding en hertroue nie hulle toekoms onnodig belemmer nie.

## 7.4 Dankbaarheid en hoop as dryfkrag vir die reis wat voorlê

Onsekerheid in die woestyn en vrees vir die toekoms, het daartoe gelei dat die volk Israel op ŉ stadium gedink het dit sal beter wees om eerder terug te gaan Egipte toe.

In die tyd waarin ons leef, is onsekerheid of selfs vrees wat die toekoms betref, allesbehalwe vreemd. Net soos by die volk Israel, veroorsaak hierdie vrese dat mense baiekeer nie kans sien vir die pad wat voorlê nie. Ongelukkig is dit iets wat veral maklik by ouers in saamgestelde gesinne kan gebeur: slegte hede-ervarings maak dat hulle soms nie kans sien vir die pad wat voorlê nie, dat hulle ŉ houding inneem van “ek weet nie wat die toekoms inhou nie, maar ek wil ook nie eintlik weet nie...”


© University of Pretoria

In ŉ pastorale betrokkenheid by ouers in saamgestelde gesinne behoort daar spesiale moeite gedoen te word met ouers "who are running out of a future story. Creative interventions focus on enabling persons to recognize the vacuum created when they accomplish or give up a future story. We represent the God who at any moment is calling us into a new future" (Lester 1995:76).

Lester (1995:114) sê voorts dat "[e]ven when the future stories we uncover are frightening, the act of making them speakable seems to energize pastoral conversation at any level from supportive pastoral care to pastoral psychotherapy."

Na aanleiding van die gesprekke met die gesinne wat opgetree het as navorsingsgenote, is dankbaarheid ("vir waar ons reeds is, danksy God...") en hoop ("omdat God saam met ons beweeg en die wêreld kán verander") geïdentifiseer as twee sake wat ŉ belangrike rol gespeel het in hierdie gesinne se reis-ervaring, nie net wat betref hulle onmiddellike belewenis van God nie, maar ook wat betref hulle toekomsverwagting.

Trouens, na aanleiding van ons gesprekke en op grond van die ouers se belewenisse, is daar saam besluit dat dankbaarheid en hoop 'dryfkragte' genoem sou kon word op ouers in saamgestelde gesinne se reis.

Louw (2002:30-32) sluit hierby aan met sý beklemtoning van die feit dat 'hoop' ŉ belangrike merker in enige pastorale gesprek behoort te wees, as hy sê:

> The central questions now facing pastoral therapy are: how can people be helped to rediscover meaning in life so that their lives could attain a future element? How can people regain purposeful lives which are focused on the future? Is it possible to direct a condition of hopelessness towards responsible choices about future behaviour? Is it possible to change a condition of despair into a condition of hope in which the person could discover security in life and conquering fear of the future? Answers to such questions are extremely problematic because they affect an essential aspect of daily human life: our capacity for constructive anticipation and expectation. Pastoral therapy applies the basic hypothesis that positive and purposeful anticipatory behaviour is essential


© University of Pretoria

> for constructive coping strategies. A further hypothesis is that Christian hope which deals with the eschatological perspective, is able to generate anticipatory behaviour. This effects a purposefulness on human behaviour, thereby enabling parishioners to deal effectively with anxiety, guilt and fear of death.

Betrokkenheid by saamgestelde gesinne vra dus sensitiwiteit vir gebeure/faktore wat moontlik mag lei tot gevoelens van hopeloosheid. Volgens Lester (1995:74-82) is daar ŉ hele aantal faktore waarop daar gelet behoort te word, naamlik:

- die afwesigheid van ŉ toekomsstorie;
- die bereiking van die einde van ŉ toekomsstorie;
- mense se onwilligheid om hulleself te wees wat betref hulle situasie/verhaal;
- ŉ onwilligheid om die verlede en/of toekoms te hanteer;
- ŉ beperkende perspektief wat betref die hede;
- ŉ beperkende perspektief wat betref die toekoms;
- ervarings van leegheid;
- negatiewe godsbeelde.

Indien enige van hierdie sake by ouers in saamgestelde gesinne geïdentifiseer word, behoort daar moeite gedoen te word met die hantering hiervan ter wille van die vestiging van hoop, want “hope is a powerful force for change. Hope involves new perspectives and possibilities when all seems lost. Hope is an antidote for despair. It is the faith that life will rise out of death” (Fuller-Rodgers 2002:99).

Dit is nodig dat ouers in saamgestelde gesinne daaraan herinner sal word dat “the present moment is coming toward us from a future filled with possibilities” (Lester 1995:78).

Die ander belangrike ‘dryfkrag’ naas hoop, is dankbaarheid. Volgens Emmons (2010) is dankbaarheid een van die mees transformerende ingesteldhede by mense. Hy maak ŉ aantal insiggewende aannames oor dankbaarheid, wat myns insiens ŉ belangrike rol kan speel in die begeleiding van saamgestelde gesinne, soos onder andere dat:


© University of Pretoria

- dankbaarheid ons help/bemagtig om die hede te vier;

Alles loop nie noodwendig verkeerd by saamgestelde gesinne nie. Ouers in saamgestelde gesinne behoort begelei te word om die positiewe – God se betrokkenheid by hulle – raak te sien en dit te vier. Emmons (2010) sê:

> ... I think gratitude allows us to participate more in life. We notice the positives more, and that magnifies the pleasures you get from life…

- dankbaarheid ŉ teenvoeter is vir negatiewe emosies;

Ouers in saamgestelde gesinne behoort aangemoedig te word om met dankbaarheid te leef, want dít sal hulle in staat stel om minder te konsentreer op die slegte verlede-gebeure. In die woorde van Emmons (2010):

> ... If you're grateful, you can't resent someone...

Die saak wat beklemtoon word, is dat dankbaarheid mense aanspoor tot ŉ bewustheid van die helende krag van vergifnis en versoening.

- dankbare mense spanning beter hanteer;

ŉ Bewustheid van God se saamloop met mense in die 'alreeds', lei nie net tot dankbaarheid wat betref die hede nie, maar het ook tot gevolg dat mense minder gespanne is oor die 'nog-nie'. Gesinne wat dankbaar is oor die hede, sal vanselfsprekend minder bekommerd wees oor die toekoms, omdat hulle weet dat God, wat hulle in die hede dra, hulle ook in die toekoms sal dra. In die woorde van Emmons (2010):

> I believe gratitude gives people a perspective from which they can interpret negative life events... (Emmons, 2010).


© University of Pretoria

- dankbare mense minder met eiewaarde worstel.

Dankbare ouers is vanselfsprekend meer bewus van God se genadige en ondersteunende betrokkenheid by hulle, met as resultaat dat sulke ouers nie onnodig worstel met die wyse waarop die verlede hulle 'status' by God aangetas het nie. In die woorde van Emmons (2010):

> ... recognize the contributions that other people have made to your life... (Emmons, 2010).

## 8. LAASTE-MINUUT GEDAGTES

In my jonger dae het my ouers – byna elke keer wat ek alreeds in die voertuig was, op pad om te ry, gou by die huis uitgehardloop en vir oulaas 'n paar aanwysings gegee. Gewoonlik het hulle goed gesê soos: "Wees versigtig!" en "Kyk tog mooi..." (Ek moet darem sê: dít het hoofsaaklik gebeur kort nadat ek my bestuurderslisensie verwerf het).

Na aanleiding van my betrokkenheid by saamgestelde gesinne wil ek hier afsluit met twee sulke "Wees versigtig!" of "Kyk tog mooi..." opmerkings.

Die eerste opmerking is 'n woord van bemoediging, waarop ek afgekom het tydens die navorsingsproses. Vir my was dit 'n treffende opmerking wat moontlik met groot vrug gebruik kan word in die begeleiding en bemoediging van ouers in saamgestelde gesinne. Adkins (2004:10) sê in die voorwoord van haar boek, *I'm not your kid*:

> While the Bible doesn't contain a specific book on how to make it as a stepfamily, God still has 'n plan. Stepfamilies with a clear vision of the possibilities and commitment towards God's dream in God's way will see broken lives rebuilt, restored, and made useful in passing along the faith to future generations. These families also will add to their own life greater fulfillment.


© University of Pretoria

Die tweede opmerking wat ek wil maak, is 'n woord van bemoediging, na aanleiding van die verloop van my betrokkenheid by die navorsingsgenote. Sáám sou ons graag vir (voornemende) ouers in saamgestelde gesinne wil sê:

*As daar een boodskap is wat julle as saamgestelde gesinne baie duidelik moet hoor, dan is dit die feit dat daar wél vir julle 'n Beloofde Land bestaan! Op julle lewensreis soontoe kan julle met sekerheid wéét dat God elke oomblik bý julle sal wees. Hy, wat Homself openbaar as die "Ek-is-God", Hy ís ook julle metgesel.*

*Moenie dat julle verlede, óf die hede, óf enigiets, óf enigiemand, julle ooit hieraan laat twyfel nie!*

*Luister na die Here, vertrou Hom, en hou áán om die pad in geloof te stap. Selfs te midde van 'n see vol probleme, kán Hy ook vir julle 'n droë pad bewerk. Soos wat Hy die Israeliete by geleentheid gelei het, so sal Hy ook vir julle, dag na dag, die pad aanwys. Soms gaan Hy meer sigbaar wees en ander kere dalk minder sigbaar, maar weet dat Hy daar is.*

*Hou ook ingedagte dat Hy op presies die regte tyd opdaag, dat Hy die bitter water van die lewe kan soet maak, en dat Hy in julle behoeftes kan en wil voorsien.*

*Daarom moet julle Hom bly vertrou. Wees gedurig op die uitkyk vir die bakens van sy betrokkenheid in julle lewe, en vier as gesin die momente van sy seën in julle lewe!*

*Moenie (soos so baie ander saamgestelde gesinne), selfs net oorweging daaraan skenk om die reis vooraf te beëindig nie! Want in die proses gaan julle bloot uitmis op die seën van die Here. Vat God se hand, en loop die pad met entoesiasme.*


© University of Pretoria

## 9. SAMEVATTING

Mense se God-belewenisse en hulle gepaardgaande ervaring van sy betrokkenheid by hulle, speel ŉ besliste rol in hulle ouerskap-belewenisse.

In dié hoofstuk is die metafore ‘Egipte’, ‘Woestyn’ en ‘Kanaän’ geïdentifiseer as moontlike merkers in saamgestelde gesinne se reis-belewenisse, met verwysing na hulle ervaring en belewenis van God as Metgesel op hulle reis.

Daar is ook aandag gegee aan die moontlike afdraaipaaie, wat soms veroorsaak dat ouers in saamgestelde gesinne se reis minder voorspoedig verloop.

In oorleg met die navorsingsgenote is daar hierna ŉ aantal bakens uitgewys, wat moontlike merkers sou kon wees in ouers (in saamgestelde gesinne) se reis-ervarings.

In die volgende hoofstuk sal daar aandag gegee word aan ŉ interdissiplinêre gesprek, ter wille daarvan om die insette van respondente uit ander vakdissiplines ook te verreken in die verhaal van ouers in saamgestelde gesinne.


© University of Pretoria

# HOOFSTUK 5

# INTERDISSIPLINÊRE GESPREKVOERING / TRANSVERSALE RASIONALITEIT

## 1. INLEIDING

In hoofstuk 4 is daar aandag gegee aan die vyfde beweging van ŉ post-fundamentele prakties-teologiese metodologie. Ondersoek is ingestel na ouers in saamgestelde gesinne se God-belewenisse en hulle ervaring van God se betrokkenheid in hulle gesinswee,s met spesifieke verwysing na hulle ouerskap. Daar is tot die slotsom gekom dat gesinne met ŉ bewustheid van 'God as Metgesel' op hulle lewenspad, beslis meer positiewe ouerskap-belewenisse het. Moontlike bakens is voorts geïdentifiseer wat ouers se reisverhaal moontlik kan vergemaklik.

In dié hoofstuk sal daar vervolgens aandag gegee word aan die sesde beweging van ŉ post-fundamentele prakties-teologiese metodologie, wat behels dat daar ondersoek ingestel sal word na ŉ moontlike wyer verstaan van ouerskap-belewenisse in saamgestelde gesinne, by wyse van ŉ interdissiplinêre ondersoek.

Müller (2005:85) beskryf hierdie beweging in die navorsingsproses soos volg:

> Interdisciplinary work is complicated and difficult. Language, reasoning strategies, contexts, and ways of accounting for human experience differ greatly between the various disciplines. Therefore no one-size-fits-all methodology can be applied. But this interdisciplinary movement is part and parcel of Practical Theology. It includes the conversation with other theological disciplines and with other relevant disciplines. The researcher has to listen carefully to the various stories of understanding and make an honest effort to integrate them all into one.


© University of Pretoria

## 2. MOTIVERING VIR 'N INTERDISSIPLINÊRE GESPREK

Die wetenskaplikheid van praktiese teologie as normatiewe vakdissipline, is veral die afgelope eeu dikwels bevraagteken (Müller 2005:73). Dit het daartoe aanleiding gegee dat praktiese teoloë só ingestel geraak het op die handhawing van praktiese teologie se akademiese en wetenskaplike status naas die ander teologiese dissiplines, dat praktiese teologie in die proses ongelukkig al hoe meer van 'n akademiese handeling geword het, met al hoe minder belangstelling in die alledaagse praktyk. Vandag nog is dít waarskynlik een van die grootste uitdagings van navorsing in praktiese teologie: om die eis van wetenskaplikheid te slaag, maar terselfdertyd steeds deeglik rekening te hou met die 'praktyk'.

In die lig hiervan het daar veral gedurende die laaste ongeveer vier dekades 'n behoefte ontstaan vir 'n praktiese teologie wat op 'n nuwe en opwindende manier ,by wyse van gesprekvoering met ander dissiplines, die uitdagings van teorie sowel as praktyk ernstig opneem (Willows & Swinton 2000:9).

Volgens Van der Ven (1993:89-112) is daar basies vier maniere waarop só 'n gesprekvoering tussen teologie en ander wetenskappe kan plaasvind, naamlik monodissiplinêre gesprekvoering, multidissiplinêre gesprekvoering, intra-dissiplinêre gesprekvoering en interdissiplinêre gesprekvoering.

- By 'n monodissiplinêre benadering word daar vir slegs 'n enkele dissiplinêre gesprek ruimte gemaak. Só 'n gesprek vind gewoonlik plaas op 'n deduktiewe wyse, met min ruimte vir enige betrokkenheid of insette van ander wetenskappe. Toegepas op praktiese teologie sou dit beteken dat slegs die Bybel en die leer van die kerk, regstreeks aangewend kan word vir die praktyk van religieuse handelinge.

- 'n Multidissiplinêre benadering maak ruimte vir die insette van 'n verskeidenheid van vakdissiplines, maar sonder enige interaksie tussen die verskillende dissiplines. Toegepas op praktiese teologie betelen dit dat daar kennis geneem word van die insette van ander wetenskappe, maar dat teologie steeds die laaste woord spreek.


© University of Pretoria

- By ŉ intra-dissiplinere benadering word daar ruimte gelaat om konsepte, metodes en tegnieke by ander wetenskappe te leen en te integreer. Hoewel hierdie benadering ruimte bied vir ŉ interdissiplinêre gesprek, is dit steeds nie ŉ volwaardige interdissiplinêre gesprek nie, omdat die persoon wat die gesprek lei, steeds die 'outoriteit' het om te besluit watter konsepte, metodes en tegnieke geïntegreer sal word, en watter nie.

- ŉ Interdissiplinêre benadering laat ruimte vir ŉ volwaardige gesprek tussen twee of meer vakdissiplines.

Volgens Van der Ven (1993:98) is daar basies twee benaderings tot ŉ interdissiplinêre gesprek, naamlik *dialogue intérieur* en interpersoonlike interdissiplinariteit.

Die eersgenoemde, *dialogue intérieur,* behels 'n interdissiplinêre gesprek tussen teologie en sosiale wetenskap "in one and the same person" (Van der Ven 1993:98).

Die tweede, interpersoonlike interdissiplinariteit, behels 'n interdissiplinêre gesprek tussen verskeie mense, byvoorbeeld tussen meer as een teoloog en meer as een sosiale wetenskaplike.

Dis belangrik om te verstaan dat ŉ interdissiplinêre benadering in praktiese teologie nie net ten doel het om teorie en praktyk te balanseer nie; dit moet ook die gehalte van navorsing in praktiese teologie bevorder. Daarom behoort ŉ interdissiplinêre benadering by praktiese teologie nie net diverse teologiese dissiplines betrek nie, maar ook ander terreine van akademiese kennis wat op die een of ander manier verband hou met die onderwerp wat nagevors word.

Van Huyssteen (2006:9) beklemtoon dat dít juis die doel van interdissiplinêre dialoog is en behoort te wees:

> ... to bring together disciplines or reasoning strategies that may have widely different points of reference, different epistemological foci, and different experiential resources.


© University of Pretoria

Volgens Osmer (2006:339-342) is daar basies drie modelle aan die hand waarvan só ŉ interdissiplinêre gesprek kan plaasvind, naamlik die korrelasie benadering, die transformasie benadering en die transversale benadering.

Die *korrelasie benadering* word onder andere gevind in die werk van Don Browning, Johannes van der Ven en James Fowler. Die uitgangspunt by hierdie benadering, is teologie "standing in a mutually influential relationship to the intellectual resources and/or emancipatory praxis of culture" (Osmer 2006:339).

By hierdie benadering sal praktiese teologie dus nie net na ander dissiplines luister in ŉ poging om van hulle te leer nie, maar sal dit self ook ŉ wesenlike bydrae tot die gesprek lewer. Die fokus is dus ŉ wedersydse beïnvloeding van en kritieklewering op mekaar, en nie bloot ŉ eensydige monoloog nie (Osmer 2008:165).

Die *transformasie benadering* word onder andere in die werk van James Loader en Deborah van Deusen Hunsinger gevind. Hierdie benadering behels dat die praktiese teoloog "must thus become bilingual (or perhaps multilingual if engaging psychology, social science, biology, neuroscience, physics, and so forth), allowing the social sciences to have their say about social reality while retaining the distinctive language and disciplinary perspective of theology" (Osmer 2006:340).

ŉ Metafoor wat soms gebruik word vir die transformasie benadering in ŉ poging om die dialoog tussen teologie en ander domeine uit te beeld, is ŉ gesprek tussen mense wat verskillende tale praat. Die belangrikste uitgangspunt by dié benadering is transformering, oftewel "what is learned from another field by placing it in a different disciplinary context" (Osmer 2008:168).

Een van die grootste punte van kritiek teen dié benadering is die feit dat die persoon en hoedanigheid van die praktiese teoloog steeds ŉ té belangrike rol speel in die keuse en benutting van die verskillende perspektiewe wat tydens die interdissiplinêre gesprek na vore gekom het (Van Den Berg 2010:76)

Die derde benadering tot interdissiplinêre gesprekvoering, die sogenaamde *transversale benadering*, kom veral voor in die werk van die filosofiese teoloog


© University of Pretoria

Wentzel van Huyssteen, wat op sy beurt weer deur Calvin Schrag se verstaan van transversaliteit beïnvloed is (Van Den Berg 2010:76).

Stone (2006:1146) beskryf die betekenis van ‘transversale rasionaliteit’ soos volg:

> Transversality is a mathematical metaphor. A transverse line cuts across two or more geometric figures. It is to be thought of as between the universality of an infinite line and the specific location of a line segment. The metaphor refers to a specific conversation between disciplines, in between universal rationality and incommensurability. It is a reaction against both methodological imperialism and isolated language games and does this by resting on overlapping concerns.

ŉ Onderskeidende kenmerk by die transversale model, is dus die feit dat algemeen-geldige stellings wat betref die verhouding tussen teologie en ander vakdissiplines, *inter alia*, vermy word (Van Den Berg 2010:76). In die plek hiervan is daar nou “a more local or concrete account of the ways particular perspectives and persons intersect one another, overlapping in some ways and diverging in others” (Osmer 2006:341).

Transversaliteit is persoon- en perspektiefspesifiek, in dié opsig dat dit die areas van oorvleueling en afwyking in ’n dialoog tussen spesifieke mense of perspektiewe ondersoek (Osmer 2008:172).

Aangesien die transversale benadering die beste inpas by dié navorsingsproses, sal die interdissiplinêre gesprek aan die hand van dié benadering plaasvind.

## 3. MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN VAKDISSIPLINES MET DIE OOG OP ‘N INTERDISSIPLINÊRE GESPREK

Praktiese teologie is veronderstel om vloeibaar en dinamies te wees, sodat dit met gemak tussen verskillende studievelde kan beweeg (Müller 2013:1). Dit mag byvoorbeeld gebeur dat daar die een oomblik nog van praktiese teologie verwag word om op die kontinuum van byvoorbeeld Dogmatiek te beweeg, net om die


© University of Pretoria

volgende oomblik op die terrein van die kunste te beweeg. Dit is egter belangrik om te verstaan dat dié soort bewegings te alle tye geïnformeer moet word deur die spesifieke, plaaslike konteks. In die woorde van Müller (2013:1):

> Therefore the practical theologian transforms his or her form: sometimes he or she takes the shape of an exegete or a dogmatist; at other times, he or she is camouflaged as an artist and a poet.

Inaggenome die feit dat moderne praktiese teologie beskou word as ŉ wetenskap wat Christelike godsdiens bestudeer soos wat dit neerslag vind in die alledaagse handeling van mense, is dit onvermydelik dat praktiese teologie swaar sal leun op ŉ verskeidenheid van sosiale wetenskappe (Müller 2013:2).

Die spesifieke konteks van dié studie, naamlik ouerskap in saamgestelde gesinne, asook die navorsingsgenote se insette en terugvoer, het ŉ beslissende rol gespeel in die keuse van respondente met die oog op ŉ interdissiplinêre gesprek. Daar is besluit op ŉ interdissiplinere gesprek tussen Praktiese Teologie en respondente vanuit vier ander terreine, naamlik Maatskaplike Werk, Sielkunde, Leefstyl-afrigting en Opvoedkunde.

## 4. ŉ UITNODIGING AAN DIE RESPONDENTE

Volgens Müller (2009:227) behoort ŉ interdissiplinêre gesprek met die oog op transversale rasionaliteit, ingelei te word met oop-einde vrae. In sy beredenering oor moontlike vrae vir so ŉ gesprek, stel hy drie vrae voor. Inaggenome sy voorstel, maar toegepas op die unieke aard van dié studie, is die betrokke respondente uitgenooi om vanuit hulle onderskeie vakdissiplines op die volgende vrae te reageer:

(1) Wanneer jy die betrokke ouerskap-verhaal lees, wat sou na jou mening die sake/besorgdhede wees waaraan die betrokke ouers dalk aandag behoort te gee?


© University of Pretoria

(2) Wat is na jou mening die unieke bydrae/perspektief wat jou vakdissipline lewer wat betref die besorgdhede wat uitgewys is en waarom behoort dié bydrae in ag geneem te word by 'n interdissiplinêre gesprek hieroor?

(3) Waarom dink jy die perspektief/bydrae wat jou vakdissipline lewer, behoort verstaan en gewaardeer te word deur navorsers van ander vakdissiplines?

Aanvanklik is daar telefonies kontak gemaak met persone wat vooraf geïdentifiseer is as moontlike respondente, ten einde vas te stel of hulle minstens oorweging daaraan sou skenk om toe te tree tot die interdissiplinêre gesprek. Met die uitsondering van een persoon het almal positief gereageer. Op grond van dié terugvoer is daar toe 'n brief aan elkeen van die persone ge-epos. Die brief het soos volg daar uitgesien:

Beste ...

Nogmaals dankie dat jy jouself bereid verklaar het om oorweging daaraan te skenk om toe te tree as 'n respondent in die navorsing waarmee ek besig is.

Ek is deeglik bewus van die feit dat – sou jy besluit om wel deel te neem aan die interdissiplinêre gesprek (wat ek van harte hoop!) – dit van jou kosbare tyd in beslag gaan neem. In die lig hiervan is bereid om jou te vergoed en onderneem ek om weer met jou hieroor in gesprek te tree.

Maar kom ek vertel darem net eers vir jou van die navorsing, en wat ek van jou verwag...

Ek het ingeskryf vir 'n PhD in Praktiese Teologie, met as onderwerp vir my beplande proefskrif:

***'n Refleksie op ouerskap in saamgestelde gesinne met verwysing na klassieke sprokiesverhale: 'n narratief prakties-teologiese perspektief***


© University of Pretoria

Gevolglik het ek 'n aantal gesprekke gevoer met ouers in saamgestelde gesinne. Met hulle hulp het ek toe hulle elkeen se verhaal op papier probeer uitbeeld. Dit is dan ook die verhale wat hierby aangeheg is.

Die navorsingsproses wat ek volg, vereis van my om wyer te werk as my eie vakdissipline, en dis presies op dié punt waar jy inpas, sou jy bereid wees om deel te neem aan die navorsing.

Ek wil graag hê dat jy die betrokke verhale moet deurlees, en dat jy dan vanuit jou *spesifieke vakdissipline* hierop moet reflekteer. In 'n poging om jou te rig in dit wat van jou verwag word, het ek aan die einde van elke verhaal drie vrae aangebring waarop ek graag wil hê jy moet reageer. Die vrae is:

(1) Wanneer jy die betrokke ouerskap-verhaal lees, wat sou na jou mening die sake/besorgdhede wees waaraan die betrokke ouers dalk aandag behoort te gee?

(2) Wat is na jou mening die unieke bydrae/perspektief wat jou vakdissipline lewer wat betref die besorgdhede wat uitgewys is en waarom behoort dié bydrae in ag geneem te word by 'n interdissiplinêre gesprek hieroor?

(3) Waarom dink jy die perspektief/bydrae wat jou vakdissipline lewer, behoort verstaan en gewaardeer te word deur navorsers van ander vakdissiplines?

Hoewel die vrae by elkeen van die gesinne dieselfde is, is dit *belangrik* dat jy dit elke keer by *elke gesin spesifiek* moet beantwoord.

Ek hoop van harte dat ons met dié navorsing 'n positiewe bydrae mag lewer tot die belewenisse van ouers in saamgestelde gesinne! Ek is opgewonde oor jou moontlike bydrae hierin.

Groete.

Riaan


© University of Pretoria

Al die persone wat skriftelik genader is, het op die aangedui dat hulle sal optree as respondente in die interdissiplinêre gesprek.

## 5. MOTIVERING EN BEKENDSTELLING VAN RESPONDENTE

### 5.1 Maatskaplike werk

Ter wille van die wydste moontlike verstaan het ek besluit om twee maatskaplike werkers te nooi om toe te tree tot die interdissiplinêre gesprek.

Die persone wat genader is, was mev Cathy Symington en mev Elbie Conradie.

Mev Symington beskik oor ŉ BDiac graad en is die assistent-direkteur van Vrystaat Jeugsorgsentrums. Uit die aard van haar werk kry sy dikwels te doen met kinders uit saamgestelde gesinne, asook hulle ouers. In die lig hiervan het ek geoordeel dat sy ŉ waardevolle bydrae sou kon lewer tot ŉ interdissiplinêre gesprek oor ouerskap in saamgestelde gesinne.

Mev Conradie beskik oor die volgende kwalifikasies: ŉ BPsyc- en ŉ BMW graad. Sy is ŉ deeltydse dosent by die Universiteit van die Vrystaat en praktiseer voltyds as ŉ maatskaplike werker. Aangesien sy in haar praktyk dikwels te doen kry met ouers en kinders in saamgestelde gesinne, het ek geoordeel dat sy ŉ waardevolle bydrae kan lewer tot ŉ interdissiplinêre gesprek oor saamgestelde gesinne.

### 5.2 Sielkunde

Ook op dié terrein is twee persone genooi om toe te tree tot die interdissiplinêre gesprek, weereens ter wille van die wydste moontlike verstaan.

Die persone wat genader is, was mnr Manie Engelbrecht en ds Attie Steyn.


© University of Pretoria

Mnr Engelbrecht was aanvanklik 'n maatskaplike werker, maar het verder gestudeer en homself as 'n kliniese sielkundige bekwaam. Op dié stadium is hy 'n kliniese sielkundige by 'n hospitaal, met die volgende kwalifikasies: BSocSc en MSocSc.

Ds Steyn praktiseer reeds ongeveer 20 jaar as sielkundige en beskik oor die volgende kwalifikasies: BA, BA (Hons) (Psigologie), BTh, MTh en MA (Voorligtingsielkunde). Die feit dat hy dikwels te doen kry met ouers en kinders in saamgestelde gesinne, maak van hom 'n geskikte kandidaat om toe te tree tot die gesprek oor ouerskap in saamgestelde gesinne.

## 5.3 Leefstyl-afrigting

Hoewel 'leefstyl-afrigting' eintlik maar eers die afgelope dekade of twee meer prominent op die voorgrond getree het, word leefstyl-afrigting lankal reeds beoefen. Een van die doelwitte van leefstyl-afrigting is om mense in oorgang-situasies te begelei. Aangesien egskeiding en hertroue tipiese voorbeelde van sulke oorgangsituasies is, het ek besluit om ook 'n leefstyl-afrigter te nooi om toe te tree tot die interdissiplinêre gesprek.

Dr Leon Foot is in dié verband genader. Dr Foot is 'n voltydse predikant en beskik oor die volgende kwalifikasies: BA, BTh, Lisensiaat in Teologie, MTh (Kliniese pastoraat), en PhD (Praktiese Teologie).

In sy terugvoer het Dr Foot die volgende algemene opmerkings oor Leefstyl-afrigting gemaak (ek plaas die brief net soos ek dit ontvang het):

> Riaan
>
> Ter agtergrond is dit dalk nodig dat ek eers die een en ander sê oor die professie van *life coaching* of dan lewen(styl)afrigting. Dalk sal 'n aantal definisies jou help om te verstaan hoe 'n *coach* werk. Ek gebruik die term *coach* en *coaching* omdat dit in die internasionale wêreld as tegniese terme



© University of Pretoria

funksioneer en heel verstaanbaar is in die tweetalige land. Elke plaaslike vertaling het sy eie tekorte wat dit minder as ideaal maak om te gebruik.

Die eerste definisie is een van Frederic Hudson (Handbook of Coaching): *A coach is someone trained and devoted to guiding others into increased competence, commitment, and confidence.* Die klem val hier op opleiding en toewyding asook die spesifieke uitkomste waarheen gewerk word. Nie enigeen kan ’n professionele *coach* wees nie. ’n Sekere vlak van opleiding is noodsaaklik, asook ’n bepaalde toewyding.

Aan die ander kant is *coaching* ook nie iets wat jy bloot uit ’n boek kan leer nie. Daarom noem Gary Collins (Christian Coaching) dit ook ’n kuns: *Coaching is the art and practice of enabling individuals and groups to move from where they are to where they want to be.* Hy gaan voort om die aard van ’n *coach* se werk verder te omskryf: *Coaches come alongside to guide people through life’s challenges and help them move forward with confidence in the midst of change.* Dit is belangrik om raak te sien dat *coaches* werk met mense in oorgang. Soms is die oorgang die gevolg van ’n ontwrigtende gebeurtenis en soms is dit as gevolg van ’n bepaalde keuse wat ’n persoon maak om sy/haar lewe te verander.

*Coaches help relatively well-adjusted people to build vision and move forward toward the future. Coaching is not reactive looking back; it is proactive looking ahead.*

Hierdie aspek is veral belangrik in die gevallestudies waarmee jy werk. Oor die algemeen is hier sprake van mense wat redelik goed aangepas is, maar wat bepaalde oorgangs-uitdagings ervaar wat hulle (beter) moet hanteer.

’n Laaste belangrike aspek: ’n *Coach* het nie al die antwoorde nie, hy moet net die regte vrae kan vra om ’n persoon non-direktief te help om sy eie situasie te bekyk, te sien wat gedoen moet word en om dan aksie te neem.


© University of Pretoria

Coaching is vir sommige mense nog 'n vreemde idee, veral as dit kom by mense se persoonlike lewens. Vir sportsterre in 'n kompeterende beroepslewe is 'n afrigter niks vreemds nie. Die afrigter help die sportman/vrou om die beste te maak van die talente waaroor hy/sy beskik. Net so help die *life coach* jou om nog beter te funksioneer. Dit is steeds jy, net beter.

Die meeste mense is vertroud met die werk van beraders. 'n Berader sal 'n negatief in 'n persoon se lewe neem en die persoon help om dit sodanig te hanteer dat die negatief uitgeskakel word. Byvoorbeeld: 'n persoon wat sukkel met konflikhantering sal byvoorbeeld 'n minus 5 kry. Die berader sal die persoon help op meer vaardighede aan te leer sodat dit verander na 'n minus 3 en dan minus 2 tot by nul. Hierteenoor werk *life coaching* met die positiewe aspekte van 'n persoon se lewe. So sal 'n persoon wat die behoefte het aan beter beplanning byvoorbeeld 'n *life coach* gebruik om die mate van beplanning wat reeds teenwoordig is, nog beter te maak. Iets wat byvoorbeeld 'n plus 2 was, sal verbeter na 'n plus 4, en dan 6 ens. In hierdie verband sluit *coaching* baie aan by die konsep *positive psychology*.

## 5.4 Teologie

Normaalweg sal navorsers nie persone binne hulle eie vakdissipline nooi om toe te tree tot 'n interdissiplinêre gesprek nie, omdat hulle self vanuit hulle vakgebied behoort te reflekteer. Ek het nietemin besluit om, in 'n poging om ruimte te maak vir ander insigte as bloot my eie, nóg 'n teoloog, dr Koos Uys, te nader om op te tree as respondent.

Dr Uys is 'n voltydse predikant, met die volgende kwalifikasies: BA, BD, MDiv en DD. Hy het sy doktorsgraad verwerf aan die Universiteit van Pretoria. Die titel van sy proefskrif is: *'n Prakties-teologiese ondersoek na die gebruik van liturgiese simbole en rituele in die Paassiklus.*


© University of Pretoria

Sy spesifieke studierigting het gedien as motivering vir die feit dat ek hóm genader het: ek was nuuskierig oor sy opinie wat betref die moontlike gebruik van simbole en rituele om ouers in saamgestelde gesinne by te staan en te begelei.

### 5.5 Opvoedkunde

Nuuskierigheid oor die moontlike rol wat opvoeders dalk mag speel wat betref die vestiging/uitwissing van negatiewe etikette en waarde-oordele by saamgestelde gesinne, was die motivering vir die feit dat ek ook 'n respondent op die terrein van Opvoedkunde genader het om by die interdissiplinêre gesprek betrokke te raak.

Dr Emelda von Caues is genader. Dr Von Caues beskik oor die volgende kwalifikasies: BEd, MEd, PhD (Opvoedkunde). Sy werk voltyds as 'n opvoedkundige berader in haar eie praktyk en kry dikwels te doen met ouers en kinders in saamgestelde gesinne.

## 6. DIE INSETTE VAN DIE GEKOSE RESPONDENTE

Die bogenoemde respondente het soos volg gereageer op die volgende vrae vanuit hulle spesifieke vakgebied:

### 6.1 Besorgdhede wat betref die verskillende ouerskap-verhale

#### 6.1.1 Moontlike besorgdhede wat betref Michael en Sanet se verhaal

- **Respondent 1 (Sielkundige, ds Attie Steyn)**

  Die verwagting van die familie en die gemeenskap was skynbaar dat daar verskeie probleme gaan opduik. Daar bestaan stereotipe idees oor stiefouerskap. Die betrokke verhaal bevestig dit.

  Wat word onderdruk? Deur Michael, Sanet, Francois en Sandra? Dit mag wees dat almal só hard probeer om te *bewys* dat hierdie 'n saamgestelde gesin is wat



© University of Pretoria

werk, dat verskillende lede van die gesin in dié proses nie altyd met hulself eerlik is nie. Mag Michael dit sê wanneer Francois en Sandra hom irriteer? Mag Francois en Sandra ook soms na hul biologiese pa verlang – selfs al het hulle op ŉ stadium kontak met hom begin vermy? En mag hulle dit sê? Dit was waarskynlik meer Michael se familie en vriende wat gedink het dat die huwelik te veel van ŉ risiko gaan wees. Het Sanet al daarmee vrede gemaak?

Waarom kry Sanet dit nog nie heeltemal reg om die hoofstuk van haar vorige huwelik af te sluit nie? Uit die positiewe verloop van alles na haar huwelik met Michael, is dit vreemd dat soveel wat ten goede meegewerk het, haar nie troos en laat wegbeweeg van dit wat tussen haar en haar eerste man gebeur het nie. Skynbaar noem sy dit wat sy moet doen: *vergewe.* Vergewe is nie om te sê dat dit wat gebeur het, reg was nie.

Michael en Sanet het baie reggekry. Hierdie gesin funksioneer beter as baie ander gesinne waar dit beide se eerste huwelik is. Waarom voel dit steeds vir hulle asof daar oor hul skouer geloer word? Doen familie en vriende dit steeds (in dieselfde mate), of is dit bloot ŉ idee wat só sterk was dat dit moeilik is om nie meer daarmee rekening te hou nie?

- **Respondent 2 (Sielkundige, mnr Manie Engelbrecht)**

Ek is besorg en wonder oor die volgende aspekte in hul verhaal:

- Sanet se worsteling met die omstandighede waaronder haar eks-man die gesin verlaat het; dat sy het hom nog nie ten volle vergewe het nie, en dat sy nog tyd nodig het.

- Francois en Sandra se vader wat heeltemal onbetrokke is; volgens Sanet ignoreer hy sy verantwoordelikheid wat die kinders se emosionele en finansiële versorging betref.

- Francois en Sandra wat wegskram om kontak met hul biologiese vader te maak, ten spyte van aanmoediging deur Sanet en Michael.


© University of Pretoria

- Die pad wat Sanet moes stap met vertroue... Michael moes haar oortuig en wys dat hy stabiliteit as vaderfiguur en huweliksmaat kan gee en hul nie iewers langs die pad in die steek gaan laat nie.

- Michael en Sanet se ervaring dat die samelewing se oë heeltyd op hulle is.

- Die wyse waarop die naaste familie hulle as gesin behandel en die onderskeid wat hulle (die familie) tref in hulle optrede teenoor die kinders.

- **Respondent 3 (Maatskaplike Werker, mev Cathy Symington)**

Ek is besorg daaroor dat Sanet steeds onverwerkte emosies oor haar eks-man het, wat sy onbewustelik op die twee kinders kan oordra. Dít maak haar ook waarskynlik oorsensitief vir ander mense se mening oor hulle gesin.

Die feit dat sy nie maklik vertrou nie, maak Michael oorversigtig en mag dalk een van die redes wees vir sy besluit om nie te sterk oor te kom by die twee kinders se dissiplinering nie.

Die familie se houding is kommerwekkend; Sanet en Michael kry dit nietemin reg op dit goed te hanteer.

Gelukkig is daar 'n groot ouderdomsverskil tussen die twee groepe kinders en omdat Francois en Sandra bemagtig word, behoort dit hulle nie te veel te pla nie. Sanet mag dalk die een wees vir wie dit gedurig gaan pla; daar behoort dalk hieraan aandag gegee te word.

Sanet se eks-man se onbetrokkenheid het die ontwikkeling van positiewe onderlinge gesinsverhoudinge makliker gemaak en sy het dit verwelkom. Sy moet egter besef dat die kinders moontlik in die toekoms 'n behoefte mag ontwikkel om kontak te maak met hulle biologiese vader. Francois is ± 18 jaar oud, dit wil sê die ouderdom waar dit vir hom belangrik mag raak. Dit mag nuwe emosies en/of frustrasies by Sanet wakker maak.


© University of Pretoria

Daar behoort aandag gegee te word aan Sanet se ‘issues’ oor haar eks-man. Sy moet leer om te vertrou en op haar huidige huwelik te konsentreer. Skuldgevoelens behoort deurgewerk te word en sy moet leer om te vergewe.

- **Respondent 4 (Maatskaplike Werker, mev Elbie Conradie)**

Kerngesinne maak tans ŉ baie klein persentasie van gesinne in Suid-Afrika uit. Aanpassings wat betref ander vorme van gesinne is daarom belangrik.

Dit wil blyk dat die ouers se emosionele IK deurslaggewend was in sukses van die gesin.

By maatskaplike werk as dissipline word daar in die eerste plek gefokus op die belang van die kind; ek wonder dus of daar terapeutiese dienste was na die egskeiding – vir die kinders én Sanet?

Ek was bekommerd oor Michael wat nog nie getroud was nie, maar hy was reeds ouer en het dit baie goed gehanteer.

Verskillende stadiums van ontwikkeling bring verskillende vrae by kinders. Die biologiese pa se afwesigheid sal die kinders waarskynlik laat wonder en vrae vra deur hulle lewe – veral wanneer hulle hulle eie kinders het.

Vergifnis is ŉ keuse; dis positief dat Sanet nie haar krisis op die kinders oorgedra het nie. Hulle het dalk nie die volle impak verstaan nie, maar soos vrae opgeduik het, is dit positief gehanteer.

Michael het, deur volle verantwoordelikheid te neem vir die finansiële- en ander versorging, onwetend die sekuriteitskrisis hanteer.

Sprokiesverhale kan baie wreed en vol vooroordeel wees, wat sekere persepsies mag skep. Dit word goed hanteer in die gesinsopset.


© University of Pretoria

- **Respondent 5 (Leefstyl-afrigter, dr Leon Foot)**

Ek dink hierdie is ’n mooi voorbeeld van ’n hersaamgestelde gesin wat goed funksioneer. Hier is duidelik baie meer sake wat werk as kwessies wat probleme gee. Ek glo hulle, as hulle sê hulle “kom beter reg” as wat mense dink. Gee erkenning daarvoor.

Die goeie verhouding tussen Michael en sy ‘stiefkinders’ is prysenswaardig. Ek dink in hierdie verhaal behoort die woord ‘stief’ nêrens te funksioneer in ons taalgebruik nie.

Sanet slaag nog net gedeeltelik daarin om haar eks-man te vergewe en uit haar lewe te blok. Soms klink dit of sy goed vorder met vergifnis, maar dan raak sy steeds kwaad omdat hy nie sy verantwoordelikhede nakom nie. Hiermee sou sy gehelp moet word. Wat sy reeds doen, moet sy meer doen. Het sy hom nodig in haar lewe? Het haar kinders hom werklik (nou) nodig? Indien sy van mening is dat die antwoord “ja” is, moet sy begelei word om daadwerklik stappe te neem om hom so ver te kry om sy verantwoordelikhede na te kom (ek dink egter nie dis nodig nie). As die antwoord “nee” is, moet sy gehelp word om aan te beweeg.

Sanet het ook al gevorder wat betref die feit dat sy, as gevolg van haar man se laksheid wat betref onderhoudbetaling, nie ’n finansiële bydrae tot die gesin kan maak nie. Baie ander vroue sou wat wou gee om in so ’n situasie te kon wees! Help haar om die positiewe hierin raak te sien en dit te *celebrate*.

Ek hou van die rituele oor die kalfies. Ek dink hiervan kan nog meer gemaak word.

- **Respondent 6 (Teologie, dr Koos Uys)**

Hoewel die algemene verhoudings tussen die gesinslede oënskynlik baie goed is, bly dit tog ’n vraag wat in die kinders se harte leef oor hul biologiese pa.


© University of Pretoria

Die feit dat Michael nie vantevore getroud was nie, maak die hantering van die 'jou' en die 'ons' kinders makliker. Dit bly ook 'n vraag of Sanet se kinders, Francois en Sandra, en hulle gesamentlike kinders Andries en Glené, nie as hulle ouer word, wel konflik kan kry waarvoor hulle nie goed genoeg toegerus is om te hanteer nie.

Die feit dat Michael enersyds al vier die kinders aanvaar en "oor een kam skeer", maar tog ook 'n mindere rol speel wat die opvoeding van Sanet se kinders betref, vra aandag.

Sanet se verwerking en afhandeling van haar verhouding met haar eks-man behoort ook aandag te kry. Die feit dat sy daaraan werk verdien vermelding.

Francois en Sandra behoort dalk daarop voorberei te word dat, hoewel hul biologiese pa op dié stadium nie aandag aan hulle gee nie, hy dalk vorentoe in hulle lewe wél pogings daartoe mag aanwend, wat hulle dan sal moet hanteer. Die feit dat hy nie afstand gedoen het van sy voogskap nie, maak dat hierdie moontlikheid altyd sal bestaan.

Die hele gesin behoort begelei te word om te verstaan dat die wyse waarop die naaste familie hulle as gesin behandel het en soms steeds behandel, van hulle vra om anders op te tree in verskillende situasies. So behoort hulle met hulle optrede ander te familie beïnvloed om anders teenoor hulle op te tree. Daar sou, indien die wedersydse verhoudings tussen die groter familie goed is, ook met die 'ander' familie hieroor gepraat kan word.

- **Respondent 7 (Opvoedkunde, dr Emelda von Caues)**

Uit 'n opvoedkundige perspektief, kan die eerste vier paragrawe 'n besorgdheid wek oor Sanet se motief vir 'n tweede huwelik; vrae soos die volgende ontstaan:

- Kon sy die adolessente- en tienerfases van Francois en Sandra as enkelouer hanteer of het sy 'n plaasvervanger pa-figuur gesoek om met die opvoedingsituasie te help?


© University of Pretoria

- Kon sy die finansiële eise as enkelouer hanteer of het sy 'n finansiële ondersteuner vir haar en haar kinders in Michael geïdentifiseer?

- Het sy haar egskeiding verwerk?

- Hoe aanvaar Francois en Sandra hul stiefpa?

- Hoe aanvaar en hanteer Michael sy kitsgesin – in die lig van die feit dat hy nog nooit sy eie kinders gehad het nie?

Op geestelike en persoonlike vlak is ek besorg oor Sanet se worsteling met vergewensgesindheid teenoor haar vorige man, aangesien dit waarskynlik soveel van haar huidige vrede, vreugde, energie en tyd in beslag mag neem, ten koste van haar huidige huwelik.

Ek het aanvanklik gewonder oor Francois en Sandra se geestelike-, persoonlike-, sosiale-, maatskaplike- en emosionele ontwikkeling in die lig van die onbetrokkenheid van hul biologiese pa. Met die lees van hulle verhaal is hierdie bekommernis uit die weg geruim en het ek bewus geraak van 'n pragtige gesin wat genade en seën ontvang, raaksien en koester.

Daar het opnuut by my 'n dringende besorgdheid ontstaan oor die negatiewe, stereotipe en konvensionele konnotasies wat die samelewing dikwels onnodig aan saamgestelde gesinne heg.

### 6.1.2 Moontlike besorgdhede wat betref Jaco en Naomi se verhaal

- **Respondent 1 (Sielkundige, ds Attie Steyn)**

Ek is bekommerd oor die wyse waarop Jaco sake hanteer. Sy lewensmotto is: moenie tob oor goed wat jy nie kan verander nie. En: sit dit wat onvermydelik is agter jou en beweeg aan. Wat die verhouding tussen Naomi en sy seuns betref, wil hy nie dat daar gekarring of geforseer moet word nie.


© University of Pretoria

Jaco se verduideliking dat wantroue jeens vroue die rede is vir verskillende ‘probleme’ in die gesinsisteem (byvoorbeeld sy seuns se swak verhouding met Naomi en die feit dat Andries nog ongetroud is en Reino se huweliksprobleme) is sekerlik moontlik, maar daar is heel waarskynlik ook ander aspekte wat ondersoek kan word. Ek dink dat Jaco se idee dat ŉ saak net gelos behoort te word, reeds ŉ negatiewe effek het op verskillende verhoudings – en daarom behoort dit ondersoek te word. Ek wonder of dit nie deel is van die rede waarom hy van sy seuns se ma geskei is nie? Hulle is geskei toe Reino ongeveer agtien jaar oud was. Die vraag is of hulle nie maar net in die huwelik gebly het totdat die kinders hul skoolloopbaan voltooi het nie? Was dit nie dalk sy lewensmotto wat veroorsaak het dat probleme nie betyds en effektief aangespreek is nie? Volg Reino nie sy pa se voorbeeld (en lewensmotto) nie? Indien wel, dra dit nie dalk by tot die huwelikspanning wat daar in sý huwelik bestaan nie? En tot die feit dat sy vrou nie saam met hom en hul seun by sy pa gaan kuier nie?

Reino en sy seun se optrede teenoor Naomi tydens Kersfees van 2012 was na my mening blatante disrespek. Daar word nie melding gemaak dat Jaco die situasie hanteer het nie – moontlik is dit waarom dit steeds vir Naomi ŉ teer saak bly?

Ek dink Naomi is reg as sy sê dat die onbetrokkenheid van beide se huweliksmaats tot voordeel van haar en Jaco se verhouding strek. In die lig van Jaco se lewensmotto wonder ek hoe effektief hulle ŉ meer komplekse situasie sou kon hanteer.

Ek is ook bekommerd oor die verhouding tussen Jaco en Christo wanneer Christo die storm-en-drang-tyd van sy tienerjare bereik. Ek is nie seker of Jaco se lewensmotto voldoende is om dan steeds hul huidige goeie verhouding te handhaaf nie.


© University of Pretoria

- **Respondent 2 (Sielkundige, mnr Manie Engelbrecht)**

  Ek is besorg en wonder oor die volgende aspekte in hul verhaal:

  - Watter verskil dit maak om op Jaco en Naomi se ouderdom weer te trou en te deel met die dinamika van ouer kinders soos Andries en Reino. Ook hoe Naomi miskien moet deel met Andries se doofheid...

  - Hoe Naomi deel met Christo se pa se betrokkenheid by misdaad en hoe sy Christo se vrae daaroor hanteer.

  - Christo se definisie van ŉ "pappa", hoe hy hierdie rol toeken (hy het dit vir Jaco 'gegee', wat van sy eie pappa? Watter leiding het Naomi en Jaco hieroor gegee?

  - Jaco se lewensmotto/konflikhanteringstrategieë en hoe Naomi dit ervaar, en die implikasie daarvan wat betref uitdagings wat hul saam moet hanteer en of sy daarmee saamstem?

  - Die egpaar se vertandhouding wat die dissiplinering van Christo betref, asook hul benadering tot lyfstraf. Hoe lyk hul kommunikasie wat dit betref?

  - Naomi se ervaring van die 'stiefma-rol' en gepaardgaande uitdagings soos dat Jaco se kinders haar op ŉ afstand hou, asook die hantering van haar behoefte om deel te wees, geskenke te gee en hul te onthaal.

  - Andries en Reino se wantroue teenoor vroue.

  - Jaco en Naomi se belewenis van die samelewing se reaksie en hulle gepaardgaande besluit om soms eerder nie te praat oor dit wat hul beleef nie, in ŉ poging om negatiewe kritiek te vermy.


© University of Pretoria

- **Respondent 3 (Maatskaplike Werker, mev Cathy Symington)**

Naomi se verhouding met Jaco se seuns en haar behoefte om deur hulle aanvaar te word, is baie sterk op die voorgrond en die rede daarvoor moet vasgestel word. Hulle is reeds volwasse en nie deel van die kerngesin nie – sy kan dus nie verwag dat sy so ŉ hegte verhouding met hulle sal vorm nie. Moontlik het sy probleme met gevoelens van verwerping en ŉ behoefte aan aanvaarding en erkenning in die algemeen. Sy moet leiding kry om vir Jaco en sy seuns ruimte te gee om pa-seun tyd te hê.

Haar gevoelens veroorsaak dat Jaco vir sy seuns skerm.

Ek sou graag wou weet waarom Reino se vrou nie saam met die familie (wil) kuier nie en vir Naomi motiveer om na haar en die kleinkind uit te reik.

Dit kom voor of Jaco tog versigtig is met betrekking tot sy hantering van Christo. Dit is moontlik omdat hy bang is Naomi beleef sy optrede as verwerping van Christo, omdat oordrag maklik kan plaasvind.

Ek is ook bekommerd dat Naomi só fokus op die twee seuns van Jaco, dat haar eie kind op die agtergrond is.

Naomi moet bewus wees van moontlike toekomstige struikelblokke wat betref ouerskap en sy en Jaco behoort dit te dit bespreek en vroegtydig daaraan te werk sodat dit nie dalk ŉ probleem word nie.

Die ouderdomsverskil tussen Jaco en Christo, wat gebeur as Jaco se biologiese pa uit die gevangenis kom en dalk begin kontak maak, en Christo se hantering en gevoelens oor die feit en stigma van ŉ pa in die tronk, is dalk kwessies waaraan aandag gegee moet word.

Daar moet insig by Naomi bewerk word, maar eers moet die gevoelens en belewenisse wat op haar voorgrond is, aangespreek word.


© University of Pretoria

- **Respondent 4 (Maatskaplike Werker, mev Elbie Conradie)**

Dit blyk dat daar geen voorhuwelikse terapie was nie. Alhoewel dit blyk asof dit goed gaan met die gesin, is die uitgebreide gesin nie betrokke nie. Naomi is maar 12 jaar ouer as die oudste seun en 15 jaar ouer as die ander seun. Sy moet begelei word om haar rol te verstaan en te besef dat sy nie in die eerste plek vir hulle 'n ma moet/kan wees nie. Sy moet dalk ook minder fokus op wat sy moet doen om haar aanvaarbaar te maak en hulle te aanvaar.

Jaco gaan 'n groot rol moet speel in die proses. 'n Oop gesprek met sy kinders word aanbeveel. Ek wonder ook oor die feit dat Reino se vrou nooit saamkom nie... Ek dink dit mag dalk iets wees wat Jaco moet opneem met Reino.

Dit blyk dat Naomi se eie kind goed aangepas het. Ek wonder hoekom sy so fokus op die ander twee seuns, en of dit nie haar waarneming van haar eie kind se situasie op die lange duur negatief gaan beïnvloed nie?

- **Respondent 5 (Leefstyl-afrigter, dr Leon Foot)**

Andries en Reino is in 'n lewensfase waar hulle relatief minder kontak het met hulle ouers. Toe hulle klein was, was daar baie kontak, maar dit het waarskynlik baie minder geword toe hulle die huis verlaat het en hulle eie paadjies begin loop het. Dit sal (hopelik) later weer beter word soos wat hulle eie kinders groter word.

Ek wonder of Andries en Reino enige kontak het met hulle eie ma? Indien wel, wat is die aard hiervan? Wat is hulle herinnerings aan hulle ma? Ek lei af dat dit nie baie positief is nie. Dit sal beslis 'n rol speel in hulle reaksie teenoor Naomi. Daarby was hulle twee vir lank alleen met hulle pa voor hy weer getrou het.

Naomi kan nie kompenseer vir hulle ma se afwesigheid nie – sy is nie hulle ma nie en sal nooit 'n soortgelyk rol speel nie – daarvoor was hulle reeds te oud toe Naomi met hulle pa getrou het. Die ouderdomsverskil tussen haar en die seuns is ook te klein.


© University of Pretoria

Ek dink sy moet daarop fokus om vir Jaco gelukkig te hou en Jaco sal baie meer waardering moet wys teenoor Naomi. Ek dink hy is nie sensitief genoeg vir sy (nuwe) vrou se behoeftes nie. Hy sal meer met sy seuns moet praat hieroor. Dit is sy verantwoordelikheid.

Ek wonder of Naomi ander familie het en indien wel, watter rol hulle (kan) speel in haar lewe.

Die party wat die minste gelukkig is in hierdie situasie, is Naomi. Sy moet onthou dat sy niks kan verander aan ander mense se gedagtes en optrede nie. Sy het slegs oor haarself beheer. As hulle aanvaarding vir haar so belangrik is, moet sy begin deur hulle volledig te aanvaar – selfs waar hulle haar nie deel maak van hulle planne nie (byvoorbeeld wanneer hulle hul pa besoek). Hierdie optrede sal moontlik ’n soortgelyke reaksie by hulle ontlok – dan het sy geslaag. Indien nie, moet sy dit so aanvaar en aanbeweeg. Sekere dinge het ons nie beheer oor nie.

- **Respondent 6 (Teologie, dr Koos Uys)**

Die ouderdomsverskil tussen Jaco en Naomi is taamlik groot en hulle behoort daarin begelei te word ten opsigte van wat dit mag inhou as hulle heelwat ouer is.

Omdat Jaco se seuns, Andries en Reino, soveel ouer is as Naomi se Christo, en Jaco uiteraard reeds verby die meer intensionele rol van opvoeder as pa was, sal hy in sy nuwe rol as pa gehelp moet word.

Die omstandighede rondom Christo se pa wat verhoorafwagtend in die tronk is, kan nie geïgnoreer word nie.

Hoewel dit goed is dat Jaco wil hê dat Christo self moet besluit waar en wanneer hy hom by sy aktiwiteite wil betrek, moet dit nie net aan Christo oorgelaat word om inisiatief te neem nie...


© University of Pretoria

Naomi se verhouding met Andries en Reino kan dalk verbeter as sy gehelp word om haarself as't ware onvoorwaardelik aan hulle te gee ('n soort ingesteldheid wat deurlopend vra: "Wat kan ek anders doen sodat hulle anders sal optree?"). Jaco weer moet verstaan dat sake nie sommer vanself sal regkom nie.

Openheid met betrekking tot bepaalde persoonlike situasies teenoor ander geloofsgenote in die geloofsgemeenskap kan 'n belangrike rol speel in Jaco en Naomi se lewe. Die skep van 'n veilige ruimte binne die geloofsgemeenskap behoort deurlopend aandag te geniet.

- **Respondent 7 (Opvoedkunde, dr Emelda von Caues)**

Uit 'n opvoedkundige perspektief, kan Jaco en Naomi se tweede huwelik as riskant beoordeel word, in die lig van die feit dat sy heel waarskynlik nie die nodige tyd gehad het om haar egskeiding te verwerk, voordat sy 'n tweede huwelik aangegaan het nie.

Die eerste paragraaf wek ook besorgdheid insake die groot ouderdomsgaping tussen Jaco en Naomi, wat dalk nie nou problematies is nie, maar wel moontlik oor tien of vyftien jaar probleme mag skep.

Tipiese vrae soos die volgende ontstaan: Wat was Naomi se motief vir haar tweede huwelik? Kon sy die finansiële en opvoedkundige eise as enkelouer hanteer, of het sy 'n ondersteuner in die verband in Jaco geïdentifiseer?

Voorts is ek besorg oor Jaco se kinders se verhouding met Naomi, nie ter wille van hulle verhouding as sulks nie, maar ter wille van Naomi se eie intrinsieke verhouding, asook haar verhouding met Jaco wat moontlik daardeur negatief beïnvloed mag word.

Ek is besorg oor Naomi se opregte bedoelings en daadwerklike pogings om Andries en Reino te akkommodeer, terwyl hulle (as gevolg van hul eie waarskynlik geldige redes) dit grotendeels nie (wil) raaksien nie. Derhalwe is ek besorg dat die ervaring van 'uitsluiting' wat Naomi reeds beleef, sal eskaleer


© University of Pretoria

namate Reino se gesin uitbrei en Andries dalk in 'n verhouding en/of later huwelik mag betrokke raak.

Ek is dus besorg oor haar hantering en interpretasie van hierdie uitgebreide gesin – emosionele belewenisse soos teleurstelling, verwerping en verwyte mag in die toekoms deel van haar mondering word, as gevolg van Andries en Reino se reaksies. Watter invloed gaan dit op haar en Jaco se huweliksverhouding hê.

Tereg kan ek saam met Naomi wonder waarom sprokiesverhale meestal slegs die 'heksagtigheid' van die 'stiefma-geval' uitbeeld en nie ook nie opregte pogings en empatie met hierdie vroulike figuur nie – en tot watter mate beïnvloed sodanige verhale uit hul kinderdae moontlik Andries en Reino se huidige optrede teenoor haar.

Ek dink tog ons moet 'n ekstra skeut deernis en/of empatie byvoeg, wanneer ons met die begrip 'stiefma' gekonfronteer word. 'Stiefma's' beklemtoon ongelukkig die positiewe en uiterste belangrikheid van juis die biologiese moeder in elke persoon se lewe – derhalwe in só 'n mate dat individue (kinders) baiekeer verdedigingsreaksies toon ten einde vir die biologiese moeder in die bres te tree. Spel vele sprokiesverhale dit nie ook so vir ons uit nie?

Ek is ook besorg oor beide Andries en Reino se verhouding met die vroulike geslag. Reino behoort spesiale tyd en werk in sy huwelik te belê, juis omdat hy wantroue oordra vanuit sy eie ouerhuis na sy huidige huwelik.

Die positiewe aspek van beide Jaco en Naomi se omstandighede is dat hulle vorige huweliksmaats nie inmeng in hul huidige huwelik nie.


© University of Pretoria

### 6.1.3 Moontlike besorgdhede wat betref Thys en Louisa se verhaal

- **Respondent 1 (Sielkundige, ds Attie Steyn)**

Ek is besorg oor Nicolaas se gedrag. Hy vergroot. Dit is dikwels die gedrag van ŉ kind wat onseker van homself is. Hy was ongeveer vyf jaar oud toe sy ouers geskei is, nadat dit aan die lig gekom het dat sy ma ŉ verhouding met ŉ ander vrou het. Daarna het hy by sy ma gebly en gereeld by sy pa gaan kuier. Sy ouers se egskeiding en die omstandighede daarom het waarskynlik tot ŉ gebrek aan ŉ gevoel van sekuriteit by Nicolaas gelei – wat moontlik bygedra het tot sy onsekerheid van homself. Sy gedrag wat soms deur Thys, en nog meer deur Louisa, as opdringerig ervaar word, is nog ŉ aanduiding van hierdie onsekerheid. So ook die feit dat hy soms op ŉ onredelike wyse sy sin wil hê.

Dit wil voorkom of Thys en Louisa aanvanklik nie genoeg oor Nicolaas en sy gedrag gepraat het nie. Daar word gesê dat Thys en Louisa tydens ŉ opvolggesprek noem dat hulle "ooreengekom het dat dit nie nodig is dat Nicolaas altyd sy sin hoef te kry nie". Daarna voel Louisa dat sy wel haar misnoeë te kenne kan gee; dit blyk ook dat Nicolaas dit al beter aanvaar wanneer hy nie sy sin kry nie.

Spelterapie (by ŉ spelterapeut uit enige relevante dissipline: byvoorbeeld sielkundige, maatskaplike werker of arbeidsterapeut) in die tyd ná sy ouers se egskeiding, sou waarskynlik van groot waarde vir Nicolaas kon wees. Op tienjarige ouderdom sal hy waarskynlik steeds by spelterapie kan baat.

Louisa ervaar baie skuldgevoelens en dit dra by tot haar onsekerheid oor haar optrede jeens Nicolaas. Uit die verhaal blyk dit dat dit vir haar verligting bring wanneer sy en Thys daaroor praat. Dit wil voorkom of Thys dikwels probeer (het) om haar gerus te stel, maar dat sy telkens weer onseker en skuldig voel. Die rede daarvoor verdien na my mening verdere ondersoek. Byvoorbeeld: is sy dalk iemand wat altyd baie hoë eise aan haarself stel?


© University of Pretoria

Die verhaal maak nie daarvan melding dat daar ŉ geleentheid of geleenthede was waar Thys, Louisa en Nicolaas saam oor hulle verhouding en Nicolaas se gedrag gepraat het nie. Ook nie dat so ŉ gesprek deur ŉ terapeut gefasiliteer is nie. Dit is na my mening ŉ moontlikheid wat ook verder ondersoek kan word.

- **Respondent 2 (Sielkundige, mnr Manie Engelbrecht)**

Ek is besorg en wonder oor die volgende aspekte in hul verhaal:

- Ek wonder oor die aanpassings wat Louisa moes maak om met ŉ man te trou wat ŉ kind uit ŉ vorige huwelik het.
- Ek wonder hoe die egpaar deel met die uitdagings van ŉ skikkingsooreenkoms, wat heel moontlik nie buigbaar is nie... hoe dit hul beplanning van saamwees, benadering tot finansies en roldefiniëring beïnvloed.
- Ek wonder hoe Thys en Louisa redeneer oor Thys se eerste vrou wat in ŉ verhouding met ŉ ander vrou is, hoe Nicolaas dit ervaar, hoe daar hieroor gekommunikeer word binne die gesin en hoe Thys en Louisa vir Nicolaas hieroor begelei as ouers.
- Ek wonder hoe die egpaar deel met uitdagings van ŉ gesin wat ‘anders’ funksioneer, hoe hul die gedurige leerproses ervaar, wat hul geleer het en hoe hul uitdagings te bowe gekom het?
- Hoe Louisa Nicolaas se gedragsprobleme of uitdagings met dissipline hanteer?
- Ek is besorg oor Thys se rol as vader binne die gesin, watter grense die egpaar stel rakende dissipline/uitdagings/kommunikasie.
- Ek wonder hoe Thys die ‘in die middel vasgevang wees’ ervaar en benader en hoe Louisa en Nicolaas hom daarmee kan help.


© University of Pretoria

- Ek wonder hoe Louisa en Thys, Nicolaas se besoeke hanteer, wanneer hy manipulerend optree, en hoe sy opdringerigheid hul gesinsinteraksie en definiëring van saamwees en gesinswees raak?

- Ek wonder oor Nicolaas se spesiale vaardighede en gesindheid om so goed met Nathan oor die weg te kom.

- Thys en Louisa se benadering tot Nicolaas se groeiproses, wat reëls en dissipline betref.

- Ek bewonder Louisa se insig (teksboodskap) dat sy nie vir Nicolaas moet verander nie, maar hom moet aanvaar...

- Ek wonder hoe die egpaar finansiële uitdagings saam met emosionele ervarings en rolle (ma en pa, stiefma wees) hanteer en te bowe kom?

- Ek is besorg oor Louisa se 'sensitief' wees oor haar rol as stiefma, ek wonder watter hulp sy vra en versoek hieroor, moontlik watter groeidoelwitte sy vir haarself stel?

- Ek is besorg oor Nicolaas se ma, wat pogings van Louisa se kant af om met haar in gesprek te tree, verwerp. Haar weerstand verhoed kommunikasie en moontlike gesprekvoering.

- **Respondent 3 (Maatskaplike Werker, mev Cathy Symington)**

Ek is bekommerd oor die verhouding tussen Louisa en Nicolaas. Dit behoort nie so moeilik te wees om 'n verhouding met so 'n klein seuntjie op te bou nie. Ek is van mening dat sy hom nie as deel van hulle gesin wíl aanvaar nie. Sy is van mening dat hy nooit iets van haar sal wees nie. Sy is ook moontlik 'n bietjie jaloers op die verhouding tussen Thys en Nicolaas.

Louisa kan sake logies beredeneer, maar dit verander nie haar gevoelens nie. Daar is baie negatiewe gevoelens teenoor Nicolaas te bespeur. Sy noem hom


© University of Pretoria

manipulerend, opdringerig, en sê hy maak inbreuk op hulle as gesin se tyd saam. Tog het hulle baie alleentyd wanneer hy nie daar is nie? Sy weet sy voel negatief teenoor hom, daarom voel sy waarskynlik so skuldig. Thys se mening dat Nicolaas nie altyd sy sin hoef te kry nie, laat haar voel hy is aan haar kant en dis bietjie troos vir haar skuldgevoelens. Sy is baie ingestel op “wat die mense sal sê” en is glad nie ingestel op Nicolaas se behoeftes en gevoelens nie. Sy het nie begrip vir Nicolaas se behoefte aan ’n vaderfiguur nie en ook nie vir die redes waarop hy vergroot as hy ’n storie vertel nie.

Louisa se negatiewe gevoelens veroorsaak by Thys skuldgevoelens. Hy is inderdaad in die middel van Louisa en Nicolaas.

Die feit dat daar positiewe en oop kommunikasie tussen Thys en Louisa is, is positief. Soos die kinders, veral Nicolaas, ouer word, gaan dit al moeiliker word.

Indien Louisa Nicolaas onvoorwaardelik as deel van die gesin aanvaar, behoort daar nie negatiewe gevoelens oor die onderhoud-kwessie te wees nie. Bedenkinge oor die besteding van onderhoudgeld is normaal.

Louisa moet besef dat Nicolaas haar gevoelens sal aanvoel en dat dít die rede sal wees as hy haar as ’n tipiese stiefma beleef.

- **Respondent 4 (Maatskaplike Werker, mev Elbie Conradie)**

Dit is my mening dat Louisa, veral inaggenome haar ouderdom, soms onvolwasse en selfs selfsugtig optree. Sy was tog sedert die begin van hulle verhouding af bewus dat Thys ’n kind het! Louisa vertoon min insig in die belang van die kind (Nicolaas). Haar bekommernis oor die feit dat Nicolaas vergroot, is nie in belang van hóm nie; dis eerder persoonlik en gerig op die wyse waarop ander mense dit gaan beleef en daaroor gaan dink.

Nicolaas is alreeds só getraumatiseerd deur die egskeiding, die aanpassing by sy ma se nuwe maat, sy pa se nuwe vrou, asook ’n klomp ander goed wat sy gemoed waarskynlik moes hanteer, dat die volwassenes (spesifiek Louisa)


© University of Pretoria

gerus meer moeite kan doen om dit vir hom makliker te maak. Hy vertoon ŉ groot behoefte om deel te wees van die gesin, inaggenome sy opdringerigheid by geleenthede soos Nathan se badtyd. Om hom nie deel te laat hê aan hierdie badtyd nie (twee aande in twee weke), is verregaande.

Louisa sal moet besluit hoe sy gaan verander om in die beste belang van beide kinders op te tree. Bindingsterapie mag dalk help.

Die feit dat hulle hulleself beskou as meer van ŉ normale gesin, vergeleke Nicolaas se gesinswees saam met sy biologiese ma, is nie relevant nie.

Daar behoort aandag gegee te word aan die alkoholmisbruik by Nicolaas se ma en haar vriendin.

- **Respondent 5 (Leefstyl-afrigter, dr Leon Foot)**

Hersaamgestelde gesinne het darem uitdagings waarvan ons ander min weet!

Louisa toon baie insig in haar eie situasie – inaggenome die SMS. Benut dit meer.

Nicolaas (en ook die geldelike verpligting) is deel van Thys se pakket. Sy het met die hele pakket getrou. Dis ’n keuse wat sy gemaak het met bepaalde uitdagings.

Ek dink Louisa is baie hard op haarself. Ek glo sy probeer haar bes – sy sal dit waarskynlik ook so sê. In hierdie konteks moet sy dan verduidelik wat beteken “harder probeer”.

Nicolaas soek aandag, daarom vergroot hy. Kyk na al sy onsekerhede: sy pa het getrou met ’n ander vreemde vrou (en hulle het saam ’n kind), sy ma het ’n ander vrou in haar lewe, hy pendel tussen twee huise met waarskynlik verskillende reëls en waardes. Sy opdringerigheid sluit aan by sy soeke na aanvaarding. Hy wil deel wees van ’n gesin. Benut dit om hom deel te maak van


© University of Pretoria

sy pa se nuwe gesin. Elke tweede naweek is min tyd. Benut elke oomblik daarvan. Thys het hier ’n groot rol om te speel. Hulle moet aanvaar daar gaan nie alleentyd wees as Nicolaas by is nie!

Ek wonder oor sy ma se geheimsinnigheid. Wat is daar aan die gebeur en watter rol speel dit in Nicolaas se lewe?

Nicolaas hoef nie altyd sy sin te kry nie – kinders voel veilig met vaste reëls.

Om bekommerd te wees oor die geld (onderhoud) is nie gelyk aan slegte ‘stiefma’ wees nie. Louisa se aanmoediging van Thys om nie sy plig hierin te versaak nie, bevestig dit.

Die idee van stories wat kinders negatief maak teenoor stiefouers is ’n belangrike lyn wat opgetel moet word. Dit kom ook by die eerste gesin voor.

Die kerk moet meer sensitief wees vir dié tipe gesinne in die gemeente – pas op vir stereotipering. Aan die ander kant moet sulke gesinne egter ook besef dat die navorsing en statistiek wel waar is van sommige gesinne.

Louisa moet leer dat sy niks kan doen aan ander se opinies en verwagtinge nie.

Watter rol gee hulle aan die eks? Wat laat hulle haar toe? Is dit nie dalk tyd dat sy so ver moontlik verdwyn nie?

- **Respondent 6 (Teologie, dr Koos Uys)**

Die feit dat Louisa vyf jaar ouer as Thys is moet deurgaans verreken word. Byvoorbeeld sal dit in die toekoms ’n kwessie kan raak as Louisa by aftree ouderdom kom en Thys het nog vyf jaar om te werk. Omdat Louisa vir die eerste keer getroud is terwyl dit Thys se tweede huwelik is en hy reeds ’n kind het, vra dit volwassenheid van Louisa en behoort sy begelei te word in haar hantering van Nicolaas. ‘Kits-ouerskap’ vra na begeleiding.


© University of Pretoria

Daar is ook besorgdheid oor die feit dat Nicolaas eintlik ŉ 'naweek-kind' is, asook die feit dat hy normaalweg by sy ma en haar vriendin bly en daardie spesifieke uitsonderlike verhouding ŉ rol speel in die vorming van sy ouerbeeld en veral pa-beeld.

Daar is besorgdheid oor die beweerde alkoholmisbruik by Nicolaas se ma-hulle en die invloed daarvan op hom as kind.

Hoe Louisa Nicolaas se gewoonte om in sy vertelling van gebeure dikwels te vergroot, hanteer, is belangrik siende dat sy nie eintlik sy ma is nie. Daar moet dalk gesels word oor rolverwagtinge.

Louisa se 'ongemak' met Nicolaas se 'opdringerigheid' wanneer hulle spesifiek aandag gee aan Nathan, vra na begeleiding vir Thys, Louisa en Nicolaas.

Louisa moet gehelp word om nie te veel te worstel met die 'ek is ŉ regte stiefma' kwessie nie. In elk geval is Nicolaas nie deurlopend by hulle tuis nie. Sou hy meer permanent by haar en Thys kom bly, vra dit meer aandag en begeleiding.

- **Respondent 7 (Opvoedkunde, dr Emelda von Caues)**

Eerstens net ŉ algemene opmerking insake Louisa: sy is toereikend in takt met haar emosionele belewingsmomente en huiwer nie voor haar eie deur van introspeksie en intrinsieke kommunikasie nie, wat ŉ positiewe eienskap is van geestesgesonde ekstroversie.

Ek wonder nietemin oor die feit dat Louisa met Thys wat vyf jaar jonger as sy is, getrou het, inaggenome die feit dat die man tradisioneel gewoonlik ouer as die vrou is: watter invloed het dit op hulle verhouding/huwelik?

Enersyds is ek besorg oor Nicolaas se kontinue blootstelling aan sy biologiese moeder en haar sogenaamde vriendin. Die tipe verhouding wat tussen die twee vroue bestaan, asook die waarskynlike misbruik van alkohol, bied ŉ totale destruktiewe opvoedingsmilieu vir Nicolaas.


© University of Pretoria

Andersyds is ek innig dankbaar vir Thys en Louisa se waarskynlik stabiele huweliksverhouding wat vir Nicolaas kan dien as voorbeeld, midde sy heel moontlike verwarrende ervaring van ʼn gesonde huweliksverhouding (as gevolg van sy biologiese ma se verhouding met ʼn vriendin).

Ek voel sterk daaroor dat Nicolaas se biologiese moeder se opvoedingsmilieu wat sy hom bied, ondersoek moet word, ten einde te bepaal hoe gewens saamleefverhoudings binne dieselfde geslag met gepaardgaande drankmisbruik, vir ʼn ontluikende tienerseun is.

Dit is duidelik dat Louisa baie eerlik met haarself is, nie skroom om ʼn situasie aan te spreek nie en haar gevoelens en ervaringe akkuraat kan verwoord, wat waarskynlik dui op ʼn hoë emosionele intelligensie, wat op sy beurt in hierdie situasie waarskynlik in haar guns gaan tel.

My empatie lê ook by Thys. Ek is besorg dat hy moontlik onnodige spanning ervaar in sy pogings om vir Louisa en Nicolaas te akkommodeer wat tyd en aktiwiteite betref, en dit mag ʼn negatiewe invloed hê op hulle algemene gesinsverhoudinge. Ek wil aanneem dat hy die sensitiewer persoon van die twee ouers is. Die moontlike spanning wat hy verduur is nie bevorderlik vir sy algemene emosionele en daarom ook fisieke welsyn nie.

Wat baie positief is, is dat Nicolaas vir Nathan as ʼn maatjie beleef en graag tyd met hom spandeer. Ek veronderstel dit verlig juis moontlike spanning by beide Thys en Louisa.

Ek is nietemin besorg oor Louisa en Nicolaas se verhouding en die impak wat dit op die langtermyn op Louisa en Thys se huweliksverhouding mag hê.

Voorts is ek besorg oor die klein jakkalsies wat knaag, soos Thys se finansiële verpligtinge teenoor sy eks-vrou, wat Louisa goedkeur, maar wat nietemin druk op hulle eie finansies plaas.


© University of Pretoria

Wat die klassieke sprokiesverhale betref, is dit my mening dat dit nie slegs die kind negatief laat jeens ŉ stiefmoeder nie, maar ook die stiefmoeder by voorbaat ontsenu insake hierdie negatief vooropgestelde rol wat sy nou positief moet probeer vertolk. Is daar nie reeds ŉ agterstand aan haar toegedig, nog voordat sy begin het nie en voel sy nie derhalwe byvoorbaat 'geëtiketteer' nie?

Die feit dat die Nicolaas se biologiese ma met oorgawe na Louisa verwys as die klassieke 'stiefma', is waarskynlik ŉ tipiese aanval- of verdedigingsmetode, inaggenome die feit dat daar sake in haar eie lewe is wat nie in plek is nie (soos haar lesbiese verhouding en drankmisbruik), wat waarskynlik veroorsaak dat sy Louisa as ŉ bedreiging ervaar.

### 6.1.4 Moontlike besorgdhede wat betref Danie en Magda se verhaal

- **Respondent 1 (Sielkundige, ds Attie Steyn)**

Na die lees van hierdie verhaal (en die vorige drie) is die vooroordeel van die samelewing (waarvan in al die verhale melding gemaak is) vir my ŉ rede tot kommer. Die verhaal van Danie en Magda bewys dat ŉ hersaamgestelde gesin selfs beter kan funksioneer as baie kerngesinne wat bestaan uit die biologiese ouers en een, twee of meer kinders. Dit was dalk juis vanweë die feit dat Danie en Magda van meet af aan besef het dat die samestelling van hulle gesin tot verskeie probleme kan lei, dat hulle soveel moeite gedoen het om dit te ondervang. Dit het hulle na my mening reggekry. Hulle was proaktief en oopkop as dit kom by aspekte wat die potensiaal gehad het om problematies te raak. Hulle het met mekaar en met die kinders gekommunikeer. Niks is bloot onder die mat ingevee nie. Dit is duidelik dat, wanneer hulle met komplekse situasies te doen gekry het, daar gepraat en herbesin is, sodat probleme effektief aangespreek is.

(Selfs Magda se ervaring dat die kinders "soos krimpvarkies is", is nie uniek tot kinders se verhouding met ŉ stiefma nie – dit is dalk eerder eie aan kinders van ŉ bepaalde ouderdom. Tieners wil soms bewys dat en hoe emosioneel onafhanklik hulle is.)


© University of Pretoria

My besorgdheid oor die samelewing is tweeledig. Die 'groter narratief' van die samelewing is skynbaar een waar hersaamgestelde gesinne tot mislukking gedoem is. Dit is betekenisvol dat al die deelnemers aan hierdie studie meld dat die samelewing as't ware sit en wag vir iets om verkeerd te loop. Ek aanvaar dat hierdie verhale meestal in 'n plattelandse omgewing afgespeel het. Gevolglik wonder ek of hersaamgestelde gesinne in stede in dieselfde mate hierdie soort druk ervaar. En, belangriker: wat kan daaraan gedoen word om hierdie persepsie te verander?

'n Verdere bron tot kommer oor die samelewing is dat daar by baie (kern)gesinne 'n naïwiteit oor verskillende ingewikkeldhede bestaan: die aanpassing van enige twee mense in 'n huwelik; die eise wat elke ouer-kind-verhouding stel; die nodigheid van kommunikasie oor ouerskapstyle; die vermoë om objektiwiteit te behou oor dit wat binne die gesin gebeur en tydig noodsaaklike aanpassings te maak.

- **Respondent 2 (Sielkundige, mnr Manie Engelbrecht)**

Ek is besorg en wonder oor die volgende aspekte in hul verhaal:

- Ek wonder hoe Danie en Magda hul ouderdomsverskil beleef en benader?

- Ek is besorg oor Danie en sy kinders se hantering en belewenis van Elize se alkohol/pille misbruik. Watter effek het haar konflik en probleemoplossing-styl op Danie en die kinders gehad, asook die gesin se kommunikasie-styl? Ek wonder of Danie en die kinders hiermee gedeel het en watter emosionele vraagstukke hieroor nog mag bestaan? Ek is besorg of die kinders emosioneel 'afgesny' het van hul ma en wat die aard van hul verhouding met hul ma tans is.

- Ek wonder oor die seun se verhouding met sy biologiese ma, watter maniere sy dalk gebruik om hom te negatief te beïnvloed en hoe Danie en Magda dit hanteer. Ervaar die egpaar nog probleme hiermee?


© University of Pretoria

- Ek wonder oor Magda se ervaring en hantering van dissipline van haar eie dogter, of sy haar sensitiwiteit jeens Danie hieroor hanteer het, en of die egpaar hierdie uitdaging hanteer en watter oplossing/kommunikasie hieroor plaasgevind het.

- Ek wonder oor Magda en Danie se belewenis en hantering van die samelewing se diskoerse oor 'stiefma wees'?

- **Respondent 3 (Maatskaplike Werker, mev Cathy Symington)**

Magda werk hard daaraan om almal in die gesin gelukkig te hou. Die kommunikasie en oop verhoudinge dra by tot die sukses. Sy moet besef dat die kinders reeds groot was toe sy in hulle lewe gekom het en dat sy moontlik meer van 'n 'vriendin' vir hulle sal wees as 'n ma. Liefde kom vanself – dit kan nie geforseer word nie.

Haar sterk sin vir regverdigheid veroorsaak dat sy dit wil demonstreer en dan te kwaai met haar eie kind is. Sy moet ontspan en net normaal teenoor haar eie kind optree.

Hoewel Danie en Magda te kenne gee dat hulle nie regtig omgee oor dit wat die samelewing sê en dink nie, wil dit tog lyk of hulle optrede 'n ander verhaal vertel: hulle bly maar terdeë bewus van die samelewing se soms negatiewe kommentaar.

- **Respondent 4 (Maatskaplike Werker, mev Elbie Conradie)**

Ek wil met die samelewing saamstem en sê dis te goed om waar te wees! Ek wonder voorts oor die ouderdomsverskil tussen Danie en Magda en die kinders. Nietemin toon Magda baie insig en haar verbintenis tot openlike kommunikasie is 'n definitiewe pluspunt.


© University of Pretoria

Die samelewing wys dat vyf kinders vir selfs ŉ ervare ouerpaar allesbehalwe maklik is, daarom kan daar verwag word dat Danie en Magda baie hard sal moet werk ter wille van die volhoubaarheid van hulle sukses tot op hede.

Dit sal goed wees as daar steeds op ŉ gereelde basis gesinsterapie plaasvind, om ouers voor te berei op die hantering van moontlike uitreagerende gedrag by die kinders.

- **Respondent 5 (Leefstyl-afrigter, dr Leon Foot)**

Saamgestelde gesinne is ook gewone gesinne, in die sin dat dieselfde uitdagings by albei voorkom. Saamgestelde gesinne het dalk net nog addisionele uitdagings, maar moet nie te sensitief wees vir die 'gewone' gesinsprobleme nie.

Wanneer twee mense trou, word hulle een (ŉ span). Die Bybel stel dit ook so. Hierdie eenheid moet sigbaar gemaak word in die huwelik op elke terrein. Daarom moet daar openlikheid wees oor elke aspek, vanaf opvoeding tot geldsake. Danie en Magda kry dit goed reg.

Ek hou van Magda se motto! (wat ook al die vraag, die antwoord is liefde!)

Ek kan nie anders nie as om te dink aan die verspieders in die beloofde land wat kom rapporteer het: "Ons was soos sprinkane in hulle oë". Hoeveel van ons eie vrese en verwagtings projekteer ons op ander? Ook in hierdie verhaal. Hulle sê hulle steur hulle nie aan die ander mense nie, maar tog beleef hulle dit so asof ander wag dat hulle moet misluk.

Ek hou daarvan dat hulle nie onnodige plek gee vir Elize nie.

- **Respondent 6 (Teologie, dr Koos Uys)**

Die groot ouderdomsverskil tussen Danie en Magda vra aandag.


© University of Pretoria

Elize se alkohol en/of pille misbruik moet só aan die kinders gekommunikeer word, dat hulle nie op grond daarvan hul biologiese ma verwerp nie, maar wel dit wat sy verkeerd doen. Magda verstaan dat sy eintlik nooit die kinders se ma kan wees nie, maar tog plaas sy haar in die rol van 'ma' in die hantering van die kinders?

Die rolverwagtings en vervullings behoort duidelik gedefinieer word in die lig daarvan dat sy nie hulle ma is nie.

Elize se beïnvloeding van die kinders wat betref hulle siening van Magda behoort ook aandag te kry.

Magda en Danie se hantering van Magda se dogter (Magda se onnodige streng optrede) mag dalk problematies raak in die toekoms.

Die wyse waarop die gesin konflik hanteer, is beslis ŉ pluspunt!

Ek is besorg oor die samelewing se skeptisisme oor die werkbaarheid van die verhouding. Wat sou die rede daarvoor wees?

- **Respondent 7 (Opvoedkunde, dr Emelda von Caues)**

My besorgdheid sentreer dadelik rondom die groot ouderdomsverskil tussen Danie en Magda en of Magda gereed is om so ŉ groot en uitgebreide gesin met eiesoortige behoeftes (vanweë hul ouderdomme) en multidimensionele verantwoordelikhede te hanteer.

Voorts is ek besorg oor Magda se dogter, nou ongeveer 7 jaar oud. Wat verstaan hierdie klein dogtertjie van haar biologiese vader wat geen kontak meer met haar het nie? Hoe gaan sy dit as tiener en ontluikende jong meisie ervaar?

Danie se kinders is tans van so ŉ ouderdom, dat hulle waarskynlik hul biologiese moeder se toestand en situasie mag begryp. Danie en Magda behoort hulle


© University of Pretoria

nietemin te begelei tot ŉ bewustheid van en deernisvolle begrip vir hulle moeder se afhanklikheid van substansies.

Die wedersydse oop kommunikasie binne gesinsverband, is ŉ wenresep en Danie en Magda dwing as volwassenes enersyds die nodige respek by die kinders af en andersyds deel hul mildelik liefde, geduld, verdraagsaamheid, vrede en vriendelikheid uit – in so ŉ mate dat die kinders met sodanige eienskappe spontaan daarop reageer. Dit verseker ŉ ontspanne, gemaklike en gedissiplineerde gesinsatmosfeer waarbinne die kinders elke ontwikkelingsfase veilig kan eksploreer.

Ek wonder opnuut oor die algemene geestesgesondheid en opregtheid van die samelewing waarin ons leef, wat dikwels so gou is om minder positiewe gebeure rondom hersaamgestelde gesinne as ‘negatief’ of ŉ ‘krisis’ of ŉ ‘mislukking’ af te maak en hul eie kritiese-alwetende-weergawe met (ŉ wrang-) smaak in te kleur.

- Sou dit wees om hul eie huwelik en/of gesinslewe beter te laat lyk?

- Sou dit wees om hulself die alleenreg op waarskynlik vooraf negatiewe voorspellings toe te eien?

- Sou dit wees om eerste die storie te kan vertel? Of dalk saam te kan praat en die storie toe te lig met addisionele feite.

Terselfdertyd wonder ek wat het geword van empatie, deernis, respek, liefde en gebed? En ek wonder of die ‘skuldiges’ nie in so ŉ mate só knus en verhewe toegewikkel is in ŉ stabiele huwelik en harmonieuse gesinsverhoudinge, dat hulle glad nie emosionele pyn ken of verstaan nie?


© University of Pretoria

## 6.2 REFLEKSIE OP RESPONDENTE SE INSETTE WAT BETREF DIE BESORGDHEDE BY DIE VERSKILLENDE OUERSKAP-VERHALE

Die post-fundamentele benadering tot praktiese teologie behels dat die navorsingsproses juis nié sal eindig by die interpretasies van die respondente (ander vakkundiges) nie, maar dat die navorsingsgenote – nadat die respondente hul bydraes gelewer het – die geleentheid sal hê om hierop te reflekteer (Müller 2009:222-225). Die verhale is immers die navorsingsgenote se verhale en daarom sou dit ook eties onbillik wees om hulle nie by hierdie fase van die navorsingsproses te betrek nie. Die terugvoer van die verskillende respondente is daarom vir die navorsingsgenote gegee om te lees, met die versoek dat hulle asseblief hierop sal reageer.

Hoewel ek dit tóg te wagte was, was ek nie naastenby voorbereid op die (veral) aanvanklike negatiewe reaksie van die navorsingsgenote nie. Sommige van die navorsingsgenote het gevoel dat sekere van die respondente se insette/opmerkings heeltemal onvanpas was.

Dit het my natuurlik opnuut bewus gemaak van die feit dat navorsing *per se* intervensie impliseer. Müller en Schoeman (2004:3) maak myns insiens in dié verband ʼn baie belangrike opmerking, as hulle sê:

> Research is a form of intervention. That is a given fact. Narrative research, [...] cannot avoid the dynamics of intervening in people's lives.

Met dít in gedagte het ek opnuut aan die navorsingsgenote verduidelik dat ek bewus is van die blootstelling wat daarmee saamgaan, maar dat die idee om respondente te nader, juis was om ʼn gesprek uit ander invalshoeke te fasiliteer en om bewus te raak van die moontlike bydraes wat ander vakgebiede sou kon lewer met die oog op ʼn nuwe verstaan van ouerskap in saamgestelde gesinne.

Klem is ook gelê op die feit dat die verskillende respondente slegs met ʼn teks voor hulle gewerk het en dat hulle insette nie enigsins normatief of algemeen-geldig is of hoef te wees nie; dit is *ʼn* perspektief en nie noodwendig *die* perspektief nie. In die


© University of Pretoria

lig hiervan is hulle toe aangemoedig om opnuut te gaan nadink oor die verskillende respondente se insette en dan daarop te reflekteer.

Vervolgens ŉ kort oorsig wat betref die navorsingsgenote se refleksie.

### 6.2.1 Refleksie deur Michael en Sanet

Sanet sê dat haar eerste reaksie op die terugvoer dié van ontsteltenis was, soveel so dat sy haarself gekonfronteer het met die vraag hoekom sy en Michael in die eerste plek by die navorsingsproses betrokke geraak het. Michael was egter heelwat gemakliker met die terugvoer en het dadelik gesê dat Sanet dit bloot moet sien as ander mense se opinie; dat dié mense nie die volle werking van hulle gesin ken nie, en bloot gereageer het op die verhaal van ŉ paar bladsye wat hulle ontvang het.

ŉ Dag later het Sanet weer die respondente se terugvoer deurgelees. Dié keer (so sê sy) was sy uit die staanspoor rustiger en kon sy elkeen se terugvoer mooi deurlees en oordink.

In hulle terugvoer het hulle die kernaspekte by die verskillende respondente geïdentifiseer en daarop gereageer. Ter wille van ŉ geheeloorsig plaas ek dit in tabelformaat:

| **Besorgdheid** | **Michael en Sandra se refleksie** |
|---|---|
| Die bestaan van stereotiepe idees oor saamgestelde gesinne, ook by familie... | *Ons ervaar dat dit bestaan!* |
| Onderdruk ons (veral Michael) soms ons gevoelens om te bewys ons is ŉ saamgestelde gesin wat werk? | *Nee!* |
| Michael se betrokkenheid by die dissiplinering van Francois en Sandra... | *Ek (Sanet) verkies dit om primêr verantwoordelikheid te aanvaar.* |


© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Vergifnis by Sanet / nodigheid om onverwerkte gevoelens te hanteer... | *Ek dink ek het al baie verder gevorder as waarvoor daar krediet gegee word...*<br>*Ek kry dit al goed reg om die verlede agter my te hóú!* |
| Vertroue ná teleurstelling by Sanet | *Is dit nie maar so by almal dat vertroue 'n tyd neem na teleurstellings nie?* |
| Francois en Sandra se verhouding met hulle biologiese pa... | *Ons voel as hulle nie wil kontak maak nie, kan/gaan ons hulle dwing nie. Respondent 5 is reg as hy sê ons het dit nie nodig nie.* |
| Voel ons ons is 'n voorbeeld van 'n werkbare gesin? | *Beslis!* |
| Hantering van kwessies rondom familie | *Dit gebeur tog by enige familie, nie net saamgestelde gesinne nie, dat dinge soms skeefloop. Ons hanteer dit soos nodig.* |
| Ouderdomsverskil by kinders | *Die kinders kom regtig goed oor die weg. Dit werk tog in enige familie so dat die ouderdomsverskil tussen kinders op 'n gegewe stadium 'n faktor is en ander kere weer glad nie!* |
| Terapeutiese dienste vir Sandra en die kinders? | *Ja, ons het gehad.*<br>*Ons voel dis nie verder nodig nie.* |
| Moontlike invloed van sprokiesverhale? | *Dit speel dalk dikwels by die samelewing 'n rol, maar in ons geval beskou die kinders nie vir Michael as stiefpa nie.* |
| Kerngesinne versus Saamgestelde gesinne | *Ons voel regtig ons kom beter reg as baie kerngesinne... (Soos Respondente 1, 4, 5 & 7 ook opmerk)* |
| Ritueel met kalfies | *Dit het vir ons gewerk!* |
| Onderlinge verhouding tussen eie kinders en stiefkinders | *Dit gaan regtig goed op die stadium.*<br>*As verhoudings dalk in toekoms iewers skeefloop, sal ons dit hanteer.* |


© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Finansiële posisie / hantering | *Ons voel dit gaan goed op dié vlak. En ek (Sanet) het nié vir geld getrou nie, soos wat respondent 7 suggereer nie!* |

### 6.2.2 Refleksie deur die navorser wat betref Sanet en Michael se verhaal

Dit was nogal interessant om kennis te neem van die verskillende respondente se insette wat betref die interdissiplinêre gesprek.

Die werklikheid van stereotipe idees oor hersaamgestelde gesinne, is onder andere uitgewys deur respondent 1, respondent 4, respondent 5 en respondent 7.

Nog ŉ saak wat by al die respondente uitgewys is, is natuurlik die kwessie van vergifnis. Respondent 1 formuleer dit myns insiens treffend, as hy sê dat vergifnis nie van ons vra om te sê dat dit wat gebeur het, reg is nie. Hy beklemtoon dat die groot hoeveelheid positiewe belewenisse by Sanet ná haar huwelik met Michael, haar dalk daarmee kan help om nie meer so op die negatiewe gebeure van die verlede te konsentreer nie. Die ander respondente beklemtoon almal dat ŉ traagheid by Sanet om haar eks-man te vergewe, op die lange duur ŉ negatiewe invloed mag hê op haar en Danie se verhouding. Dit het my nogal dadelik laat dink aan die woorde van Hebreërs 12:15, waar die Hebreërskrywer sê (Die Bybel,1983):

> Sorg dat daar nie verbittering soos ŉ wortel uitspruit, moeilikheid veroorsaak en baie besmet nie...

Ek dink ons moet deeglik kennis neem daarvan dat traagheid (weiering) om te vergeef, bitterheid veroorsaak en dat hierdie bitterheid op die lange duur vernietigend is.

Die wyse waarop die familie soms meewerk aan ŉ negatiewe etiket by wyse van hulle skeptisisme en vooroordeel, is uitgewys deur onder andere


© University of Pretoria

respondent 1, respondent 2, respondent 3, respondent 6 en respondent 7.

Michael en Sanet se opmerking dat onderlinge konflik by families nie iets is wat beperk is tot saamgestelde gesinne nie, maar ewe veel in elke ander gesinstipe voorkom, is natuurlik in alle opsigte waar.

Dit is duidelik dat die afwesigheid van die biologiese pa by hierdie spesifieke gesin beslis ŉ groot rol gespeel het in die ontwikkeling van positiewe onderlinge gesinsverhoudinge (respondent 3). Uit die aard van die saak is dit nie die ideaal nie en in die meeste gevalle het saamgestelde gesinne nie juis ŉ keuse hierin nie, maar miskien sê dit tog dat saamgestelde gesinne nie onnodig moet tob in gevalle waar die een biologiese ouer dalk kies om (meer) afwesig te wees nie.

Respondent 5 se opmerking dat ons hier ŉ gesin het wat goed funksioneer en dat daar daarom eerder gekonsentreer behoort te word op dít wat werk, as kwessies wat probleme gee, is na my mening ŉ perspektief wat alle saamgestelde gesinne gerus in gedagte moet hou.

Die opmerkings deur respondent 3, respondent 4, respondent 6 oor die moontlikheid dat die biologiese pa iewers sy opwagting gaan maak, is ŉ geldige moontlikheid, maar ek wonder tog of dit nodig (en sinvol) is om voortdurend daaroor te tob? Myns insiens is dít iets wat eers hantering vra wanneer dit wel gebeur.

Die positiewe rol wat eenvoudige rituele kan speel by die ontwikkeling van positiewe onderlinge verhoudings, word onder andere uitgewys deur respondent 5 en is ŉ perspektief wat beslis verder ondersoek behoort te word.

My persoonlike mening is dat Michael en Sanet en hulle kinders ŉ baie gelukkige gesin is en dat die kerk en geloofsgemeenskap moeite moet doen om vir hulle erkenning hiervoor te gee en om hulle te help om dit te vier.


© University of Pretoria

### 6.2.3 Refleksie deur Jaco en Naomi

Jaco en Naomi het óók die respondente se terugvoer as ontstellend beleef. Veral Naomi. Bykans 'n week nadat hulle die terugvoer van die respondente ontvang het, het sy vir my gesê dat dit vir haar voel die respondente wil te kenne gee dat sy 'n fout gemaak het om met Jaco te trou en dat hulle huwelik tot mislukking gedoem is. Ek het dadelik verduidelik dat die respondente se terugvoer bloot menings/perspektiewe is en dat haar en Jaco se refleksie hierop juis ten doel het om dié menings/perspektiewe te versterk óf te verwerp.

In hulle terugvoer het hulle sekere kernaspekte by die verskillende respondente geïdentifiseer en daarop gereageer. Ter wille van 'n geheeloorsig plaas ek dit in tabelformaat:

| **Besorgdheid** | **Jaco en Naomi se refleksie** |
|---|---|
| Die bestaan van stereotiepe idees oor saamgestelde gesinne... | *Ons ervaar dat dit beslis bestaan!*<br>*Die soms negatiewe refleksie van die respondente op my verhaal, bewys dit!* |
| Jaco en Naomi se ouderdomsverskil... | *Ons kan nie glo dis 'n besorgdheid nie! Ouderdomsverskil het geen invloed op ons ouerskap-belewenisse nie...* |
| Jaco se lewensmotto:<br>*"Moenie tob oor goed wat jy nie kan verander nie!"* | *Ja, dit is so dat dit soms vir my (Naomi) sleg is. Ek het egter begrip vir die feit dat dit deel is van Jaco se persoonlikheid. Omdat hy weet dit is vir my moeilik, werk hy daaraan. Ek voel ons het al heelwat gevorder op dié terrein...* |
| Naomi se verhouding met Jaco se kinders; die wyse waarop hulle haar behandel... | *Net soos wat Jaco se persoonlikheid deel is van die wyse waarop hy optree, net so is dit by my die geval: ek is 'n sensitiewe persoon, ingestel om die mense rondom my. Daarom doen ek gewoonlik baie moeite om gesonde verhoudings met my medemens te handhaaf. Ek wil allesbehalwe hulle 'ma' wees; ek sou wel graag 'n meer gemaklike verhouding met hulle wil hê... en ek sou* |


© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| | *graag gerespekteer wil word as 'n betekenisvolle persoon in hulle lewe.* *Die wyse waarop Reino (en Andries) my behandel, is nie vir my lekker nie. Maar ek wil dadelik byvoeg dat dit tóg al intussen verbeter het...* |
| Jaco se verantwoordelikheid om Naomi te ondersteun... | *Jaco ondersteun my! Soos in enige ander verhouding is daar natuurlik altyd ruimte vir groei, ook wat betref mý ondersteuning van Jaco.* |
| Christo se verhouding met Jaco versus sy biologiese pa... | *Ek is baie dankbaar oor die gemaklikheid tussen Jaco en Christo. Christo het self gekies om Jaco as 'Pa' aan te spreek. Dit is ook nie asof hy sy eie pa vergeet het nie. Hy is ten volle ingelig wat betref die situasie; dit is bloot as gevolg van omstandighede, dat hulle nie so dikwels kontak het nie.* |
| Jaco se betrokkenheid by die dissiplinering van Christo | *Ons het hieroor gesels en ek (Naomi) is nie net gemaklik daarmee nie, maar waardeer dit dat Jaco my ondersteun wat betref die dissiplinering van Christo. Wat die toekoms mag inhou wanneer Christo sy 'storm-en-drang-tyd' bereik (respondent 1), weet ons nie, maar ons gaan nie nou al daaroor tob nie.* |
| Naomi se betrokkenheid by Christo | *Ek ís betrokke by my eie seun; dis allesbehalwe waar dat ek só fokus op Jaco se kinders dat ek my seun afskeep.* |
| Die moontlike rol wat die afwesigheid van die eks-man en eks-vrou speel | *Dit maak nie saak wat die respondente hieroor dink nie, dit werk vir ons! Ons het dit nie besluit nie; dis bloot 'n sameloop van omstandighede.* |
| Kensgesinne versus Saamgestelde gesinne | *Dit is ongelukkig so dat, die oomblik wat mense hoor ons is 'n saamgestelde gesin, hulle dadelik op die uitkyk is vir sake wat na hulle mening nie in plek is nie. Maar ons voel dat baie van die goed wat óns beleef, ook beleef word deur kerngesinne. Hoekom ons dan uitsonder?* |


© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Andries en Reino se verhoudings-vaardighede en die wyse waarop hulle die vroulike geslag behandel... | *Die meeste respondente het hiervan melding gemaak. Ons stem saam dat dit 'n terrein is waaraan daar aandag gegee moet word, maar ons woon nie onder een dak nie, daarom het dit nie so 'n groot invloed op ons huwelik nie... dis iets wat bloot ervaar word as en wanneer hulle kom kuier...* |
| Moontlike invloed van sprokiesverhale? | *Soos respondent 7 meld: die 'heksagtige' wyse waarop stiefma's in hierdie verhale uitgebeeld word, is ongelukkig iets wat maar die heeltyd in 'n mens se agterkop is...* |
| Die moontlike rol van die geloofsgemeenskap... | *Ons stem saam met Respondent 6 dat die geloofsgemeenskap 'n bydrae kan lewer deur 'n veilige ruimte te skep vir saamgestelde gesinne waar hulle eerlik kan praat oor hulle belewenisse, sonder vrees vir veroordeling!* |
| Die afwesigheid van 'n respons oor gebed! | *Dit is vir my (Naomi) opvallend dat nie een van die respondente enigsins hiervan melding gemaak het nie. Ek glo egter dat 'n gesin se verhouding met God en voortdurende gebed uiters belangrik is vir oorlewing! Gebed kan die wêreld waarin ons lef, verander en wonderwerke laat gebeur.* |
| 'n Paar algemene opmerkings van ons as ouers se kant af wat betref die respondente se kommentaar... | *Dit is jammer dat baie van die kommentaar net fokus op sekere aspekte van die verhaal en nie in ag neem dat ons albei baie hard aan ons tweede huwelik werk nie. Daar is voortdurend groei in ons verhouding.*<br><br>*Respondent 5 se kommentaar was baie sinvol: daar ís sekere dinge waaroor mens nie beheer het nie, veral nie ander mense se gedagtes en optrede nie.*<br><br>*Die vraag (respondent 7) of ons nie dalk getroud is omdat ek die finansiële en opvoedkundige eise as enkelouer nie kon hanteer nie, is onvanpas en bevestig die vooropgestelde idees van die samelewing!* |


© University of Pretoria

### 6.2.4 Refleksie deur die navorser wat betref Jaco en Naomi se verhaal

Een van die sake wat deur die meeste respondente uitgewys is as ŉ moontlike besorgdheid, is Jaco se lewensmotto (moenie karring nie...) en die wyse waarop hy konflik hanteer. In belang van hulle huwelik sou dit goed wees as hy aangemoedig kan word om nie net meer te praat oor sy eie belewenis van gebeure nie, maar om veral ook te luister na Naomi se belewenisse in dié verband.

Hoewel dit dalk nie heeltemal betrekking het op die ouerskap-belewenisse van Jaco en Naomi nie, is daar tog ŉ hele aantal respondente (respondent 1, respondent 3, respondent 4 en respondent 7) wat wonder oor die voorbeeld wat Jaco vir sy eie kinders stel wat betref die hantering van konflik en of dit nie dalk Reino se optrede verklaar nie?

Die meeste respondente (respondent 1, respondent 4, respondent 5 en respondent 7) voel dat Jaco ŉ groter rol behoort te speel om die verhouding tussen sy kinders en Naomi te vergemaklik. Ek stem absoluut hiermee saam.

Naomi is ŉ baie sensitiewe persoon wat moeite doen om gemaklik met alle mense oor die weg te kom. Sy stel intens belang in die wel en weë van die mense waarmee sy in aanraking kom, wat verklaar hoekom dit vir haar so belangrik is om ŉ goeie verhouding met Andries en Reino te hê. Nietemin dink ek daar is meriete in die opmerking dat stiefma's nie moet probeer om vir hulle stiefkinders ŉ ma te wees nie, maar eerder ŉ vriend. Die meeste van die respondente stel voor dat Naomi spesiale moeite moet blý doen ter wille van die vestiging van ŉ goeie verhouding tussen haar en Jaco se kinders. Inaggenome die mens wat sy is, sal sy dit verseker doen, daarvan is ek heeltemal oortuig.

Hoewel die ouderdomsverskil (respondent 2, respondent 4, respondent 6 en respondent 7) by Jaco en Naomi uitgewys is as ŉ verdere moontlike besorgdheid, wil dit tog blyk asof dit nie regtig ŉ faktor in Jaco en Naomi se huwelik is nie.


© University of Pretoria

Ander sake wat deur die onderskeie respondente genoem is, is die verhouding tussen Christo en sy biologiese pa. Hoewel Jaco hierdie leemte goed vul – soveel so dat Christo hom selfs 'Pa' noem – behoort daar altyd ruimte gelaat te word dat Christo se verhouding met sy biologiese pa in die toekoms verdieping mag beleef.

Die dissiplinering van kinders word dikwels beskou as een van die meer algemene probleemareas by saamgestelde gesinne, maar in dié gesin is dit uit die staanspoor gehanteer en uitgesorteer. Hoewel die biologiese ouers in saamgestelde gesinne normaalweg primêre verantwoordelikheid vir hierdie aspek behoort te aanvaar, blyk dit dat dit in dié gesin tog werk dat Jaco as 'stiefpa' medeverantwoordelik is hiervoor.

Respondent 6 maak voorts melding van die feit dat die geloofsgemeenskap die verantwoordelikheid het om ʼn ondersteunende rol te speel by saamgestelde gesinne. Ongelukkig gebeur die teendeel egter dikwels: baie van hierdie soort gesinne se kans op sukses word selfs in geloofsgemeenskappe uit die staanspoor bevraagteken.

Respondent 7 beklemtoon myns insiens ʼn belangrike saak, as sy sê dat ʼn samelewing net so gretig behoort te wees om erkenning te gee aan die stiefma, as wat hulle gretig is om haar te stigmatiseer.

Hierdie is na my mening nóg ʼn voorbeeld van ʼn saamgestelde gesin wat meer krediet behoort te kry vir hulle gesinswees en hulle suksesse, as wat tans die geval is. Daar bestaan nie ʼn gesin waar alles altyd suksesvol verloop nie, selfs nie eens wanneer dit kom by kerngesinne nie. ʼn Gesin soos hierdie, waar daar gewerk en gebid word, behoort ondersteuning en ʼn regverdige kans op sukses gegun te word...

### 6.2.5 Refleksie deur Thys en Louisa

Kort nadat ek die terugvoer van die respondente vir Thys en Louisa gegee het met die versoek dat hulle dit moet deurlees en oordink, het Louisa vir my die


© University of Pretoria

volgende teksboodskap gestuur:

> Sjoe, dis erg... maar baie insiggewend. Werk nog al die gevoelens en feite deur. Sal bietjie dink en 'n paar aantekeninge maak. Stem nie met alles saam nie!

Ek het daarom ook in hulle geval dadelik verduidelik dat die respondente se terugvoer bloot 'n mening/perspektief is en dat haar en Thys se refleksie hierop juis ten doel het om dié menings/perspektiewe te versterk óf te verwerp.

In hulle terugvoer het hulle die kernaspekte by die verskillende respondente geïdentifiseer en daarop gereageer. Ter wille van 'n geheeloorsig plaas ek dit in tabelformaat:

| **Besorgdheid** | **Thys en Louisa se refleksie** |
|---|---|
| Nicolaas se manier om te 'vergroot'... en die hantering daarvan... | *Ons verstáán dat Nicolaas se opdringerigheid 'n teken van onsekerheid is. En ons hét voor ons huwelik gepraat oor Nicolaas en die verantwoordelikheid van stiefouers. Maar kan mense ooit ten volle hierop voorbereid wees?* |
| Louisa se sensitiwiteit wat betref haar rol as 'stiefma'... | *Ek wil regtig graag 'n goeie 'stiefma' wees. Dis hoekom ek wel die moeite doen om Nicolaas reg te help as hy verkeerd optree, en hom nie net los nie. En dis nié waar dat ek hom net reghelp ter wille van 'wat die mense gaan dink' soos wat respondent 3 en respondent 4 sommer besluit het nie!* |
| Louisa en Nicolaas se verhouding... | *Ek werk regtig daaraan om 'n goeie verhouding met Nicolaas te hê... En om hom te aanvaar soos hy is en hom deel te laat voel van ons gesin. Dankie vir die erkenning hiervoor by respondent 2, respondent 5, respondent 6 en respondent 7! Hê asseblief bietjie begrip daarvoor dat so 'n iets nie oornag gebeur nie...* |


© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Louisa onvolwasse en selfsugtig? (Respondent 4) | *Respondent 4 is darem baie skerp en veroordelend in haar kritiek! Dankie dat respondent 1, respondent 2, respondent 5, respondent 6 en respondent 7 wel melding maak van my pogings en sensitiwiteit.* |
| Die feit dat Thys soms 'in die middel' vasgevang voel... | *Dit was nog nooit my bedoeling om Thys 'in die middel vasgevang' te laat voel nie. Ek is jammer dat dit wel soms gebeur en ons werk saam daaraan om dit te verhoed, deurdat ons eerlik met mekaar kommunikeer oor ons emosies.* |
| Alleen-tyd tussen Thys en Nicolaas... | *Hoewel dit my (Louisa) soms uitgesluit laat voel, besef ek die waarde daarvan en maak ek alreeds meer ruimte daarvoor.* |
| Die situasie by Nicolaas se biologiese ma se huis... | *Ons besef dat dinge daar nie pluis is nie, maar dis nie asof ons dit sommerso gou kan gaan regstel nie, of Nicolaas daar wegvat nie. Daar is 'n skikkingsbevel wat nie sommer net geïgnoreer kan word nie. Ons gesels nietemin by ons huis met Nicolaas oor wat aanvaarbaar is, en wat nie.* |
| Finansiële posisie / hantering... | *Ek (Louisa) het dit tog duidelik gestel dat ek juis vir Thys aanmoedig om sy verpligting hierin na te kom. Dankie vir die respondent 3, respondent 5 wat erkenning gee aan die feit dat om nogtans soms te wonder oor die besteding van onderhoud, nie vreemd is nie en ook nie van jou 'n slegte stiefma maak nie!* |
| Ouderdomsverskil tussen Thys en Louisa... | *Ons verstaan nie die besorgdheid wat betref ons ouderdomsverskil en die invloed wat dit op ons ouerskap-belewenisse het nie; dis tog heeltemal irrelevant!* |
| Onderlinge verhouding tussen Nathan en Nicolaas | *Ons het groot waardering vir die feit dat hulle goed oor die weg kom.* |
| Die moontlikheid van 'n ritueel om Nicolaas deel te maak... | *Dit is 'n geldige argument dat ons vir twee naweke per maand 'n aanpassing kan maak wat betref Nathan se* |


© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| | *bad-ritueel soos wat respondent 5 en respondent 6 voorstel.* |
| Moontlike invloed van sprokiesverhale? | *Respondent 7 is waarskynlik in die kol wat betref haar opmerking dat klassieke sprokiesverhale die stiefmoeder byvoorbaat ontsenu.* |
| Algemene opmerkings... | *Ons verbintenis tot oop en positiewe kommunikasie vergemaklik beslis die aanpassing.*<br><br>*Dieselfde wat betref ons besluit dat Nicolaas nie altyd sy sin hoef te kry nie: aanvanklik het ek (Louisa) dit vermy om "nee" te sê, want dit het vir my gevoel dat ek dan juis soos 'n stiefma optree.*<br><br>*Net soos wat daar nie model-kerngesinne bestaan nie, bestaan daar sekerlik ook nie model-saamgestelde-gesinne nie. Ons is egter baie gelukkig saam! Sien die positief raak, eerder as die negatief!* |

### 6.2.6 Refleksie deur die navorser wat betref Thys en Louisa se verhaal

Nicolaas se gedrag (sy opdringerigheid en sy manier om te vergroot) word deur al sewe respondente as 'n besorgdheid geopper. Dit is 'n saak wat op dié stadium nie net die verhouding tussen Louisa en Nicolaas negatief beïnvloed nie, maar ook Louisa en Thys se huweliksverhouding. In die lig hiervan stel al die respondente voor dat daar indringend hieraan aandag gegee moet word. 'n Hele aantal moontlikhede word genoem, onder andere spelterapie, bindingsterapie, berading ensovoorts. Respondent 1 vra retories of daar nie dalk aanvanklik te min gepraat is oor die uitdagings wat Nicolaas se teenwoordigheid op Thys en Louisa se verhouding en ouerskap sou hê nie.

Hoewel dié studie in die eerste plek handel oor *ouerskap* in saamgestelde gesinne, het Louisa se verhouding met Nicolaas beslis 'n invloed op Louisa se


© University of Pretoria

ervaring van hulle ouerskap en stem ek volkome daarmee saam dat daar aandag gegee moet word aan dié saak.

Die meeste respondente is voorts onrustig oor die situasie by Nicolaas se biologiese ma en die invloed daarvan op sy eie gevoel van onsekerheid, wat weer 'n direkte invloed het op Thys en Louisa se belewenis van ouerskap. Respondent 5 en respondent 7 beklemtoon dat Thys en Louisa nietemin daarteen moet waak om nie 'n te groot rol aan die eks te gee of hulle te steur aan haar verdagmakery nie.

Vyf van die sewe respondente verwys waarderend na Louisa se insig in die kompleksiteit van die situasie en haar eerlike worsteling daarmee om 'n goeie 'stiefma' te wees. Respondent 7 gee veral erkenning aan die feit dat sy in voeling is met haar emosionele belewenismomente en dat sy nie huiwer om by geleentheid introspeksie te doen nie, terwyl Respondent 5 meen sy moenie te hard wees op haarself nie en dat sy moet leer dat sy niks kan doen aan ander se opinies en verwagtinge nie.

Bykans al die respondente beklemtoon dat twee naweke per maand eintlik nie veel inbreuk behoort te maak op Thys en Louisa se gesinstyd nie en dat Louisa dalk in die lig hiervan 'n bietjie meer toegeeflik moet wees. By sulke geleenthede behoort daar spesiale moeite gedoen te word om Nicolaas se 'opdringerigheid' positief te benut om hom deel te maak van die gesin (respondent 5).

Hoewel respondent 7 wonder of Thys se onderhoudbetaling betreffende Nicolaas se versorging dalk 'n klein jakkalsie mag word, meen respondent 3 en respondent 5 dat Louisa se wonder hieroor allesbehalwe vreemd is en nie van haar 'n slegte stiefma maak nie.

Ander sake wat deur die verskillende respondente uitgewys word, is onder andere dat Louisa versigtig moet wees daarvoor dat Thys nie 'in die middel vasgevang' voel nie, om die oop en positiewe kommunikasie wat daar tans bestaan te handhaaf en om van tyd tot tyd saam te gesels oor rolverwagtinge.


© University of Pretoria

Respondent 5, respondent 6 en respondent 7, wonder oor die moontlike negatiewe invloed wat klassieke sprokiesverhale dalk op die belewenisse van hierdie gesin sou hê, in die opsig dat dit nie net kinders negatief mag beïnvloed teenoor hulle stiefouers nie, maar ook die potensiaal het om die stiefouer uit die staanspoor onnodig te ontsenu.

Respondent 5 beklemtoon ook die rol wat die kerk en geloofsgemeenskap behoort te speel in die uitwissing van stereotipering wat betref saamgestelde gesinne.

My opinie is dat hierdie nóg ŉ voorbeeld is van ŉ saamgestelde gesin wat erkenning behoort te kry vir die wyse waarop hulle, te midde van ŉ aantal uitdagings, hulleself handhaaf. Hulle stel beslis ŉ voorbeeld vir talle ander gesinne wat betref hulle verbintenis en toewyding om te groei en om vir mekaar ŉ ruimte te skep waar waardes soos liefde, vreugde en vrede gelééf word.

### 6.2.7 Refleksie deur Danie en Magda

Danie en Magda was, in teenstelling met die ander gesinne, die minste ontsteld oor die terugvoer van die respondente.

Hulle reaksie was "ons neem kennis". Ek het hulle versoek om tog bietjie te gaan dink oor die terugvoer en dan daarop te reageer. In hulle refleksie het hulle die volgende kernaspekte geïdentifiseer en daarop gereageer. Ter wille van ŉ geheeloorsig plaas ek dit in tabelformaat:

| Besorgdheid | Danie en Magda se refleksie |
|---|---|
| Die ouderdomsverskil tussen Danie en Magda... | *Dit is vir ons interessant dat baie respondente se eerste besorgdheid die ouderdomsverskil tussen ons is en dat dit blykbaar aandag vra.* <br> *Ons kan nie sien hoekom ouderdomsverskil ŉ kwessie is nie? Ouderdom bepaal beslis nie jou liefde vir iemand nie. Ons het werklik geen benul van hoe en hoekom "dit* |


© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| | *aangespreek" behoort te word nie. Dis mos 'n kwessie wat jy uitklaar voor jy in die huwelik tree?* |
| Beskou ons onsself as 'n voorbeeld van 'n werkbare gesin? Hoekom? | *Ons is beslis!*<br>*Volgens ons mening is die één saak wat die meeste bydrae tot die werkbaarheid van ons gesin, ons gelukkige huwelik. Ons is sielsgenote wat mekaar perfek aanvul en elke oomblik van ons saamwees geniet. Ons kom albei uit moeilike verhoudings uit en waardeer mekaar juis hieroor soveel te meer. Dit laat natuurlik ook die kinders veilig voel.* |
| Magda se motivering vir haar goeie verhouding met die kinders... | *Ek voel verder baie sterk daaroor dat, as jy iemand volkome en opreg liefhet, jy sy kinders as deel van hom sal sien en dat jy alles in jou* vermoë *sal doen om hulle lief te hê en te behandel soos jou eie, want dit maak hom gelukkig as hulle gelukkig en geliefd is.* |
| Ons bewustheid van die gemeenskap se opinies... | *Respondent 3 se opmerking het betrekking: "ons gee voor dat die gemeenskap se opinies nie belangrik is nie.."*<br><br>*In 'n plattelandse gemeenskap hoor 'n mens almal se opinies, of jy nou wil of nie. So ons ís bewus van die opinies, maar dit maak steeds geen verskil aan ons optrede of doen en late nie.* |
| Die bestaan van stereotiepe idees oor saamgestelde gesinne... | *Ongelukkig bestaan dit!*<br><br>*Mense vind dit moeilik om te glo dat 'n vrou iemand anders se kinders soos haar eie kan liefhê en behandel. Ek beleef dit gereeld dat mense baie verbaas is as hulle die verhouding tussen my en my stiefkinders sien. Hulle verwag beslis dat dit moeilik moet wees en sleg moet gaan!*<br><br>*Interessant genoeg beleef ons dit nie so ten opsigte van my man wat 'n stiefpa vir my kind is nie. Dis asof mense verwag dat 'n stiefpa makliker 'n kind sal aanvaar as 'n* |


© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| | *stiefma. Dit word ook algemeen aanvaar dat hy 'n goeie pa vir haar sal wees, selfs deur mense wat hom glad nie ken nie.* |
| Ons hantering van Danie se eks-vrou, haar betrokkenheid by die kinders... | *Ons glo dit sou soveel beter gewees het vir die kinders as Elize 'n normale liefdevolle ma vir haar kinders kon wees... Ek sou bereid wees dat sy 'n groter plek in ons lewe inneem as dit tot voordeel van die kinders was en sy hulle beste belange op die hart gedra het. Ongelukkig is dit nie die geval nie en moet ons haar so veel as moontlik beperk in ons lewens.* |
| Magda se verstaan van haar rol as 'stiefma' | *Ek verskil heeltemal van respondent 6, wat sê dat ek verstaan dat ek nooit die kinders se ma kan wees nie, maar dat ek myself tog plaas in die rol van hulle ma. Elize is bykans heeltemal afwesig in hulle lewe en daar is niemand wat aan hulle behoeftes kan voorsien as ek dit nie doen nie.* |
| Magda se vermoë om die uitgebreide gesin te hanteer, inaggenome haar ouderdom... | *Dis vir my interessant dat respondent 7 voel dat ouderdom 'n rol speel in 'n mens se vermoë om 'n groot en uitgebreide gesin kan hanteer of nie! Ek sou eerder dink dat persoonlikheid sal bepaal hoe goed mens hierdie situasie kan hanteer. Tot op hede het nie ons, of een van die kinders, my ouderdom as 'n probleem beleef nie!* |
| Die belangrikheid / verantwoor-delikheid wat hulle het om hulle kinders te begelei wat betref hulle verhouding met Elize... | *Ek verskil baie beslis van respondent 7 dat ons die kinders moet "begelei tot 'n bewustheid van en deernisvolle begrip vir hul moeder se afhanklikheid".*<br><br>*Die kinders is terdeë bewus hiervan, omdat hulle dit met elke besoek aan haar beleef. Ons het 'n verantwoordelikheid om haar leefstyl ten sterkste te veroordeel, veral omdat sy probeer om hulle ook by haar leefwyse in te trek.*<br><br>*Tieners moet duidelike grense hê; om hulle ma se verslawing en leefstyl se prentjie mooi in te kleur en te* |


© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| | *'versag' ter wille van 'deernisvolle begrip', sal beslis nie tot hulle voordeel wees nie.* |
| Die onderlinge verhouding tussen eie kinders en stiefkinders... | *Dis interessant dat nie een van die respondente wonder oor die verhouding tussen die onderskeie kinders nie? Dit gaan egter baie goed wat dit betref!* |
| Magda se 'oordrewe sin vir regverdigheid'... | *Dit is waarskynlik so dat my dogter soms benadeel word as gevolg hiervan. Ek werk daaraan!* |

### 6.2.8 Refleksie deur die navorser wat betref Danie en Magda se verhaal

Die meeste respondente is dit eens dat hierdie gesin nóg 'n voorbeeld is van 'n gesin wat suksesvol funksioneer. Respondent 1 stel dit dat Danie en Magda se gesinsverhaal *"bewys dat 'n hersaamgestelde gesin selfs beter kan funksioneer as baie kerngesinne wat bestaan uit biologiese ouers en een, twee of meer kinders".* Respondent 4 stel dit dat sy nie anders kan nie as om te dink *"dis te goed om waar te wees!"* Miskien onderstreep hierdie inset weer eens die onuitgesproke verwagting by die samelewing dat dit nie met saamgestelde gesinne kán goed gaan nie en dat dié wat sê dat dit goed gaan, beslis daaroor jok! Trouens, sonder om enigsins die integriteit van die respondente te bevraagteken, kan ek nie anders as om te wonder of van die besorgdhede wat soms genoem is, nie maar bloot genoem is omdat dit eintlik maar so algemeen verwag word by saamgestelde gesinne nie?

Die negatiewe rol wat vooroordeel by die samelewing in hierdie gesin gespeel het en steeds speel, word onder andere gesien in hulle (die gesin) gedurige bewustheid van mense wat sit en wag dat daar iets verkeerd loop, sodat hulle tog net kan sê: "Ons het dit sien kom..." (respondent 1, respondent 3, respondent 5, respondent 6 en respondent 7). Hoewel die ouerpaar sê dat hulle, hulle nie aan die samelewing steur nie, is hulle tóg gedurig bewus van die negatiewe verwagtinge by die samelewing (respondent 1, respondent 3, respondent 5, respondent 6 en respondent 7). Dalk kan hulle daaraan werk om


© University of Pretoria

minder bewus te wees hiervan en om nie te dink/voel dat hulle hulleself die hele tyd moet bewys nie.

Hoewel die ouderdomsverskil by die egpaar as 'n moontlike besorgdheid geopper word (respondente 2, respondent 6 en respondent 7), wil dit tog voorkom dat dit tot op hede nie regtig probleme opgelewer het in hulle gesinswees nie.

Wat die gesin se hantering van Elize (Danie se eks-vrou) se relatiewe afwesigheid betref, wys respondent 2, respondent 5 en respondent 7 dat hulle tog daarop voorbereid moet wees op die moontlikheid dat sy iewers in die toekoms meer op die voorgrond mag tree. Op dié stadium word die situasie goed gehanteer en veral respondent 5 wys daarop dat hulle goed daarin slaag om nie in hulle gesinswees onnodige plek vir Elize te gee nie.

Magda se insig en haar verbintenis tot openlike kommunikasie, tesame met die feit dat hulle oopkop is en pro-aktief optree (respondent 1) wanneer dit kom by sake wat die potensiaal het om problematies te raak, het beslis 'n positiewe invloed op hulle gesinswees. Niks is onder die mat ingevee nie (respondent 1). Magda se motto (wat ook al die vraag, die antwoord is liefde!) dra beslis by tot die gesonde dinamika van die gesin en haar en Danie se positiewe ouerskap-ervaring.

Die positiewe wyse waarop hulle konflik hanteer, word onder andere deur respondent 6 en respondent 7 uitgewys.

'n Saak waaroor daar wel effense bekommernis bestaan, is Magda se onnodige streng optrede teenoor haar dogter (respondent 4 en respondent 6). Respondent 4 waarsku dat sy versigtig moet wees om haar regverdigheid só te wil demonstreer, dat sy in die proses te kwaai is met haar eie kind.

Die belangrikheid van duidelike rolverwagtings word, soos by al die ander ouerskap-verhale, ook hier beklemtoon. Stiefouers en biologiese ouers moet bewus wees van wat hulle verantwoordelikhede is, maar ook van dié goed wat


© University of Pretoria

nié hulle verantwoordelikheid is nie. Voortdurende kommunikasie in dié verband is daarom uiters belangrik.

Soos by elkeen van die vorige gesinsverhale is dit weer eens my mening dat ons hier te doen het met ŉ saamgestelde gesin wat te midde van ŉ klómp uitdagings (waarvan die meeste nie veel verskil van gewone kerngesinne nie) uitstekend vaar. Hulle is deeglik bewus van die faktore wat dalk druk mag uitoefen op hulle ouerskap-belewenisse en dit word doeltreffend aangespreek en gehanteer.


© University of Pretoria

## 6.3 DIE UNIEKE BYDRAE/PERSPEKTIEF WAT DIE VAKDISSIPLINE LEWER TEN OPSIGTE VAN DIE BESORGDHEDE EN DIE REDE WAAROM DIÉ BYDRAE VERREKEN BEHOORT TE WORD

### 6.3.1 Die unieke bydrae/perspektief wat betref Michael en Sanet se verhaal

- **Respondent 1 (Sielkundige, ds Attie Steyn)**

Sielkundiges probeer om ook dit wat onderliggend tot gedrag lê, te eksploreer en te verstaan. Dit word gedoen in 'n poging om individue en gesinne te help om hul eie optrede beter te verstaan, bewustelik goeie keuses te maak – wat alles daarop gerig is om spanning in mense en tussen mense te verminder.

In hierdie verhaal mag dit dus waarde hê om elkeen se ervaring van die aanvanklike teenkanting (en die stereotipe idees oor hersaamgestelde gesinne) te ondersoek. Dit kan moontlik help dat die verskillende gesinslede nie meer met hul optrede iets probeer bewys nie, maar bloot die geluk waarin hulle reeds deel, kan geniet.

'n Miskenning van die perspektief wat sielkunde bied, sal waarskynlik daartoe lei dat aspekte by – of baie na aan – die kern van die probleem nie aangespreek word nie. Dit kan daartoe lei dat slegs die gevolge of die simptome van die probleem aangespreek word en nie die oorsaak daarvan nie.

- **Respondent 2 (Sielkundige, mnr Manie Engelbrecht)**

Na aanleiding van die besorgdhede wat genoem is, sou ek as sielkundige die volgende verder wou ondersoek:

- Evaluering van Michael en Sanet se geestesgesondheid, met ander woorde enige problematiese simptome wat gepaardgaan met langdurige stres/aanpassing of verliese soos byvoorbeeld depressie, angs, swak skolastiese prestasie (by die kinders).


© University of Pretoria

- Die gesinslede, spesifiek Sanet, Francois en Sandra se aanpassing by stressore en verliese, dit wil sê hul probleemoplossingsvaardighede, konflikhanteringstrategieë en persoonlike sterktes asook persoonlike weerstandshulpbronne (hulpbronne wat hul help om stres/uitdagings te bowe te kom).

Verder moontlike intervensie...

- Om die gesin te help/begelei met dit wat hul reeds reg doen, byvoorbeeld: Michael se ongelooflike aanpasbaarheid, sy konsekwente optrede en sin van verantwoordelikheid, ŉ liefde vir diere wat hy kweek en versterk by die kinders. Voorts kan daaraan gewerk word om die kinders se goeie verhouding met mekaar te versterk en uit te bou deur middel van verrykende intervensie wat daarop fokus om hul sterktes/hulpbronne verder te versterk en ontwikkel.

- Ouerleiding: begeleiding van die ouers om effektiewe strategieë vir dissipline binne ŉ hersaamgestelde gesin toe te pas.

- Fasilitering van ŉ terapeutiese proses om die rol/mites/diskoerse van ŉ stiefouer uit te daag.

Professionaliteit en ŉ openheid vir ander dissiplines se insette, opinies en evaluerings behoort te alle tye geag te word. Sielkunde as vakgebied is ŉ voorstander van multidissiplinêre samewerking en glo dat geen professionele persoon alleen die antwoord het nie. Verseker moet die kliënt se belange beskerm word, en wanneer jy met verhale werk kan insette deur Sielkunde as vakdissipline, storielyne van oorwinning versterk en diskoerse oor stiefouers uitdaag.

- **Respondent 3 (Maatskaplike Werker, mev Cathy Symington)**

Maatskaplike werk volg ŉ holistiese benadering en daar word gekyk na al die verskillende faktore wat ŉ invloed het op die gesin. Daar word gewerk vanuit ŉ


© University of Pretoria

sterkte-perspektief en al die positiewe faktore word geïdentifiseer en as vertrekpunt gebruik. Onderlinge verhoudinge staan sentraal en die gevoelens en belewenis van mense moet altyd in ag geneem en gehanteer word. Aangesien baie dinge in die omgewing nie verander kan word nie, is dit belangrik om mense te bemagtig om dit te kan hanteer.

Indien al die dimensies van ŉ persoon nie in ag geneem word nie, sal al sy behoeftes nie aangespreek word nie.

Wanneer daar probleem-gesentreerd gewerk word, is daar niks positiefs om mee te werk nie en mag dit tot gevolg hê dat die kliënt motivering verloor.

As ŉ persoon se gevoelens en belewenisse nie erken word nie, word insig moeilik bewerkstelling en vind daar nie maklik groei plaas nie.

- **Respondent 4 (Maatskaplike Werker, mev Elbie Conradie)**

Soos genoem fokus maatskaplike werk op die beste belang van die kind. Die maatskaplike beroep is daar om kinders te help om deur situasies te werk wat vir hulle moeilik is.

Maatskaplike werk by wyse van spelterapie het die potensiaal om kinders te help om deur spel hulle gevoelens te wys en situasies te verwerk wat in die werklikheid dalk te moeilik is. In die spelterapie situasie is kinders normaalweg baie meer gemaklik om hulle ware gevoelens te wys.

Maatskaplike werk betrek die hele gesin om moeilike situasies saam op te los. Kinders kan deur baie moeilike situasies werk en heel anderkant uitkom. Liefde, onvoorwaardelike aanvaarding en konsekwensie is die basis van sukses.

Professionele mense is veronderstel om volwasse te wees. Verskillende dissiplines moet mekaar respekteer en vir mekaar die nodige ruimte gee wat betref hulpverlening aan die persoon in nood. Daar moet ten alle tye in die beste belang van die kind opgetree word.


© University of Pretoria

- **Respondent 5 (Leefstyl-afrigter, dr Leon Foot)**

*Life coaching* fokus doelbewus op die toekoms en die positiewe in die verhaal. In hierdie verhaal is daar baie daarvan.

ŉ Miskenning van die insette van Lewenstyl-afrigting mag daartoe lei dat die enkele negatiewe sake uitgelig sal word en alle aandag sal kry, eerder as dat daar gefokus sal word op die baie positiewe aspekte in hierdie gesin. As *life coach* sal my fokus doelbewus daar lê, terwyl ander dissiplines waarskynlik eerder op ander aspekte sou konsentreer.

- **Respondent 6 (Teologie, dr Koos Uys)**

Vanuit ŉ teologies-pastorale perspektief is dit duidelik dat die Christelike roeping tot versoening en medemenslike liefde duidelik moet funksioneer in hierdie gesin. Die goeie verhouding wat daar reeds bestaan, sou hiersonder onmoontlik wees.

Die belangrikheid van rituele wat baie meer sê as woorde word goed gedemonstreer met die toepassing van die oorgelewerde familie-gebruik, met betrekking tot die kalfies uit die boerdery. Rituele binne die raamwerk van narratiewe pastoraat kan nie genoeg beklemtoon word nie.

Hoewel dit nie reg sou wees om die teologiese perspektief van versoening te verabsoluteer nie, is dit baie belangrik vir tussenmenslike verhoudings en sou dit jammer wees as ander vakdissiplines nie hiervan kennis neem nie.

- **Respondent 7 (Opvoedkunde, dr Emelda von Caues)**

Die Opvoedkunde ondersteun die omhoogleiding van die kind tot harmonieuse en religieuse waardes en norme. Die kind se daaglikse behoeftes aan opvoedkundige- en ontwikkelingsgrense, sonder om die individu se kreatiewe en eksploratiewe vermoëns te inhibeer, is ŉ pedagogiese feit.


© University of Pretoria

Ten opsigte hiervan het Michael op ŉ besondere en unieke wyse daarin geslaag om eties-normatiewe en religieuse beginsels in al vier kinders se lewens te vestig en tesame met Sanet, was hulle ŉ wenspan wat deur genade en seën, hul kinders kon lei tot beginsels soos vertroue, vergewensgesindheid, waardigheid, liefde vir die skepping en ek glo daarom ook liefde vir hul Skepper.

My grootste besorgdheid ten opsigte van die opvoedkundige dissipline is gewis dat sodanige aspekte soos opvoeding, dissipline, normatiewe omhoogleiding, rolmodellering, maatskaplike kwessies, die stabiliteit van die gesin, wedersydse vertroue en respek en konstruktiewe kommunikasie midde die gesin, nie effektief aangeleer sal kan word midde die veilige omgewing van die gesin / hersaamgestelde gesin (soos in Michael en Sanet se geval), indien ander dissiplines nie die Opvoedkunde sou erken nie.

### 6.3.2 Die unieke bydrae/perspektief wat betref Jaco en Naomi se verhaal

- **Respondent 1 (Sielkundige, ds Attie Steyn)**

Sielkundiges probeer om ook met ŉ wyehoeklens na mense en gesinne te kyk. Daarom sal dit wat mense self as verklaring vir ŉ situasie aanbied, nie sondermeer as ŉ volledige verklaring aanvaar word nie. Ek is nie oortuig dat Jaco se siening (dat sy seuns vroue wantrou) die enigste manier is om die verloop van sake te verklaar nie. Jaco sal na my mening ook aangemoedig moet word om sy lewensmotto te hersien en te heroorweeg – dit mag ŉ motto wees wat op ander lewensterreine werk, maar by komplekse gesinsverhoudings gaan dit waarskynlik nie werk nie. Allermins as dinge begin skeefloop. Mense verkies om binne hul gemaksone te bly, eerder as om verder te eksploreer en by ŉ punt te kom waar hulle aanpas en verander.

Indien daar meriete is vir my besorgdhede vanuit my vakgebied – in geheel of gedeeltelik – en dit wel aangespreek word, kan dit baie toekomstige probleme voorkom. Indien ek wel reg is, maar daar word nie verder aandag daaraan gegee nie, kan daar (geleidelik) al meer spanning tussen die verskillende lede


© University of Pretoria

van hierdie hersaamgestelde gesin kom. Ek is nie oortuig dat hulle wel die vaardighede het om sodanige spanning te hanteer en op te los nie.

- **Respondent 2 (Sielkundige, mnr Manie Engelbrecht)**

As Sielkundige sou ek die volgende verder ondersoek:

- Evaluering van hulle (Jaco en Naomi) geestesgesondheid (indien nodig en natuurlik met hulle instemming daartoe), met ander woorde enige problematiese simptome wat gepaardgaan met langdurige stres/aanpassing of verliese soos byvoorbeeld depressie, angs, aanpassingsversteuring.

- Jaco en Naomi se aanpassing by stressore en verliese, dit wil sê hul probleemoplossingsvaardighede, konflikhanteringstrategieë en persoonlike sterktes, asook persoonlike weerstandshulpbronne (hulpbronne wat hul help om stres/uitdagings te bowe te kom).

Verder moontlike intervensie...

- Ouerleiding: Begeleiding van die ouers om effektiewe strategieë vir dissipline binne ŉ hersaamgestelde gesin toe te pas.

- Fasilitering van ŉ terapeutiese proses om die rol/mites/diskoerse van ŉ stiefouer/hersaamgestelde gesinne uit te daag.

Professionaliteit en ŉ openheid vir ander dissiplines se insette, opinies en evaluerings behoort te alle tye geag te word. Sielkunde as vakgebied is ŉ voorstander van multidissiplinêre samewerking en glo dat geen professionele persoon alleen die antwoord het nie. Verseker moet die kliënt se belange beskerm word, en wanneer jy met verhale werk kan insette deur Sielkunde as vakdissipline, storielyne van oorwinning versterk en diskoerse oor stiefouers uitdaag.


© University of Pretoria

- **Respondent 3 (Maatskaplike Werker, mev Cathy Symington)**

Maatskaplike werk sal hier begin met die belewenisse wat op die voorgrond is, omdat dit ŉ invloed het op die interaksies en verhoudinge. Insig moet bewerkstellig word ten einde verandering teweeg te bring, en almal beter te bemagtig. Daar word wel gewerk met die hier en nou, maar dit is belangrik om toekomstige probleme te voorsien, sodat dit voorkom kan word. Hier sal sterktes soos geloof, ensovoorts, weer eens gebruik kan word.

ŉ Persoon sal nie bereik word as daar nie eers gewerk word met dit wat op sy voorgrond is nie. ŉ Mens se gevoelens is sy belewenis en moet erken word. Een persoon kan nie vir ŉ ander sê hy voel verkeerd nie. Dit mag ŉ persoon laat voel dat jy hom/haar nie verstaan nie en jy sal gevolglik moeilik samewerking kry.

- **Respondent 4 (Maatskaplike Werker, mev Elbie Conradie)**

Maatskaplike werk se fokus is die belang van die kind. Dit blyk dat Naomi se kind goed aangepas het by die situasie, maar ŉ assessering mag meer inligting op die kind se gevoelens werp.

Die konflik in die huis wat betref die ander onderlinge verhoudings mag ŉ groot invloed op hom hê. Hierdie konflik sal verseker die sekuriteit tussen Jaco en Naomi bedreig en behoort daarom ernstig opgeneem en aangespreek te word. Die volwassenes in die familie kan die proses manipuleer en indien die kind se opinie nie geag word nie, mag die proses nie suksesvol wees nie.

- **Respondent 5 (Leefstyl-afrigter, dr Leon Foot)**

*Life coaching* fokus doelbewus op die toekoms en die positiewe in die verhaal. In hierdie verhaal is daar baie daarvan.

ŉ Miskenning van die insette van Lewenstyl-afrigting mag daartoe lei dat die enkele negatiewe sake uitgelig sal word en alle aandag sal kry, eerder as dat


© University of Pretoria

daar gefokus sal word op die baie positiewe aspekte in hierdie gesin. As *life coach* sal my fokus doelbewus daar lê terwyl ander dissiplines waarskynlik eerder op ander aspekte sou konsentreer.

- **Respondent 6 (Teologie, dr Koos Uys)**

Die belangrikheid van rituele kan nie genoeg beklemtoon word nie. Daar kan baie gedoen word in die skepping van eietydse toepaslike simbole en rituele vir die saamgestelde gesin. Die moontlikhede van eenvoudige handelinge soos die 'potjiekos ritueel' asook 'n doelgeskrewe huweliksformulier vir saamgestelde gesinne, kan uitgebou word. Om selfs net gesinslede (kinders van die man en vrou wat trou) te betrek by die liturgie tydens die huweliksbevestiging kan baie help in die belewenis van 'n 'nuwe' eenheid in 'n 'nuwe' gesin.

'n Miskenning van die inset van Teologie (liefde/geduld/aanvaarding) mag daartoe lei dat die verhoudings tussen gesinslede dramaties kan skade lei.

- **Respondent 7 (Opvoedkunde, dr Emelda von Caues)**

Uit 'n Opvoedkunde perspektief, voel ek besorg oor beide Andries en Reino se eensydige optrede en verwagtinge.

Ten opsigte van Reino se eie huisgesin, is die opvoedkundige kernvraag: hoe beïnvloed hy sy eie seun, met betrekking tot die rolmodel wat hy as vader voorhou, jeens sy eie vrou en dames oor die algemeen en watter invloed gaan dit op hierdie seun se ontwikkeling as tiener, adolessent, jong man en uiteindelik huweliksmaat en vader van 'n moontlike dogter(s) hê?

Ek is baie dankbaar vir Christo wat 'n vaderfiguur in Jaco kon identifiseer – dit spreek vele leemtes doeltreffend aan, wat hy andersins as adolessent sou ontbeer het.

'n Besorgdheid is nietemin sy belewenis van die feit dat sy biologiese vader tans tronkstraf uitdien: watter invloed kan dit op hom as tienerseun en wordende man


© University of Pretoria

hê en hoe raak dit sy eie identiteit?

My grootste besorgdheid ten opsigte van die opvoedkundige dissipline met betrekking tot hierdie gevallestudie is dat Reino en moontlik Andries se wantroue, skeptisisme, ontoereikende kommunikatiewe vaardighede, vertwyfeling, teleurstelling en moontlik bitterheid, tot gevolg mag hê dat hulle nooit die vreugde van ŉ gesonde verhouding met Naomi mag beleef nie.

### 6.3.3 Die unieke bydrae/perspektief wat betref Thys en Louisa se verhaal

- **Respondent 1 (Sielkundige, ds Attie Steyn)**

Sielkundiges sal altyd probeer om probleemgedrag by kinders binne die groter prentjie van die gesinsisteem (en gebeure daarbinne) te sien. Nicolaas se gedrag moet eerstens as ŉ reaksie op gebeure binne die gesinsisteem verstaan word alvorens dit sal verander. Die verstaan daarvan impliseer nie die goedkeuring of die regverdiging daarvan nie, maar bloot die verstaan dat omstandighede hom onseker van homself gelaat het. As dit nie éérs verstaan word nie, gaan druk om te verander hom waarskynlik nog meer onseker laat voel.

Louisa se geneigdheid om dikwels en baie skuldig te voel, moet ook vanuit haar unieke dinamika verstaan word. Om te sê: “Hou op om so skuldig te voel”, sal waarskynlik nie help nie.

ŉ Miskenning van die perspektief wat Sielkunde bied, mag daartoe lei dat konflik tussen die verskillende gesinslede kan vererger. Louisa en Nicolaas se verhouding kan skipbreuk lei – des te meer as Nicolaas ŉ tiener word. Dit kan tot toenemende spanning tussen Louisa en Thys lei. Dit alles kan daartoe lei dat Nicolaas meer en erger probleemgedrag openbaar, wat tot groter spanning binne die gesinsisteem kan lei.


© University of Pretoria

- **Respondent 2 (Sielkundige, mnr Manie Engelbrecht)**

As Sielkundige sou ek die volgende verder ondersoek:

- Evaluering van hul (Thys, Nicolaas en Louisa) se geestesgesondheid (indien nodig en natuurlik met hulle instemming daartoe), met ander woorde enige problematiese simptome wat gepaardgaan met langdurige stres/aanpassing of verliese soos byvoorbeeld 'n depressiewe gemoed, gebrek aan energie of plesier en slaapprobleme.

- Thys, Louisa en Nicolaas se aanpassing by stressore en verliese, dit wil sê hul probleemoplossingsvaardighede, konflikhantering-strategieë en persoonlike sterktes, asook persoonlike weerstandshulpbronne (hulpbronne wat hul help om stres/uitdagings te bowe te kom).

Verdere moontlike intervensie:

- Gesinsterapie: om 'n gesinsistemiese evaluering te doen van die gesin se kommunikasiepatrone, rolle, subsisteme en grense. Om deur middel van terapeutiese intervensie hul te help om uitdagings met betrekking tot rolle, unieke gesinsdinamika te konfronteer, herformuleer en aanpassings te maak.

- Ouerleiding: begeleiding van die ouers om effektiewe strategieë vir dissipline binne 'n hersaamgestelde gesin toe te pas.

- Fasilitering van 'n terapeutiese proses om die rol/mites/diskoerse van 'n stiefouer/hersaamgestelde gesinne uit te daag.

Professionaliteit en 'n openheid vir ander dissiplines se insette, opinies en evaluerings behoort te alle tye geag te word. Sielkunde as vakgebied is 'n voorstander van multidissiplinêre samewerking en glo dat geen professionele persoon alleen die antwoord het nie. Verseker moet die kliënt se belange beskerm word, en wanneer jy met verhale werk kan insette deur Sielkunde as


© University of Pretoria

vakdissipline, storielyne van oorwinning versterk en diskoerse oor stiefouers uitdaag.

- **Respondent 3 (Maatskaplike Werker, mev Cathy Symington)**

Sonder aanvaarding van Nicolaas en begrip vir sy gevoelens en behoeftes, sal ŉ verhouding moeilik gebou word. As gevolg van die omstandighede waarin hy grootword en die gebrek aan ŉ deurlopende vaderfiguur in sy lewe, word voorsien dat hy dalk later met negatiewe gedrag mag presenteer. Dit kan verhoudings verder kompliseer. ŉ Kind wat gevoelens van verwerping beleef, word moeilik bereik en sukkel om sy gedrag positief te rig.

ŉ Miskenning van die inset van Maatskaplike Werk mag daartoe lei dat die basis vir gesonde verhoudings skade ly.

- **Respondent 4 (Maatskaplike Werker, mev Elbie Conradie)**

Maatskaplike werk is geïnteresseerd in die beste belang van die kind. Die ‘stiefma’ is myns insiens in dié geval besig om die betrokke kind emosioneel te mishandel, sonder dat sy daarvan bewus is. Dit mag op die lang termyn probleme veroorsaak, veral inaggenome die feit dat Nicolaas dalk daar sal moet gaan bly. Die stiefma moet bewus gemaak word van haar hantering van die kind en die gevolge daarvan. Assessering van die kind en gesinsterapie behoort meer insig te bring.

Indien Maatskaplike Werk se perspektief nie deur ander dissiplines erken sou word nie, kan dit daartoe lei dat die betrokke kind meer emosionele skade mag opdoen as wat reeds die geval is. Dit mag weer tot gevolg hê dat hy nóg harder sal moet veg vir ŉ regmatige bestaan.

- **Respondent 5 (Leefstyl-afrigter, dr Leon Foot)**

*Life coaching* fokus doelbewus op die toekoms en die positiewe in die verhaal. In hierdie verhaal is daar baie daarvan.


© University of Pretoria

ʼn Miskenning van die insette van Lewenstyl-afrigting mag daartoe lei dat die enkele negatiewe sake uitgelig sal word en alle aandag sal kry, eerder as dat daar gefokus sal word op die baie positiewe aspekte in hierdie gesin. As *life coach* sal my fokus doelbewus daar lê, terwyl ander dissiplines waarskynlik eerder op ander aspekte sou konsentreer.

- **Respondent 6 (Teologie, dr Koos Uys)**

Dit sou dalk kon help om hierdie gesin deur middel van simbole en rituele te begelei tot groter eenheid in die gesin. Iets eenvoudig soos om Nicolaas op ʼn manier te betrek by Nathan se badsessie kan help en ruimte skep vir sy behoefte aan meer aandag en tyd.

Saamgestelde gesinne wat die basiese van versoening en Christelike liefde nie ken nie, ontbeer geweldig baie.

- **Respondent 7 (Opvoedkunde, dr Emelda von Caues)**

Uit ʼn opvoedkundig-normatiewe benadering, kan aspekte soos ʼn ongesonde verhouding by die moederhuis met gepaardgaande drankmisbruik moeilik geregverdig word. Danksy die stabiele voorbeeld van ʼn huwelik wat Thys en Louisa aan Nicolaas bied, behoort hy egter ʼn normatiewe, harmonieuse begrip van ʼn huwelik en gesin te ontwikkel.

Begeleiding en intervensie mag nodig wees om onderlinge verhoudingsprobleme aan te spreek en gesonde verhoudings te vestig.

My grootste besorgdheid indien die opvoedkundige perspektief nie deur ander dissiplines erken word nie, is juis disharmoniese huweliks- en gesinsverhoudinge, wat mag lei tot konflik en ander onomkeerbare situasies binne die huwelik en gesin.

Opvoedkunde bied ʼn ondersteunende raamwerk van berading wat betref die gesinstruktuur en indien ander dissiplines nie hierdie vakgebiede se insette


© University of Pretoria

erken nie, mag dit tot gevolg hê dat individue die unieke geleentheid tot groei, ontwikkeling en harmonieuse verhoudinge ontbeer, met verreikende gevolge vir volwassenes, sowel as kinders.

### 6.3.4 Die unieke bydrae/perspektief wat betref Danie en Magda se verhaal

- **Respondent 1 (Sielkundige, ds Attie Steyn)**

Hoewel dit nie gemeld word nie, glo ek dat Danie en Magda óf heelwat gelees het óf advies ingewin het oor die moets en die moenies van gesinne en hersaamgestelde gesinne. Ek veronderstel dat sodanige inligting wat hulle bekom het onder andere op sielkundige navorsing en teorieë gebaseer is. Dit is dan ook die perspektief en bydrae van sielkunde tot ŉ hersaamgestelde gesin soos hierdie (asook alle ander gesinne): daar is bepaalde slaggate wat vermy kan word deur betyds daarvan kennis te neem en dit effektief te hanteer.

ŉ Miskenning van die perspektief wat sielkunde bied, sal waarskynlik daartoe lei dat daar steeds skepties na hersaamgestelde gesinne gekyk word en nie genoeg erns daarmee gemaak word om die kompleksiteit van elke gesin raak te sien nie – wat sal meebring dat probleme ook nie aangespreek word nie. Indien daar nie kennis geneem word van beskikbare inligting oor hersaamgestelde gesinne (en alle gesinne) nie, kan dit daartoe lei dat die bundel verhale van slegte stiefma's steeds dikker word.

- **Respondent 2 (Sielkundige, mnr Manie Engelbrecht)**

As Sielkundige sou ek die volgende verder ondersoek:

- Evaluering van hul (Danie en Magda, kinders) se geestesgesondheid (indien nodig en natuurlik met hulle instemming daartoe), met ander woorde enige problematiese simptome wat gepaardgaan met langdurige stres/aanpassing of verliese soos byvoorbeeld depressie, angs, aanpassingsversteuring.


© University of Pretoria

- Danie en Magda se aanpassing by stressore en verliese, dit wil sê hul probleemoplossingsvaardighede, konflikhanteringstrategieë en persoonlike sterktes asook persoonlike weerstandshulpbronne (hulpbronne wat hul help om stres/uitdagings te bowe te kom). Dit is duidelik dat die egpaar baie positiewe aanpassings gemaak het (ek bewonder hul besluit om hulself positief te handhaaf jeens Elize, hul verbintenis om altyd die waarheid te praat, om altyd oop kaarte te speel, gesamentlik betrokke te wees by die dissiplinering van die kinders, en verbintenis tot absolute openheid).

Verdere moontlike intervensie...

- Ouerleiding: Begeleiding van die ouers om effektiewe strategieë vir dissipline binne 'n hersaamgestelde gesin toe te pas.

- Fasilitering van 'n terapeutiese proses om die rol/mites/diskoerse van 'n stiefouer/hersaamgestelde gesinne uit te daag.

Professionaliteit en 'n openheid vir ander dissiplines se insette, opinies en evaluerings behoort te alle tye geag te word. Sielkunde as vakgebied is 'n voorstander van multidissiplinêre samewerking en glo dat geen professionele persoon alleen die antwoord het nie. Verseker moet die kliënt se belange beskerm word, en wanneer jy met verhale werk kan insette deur Sielkunde as vakdissipline, storielyne van oorwinning versterk en diskoerse oor stiefouers uitdaag.

- **Respondent 3 (Maatskaplike Werker, mev Cathy Symington)**

Maatskaplike Werk bied die moontlikheid om te werk met al die sterktes in die gesin, waarvan die oop kommunikasie tussen almal en die gesamentlike besluite oor dissiplinering en opvoeding van die kinders seker die belangrikste is. 'n Mens sou dink dat die groot ouderdomsverskil tussen Danie en Magda 'n probleem kan wees, maar dit kom voor of sy baie volwasse is en baie insig het. Die positiewe moet erken word en daar moet nie sondermeer aanvaar word dat sekere goed 'n probleem sal wees nie, soos byvoorbeeld die


© University of Pretoria

ouderdomsverskille tussen Danie en Magda, en tussen Magda en Danie se kinders. Maatskaplike Werk kan hierin ŉ beduidende rol spel.

- **Respondent 4 (Maatskaplike Werker, mev Elbie Conradie)**

Maatskaplike werkers kan bystaan met assesserings indien nodig. Hulp kan ook verleen word met die aanleer van ouerskap-vaardighede en -ondersteuning van die gesin ter wille van doeltreffende familie-dinamika. Hulp kan voorts verleen word aan die kinders wat betref die aanleer van sekere vaardighede rakende hulle nuwe gesinsopset.

ŉ Miskenning van die inset van Maatskaplike Werk, mag tot gevolg hê dat daar sekere aspekte misgekyk word en die betrokke kinders nie ŉ kans gegun word om in die situasie alle moontlike hulp te kan kry om die vordering na die beste van hulle vermoë te kan hanteer nie.

- **Respondent 5 (Leefstyl-afrigter, dr Leon Foot)**

*Life coaching* fokus doelbewus op die toekoms en die positiewe in die verhaal. In hierdie verhaal is daar baie daarvan.

ŉ Miskenning van die insette van Lewenstyl-afrigting mag daartoe lei dat die enkele negatiewe sake uitgelig sal word en alle aandag sal kry, eerder as dat daar gefokus sal word op die baie positiewe aspekte in hierdie gesin. As *life coach* sal my fokus doelbewus daar lê terwyl ander dissiplines waarskynlik eerder op ander aspekte sou konsentreer.

- **Respondent 6 (Teologie, dr Koos Uys)**

Magda se benadering tot die kinders “Wat ook al die vraag, die antwoord is liefde!”, plaas hierdie gesin se verhoudings duidelik binne die teologiese raam van medemenslike liefde naas liefde vir God.


© University of Pretoria

Die demonstrasie en modellering van liefde tussen Danie en Magda dui op eenvoudige simbool en ritueel met diep effek.

Omdat verhoudings staan en val by die liefdesbeginsel, sou dit tot verlies van behoorlike tussenmenslike verhoudings wees as hierdie Teologiese perspektief nie in ag geneem word nie.

- **Respondent 7 (Opvoedkunde, dr Emelda von Caues)**

Die opvoedkundige perspektief lê klem op aspekte soos opvoeding, gehoorsaamheid, kommunikasie, respek, onvoorwaardelike liefde, opbouende kritiek, positiewe versterking, harmonie en humor en in die lig van hierdie gevallestudie, is hierdie gesin ŉ navolgingswaardige poging van sodanige eienskappe binne ŉ hersaamgestelde gesinstruktuur, wat werklik op die positiewe elemente binne gesinsverband fokus en die negatiewe elemente probeer elimineer. Hulle vertoon die nodige selfdissipline, sinvolle beheer, wysheid, deurlopende kommunikasie en gesonde onderlinge vertroue, om hulle gesinswees te komplimenteer.

Indien die opvoedkundige perspektief nie deur ander dissiplines erken sou word nie, ly die kind in die proses waarskynlik die meeste skade. Aspekte soos opvoeding, gehoorsaamheid, kommunikasie, wysheid, respek, onvoorwaardelike liefde, opbouende kritiek, positiewe versterking, harmonie en humor sal heel waarskynlik agterweë bly in die omhoogleiding van die kind binne die hersaamgestelde gesin, terwyl universele groei en ontwikkeling waarskynlik nie as globale 'pakket' aangebied gaan word wat betref die opvoeding van die kinders nie.

In Danie en Magda se geval is elke lid van die gesin se bydrae van onskatbare waarde, ten einde ŉ unieke, volledig funksionerende, gelukkige, hersaamgestelde gesin te bewerkstellig.


© University of Pretoria

## 6.4 REFLEKSIE OP DIE UNIEKE BYDRAE/PERSPEKTIEF WAT DIE VERSKILLENDE VAKDISSIPLINES LEWER

### 6.4.1 ʼn Refleksie op die unieke bydrae/perspektief van die verskillende vakdissiplines wat betref Michael en Sanet se verhaal

***Sielkunde*** as vakgebied stel belang om dit wat onderliggend aan gedrag lê, te eksploreer en te verstaan. Sielkunde kan ook ingespan word om storielyne van oorwinning en diskoerse oor stiefouers uit te daag.

In Michael en Sanet se verhaal kan sielkunde ʼn bydrae lewer om

- hulle te bemagtig om minder bewus te wees van stereotipe idees oor saamgestelde gesinne;
- hulle te ondersteun wat betref die stressore en verliese wat hulle moontlik mag ervaar.

ʼn Miskenning van dié perspektief mag dalk tot gevolg hê dat die kern van probleem nie aangespreek word nie.

***Maatskaplike Werk*** volg ʼn holistiese benadering om te probeer vasstel watter verskillende faktore ʼn invloed op die gesin het. Die primêre fokus by Maatskaplike Werk is die beste belang van die kind.

In Michael en Sanet se geval kan Maatskaplike Werk ʼn bydrae lewer om

- negatiewe ouerskap-belewenisse op die voorgrond te dekonstrueer, inaggenome die invloed wat hierdie belewenisse mag hê op interaksies en verhoudings;
- die ouers, maar veral kinders, toe te rus wat betref hulle funksionering binne die gesin.

Inaggenome die feit dat kinders ʼn definitiewe rol speel by ouerskap-belewenisse, sou dit nie net logies nie, maar juis ook sinvol, wees om Maatskaplike Werk as vakdissipline te verreken in die begeleiding van ouers in saamgestelde gesinne.


© University of Pretoria

ŉ Miskenning van Maatskaplike Werk se perspektief kan ŉ beperkende invloed op die gesin se insig in hulle gevoelens en belewenisse tot gevolg hê, met as resultaat ŉ negatiewe invloed op die groei van die gesin.

***Leefstyl-afrigting*** fokus op mense se toekoms en die positiewe in hulle verhale wat verder ontgin behoort te word. Hierdie vakgebied kan dus ŉ beduidende bydrae lewer om juis nié op die negatiewe aspekte van ŉ saamgestelde gesin te fokus nie, maar op die positiewe. Sodoende kan ŉ negatiewe stigma teengewerk word.

***Teologie*** as vakgebied kan ŉ bydrae lewer**:**

- om die gesinslede opnuut bewus te maak van hulle Christelike roeping tot versoening en onderlinge liefde;
- deur aandag te vestig op die belangrikheid van rituele binne narratiewe pastoraat.

Hoewel die respondent nie daarna verwys nie, dink ek daar sou by Teologie as vakgebied ook aandag gegee kan word aan aspekte soos belydenis, vergifnis en ŉ bewustheid vir die genade van tweede kanse.

***Opvoedkunde*** as vakgebied kan in hierdie verhaal ŉ bydrae lewer:

- om vir Michael en Sanet te ondersteun in die omhoogleiding van hulle kinders wat betref aspekte soos opvoeding, dissipline, vertroue, respek en konstruktiewe kommunikasie.

Bogenoemde inaggenome is daar ŉ definitiewe oorvleueling wat betref die moontlike bydraes wat die verskillende vakdissiplines tot ŉ interdissiplinêre gesprek oor ouerskap in saamgestelde gesinne sou kon lewer.

### 6.4.2 ŉ Refleksie op die unieke bydrae/perspektief van die verskillende vakdissiplines wat betref Jaco en Naomi se verhaal

Aangesien die verskillende respondente se antwoorde by hierdie vraag oor die algemeen ooreenstem, sal die refleksie op die unieke bydraes wat betref Jaco en Naomi se verhaal, groot ooreenkomste toon met die refleksie op die unieke bydraes


© University of Pretoria

by die ander gesinne. Ter wille van volledigheid en in ŉ poging om wél die enkele verskille by die gesinne te erken, word daar by elke gesin gereflekteer.

***Sielkunde*** as vakgebied kan in Jaco en Naomi se geval ŉ bydrae lewer om

- mense se verklaring/vertolking wat betref hulle optrede te dekonstrueer; Jaco se eenvoudige verklaring dat sy seuns alle vroue wantrou, vra byvoorbeeld vir verdere ondersoek;
- in gesprek te tree met Naomi oor haar hantering van verwerping;
- Jaco se lewensmotto (moenie tob oor goed wat jy nie kan verander nie) te ondersoek;
- hulle te ondersteun wat betref die stressore en verliese wat hulle ervaar.

ŉ Miskenning van Sielkunde se unieke perspektief mag tot gevolg hê dat sekere kernaspekte ten opsigte van probleme nie aangespreek word nie.

***Maatskaplike Werk*** volg ŉ holistiese benadering om te probeer vasstel watter verskillende faktore ŉ invloed op die gesin het. Die primêre fokus by Maatskaplike Werk is die beste belang van die kind.

In Jaco en Naomi se geval kan Maatskaplike Werk ŉ bydrae lewer om

- negatiewe ouerskap-belewenisse op die voorgrond te dekonstrueer, inaggenome die invloed wat hierdie belewenisse mag hê op interaksies en verhoudings;
- die ouers, maar veral kinders, toe te rus wat betref hulle funksionering binne die gesin.

Inaggenome die feit dat kinders ŉ definitiewe rol speel by ouerskap-belewenisse, sou dit nie net logies nie, maar juis ook sinvol, wees om Maatskaplike Werk as vakdissipline te verreken in die begeleiding van ouers in saamgestelde gesinne.

ŉ Miskenning van Maatskaplike Werk se perspektief kan ŉ beperkende invloed op die gesin se insig in hulle gevoelens en belewenisse tot gevolg hê, met as resultaat ŉ negatiewe invloed op die groei van die gesin.


© University of Pretoria

***Leefstyl-afrigting*** fokus op mense se toekoms en die positiewe in hulle verhale wat verder ontgin behoort te word. Hierdie vakgebied kan dus ŉ beduidende bydrae lewer om juis nié op die negatiewe aspekte van ŉ saamgestelde gesin te fokus nie, maar op die positiewe. Sodoende kan ŉ negatiewe stigma teengewerk word.

***Teologie*** as vakgebied kan ŉ bydrae lewer**:**

- met die skep van eietydse simbole en rituele wat erkenning gee aan saamgestelde gesinne as ŉ geldige en werkbare alternatief van gesinswees binne geloofsgemeenskappe;
- deur waardes soos respek, liefde, geduld en aanvaarding aan te moedig.

Hoewel die respondent nie daarna verwys nie, dink ek daar sou by Teologie as vakgebied ook aandag gegee kan word aan aspekte soos belydenis, vergifnis en ŉ bewustheid vir die genade van tweede kanse.

***Opvoedkunde*** as vakgebied kan ŉ bydrae lewer:

- om Jaco en Naomi toe te rus om vir Christo die nodige leiding te gee in die aanpassings wat hy moontlik mag beleef;
- om Jaco bewus te maak van sy verantwoordelikheid om sy eie kinders só te begelei, dat hulle met optrede die gesin en veral Naomi se welwese sal bevorder.

Bogenoemde inaggenome is daar ŉ definitiewe oorvleueling wat betref die moontlike bydraes wat die verskillende vakdissiplines tot ŉ interdissiplinêre gesprek oor ouerskap in saamgestelde gesinne sou kon lewer.

### 6.4.3 ŉ Refleksie op die unieke bydrae/perspektief van die verskillende vakdissiplines wat betref Thys en Louisa se verhaal

Aangesien die verskillende respondente se antwoorde by hierdie vraag oor die algemeen ooreenstem, sal die refleksie op die unieke bydraes wat betref Thys en Louisa se verhaal, groot ooreenkomste toon met die refleksie op die unieke bydraes by die ander gesinne. Ter wille van volledigheid en in ŉ poging om wél die enkele verskille by die gesinne te erken, word daar by elke gesin gereflekteer.



© University of Pretoria

***Sielkunde*** as vakgebied kan in Thys en Louisa se geval ŉ bydrae lewer:

- om die probleemgedrag by Nicolaas binne die groter prentjie van die gesinsisteem en die gebeure daarbinne te ondersoek en aan te spreek;
- deur in gesprek te tree met Louisa oor haar geneigdheid om voortdurend skuldig te voel;
- deur middel van terapeutiese intervensie hulle te help met die uitdagings van ŉ saamgestelde gesin.

ŉ Miskenning van Sielkunde se unieke perspektief mag tot gevolg hê dat sekere kernaspekte ten opsigte van probleme nie aangespreek word nie.

***Maatskaplike Werk*** volg ŉ holistiese benadering om te probeer vasstel watter verskillende faktore ŉ invloed op die gesin het. Die primêre fokus by Maatskaplike Werk is die beste belang van die kind.

In Thys en Louisa se geval kan Maatskaplike Werk ŉ bydrae lewer om

- die ouers bewus te maak van die noodsaaklikheid daarvan om begrip te hê vir Nicolaas se gevoelens en behoeftes;
- Louisa by te staan wat betref die hantering van Nicolaas.

Inaggenome die feit dat kinders ŉ definitiewe rol speel by ouerskap-belewenisse, sou dit nie net logies nie, maar juis ook sinvol, wees om Maatskaplike Werk as vakdissipline te verreken in die begeleiding van ouers in saamgestelde gesinne.

ŉ Miskenning van Maatskaplike Werk se perspektief kan ŉ beperkende invloed op die gesin se insig in hulle gevoelens en belewenisse tot gevolg hê, met as resultaat ŉ negatiewe invloed op die groei van die gesin.

***Leefstyl-afrigting*** fokus op mense se toekoms en die positiewe in hulle verhale wat verder ontgin behoort te word. Hierdie vakgebied kan dus ŉ beduidende bydrae lewer om juis nié op die negatiewe aspekte van ŉ saamgestelde gesin te fokus nie, maar op die positiewe. Sodoende kan ŉ negatiewe stigma teengewerk word.


© University of Pretoria

***Teologie*** as vakgebied kan ŉ bydrae lewer**:**

- met die skep van eietydse simbole en rituele wat die eenheid in die gesin kan bevorder. Iets so eenvoudig soos om Nicolaas júís te betrek by Nathan se badsessie;
- deur hulle te begelei tot ŉ nuwe bewuswording van die basiese aspekte van versoening en Christelike liefde.

Hoewel die respondent nie daarna verwys nie, dink ek daar sou by Teologie as vakgebied ook aandag gegee kan word aan aspekte soos belydenis, vergifnis en ŉ bewustheid vir die genade van tweede kanse.

***Opvoedkunde*** as vakgebied kan ŉ bydrae lewer:

- in die begeleiding van Nicolaas wat betref die ongesonde omstandighede by sy moederhuis;
- om ŉ ondersteunende raamwerk van berading wat betref die gesinstruktuur, te bied.

Bogenoemde inaggenome is daar ŉ definitiewe oorvleueling wat betref die moontlike bydraes wat die verskillende vakdissiplines tot ŉ interdissiplinêre gesprek oor ouerskap in saamgestelde gesinne sou kon lewer.

### 6.4.4 ŉ Refleksie op die unieke bydrae/perspektief van die verskillende vakdissiplines wat betref Danie en Magda se verhaal

Aangesien die verskillende respondente se antwoorde by hierdie vraag oor die algemeen ooreenstem, sal die refleksie op die unieke bydraes wat betref Danie en Magda se verhaal, groot ooreenkomste toon met die refleksie op die unieke bydraes by die ander gesinne. Ter wille van volledigheid en in ŉ poging om wél die enkele verskille by die gesinne te erken, word daar by elke gesin gereflekteer.

***Sielkunde*** as vakgebied kan in Danie en Magda se geval ŉ bydrae lewer:

- om gesinslede bewus te maak van moontlike slaggate, sodat hulle in staat sal wees om dit effektief te hanteer wanneer omstandighede dit vereis.


© University of Pretoria

ʼn Miskenning van Sielkunde se unieke perspektief mag tot gevolg hê dat sekere slaggate nie vroegtydig geïdentifiseer en aangespreek sal word nie.

***Maatskaplike Werk*** volg ʼn holistiese benadering om te probeer vasstel watter verskillende faktore ʼn invloed op die gesin het. Die primêre fokus by Maatskaplike Werk is die beste belang van die kind.

Hoewel daar in Danie en Magda se geval nie enige ooglopende probleme is nie, sal Maatskaplike Werk steeds ʼn ondersteunende rol kan vervul wat betref die aanleer van ouerskap-vaardighede en die ondersteuning van die kinders in die gesinsopset.

***Leefstyl-afrigting*** fokus op mense se toekoms en die positiewe in hulle verhale wat verder ontgin behoort te word. Hierdie vakgebied kan dus ʼn beduidende bydrae lewer om juis nié op die negatiewe aspekte van ʼn saamgestelde gesin te fokus nie, maar op die positiewe. Sodoende kan ʼn negatiewe stigma teengewerk word.

***Teologie*** as vakgebied kan ʼn bydrae lewer deur die beginsel van onderlinge liefde en omgee in dié gesin te herbevestig.

Hoewel die respondent nie daarna verwys nie, dink ek daar sou by Teologie as vakgebied ook aandag gegee kan word aan aspekte soos belydenis, vergifnis en ʼn bewustheid vir die genade van tweede kanse.

***Opvoedkunde*** as vakgebied kan ʼn ondersteunende bydrae lewer deur waardes soos opvoeding, gehoorsaamheid, kommunikasie, respek, onvoorwaardelike liefde, opbouende kritiek, positiewe versterking, harmonie en humor te herbevestig.

Bogenoemde inaggenome is daar ʼn definitiewe oorvleueling wat betref die moontlike bydraes wat die verskillende vakdissiplines tot ʼn interdissiplinêre gesprek oor ouerskap in saamgestelde gesinne sou kon lewer.


© University of Pretoria

### 6.4.5 Samevattende opmerkings wat betref die unieke bydrae/perspektief van die verskillende vakdissiplines

Bogenoemde inaggenome is daar ŉ definitiewe oorvleueling wat betref die moontlike bydraes wat die verskillende vakdissiplines tot ŉ interdissiplinêre gesprek oor ouerskap in saamgestelde gesinne sou kon lewer. Dit is my mening dat elkeen van hierdie vakgebiede ŉ baie belangrike rol te speel het in ŉ holistiese begeleiding van ouers in saamgestelde gesinne. Dit sal onbillik wees om enige een van dié vakgebiede se bydrae te relativeer.

## 6.5 DIE REDE WAAROM ANDER VAKDISSIPLINES KENNIS BEHOORT TE NEEM VAN DIE SPESIFIEKE PERSPEKTIEF

### 6.5.1 Die belangrikheid dat die vakdissipline verreken moet word wat betref Michael en Sanet se verhaal

- **Respondent 1 (Sielkundige, ds Attie Steyn)**

  Ander dissiplines is nie onbewus en ongeërg oor onderliggende motiewe nie. Ek is egter van mening dat Sielkunde dié vakgebied is wat spesifiek daarop fokus. Ander dissiplines neem waarskynlik daarvan kennis en verskuif dan die fokus na aspekte waarop daardie dissipline spesifiek fokus.

- **Respondent 2 (Sielkundige, mnr Manie Engelbrecht)**

  Ander dissiplines sou baat kon vind by ŉ inset wat die gesinslede se geestesfunksionering betref. ŉ Sielkundige evaluering met moontlike verdere verwysing na ander dissiplines, byvoorbeeld Psigiatrie, Arbeidsterapie, Mediese intervensie, sal beslis bydra tot ŉ beter verstaan van die gesinsopset en dinamika van saamgestelde gesinne.


© University of Pretoria

- **Respondent 3 (Maatskaplike Werker, mev Cathy Symington)**

Alle dissiplines behoort die mens in sy totaliteit te sien en te besef dat onderlinge verhoudings deel is van 'n persoon se bestaan, omdat dit 'n groot invloed op hom/haar het. 'n Positiewe benadering waar 'n persoon se sterktes geïdentifiseer word, help om hom te motiveer en moed te gee, omdat alles nie so negatief is nie. 'n Mens se gevoelens en ervarings moet erken word en hy/sy moet bemagtig word om op 'n aanvaarbare wyse daarop te reageer.

- **Respondent 4 (Maatskaplike Werker, mev Elbie Conradie)**

Alle dissiplines het 'n spesifieke rol en moet mekaar aanvul en nie teenstaan nie. As verskillende dissiplines saamwerk, dra dit by tot 'n holistiese benadering wat op die langtermyn gewoonlik baie suksesvol is. Soms is die insigte van een dissipline nie voldoende in die hantering van probleme nie; maatskaplike werk kan in sulke gevalle 'n belangrike bydrae lewer.

- **Respondent 5 (Leefstyl-afrigter, dr Leon Foot)**

Dit is belangrik om raak te sien dat *coaches* werk met mense in oorgang. Soms is die oorgang die gevolg van 'n ontwrigtende gebeurtenis (byvoorbeeld egskeiding/hertroue) en soms is dit as gevolg van 'n bepaalde keuse wat 'n persoon maak om sy/haar lewe te verander

'n *Coach* het nie al die antwoorde nie, hy kan help om die regte vrae te vra om 'n persoon non-direktief te help om sy eie situasie te bekyk, te sien wat gedoen moet word en om dan aksie te neem.

- **Respondent 6 (Teologie, dr Koos Uys)**

Omdat goeie kommunikasie en sinvolle verhoudings 'n algemeen positiewe menslike handeling is, behoort dit duidelik te wees dat die teologiese perspektief van versoening 'n sterk rol moet speel.


© University of Pretoria

- **Respondent 7 (Opvoedkunde, dr Emelda von Caues)**

Die opvoedkundige perspektief sal juis deur ander dissiplines verstaan en waardeer word, aangesien dit eerstens op die kind fokus. Aspekte soos die ontwikkeling van die kind (vanaf fetus tot volwassene) geniet in hierdie dissipline aandag, met spesifieke verwysing na fisiologiese-, kognitiewe-, persoonlike-, sosiale- en emosionele ontwikkeling.

Die opvoedingsverhouding tussen kind en ouer(s) en/of volwassenes is derhalwe ook ŉ onontbeerlike module in hierdie dissipline, asook die funksionering van die gesin as kernsamestelling van die samelewing.

Met verwysing na die spesifieke ouerskap-verhaal, word temas soos emosies, adolessensie, ouer-kind-verhouding, hersaamgestelde gesinne, seksuele ontwikkeling en psigo-pedagogiese kwessies aangespreek.

### 6.5.2 Die belangrikheid dat die vakdissipline verreken moet word wat betref Jaco en Naomi se verhaal

- **Respondent 1 (Sielkundige, ds Attie Steyn)**

Ander dissiplines sal ook wyer kyk as net na dit waarmee mense self vorendag kom. Ek is egter van mening dat Sielkunde ook hier dié vakgebied is wat spesifiek daarop behoort te fokus. Ander dissiplines mag dalk nie altyd die tyd hê om wyer te kyk en wyer te eksploreer nie. Sielkundiges kan mense help om tot beter insig te kom en om vaardighede te ontwikkel wat hulle in staat kan stel om spanning en konflik beter te hanteer.

- **Respondent 2 (Sielkundige, mnr Manie Engelbrecht)**

Ander dissiplines sou baat kon vind by ŉ inset wat die gesinslede se geestesfunksionering betref. ŉ Sielkundige evaluering met moontlike verdere verwysing na ander dissiplines, byvoorbeeld Psigiatrie, Arbeidsterapie, Mediese


© University of Pretoria

intervensie, sal beslis bydra tot 'n beter verstaan van die gesinsopset en dinamika van saamgestelde gesinne.

- **Respondent 3 (Maatskaplike Werker, mev Cathy Symington)**

Wanneer daar met mense gewerk word, werk jy met gevoelens en belewenisse. Ons kan nie 'n ander persoon verander nie – hy moet self verander deur insig te ontwikkel. Bemagtiging maak mens sterk om probleme in die toekoms self te kan hanteer.

- **Respondent 4 (Maatskaplike Werker, mev Elbie Conradie)**

Soos voorheen genoem, het alle dissiplines hulle eie rol te speel in die hantering van situasies. 'n Assessering van die kind behoort 'n goeie prentjie te skets oor die wyse waarop hy die omstandighede in die huis ervaar. Dit kan dus 'n rigtinggewende rol speel in die beplanning en hantering van dienste wat aan die familie gebied behoort te word.

- **Respondent 5 (Leefstyl-afrigter, dr Leon Foot)**

Dit is belangrik om raak te sien dat *coaches* werk met mense in oorgang. Soms is die oorgang die gevolg van 'n ontwrigtende gebeurtenis (byvoorbeeld egskeiding/hertroue) en soms is dit as gevolg van 'n bepaalde keuse wat 'n persoon maak om sy/haar lewe te verander

'n *Coach* het nie al die antwoorde nie, hy kan help om die regte vrae te vra om 'n persoon non-direktief te help om sy eie situasie te bekyk, te sien wat gedoen moet word en om dan aksie te neem.

- **Respondent 6 (Teologie, dr Koos Uys)**

Omdat simbole en rituele so 'n belangrike rol in enige opset speel, behoort daar groot begrip te wees vir die noodsaaklikheid daarvan in pastoraat.


© University of Pretoria

ŉ Bewustheid van Teologie as kommunikatiewe handelingswetenskap bied ruimte daartoe dat verhoudings tussen mense kommunikasie-gedrewe is. In betekenisvolle verrykende kommunikasie tussen mense vind groei plaas.

- **Respondent 7 (Opvoedkunde, dr Emelda von Caues)**

Die opvoedkundige perspektief sal juis deur ander dissiplines verstaan en waardeer word, aangesien dit primêr gesinsverhoudinge belig.

In die geval van Andries en Reino se gesin van oorsprong, het hul huidige probleem juis midde hul opvoedingsituasie ontstaan.

Die opvoedkunde belig juis die verhouding van die ouer(s) met die kind, dissipline, wedersydse verwagtinge en ouerlike leiding midde ŉ kerngesin-milieu.

Met verwysing na die spesifieke ouerskap-verhaal, word temas soos kommunikasie, adolessensie, emosionele-regulering en sosio-pedagogiese kwessies aangespreek.

### 6.5.3 Die belangrikheid dat die vakdissipline verreken moet word wat betref Thys en Louisa se verhaal

- **Respondent 1 (Sielkundige, ds Attie Steyn)**

Enige ander dissipline wat by hierdie gesin betrokke sou wees, sal ook daarop fokus om Nicolaas se gedrag te verander en die gesin te help om in harmonie met mekaar saam te leef. Sielkundiges sal waarskynlik maan dat daar nie bloot op die probleemgedrag en probleme gefokus moet word nie, maar dat ŉ langer pad geloop sal word wat die geskiedenis en konteks van hierdie gesin voldoende in ag neem en aanspreek.


© University of Pretoria

- **Respondent 2 (Sielkundige, mnr Manie Engelbrecht)**

Ander dissiplines sou baat kon vind by ŉ inset wat die gesinslede se geestesfunksionering betref. ŉ Sielkundige evaluering met moontlike verdere verwysing na ander dissiplines, byvoorbeeld Psigiatrie, Arbeidsterapie, Mediese intervensie, sal beslis bydra tot ŉ beter verstaan van die gesinsopset en dinamika van saamgestelde gesinne.

- **Respondent 3 (Maatskaplike Werker, mev Cathy Symington)**

Alle mense wil graag as persoon aanvaar word. Dit dra daartoe by dat gesonde verhoudinge gebou word. Elke persoon se behoeftes moet raakgesien en erken word, soveel te meer kinders se behoeftes.

- **Respondent 4 (Maatskaplike Werker, mev Elbie Conradie)**

Dit is in die beste belang van die kind en ter wille van respek vir ander dissiplines, belangrik dat dit sal gebeur. Alle dissiplines behoort die ontwikkeling van ŉ kind te respekteer en ŉ kind te help om as mens ŉ kans gegun te word om optimaal te funksioneer. Die kind het nie sy omstandighede veroorsaak of gekies nie. Wanneer verskillende dissiplines saamwerk, kan die kind gehelp word om sin te maak uit die situasie waarin hy hom bevind en om eendag as volwassene optimaal te funksioneer en om self nie probleme in verhoudings te hê nie.

- **Respondent 5 (Leefstyl-afrigter, dr Leon Foot)**

Dit is belangrik om raak te sien dat coaches werk met mense in oorgang. Soms is die oorgang die gevolg van ’n ontwrigtende gebeurtenis (byvoorbeeld egskeiding/hertroue) en soms is dit as gevolg van ’n bepaalde keuse wat ’n persoon maak om sy/haar lewe te verander


© University of Pretoria

’n Coach het nie al die antwoorde nie, hy kan help om die regte vrae te vra om ’n persoon non-direktief te help om sy eie situasie te bekyk, te sien wat gedoen moet word en om dan aksie te neem.

- **Respondent 6 (Teologie, dr Koos Uys)**

Vanuit die teologiese vakdissipline kom daar deurgaans bydrae tot verhale soos die van Thys, Louisa, Nicolaas en Nathan. ŉ Bybels-teologies gefundeerde versoeningsmodel behoort deurlopend in hierdie gesin se lewe ŉ rol te speel.

Die rol van die geloofsgemeenskap en hulle hantering van saamgestelde gesinne moet ook nie geringgeskat word nie.

- **Respondent 7 (Opvoedkunde, dr Emelda von Caues)**

Die opvoedkundige perspektief sal juis deur ander dissiplines verstaan en waardeer word, aangesien hierdie dissipline primêr die belange van die kind op multidimensionele terrein beskerm.

Die opvoedkunde skep vir kinders soos Nicolaas ŉ platform om hul talente op kognitiewe, fisieke, estetiese en etiese wyse te ontdek en te ontwikkel, terwyl dit terselfdertyd by die kinders ŉ waardering kan kweek vir hulle gesinsopset.

### 6.5.4 Die belangrikheid dat die vakdissipline verreken moet word wat betref Danie en Magda se verhaal

- **Respondent 1 (Sielkundige, ds Attie Steyn)**

Al die dissiplines wat ondersteuning aan hersaamgestelde gesinne verleen, behoort te steun op die navorsing wat deur sielkunde gedoen is en die perspektiewe wat daaruit voortspruit. Sielkunde behoort op die voorpunt te bly van navorsing van hersaamgestelde gesinne, maar ook navorsing van alle gesinne. Soos die verhaal van Danie en Magda bewys, is dit nie hersaamgestelde gesinne wat problematies is nie, maar dalk eerder gesinne


© University of Pretoria

wat nie bereid is om die moeite te doen om beskikbare inligting te bekom en tydige aanpassings te maak nie.

- **Respondent 2 (Sielkundige, mnr Manie Engelbrecht)**

  Ander dissiplines sou baat kon vind by 'n inset wat die gesinslede se geestesfunksionering betref. 'n Sielkundige evaluering met moontlike verdere verwysing na ander dissiplines, byvoorbeeld Psigiatrie, Arbeidsterapie, Mediese intervensie, sal beslis bydra tot 'n beter verstaan van die gesinsopset en dinamika van saamgestelde gesinne.

- **Respondent 3 (Maatskaplike Werker, mev Cathy Symington)**

  Die positiewe moet erken word en daar moet nie sondermeer aanvaar word dat sekere goed 'n probleem sal wees nie, soos byvoorbeeld die ouderdomsverskille tussen Danie en Magda, en tussen Magda en Danie se kinders. Maatskaplike werk as vakdissipline kan hierin 'n rol speel.

- **Respondent 4 (Maatskaplike Werker, mev Elbie Conradie)**

  Verskillende dissiplines moet mekaar respekteer en aanvul om die beste aan kinders en ouers te leer. Alle dissiplines het 'n bydrae om te lewer en om van mekaar te leer, is in belang van alle kliënte waarmee daar gewerk word.

- **Respondent 5 (Leefstyl-afrigter, dr Leon Foot)**

  Dit is belangrik om raak te sien dat coaches werk met mense in oorgang. Soms is die oorgang die gevolg van 'n ontwrigtende gebeurtenis (byvoorbeeld egskeiding/hertroue) en soms is dit as gevolg van 'n bepaalde keuse wat 'n persoon maak om sy/haar lewe te verander

  'n Coach het nie al die antwoorde nie, hy kan help om die regte vrae te vra om 'n persoon non-direktief te help om sy eie situasie te bekyk, te sien wat gedoen moet word en om dan aksie te neem.


© University of Pretoria

- **Respondent 6 (Teologie, dr Koos Uys)**

Die 'liefdesbeginsel' dra stewige teologiese fondamente en soos dit in die verhaal van Danie en Magda gestalte kry, beskik dit oor 'n bepaalde drakrag vir goeie verhoudings.

- **Respondent 7 (Opvoedkunde, dr Emelda von Caues)**

Die opvoedkundige perspektief sal juis deur ander dissiplines verstaan en waardeer word, omdat dit onder andere gemoeid is met die geestelike, kognitiewe, fisieke en emosionele wel en weë van die kind. Dit spreek die kind – welke ouderdom ook al – in totaliteit aan en beoog die beste ontwikkeling van elke unieke individu.

Kinders kan slegs hulle volle potensiaal ontwikkel, wanneer hulle omhoogleiding in 'n veilige huislike en skolastiese atmosfeer geskied, wat gekenmerk word deur vrede, dissipline, liefde en harmonie en volgens hierdie gevallestudie is dit juis die tuiste wat Danie en Magda poog om te bied vir vyf kinders tussen die ouderdom van drie jaar en twintig jaar, wat werklik 'n reuse-uitdaging in vandag se samelewing is.

### 6.5.5 Refleksie op die belangrikheid daarvan dat die verskillende vakdissiplines verreken moet word

Aangesien die respondente se terugvoer by die verskillende gesinne grootliks ooreenstem, sal daar nie by elke gesin afsonderlik gereflekteer word nie. Wat hier volg, is 'n samevattende refleksie op die belangrikheid daarvan om erkenning te gee aan die insette van die verskillende vakdissiplines.

Inaggenome ***Sielkunde*** se belangstelling in mense se optrede en die moontlike onderliggende motiewe wat hierin 'n rol mag speel, behoort die stem van Sielkunde beslis gehoor te word in gesprekvoering oor ouerskap in saamgestelde gesinne.


© University of Pretoria

***Maatskaplike Werk*** se primêre fokus is die gevoelens en belewenisse (emosies) van die kind. Inaggenome die feit dat kinders in saamgestelde gesinne ŉ definitiewe rol speel in ouerskap-belewenisse, is dit belangrik om ook hulle insette te verreken.

***Lewenstyl-afrigting*** het ten doel om mense bewus te maak van die positiewe gebeurtenisse in hulle lewe en hulle aan te moedig om daarop te fokus. Daarom sou dit bloot verrykend wees om ook hierdie dissipline te verreken in gesprekvoering oor ouerskap in saamgestelde gesinne.

***Teologie*** se primêre fokus is die geestelike wel en weë van mense, met as resultaat dat ook hulle ŉ waardige gespreksgenoot behoort te wees in gesprekvoering oor ouerskap in saamgestelde gesinne.

***Opvoedkunde*** kan ŉ belangrike bydrae lewer wat betref die ontwikkeling en opvoeding van kinders. ŉ Opvoedkundige perspektief kan insig bied in die hantering van die kinders in die verskillende fases van hulle ontwikkeling; dit kan ook ouers begelei in die algemene opvoeding van hulle kinders, met verwysing na sake soos dissipline en respek.

## 6.6 ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS/AFLEIDINGS NA AANLEIDING VAN DIE INTERDISSIPLINÊRE GESPREKKE

Inaggenome die terugvoer van die respondente en die reaksie van die gespreksgenote hierop, het ek ŉ paar kernsake geïdentifiseer. Hierna is die gespreksgenote wéér genooi om hierop te reageer – en selfs by te voeg – in ŉ poging om hulle stem hoorbaar te maak teenoor die samelewing en teenoor ander gesinne wat moontlik in soortgelyke situasies as hulle mag wees. Die stem van die gespreksgenote klink só:

- **Stereotipes oor saamgestelde gesinne bestaan ongelukkig wel...**
  In die woorde van een van die gespreksgenote:
  “Almal verwag dat daar iewers moet fout gaan... dat dit nie vir saamgestelde


© University of Pretoria

gesinne moontlik is om gelukkig te wees nie! Dat hulle nie sal kan bestaan as hulle nie gedurig by sielkundiges en maatskaplike werkers boer nie... Selfs die terugvoer by sommige van die respondente bevestig dit! Dit is asof hulle glo dat hulle fout móét vind... dat dit nie goed kán gaan nie... daarom is hulle waarskynlik so gepla oor iets so irrelevant soos ons ouderdomme!"

Dit is belangrik dat die ouers in saamgestelde gesinne nie druk op hulleself moet plaas omdat hulle ander mense wil beïndruk, of omdat hulle dink dit word van hulle verwag nie. Onthou: jy kan nie mense se denke beheer nie!

- **Daar is 'n klómp saamgestelde gesinne wat werk! Sien dit raak!** (die gespreksgenote het versoek dat ek dié punt eintlik in hoofletters moet aanbring).

- **'n Verhouding met die Here en voortdurende gebed, is 'n noodsaaklike fondament by saamgestelde gesinne.**

- **Vergifnis ten opsigte van sekere verlede-gebeure sal beslis die aanpassing in die nuwe gesinsstruktuur vergemaklik, maar onthou asseblief: dis 'n proses!**

- **Die afwesigheid van 'die ander biologiese ouer' vergemaklik beslis die onderlinge gesinsverhoudinge, spesifiek uit die oogpunt van die ouers.**
  Dit is sekerlik nie die ideaal nie, maar dit werk ongelukkig so. In gevalle waar die 'ander biologiese ouer' wel betrokke is, beskou ons dit as goeie raad dat daar nie 'onnodige plek' aan hom/haar in die gesin gegee behoort te word nie.

- **Die hantering van finansies mag dalk by sommige gesinne problematies wees; by ons was dit egter nie die geval nie.**
  Maak nietemin 'n punt daarvan om van die begin af oor verskille op dié terrein te praat. Moenie dit ooit maar net los in die hoop dat dit vanself gaan verdwyn nie, want dit gaan nie gebeur nie.

- **Die waarde van rituele ter versterking van onderlinge gesinsverhoudinge is iets wat gerus verder ondersoek kan word.**


© University of Pretoria

- **Die verhoudings-kwaliteit tussen man en vrou in die saamgestelde gesin, speel beslis ’n rol in hulle ouerskap-belewenisse.**
  Negatiewe belewenisse word dikwels geabsorbeer deur ’n gesonde en gekoesterde verhouding. Dit is daarom noodsaaklik dat man en vrou (in saamgestelde gesinne) hulle verantwoordelikheid om mekaar te ondersteun, nooit agterweë sal laat nie.

- **Dit is ’n goeie riglyn dat die biologiese ouer primêr verantwoordelik sal wees vir die dissiplinering van sy/haar kind/ers**
  Onthou nietemin altyd dat daar uitsonderings kán wees, en dat ander maniere dalk vir ander gesinne uitstekend mag werk!

- **Moenie toelaat dat klein frustrasies die geheel-ervaring onnodig negatief beïnvloed nie en wees bereid om soms aanpassings te maak!**
  Dit gáán gebeur dat een van die kinders soms onbeskof of selfsugtig gaan optree. En dit gaan dalk gebeur dat hulle hulle gaan opdring, of die nie-biologiese ouer by geleentheid gaan (probeer) uitsluit. Maar kinders in kernsgesinne tree soms presies dieselfde op! Moenie toelaat dat dit ’n onnodige groot invloed uitoefen nie!

- **Moenie oorhaastig wees nie!**
  Om nuwe verhoudings te vestig, neem soms tyd. Die reis tussen ‘Egipte’ en die Beloofde Land, Kanaän, mag nie altyd ewe voorspoedig verloop nie, maar wees geduldig! Werk hard om op die pad te bly...


© University of Pretoria

## 7. SAMEVATTING

Interdissiplinêre werk ís moeilik. Müller (2005:85) is aan die begin van die hoofstuk in dié verband aangehaal en ek het dit so beleef.

Nietemin was dit beslis ŉ leersame ervaring, nie net vir my nie, maar vir elkeen van die gespreksgenote. Dit was verrykend om in ons nadenke oor ouerskap in saamgestelde gesinne, ook gekonfronteer te word met die insigte van die ander vakdissiplines.

In die proses is ons uitgedaag om op ander en nuwe maniere oor sake te dink. Hoewel die terugvoer in sommige gevalle die gespreksgenote (aanvanklik) ontstel het, het die meeste van hulle ná die tyd aangedui dat hulle uit hulle 'gemaksone' gelig is en beslis gegroei het in die proses.

Ek (en baie van die gespreksgenote) het aanvanklik gedink dat Maatskaplike Werk nie eintlik veel van ŉ bydrae tot dié spesifieke gesprek gelewer het nie, inaggenome hulle 'fokus op die belang van die kind'. Met verloop van tyd het ons egter by die punt gekom waar ons vir mekaar gesê het dat hulle tog ŉ belangrike bydrae gelewer het, want wanneer kinders gelukkig is, is ouerskap-belewenisse juis positief! ŉ Bietjie moeite en toegewings van ouers se kant af wat betref die behoeftes van die kinders, het die potensiaal om beslis ŉ groot verskil te maak wat betref ouerskap-belewenisse.

Die ooreenstemming wat betref die insigte/bydraes van die respondente uit die verskillende vakgebiede, het daartoe bygedra dat dié bydraes opnuut oordink is.

Bogenoemde inaggenome, het die interdissiplinêre gesprek ŉ belangrike bydrae gelewer tot die gesprek oor ouerskap in saamgestelde gesinne; hiersonder sou die navorsing heelwat armer wees.

In hoofstuk 6 sal daar aandag gegee word aan nadenke en ŉ moontlike ontwikkeling van alternatiewe interpretasies/verhale wat verder strek as die plaasilke gemeenskap. Die doel hiermee is dat dié navorsing juis ŉ verskil sal maak in ander (saamgestelde) gesinne en die geloofsgemeenskap se denke.


© University of Pretoria

# HOOFSTUK 6

# ALTERNATIEWE INTERPRETASIES EN GEVOLGTREKKINGS WAT VERDER STREK AS DIE PLAASLIKE GEMEENTE EN GEMEENSKAP

## 1. INLEIDING

In hoofstuk 5 is daar aandag gegee aan die sesde beweging van 'n post-fundamentele prakties-teologiese metodologie. By wyse van die insette van respondente uit ander vakgebiede en ná die reaksie van die gespreksgenote hierop, is daar wéér saam met die gespreksgenote 'n aantal sake geïdentifiseer, wat toe geformuleer is as hulle 'stem' tot gesprekvoering oor ouerskap in saamgestelde gesinne.

Navorsing is egter veronderstel om verder te strek as bloot die plaaslike situasie. Die moontlikheid dat die insigte waartoe daar gekom is, kan bydra tot 'n 'alternatiewe stem' wat wyer strek as die plaaslike situasie, behoort dus ook ondersoek te word. Die sewende beweging by 'n post-fundamentele prakties-teologiese metodologie, kan ons hiermee help.

Müller (2005:85) beskryf hierdie beweging in die navorsingsproses soos volg:

> Practical theological research is not only about description and interpretation of experiences. “Alternative interpretations” mean that this way of doing (practising) theology is also about deconstruction and emancipation. The bold move should be taken to allow all the different stories of the research, to develop into a new story of understanding that points beyond the local community. This should not be confused with generalisation. It is rather a case of doing contextual research with such integrity that it will have possibilities for broader application. According to the narrative approach, this will not happen on the basis of structured and rigid methods, through which stories are analysed and interpreted. It rather happens on the basis of a holistic understanding and as a social-constructionist process in which all the


© University of Pretoria

co-researchers are invited and engaged in the creation of new meaning.

## 2. IS DAAR IEMAND WAT WIL LUISTER?

Volgens Müller (1996:24) behels ware verstaan meer en gaan dit verder as bloot intellektuele verstaan; ware verstaan vra betrokkenheid en betrokkenheid lei tot verstaan.

Miskien het dit een van die grootste probleme van ons samelewing geword: ons doen baiekeer nie moeite om by ware verstaan te probeer uitkom nie, want ons wil mos nie eintlik betrokke raak nie. Veral nie as betrokkenheid van ons vra om nuut of anders te dink nie.

Dis baie geriefliker om bloot in te val by die 'meerderheidsverslag'. Dis baie geriefliker om toe te laat dat statistiek ons idees rig. Die feit dat baie van die statistiek in Suid-Afrika óf verouderd óf totaal verkeerd is, pla ons gewoonlik nie eens nie.

Saamgestelde gesinne, dit het dié navorsing bevestig, is lankal nie meer ŉ 'alternatiewe' gesinstipe wat die meeste van die tyd nie werk nie. Daar bestaan saamgestelde gesinne waar dit só goed gaan, dat mense van buite nie eens besef dit is ŉ saamgestelde gesin, voordat hulle dit nie verneem nie. Daar bestaan saamgestelde gesinne waar die ouerskap-belewenisse van só ŉ aard is, dat sielkundiges en maatskaplike werkers selfs die opmerking maak dat dit beter gaan in hierdie gesinne, as in baie kerngesinne.

Müller (2002:16) beklemtoon myns insiens die noodsaaklikheid van ŉ bereidheid om anders te kyk na gesinne, as hy sê: "Gesinne is nie tydlose verskynsels wat deur al die eeue en in alle kulture presies dieselfde lyk nie. Dit is kulturele verskynsels wat van tyd tot tyd aanpassings beleef ten einde steeds die rol en funksie van ŉ primêre groepering te vervul."


© University of Pretoria

Hy (Müller 2002:16) vertel van ŉ konferensie wat hy by geleentheid bygewoon het en sy ontmoeting met ŉ man uit ŉ Afrika-land by hierdie konferensie. Die man het vertel van sy gesin en van die sekuriteit en die geluk wat hy daar ervaar. Maar dit was ŉ poligame gesin. Sy pa het ses vroue gehad en hy was een van ŉ stuk of sowat twintig kinders. Sy verhaal het egter getuig van harmonie en eensgesindheid in daardie groot gesin, wat natuurlik heeltemal buite die raamwerk val van ons verstaan van ŉ tipiese Westerse kerngesin. Hierop maak hy (Müller 2002:16) die volgende opmerking:

> Dit was aanvanklik vir my ŉ skokkende ervaring omdat dit my uit my gemaksone van denke oor gesinne geruk het. Later het dit ŉ bevrydende ontdekking geword. Dit het my oë daarvoor oopgemaak dat ŉ mens om elke draai verrassende gesinsvorme ontdek. Gesinsvorme wat totaal anders is as jou eie, maar wat dáárom nie minder van ŉ gesin is as jou eie nie.

Dit is tyd dat gemeenskappe nie net (wantrouig) kennis sal neem van saamgestelde gesinne nie, maar dat hulle gerespekteer sal word as ŉ geldige gesinsvorm naas kerngesinne. Gesinne met ŉ stem van hulle eie, wat in baie gevalle ŉ ander storie (kan) verwoord as dié van statistiek en waarde-oordele.

Müller (2002:17) skryf tereg: “Ek ken baie gesinne wat aan die oppervlakkige vereistes van ŉ goeie gesinslewe voldoen. Gesinne wat in die samelewing eer ontvang en selfs die pronkbladsye van ŉ glanstydskrif sou kon haal. Maar gesinne met stories van minagting en verkleinering”.

Geen gesinsverhaal is nét goed of nét sleg nie. Elke gesin het ŉ eie dinamika. Freedman & Combs (1996:97) beskryf gesinne as “storying cultures”, ŉ metafoor waarmee hulle uitdrukking wil gee aan die feit dat elke gesin ŉ unieke verhaal het.

As daar een stem is wat dié navorsing wil duidelik maak, dan is dit: “Kies om ŉ slag om nuut te luister na saamgestelde gesinne unieke se stories... julle gaan waarskynlik verstom wees!”


© University of Pretoria

## 3. IS DAAR IEMAND WAT KAN HELP?

Ek het onlangs ŉ gesprek gehad met ŉ ma oor haar kind wat dié jaar universiteit toe is en oor hoe moeilik die betrokke kind daar aanpas. Hulle het blykbaar al duisende rande gespandeer aan psigiaters en sielkundiges in ŉ poging om die kind by te staan en te help, maar tot op hede gaan dit nie eintlik baie beter nie. Sy wou by my weet of ek dalk weet van moontlike omgee-strukture binne die kerk, in dié spesifieke stad. Ek het dadelik genoem van studentegemeentes en van die moontlikheid dat sy by ŉ omgeegroep moet inskakel... ek het selfs aangebied om die kontaknommers van sommige van my kollegas in die bediening vir haar te gee.

Haar antwoord was dat haar dogter al by twee verskillende omgeegroepe probeer inskakel het, maar elke keer sonder sukses. In beide omgeegroepe het dit blykbaar meer gegaan oor die individue se ‘suksesse’ in geestelike groei, as wat dit gegaan het oor werklike omgee binne die groep.

Dis was egter haar volgende opmerking wat my veral baie laat dink het. Sy het gesê: “Ek het nog altyd gedink dat daar talle strukture is – ook binne die kerk – waar mense hulp kan kry as hulle regtig gehelp wíl word. Die afgelope tyd moes ek egter tot my ontnugtering agterkom dat daar baie minder strukture is as wat ek gedink het... en dat dié wat daar wel is, nie noodwendig kan help nie...”

Ek kan my hoegenaamd nie uitspreek oor dié spesifieke situasie nie. Maar ek kon nie anders nie as om te wonder oor die opmerking dat daar – in baie gevalle – minder strukture en minder omgee is, as wat ons dalk mag dink... Ek vermoed kerke en geloofsgemeenskappe kan nogal maklik dié fout begaan.

Nóg iets wat na aanleiding van dié gesprek by my opgekom het, is die feit dat daar eintlik meer as bloot strukture nodig is om verandering te bewerk... strukture ten spyt, gaan verandering nie gebeur sonder omgee-harte nie.

Ek dink dieselfde geld wat betref saamgestelde gesinne: ons hét nie regtig strukture in plek om hierdie gesinne te ondersteun nie. Dalk omdat ons dink dis ŉ vermorsing


© University of Pretoria

van energie, hulle gaan dit in elk geval nie maak nie? Dalk omdat ons nie werklik genoeg omgee nie?

## 4. SÓ KLINK OUERS IN SAAMGESTELDE GESINNE SE STEM

Om regtig ŉ verskil te kan maak in saamgestelde gesinne – spesifiek wat betref die belewenisse van ouers in sulke gesinne – is dit nodig om te hoor wat die ouers *self* sê en om hierdie waardes weer hoorbaar te laat word in die samelewing.

Na aanleiding van die gespreksgenote se terugvoer is die volgende stemme geïdentifiseer:

### 4.1 Gee ons ŉ regverdige kans!

> Dis nie waar dat dit met alle saamgestelde gesinne sleg gaan nie. Dis ook nie waar dat alle ouers in saamgestelde gesinne tipiese 'stiefma's' of tipiese 'stiefpa's is nie. Ons as ouers in saamgestelde gesinne probeer netso hard soos ander gesinne om gesinne te wees waar waardes soos liefde respek en omgee, geleef word. Moet daarom nie altyd die ergste verwag nie en gee ons asseblief ŉ billike kans.

Aan die woord was een van die gespreksgenote.

Kan hierdie stem afgemaak of stilgemaak word, omdat daar dalk ander saamgestelde gesinne is waar dít nie die geval is nie? Ek dink nie so nie. Elke gesin is tog uniek. Baie van die respondente wat aan die navorsing deelgeneem het, het self ook toegegee dat *hierdie* saamgestelde gesinne in talle opsigte ŉ voorbeeld stel vir anders gesinstipes.

Kom ons gee daarom vir elke gesin die kans wat hulle verdien!


© University of Pretoria

### 4.2 Anders saamgestel, maar eintlik soortgelyk met soortgelyke probleme!

> Ons is soortgelyke gesinne met soortgelyke probleme... die enigste verskil is dat albei ouers in ons gesin nie biologiese ouers is nie.

Dié opmerking deur een van die gesinne het my dadelik laat dink aan ŉ beeld wat Müller (2014:77) gebruik in sy nuutste boek, *Geloof anderkant Sondag*, naamlik dié van Lego-blokkies. Hy skryf hoedat hy ontdek het dat mens basies twee verskillende soorte Lego-stelle kan koop. Die een soort bevat wat ŉ spesifieke aantal stukkies, asook die presiese aanwysings, om iets spesifiek te bou, soos ŉ motor of ŉ huis of wat ook al. Die ander soort is ŉ boks vol verskillende stukkies, sonder enige aanwysings, wat jou dus toelaat om enigiets te bou.

By my eie kinders het ek dikwels gesien hoedat beide opsies al vir hulle groot vreugde verskaf het. Soms het hulle die spesifieke lego-stelle geniet, ander kere was dit lekker om sommer te bou soos hulle wou. Met verloop van tyd het dit meestal gebeur dat die stukke van die twee verskillende lego-stelle in een houer beland het. Daar was kere wat die lego-stel met aanwysings regtig ŉ mooi item opgelewer het. Maar daar was ook die kere wat hulle eie samevoeging van stukke ŉ ewe mooi item opgelewer het.

Miskien sou dit ŉ metafoor kon wees vir saamgestelde gesinne? Hulle is dalk nie uit een boks, volgens presiese aanwysings, gebou nie. Maar die eindproduk sou ewe goed kon vergelyk met die produk wat volgens spesifieke aanwysing gebou is.

In die navorsing het veral die navorsingsgenote, maar in baie gevalle ook die respondente uit die verskillende vakdissiplines, beklemtoon dat baie van die tipiese ouerskap-belewenisse by saamgestelde gesinne ook tipiese ouerskap-belewenisse eie aan kerngesinne is. Negatiewe belewenisse duik ook soms op by kerngesinne, maar dit word nie elke keer outomaties in verband gebring met die wese van die gesin nie. Dieselfde hantering behoort te geld by saamgestelde gesinne: moenie gedurig ŉ verband soek tussen negatiewe belewenisse en saamgestelde gesinne as gesinstipe nie.


© University of Pretoria

### 4.3 Saamgestelde gesinne is monumente van God se genade!

> Enigiemand wat gló dat God ŉ God van genade is, behoort tog ook te weet van ruimte vir tweede kanse... hoekom beleef ons as tweede-kans-gesinne so min van hierdie genade by mense?

Dié opmerking deur een van die ouerpare wat opgetree het as gespreksgenote, het mý nogal opnuut bewus gemaak van die verantwoordelikheid wat die samelewing (gelowiges) het om nié gedurig die volhoubaarheid van saamgestelde gesinne te wil bevraagteken nie.

Dit ís soos baie van die respondente opgemerk het: daar ís (juiste) navorsing en statistiek wat die verhaal vertel van saamgestelde huwelike wat dit nié maak nie. Dit mag dalk waar wees by ŉ klomp saamgestelde gesinne, dat hulle die tweede keer makliker skei as die keer, omdat hulle weet daar ís lewe na egskeiding.

Maar daar is beslis ook ander verhale. Soos die verhale van die ouers wat aan die navorsing deelgeneem het. Ouers wat die seer van egskeiding beleef het. Ouers wat eerstehandse kennis het van die verguising wat baiekeer met egskeiding saamgaan. Ouers wat, juis na aanleiding van hulle egskeiding(s), hulle nuwe gesinswees as ŉ genade-moment beskou. Ouers wat verstáán dat niks vanselfsprekend is nie en wat daarom bereid is om hard te werk, sodat hulle nuwe kanse suksesverhale mag word. Ouers wat bely dat hulle voor en ín hulle nuwe gesinswees gedurig met die Here gepraat het en steeds praat; dat hulle Hom beskou as die fondament van hulle gesinswees.

Hierdie ouers beskou hulleself as monumente van God se genade. Hulle gló met hulle hele hart dat hulle ŉ tweede kans gekry het.

Op grond waarvan het enigiemand die reg om ander verhale oor hulle te wil vertel?


© University of Pretoria

## 5. DIE ROL VAN DIE KERK EN DIE GELOOFSGEMEENSKAP

Dit word algemeen aanvaar dat godsdiens oor ŉ baie sterker gedragskode en bindingskrag as enige ideologie beskik. Talle studies het al bewys dat die kerk as instelling onder die breë bevolking, meer vertroue geniet as enige ander instelling in die land. Dit selfs ten spyte van die feit dat daar toenemend mense is wat aandui dat hulle, om welke redes ook al, hulle vertroue in die kerk as instelling verloor het.

Die punt wat ek wil maak, is: as daar één instansie is wat beslis ŉ rol kan en moet speel om ŉ alternatiewe stem hoorbaar te maak wat betref saamgestelde gesinne en ouerskap-belewenisse in sulke gesinne, dan is dit juis die kerk. Des te meer inaggenome die feit dat dit die primêre taak van die kerk is om genade en vergifnis te verkondig.

Die kerk praat al vir baie jare lank oor ŉ bedieningsmodel wat gerig is op meer as net die bediening van kerngesinne, maar in die praktyk het daar ongelukkig nog min hiervan gerealiseer. Met hierdie stelling wil ek allesbehalwe die kerk se pogings in dié verband relativeer of bevraagteken; ek sê bloot daarmee dat ek dink daar is ŉ groter behoefte aan betrokkenheid en begrip, as wat dalk op dié stadium ervaar word.

Inaggenome die belewenisse van die ouers in die saamgestelde gesinne wat aan dié navorsing deelgeneem het, sou die kerk en geloofsgemeenskap op minstens ŉ paar terreine ŉ groter verskil kon maak, onder andere deur ŉ groter klem op die alternatiewe suksesstories, by wyse van gebed, en by wyse van die simbole en liturgie van die kerk.

Vervolgens sal kortliks aandag gegee word aan die wyse waarop dit dalk sou kon geskied.

### 5.1 Die kerk as draer van stories van hoop

‘Grimm’ige verhale oor hekse en stiefma’s moet uitgedoof kan word. As draer van hoop moet die kerk vir haar gemeenskap alternatiewe verhale van genade en


© University of Pretoria

oorwinning vertel. Verhale oor sekuriteit en geborgenheid, wat lei tot koesterende liefde en wedersydse respek in gesinswees, met ŉ bewustheid van die beginsels wat ten doel het om gelukkige ouerskap te vestig, behoort vertel te word.

Ek het onlangs ŉ mooi voorbeeld van só ŉ verhaal gelees in die *LiG*, ŉ Afrikaanse Christelike tydskrif. Aan die eenkant is dit ŉ hartseer verhaal, want dit vertel van Adri-Louise van Renen-Fourie se laaste oomblikke voor haar dood, ná haar stryd teen kanker. Maar aan die anderkant is dit ŉ wonderlike getuienis oor ouerskap in saamgestelde gesinne. Annelise Wiid (Wiid 2014:93) vertel die verhaal. Ek het dit goed gedink om die hele verhaal netso te plaas soos dit deur haar vertel (geskryf) is. Aan die einde van die verhaal sal ek daarop reflekteer.

> Die laaste keer wat ek haar gesien het, het sy hande geklap oor die mense wat sy liefhet.
>
> Die beeld is nou vir tyd en ewigheid in my siel vasgebrand: Sy sit-lê, gestut in die sagte omarming van kussings. Haar longe het alle moontlike hulp nodig om genoeg suurstof te kan teug. Sy is só swak. Haar oë beur met moeite oop. Sy leef op genade.
>
> Sy praat nie meer nie. Sy kyk na my, amper dwarsdeur my. En haar oë sein alles wat haar stem wil, maar nie kan sê nie: “Dankie dat jy kom kuier het. Ek waardeer jou. Ek kan nie meer nie. Ek groet jou vandag vir die laaste keer.”
>
> Ek buk oor haar. Luister fyn, skulp-oor, na haar onhoorbare stem in die stilte. Streel oor haar hare. In al die jare wat ons mekaar ken, is dit die eerste keer dat ek aan haar hare vat. Met die dood in die kamer vervaag grense, word ŉ spontane, dieper intimiteit nie net moontlik nie, maar instinkmatig. Geborgenheid is immers nou die wagwoord. Ek lê my hand teen haar wang. En sy laat haar kop daarin sak met die oorgawe en vertroudheid van ŉ kind wat troos en tevredenheid vind. Toe sink sy weg in ŉ oninhaalbare vergetelheid. En ek staan vir ŉ paar oomblikke tru.


© University of Pretoria

Net toe kom haar dogter daar aan. Die het die oggend uit Gauteng Kaap toe gevlieg om vir oulaas nog saam te wees. Ek wonder momenteel of sy te laat is. “Kyk!” por almal wat om die bed staan, “kyk wie's hier!”

En uit die swymelslaap maak sy haar oë oop. Verdwaas. Traag en sonder fokus. Sy draai haar kop moeg, soekend deur se kant toe. Dit neem lang sekondes voordat haar blik tot stilstand kom op die jong meisie se gesig.

Sekondes van uitdrukkinglose leegte. En toe die herkenning. En die geluksaligheid wat haar oorspoel. So, dat sy begin hande klap. Nie dawerend en uitbundig soos by ’n konsert nie. Stadig en intens en hartverskeurend bly.

Die mooiste van alles is dat die dogter nie uit haar eie lyf gebore is nie. Dit is haar man se kind. ’n Ander ma s’n. Vir net twee jaar – net twee kort jaartjies – was die kind ook hare. En ’n lieflike, misterieuse verbondenheid het tussen hulle gegroei.

Sy was, vir die eerste keer in haar lewe, op 47, reeds verloof aan die man met die akkerbruin oë en die kraaispoortjie-lag toe die kankerdiagnose kom. Verdoemend. Reeds fase vier.

Van die begin af dus, was die dood ’n derde party in hulle verhouding. Die tyd was kort, die lewe kosbaar. En haar hart was oop en vol. Gretig om onbegrens lief te hê. Nie net vir hom nie; vir sy kinders ook.

En in die twee jaar het sy hulle saamgesnoer om tafels en braaivleisvure. Met gesprekke en avonture, see-naweke en Hoëveldvakansies. Sy het hulle drome gevoed, hulle menswees waardeer, hulle met onbevange oorgawe geniet.

En volwasse kinders, met ’n eie lewe, tuisgemaak in haar hart. “Sy het ons bymekaar getrek,” se een van die dogters. “Ons gesin sal nooit weer dieselfde wees nie. Ek het haar net twee jaar lank geken, maar dit voel asof sy my hele lewe lank deel was van my.”


© University of Pretoria

> Sy was nie altyd deel van hulle lewe nie. Maar sy sal wees. Al moes sy so bedroewend vroeg weer gaan. Want iemand wat oor jou hande geklap het – van pure blygeit om jou te ken, van ekstase oor jou huis toe kom, van opgewondenheid oor dit jy is wat oor haar drumpel stap – só ʼn iemand vergeet of verloor jy nooit.

Wat ʼn ongelooflike voorbeeld van ouerskap-belewenis in ʼn saamgestelde gesin!

Ek wil nie die verhaal weer oorvertel nie, maar kyk bietjie weer na die detail:

... ʼn Verhouding van ongeveer twee jaar...
... Haar man se kind. ʼn Ander ma s'n...
... ʼn (Stief)ma dus, maar...
... ʼn lieflike, misterieuse verbondenheid het tussen hulle gegroei...
... sy [het] hulle saamgesnoer om tafels en braaivleisvure. Met gesprekke en avonture, see-naweke en Hoëveldvakansies. Sy het hulle drome gevoed, hulle menswees waardeer, hulle met onbevange oorgawe geniet...
... ʼn dogter wat nie altyd deel was van haar nie... maar wat sal wees... en by haar sterfbed klap sy hande oor dié dogter!

Dís die potensiaal wat opgesluit lê in saamgestelde gesinne. Dis hoe dit kán wees. Dís die stories wat die kerk behoort te verkondig. Dís die goed waaroor die kerk moet hande klap!

Dit laat my dink aan die ou Cherokee-legende[9] wat vertel word, van ʼn ou man wat vir sy kleinseun ʼn lewensles wou leer. Die legende lui só:

> "In my binneste is daar ʼn vreeslike geveg tussen twee wolwe. Die een is boos... [...] Die ander een is goed... Hierdie twee wolwe is gedurig besig om ʼn stryd te voer in my binneste..."
>
> [...] Die kleinseun het nagedink en toe vir sy oupa gevra:

[9] http://www.firstpeople.us/FP-Html-Legends/TwoWolves-Cherokee.html [Aanlyn beskikbaar op 2014-08-21]


© University of Pretoria

“Watter wolf het gewen?”

En die ou Cherokee het geantwoord:

“Die een wat jy voer.”

Die kerk het ŉ verantwoordelikheid om, by wyse van spreke, die regte wolf te voer. Nee, dit beteken nié dat die kerk moet stilbly oor die aanpassings wat saamgestelde gesinne beleef nie. Juis nie. Dit is nodig dat sulke gesinne sal hoor dat dit tyd gaan neem om aan te pas, en dat hulle sal moet werk aan hulle gesinswees. Maar dít geld tog ook vir klassieke kerngesinne?

Kom ons vertel verhale van hoop, eerder as verhale van mislukking!

### 5.2 Gebed

Die kerk het die verantwoordelikheid om deur gebed in te tree vir haar lidmate en vir die wêreld. Op ŉ klomp plekke in die Bybel word die kerk juis daartoe aangemoedig. Daar is trouens talle teksgedeeltes waar Jesus vir ons ŉ voorbeeld stel hierin. My persoonlike gunsteling is die teksgedeelte waar Hy vir Petrus sê dat Hy vir hom gebid het, omdat hy (Petrus) in die versoeking gáán kom (Lukas 22:32).

Dan is daar natuurlik ook teksgedeeltes waar ons uitgenooi word om, as ons wysheid kortkom, daarvoor te vra (Jakobus 1:5). Myns insiens het *alle* gesinne wysheid nodig en behoort die kerk hierin voor te gaan, ook wat betref saamgestelde gesinne, terwyl die gesinne self ook aangemoedig sal word om te bid vir wysheid.

Ouers in saamgestelde gesinne wil wéét dat die kerk dit vir hulle doen. Hulle wil nie “Grimm”ige stories hoor nie; hulle wil hoor dat hulle aan die Here opgedra word.

### 5.3 Rituele en liturgie

Rituele – ook binne ŉ godsdienstige konteks – word algemeen beskou as een van die moontlikhede wat ŉ baie groot rol kan speel in ŉ beïnvloeding en goedkeuring


© University of Pretoria

van lewensprosesse. Volgens Biziou (2001:1) is die woord 'ritueel' van 'n Indo-Europese woordstam afgelei, wat letterlik beteken 'om bymekaar te pas'.

Bell (1997:9) verwoord iets van die trefkrag en die waarde van rituele, as hy sê:

> Today we think of 'ritual' as a complex sociocultural medium variously constructed of tradition, exigency and self-expression; it is understood to play a wide variety of roles and to communicate a rich density of over determined messages and attitudes.

Volgens Beck & Metric (1990:ii) sou rituele onder andere 'n belangrike rol kon speel as brug tussen godsdienstige en sosiale omstandighede, as hulle sê:

> A ritual, a rite, a ceremony, a series of symbolic acts are focused towards fulfilling a particular intention. A ritual provides the bridge between inner and outer worlds, and creates a context for reconnecting to the seat of our souls. The end result of all rituals is increased balance, strength, energy and comfort.

Rituele kan dus 'n belangrike rol speel om mense te help om hulle (huidige) situasie betekenisvol te verantwoord. Dit kan mense help om hulle eie lewensrolle in die wêreld te (her)ontdek met die oog op veilige en vervullende verhoudings binne die samelewing.

Een van die moontlikhede wat genoem is, was 'n potjiekos-ritueel. Saamgestelde gesinne kan dit gerus oorweeg om soms saam potjiekos te maak. Só 'n ritueel sou onder meer kon behels dat elke lid van die gesin 'n geleentheid kry om 'n bestanddeel in die pot te gooi wat voorberei word. Die eindproduk van só 'n pot is gewoonlik baie smaaklik, maar dit neem tyd voordat elke bestanddeel smaak toevoeg aan die pot. Die verskillende bestanddele komplimenteer mekaar nie dadelik nie; dit gebeur gewoonlik eers nadat hulle reeds 'n ruk lank saam geprut het. Dit is dikwels ook die geval by saamgestelde gesinne: die eindproduk is gewoonlik smaaklik, maar dit neem tyd. Geduld en nogmaals geduld is dus die wagwoord. 'n Potjiekosritueel soos dié sou dalk 'n bydrae kon lewer tot die vestiging van geduld


© University of Pretoria

en hoop.

Die ouers in saamgestelde gesinne wat aan die navorsing deelgeneem het, het voorts gepleit dat die kerk daaraan moet dink om in haar rituele (liturgie) ook erkenning te gee aan saamgestelde gesinne. In die lig hiervan het ons dit goedgedink om saam te dink oor ŉ alternatiewe huweliksformulier wat erkenning gee aan die unieke aard van saamgestelde gesinne, met inagneming van konsepte soos genade en vergifnis en hoop. As vertrekpunt is die huidige huweliksformulier, soos in die Handleiding vir die Erediens (2010:152-156), geneem. Hou in gedagte dat die formulier wat hier volg, bloot ŉ moontlikheid is, met as onderliggende boodskap dat die kerk moeite behoort te doen om meer inklusief te dink wat betref saamgestelde gesinne.

**ALTERNATIEWE HUWELIKSFORMULIER**

**VIR SAAMGESTELDE GESINNE**

A & B

Die huwelik is deur God ingestel toe Hy aan die begin gesê het: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie; Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke."

Die huwelik is dus ŉ skepping van God, Sy unieke plan vir mense… Hiermee beklemtoon Hy dat Hy ons nie net as mense nie, maar ook as medemense vir mekaar geskep het, met die oog op al die vreugdes wat uit só ŉ saamwees mag voortvloei.

Ongelukkig gebeur dit soms dat, as gevolg van sondigheid en gebrokenheid wat deel is van ons aardse bestaan, God se beste bedoeling met huwelike nie realiseer nie. Selfsug en eiesinnigheid, of watter ander omstandighede ook al, mag soms lei tot egskeiding, wat op géén manier goedgepraat óf geregverdig kan word nie. Dit is sonde en die Here die spreek Hom duidelik hierteen uit in sy Woord.



© University of Pretoria

As gelowiges kan ons nietemin wéét dat sonde en mislukking nie die laaste woord in ons lewe spreek nie. God openbaar Homself óók as ŉ God van genade en vergifnis... en van tweede kanse. Hy openbaar Homself as ŉ God wat, ten spyte van ons verlede-foute, steeds kies om ŉ pad saam met sy kinders te loop. Hy los hulle nié in die woestyn nie.

Julle is vandag hier omdat julle presies dít beleef het: God se vergifnis en nuwe kanse.

Die bevestiging van julle voorgenome huwelik, sal tot gevolg hê dat julle van nou af ŉ saamgestelde gesin sal wees.

As daar een boodskap is wat julle as nuut-saamgestelde gesin moet hoor, dan is dit die feit dat daar wél vir julle ŉ Beloofde Land bestaan! Op julle lewensreis soontoe kan julle met sekerheid wéét dat God elke oomblik bý julle sal wees. Hy, wat Homself openbaar as die “Ek-is-God”, Hy ís ook julle metgesel.

Moenie dat julle verlede, óf die hede,óf enigiets, óf enigiemand, julle ooit hieraan laat twyfel nie!

Luister na die Here, vertrou Hom, en hou áán om die pad in geloof te stap. Selfs te midde van ŉ see vol probleme, kán Hy ook vir julle ŉ droë pad bewerk. Soos wat Hy die Israeliete by geleentheid gelei het, so sal Hy – ook vir julle – dag na dag die pad aanwys. Soms gaan Hy meer sigbaar wees, ander kere dalk minder sigbaar, maar weet dat Hy altyd daar sal wees.

Hou ook ingedagte dat Hy op presies die regte tye opdaag, dat Hy die bitter water van die lewe soet kán maak, en dat Hy in julle behoeftes kan en wil voorsien.


© University of Pretoria

Daarom moet julle Hom bly vertrou. Wees gedurig op die uitkyk vir die bakens van sy betrokkenheid in julle lewe, en vier as gesin die momente van sy seën in julle lewe!

Moenie ooit selfs net oorweging daaraan skenk om julle reis as saamgestelde gesin te beëindig nie! Vat God se hand en loop die pad Beloofde Land toe met entoesiasme!

**HUWELIKSBINDING**

A en B, aanvaar julle alles wat die Here vir ons in sy Woord oor die huwelik leer? Is dit julle opregte voorneme om as 'n saamgestelde gesin hiervolgens te leef? En begeer julle om nou met die seën van die Here toe te tree tot 'n huwelik?

A, verklaar jy dat sover jy weet daar geen wettige beswaar teen jou voorgenome huwelik met die bruid, B is nie? Aanvaar jy almal wat hier teenwoordig is as getuies dat jy haar tot wettige vrou neem?

Belowe dit dan hardop: "Voor God en sy gemeente / beloof ek liefde en trou / vir altyd en in alle omstandighede / aan my bruid B."

B, verklaar jy dat sover jy weet daar geen wettige beswaar teen jou voorgenome huwelik met die bruidegom, A is nie? Aanvaar jy almal wat hier teenwoordig is as getuies dat jy hom tot jou wettige man neem?

Belowe dit dan hardop: "Voor God en sy gemeente / beloof ek liefde en trou / vir altyd en in alle omstandighede / aan my bruidegom, A."

Gee mekaar die regterhand.

Hiermee verklaar ek dat A en B wettig, en met die seën van die Here, getroud is.


© University of Pretoria

| |
|---|
| Julle kan nou aan mekaar die ring(e) gee as teken van julle liefde en eenheid as man en vrou. |

## 6. SAMEVATTING

In hierdie beweging van die navorsingsproses is daar gefokus op die wyse waarop ŉ alternatiewe verstaan van 'ouerskap in saamgestelde gesinne' moontlik hoorbaar gemaak kan word in die wyer gemeenskap.

ŉ Nuwe (alternatiewe) verstaan behels ŉ nuwe luister en nuwe betrokkenheid. Dit is belangrik dat mense hulle hiertoe sal verbind, anders gaan hulle in elk geval niks anders as 'die meerderheidsverslag' hoor nie.

Daar is aandag gegee aan die stem van die ouers in dié verband: die feit dat hulle, juis as gevolg van hulle verledestories, dalk meer bewus is van klein momente van seën en dit aangryp. Ouers in saamgestelde gesinne wéét dat daar ŉ groot verantwoordelikheid op hulle rus om die verhoudings in hulle nuwe gesin te laat werk, en is gewoonlik bereid om die energie wat nodig mag wees, te investeer. Dít inaggenome sou daar geredeneer kon word dat ouers in saamgestelde gesinne meer toegerus is om uitdagings te hanteer, as baie ander gesinne; hulle is daarom geregtig op ŉ billike kans!

Die kerk het ŉ groot rol te speel in die uitwis van 'Grimm'ige stories... Daar is talle suksesverhale wat hoorbaar gemaak behoort te word. Die moontlikheid van ŉ alternatiewe huweliksformulier het ook aandag gekry.

In die volgende hoofstuk, hoofstuk 7, sal daar aandag gegee word aan ŉ refleksie op die navorsingsproses wat gevolg is en die insigte wat daaruit voortgevloei het.


© University of Pretoria

# HOOFSTUK 7

# ’N REFLEKSIE OP NAVORSINGSPROSES

> History is no longer simply about finding “facts” and putting them together into a story: it is now also about studying the complexities of storytelling and the ways in which “the past” is referred to in order to make meanings in the present.
>
> (J Wright, Thinking beyond “Modernist” History, 2000)

## 1. WAT ’N ONGELOOFLIKE ERVARING!

Hierdie was sekerlik die grootste ‘projek’ wat ek nog aangepak het. Nie in my wildste drome het ek besef dat (hierdie) navorsing sóveel toewyding sou vereis nie. Iewers in die verloop van die navorsing het ek Müller *et al.* (2001:90) se opmerking gelees: “Doing research is as uplifting, inspiring, exhausting, and hurting, as it is to do writing.”

Tegelykertyd opbouend, inspirerend, uitputtend en swaar/moeilik... ek kan hiervan getuig! Soms was ek só opgewonde oor dit wat ek in gesprekvoering met die navorsingsgenote en respondente ervaar het, dat daar geen keer was aan my entoesiasme was nie. Ander kere het ek gewonder wat my besiel het om enigsins hierdie projek aan te pak!

As navorser het dit soms vir my gevoel: “wat bereik ons? Is dit alles die moeite werd?” (Müller *et al.* 2001:89).

Aan die einde van die reis kan ek egter met oortuiging sê: ek is beslis nie spyt nie! Dit was ’n reis-ervaring met merkers wat onuitwisbaar deel geword het en deel sal bly van my lewe.

Tydens die verloop van die navorsingsproses is ek gedwing gewees om ongelooflik


© University of Pretoria

baie leeswerk te doen; dit het my beslis baie verryk. Ek het ook die voorreg gehad om ingetrek te kon word in mense se leefwêreld. Ek het gehoor hoe hulle dink en hoe hulle harte klop. Ek het iets beleef van hulle worsteling, maar ook hulle vreugdes!

Ek het baie vooropgestelde idees gehad oor saamgestelde gesinne en die ouerskap-belewenisse in sulke gesinne. Van hierdie idees is bevestig. Maar ŉ klómp ander idees is heeltemal omvergewerp. Ek het veral gegroei in ander maniere van dink en verstaan, met ŉ bewustheid van die feit dat ons ŉ verantwoordelikheid het om vir mekaar ruimte te gee. Sonder hierdie navorsingsreis sou ek definitief heelwat armer gewees het!

Uit die getuienisse van my gespreksgenote het hulle self ook gegroei, iets waaroor ek natuurlik baie dankbaar is, aangesien dit immers een van die uitkomste van kwalitatiewe deelnemende aksienavorsing behoort te wees (Strydom 2002:432). Waaroor ek veral opgewonde was, was die positiewe reaksie van die respondente en hulle gewilligheid om saam te dink en saam te groei.

## 2. ŉ POST-FUNDAMENTELE PRAKTIES-TEOLOGIESE BENADERING

Hierdie benadering, soos voorgestel deur Müller (2005:72-88) het beslis die navorsingsproses vergemaklik, deurdat dit merkers verskaf het ten opsigte van die verloop van die navorsingsproses, sonder om enige kreatiwiteit te beperk.

Die belangrikheid van voortdurende reflektering wat betref die interpretasies en die verloop van die proses, wat deur hierdie benadering beklemtoon word, het beslis ŉ groot bydrae gelewer wat betref die fokus én verstaan van die navorsing. Freedman & Combs (1996:169) beklemtoon die waarde van só ŉ kritiese refleksie, as hulle sê: “It is through the experience of reflecting on our experiences, that we make meaning of it”. Hulle (Freedman & Combs 1996:287) sê ook: “When we reflect .... on unique outcomes, on the effects of various practices, on preferred directions in life, or on any aspects of therapy/research, we are doing co-research and co-therapy”.


© University of Pretoria

Die post-fundamentele benadering beklemtoon die vereistes ten opsigte van praktiese teologie uitstekend: die feit dat dit begin by die plaaslike konteks, deel is van ʼn sosiale-konstruksie proses, met ʼn bewustheid van tradisies wat ʼn invloed mag hê op verstaan; die feit dat dit onder andere ruimte maak vir ʼn interdissiplinêre soeke na betekenis, asook alternatiewe interpretasies wat wyer as die plaaslike konteks strek.

Ek het al dikwels persoonlik ervaar dat mense (soms selfs kollegas!) die persepsie het dat praktiese teologie ʼn vakdissipline is wat nie regtig met teorie opgesaal wil wees nie en daarom eintlik niks anders behels as ʼn paar algemene opmerkings oor wat mense in die praktyk beleef nie. Uit die aard van die saak het dit ʼn invloed op die wyse waarop mense hulle steur aan die insigte wat voortvloei uit navorsing in praktiese teologie. Dié post-fundamentele benadering tot praktiese teologie beklemtoon egter dat, hoewel praktiese teologie by die praktyk begin en eindig (hoe dan anders!) daar tog kennis geneem kan (en behoort te) word van die insigte wat voortvloei uit navorsingsprosesse.

Wat my eie – en die navorsingsgenote – se ervaring van die interdissiplinêre proses betref: dit was regtig een van die moeiliker bewegings in die navorsingsproses. Müller (2005:85) se opmerking dat interdissiplinêre werk “complicated and difficult” is, het male sonder tal in my gedagtes opgekom.

Die gespreksgenote het aanvanklik die opmerkings van die respondente as soms skerp en in sommige gevalle selfs onnodig krities, beleef (daar is hierna verwys in hoofstuk 5). In opvolggesprekke het hulle egter aangedui dat dit beslis ook vir hulle ʼn leer-ervaring was en dat hulle in die proses gedwing is om ook krities na hulle eie gesinsopset te kyk.

Die feit dat ek sewe respondente genooi het om tot die gesprek toe te tree, het waarskynlik die interdissiplinêre gesprek verder bemoeilik, in dié opsig dat daar soveel meer insigte was waarvan kennis geneem moes word en wat geïntegreer moes word in ʼn soeke na alternatiewe verstaan. Terugskouend sal ek dit egter weer so doen as ek die keuse het, omdat ek van mening is dat dit wyer verstaan gekomplimenteer het.


© University of Pretoria

Al sewe respondente het ná die tyd aangedui dat die verhale waarop hulle moes reflekteer, hulle ingetrek het in die wêreld van ouerskap in saamgestelde gesinne en dat dit ook vir hulle 'n verrykende ervaring was. Hulle het ook aangedui dat hulle in die proses daarmee gekonfronteer is om self opnuut na te dink oor, en bewus te raak van, hulle eie idees en persepsies wat betref ouerskap in saamgestelde gesinne.

Die ooreenstemming wat betref die terugvoer vanuit die verskillende vakdissiplines het beklemtoon dat klassieke sprokiesverhale beslis 'n invloed het op ouerskap-belewenisse in saamgestelde gesinne en dat dekonstruksie in dié verband aandag behoort te geniet.

## 3. DIE KRAGTIGE EFFEK VAN STORIES... INSIGTE EN GEVOLGTREKKINGS WAT UIT DIE NAVORSINGSPROSES VOORTGEVLOEI HET...

Hier skryf ek met groot versigtigheid...

> I do not have clear answers to current questions. I do have questions, and, as a matter of fact, I think a man is known better by his questions than by his answers. To make known one's questions is, no doubt, to come out in the open oneself. I am not in the market for the ready-made and wholesale answers so easily volunteered by the public and I question nothing so much as the viability of public and popular answers, including some of those which claim to be most progressive.

(Merton 1995:5)

Van die navorsingsvrae wat aan die begin van die navorsing geïdentifiseer is, was:

(1) Speel klassieke sprokiesverhale moontlik 'n rol by ouers in saamgestelde gesinne se ouerskap-belewenisse?

(2) Hoe eerlik is ouers in saamgestelde gesinne oor die aanpassing en die onsekerhede wat hulle dalk mag beleef?


© University of Pretoria

(3) In watter mate gebeur dit dalk dat ouers in saamgestelde gesinne kies om nie hulle belewenisse (veral negatief) te verwoord nie, uit vrees dat so ŉ erkenning ŉ alreeds negatiewe etiket mag versterk?

(4) Is daar dalk alternatiewe ouerskap-verhale wat ŉ rol kan speel in die uitwissing van etikette en vasgeloopte verhale, as dit hoorbaar sou word?

(5) Watter rol kan en behoort die kerk te speel om die dikwels gemarginaliseerde stem van ouers in saamgestelde gesinne meer hoorbaar te maak?

Stories, daarvan het ons opnuut bewus geraak in dié navorsingsproses, hét ŉ kragtige werking.

Na aanleiding van die navorsingsproses het dit geblyk dat sprokiesverhale tóg ŉ rol speel by ouerskap-belewenisse. Ouers in saamgestelde gesinne is nietemin eerlik oor hulle belewenisse én selfs bereid om hulle ervarings te deel. Die probleem lê dalk eerder by gemeenskappe en individue wat die ouers baiekeer nie wíl glo nie.

Daar is talle voorbeelde van saamgestelde gesinne waar dit goed gaan met beide die ouers én die kinders in die gesin – hiérdie verhale behoort hoorbaar gemaak te word deur die kerk en geloofsgemeenskap. Die kerk behoort beslis ook ŉ groter rol te speel wat betref sake soos voorbidding, inligting oor die dinamika van saamgestelde gesinne en toepaslike rituele.

Ek en die navorsingsgenote het besluit om die navorsingsverhaal nie hier te laat eindig nie. By wyse van wyksbyeenkomste gaan ons moeite doen om mense in te lig oor die belewenisse van ouers in saamgestelde gesinne. Dit is noodsaaklik dat die alternatiewe verhaal vertel sal word, en ons gaan dit begin doen!

Ander sake waaraan ek beslis aandag sal wil gee, is die ontwikkeling van ŉ kursus/werkswinkel vir voornemende saamgestelde gesinne.

Dit is vir my belangrik dat dié navorsing nie op die rakke van universiteite sal eindig, as navorsing met bloot akademiese waarde nie. Ek oorweeg dit daarom om aandag te gee aan ŉ inligtingstuk of selfs boek wat vir ouers in saamgestelde gesinne van waarde mag wees wat betref ŉ alternatiewe verstaan en die vestiging van hoop.


© University of Pretoria

## 4. MOONTLIKE TEKORTKOMINGE WAT BETREF DIE NAVORSINGSPROSES

Ter wille van ŉ duidelike afbakening van die beoogde studieveld en in ŉ poging om die belewenisse van ouers binne saamgestelde gesinne so deeglik as moontlik te ondersoek, is daar doelbewus gekies om nie kinders by hierdie studie te betrek nie. ŉ Studie oor die rol wat kinders speel in die vestiging van bepaalde diskoerse, sal waarskynlik komplimentêr tot hierdie navorsing wees.

Die vertrekpunt wat betref die keuse van die gesinne wat aan die navorsingsproses deelgeneem het, was om eerder te fokus op gesinne met positiewe belewenisse, as gesinne met ŉ klomp probleme. Soos reeds genoem, was die doel hiermee om die verhale van gesinne waar dit goed gaan, hoorbaar te maak. Uit die aard van die saak gaan dit met geen gesin van die begin af nét goed nie. Alle gesinne is onderworpe aan groeiprosesse en daarom kán gesinne met wie dit op ŉ gegewe stadium goed gaan, beslis ŉ bydrae lewer tot gesprekvoering oor gesinswees in saamgewstelde gesinne. Nietemin sou gesinne met wie dit minder goed gaan, ook betrek kon word ter wille van ŉ ruimer verstaan.

Die navorsingsproses is aangepak in Afrikaans omdat dit my (en die navorsingsgenote) se moedertaal is. Dit het tot gevolg dat die navorsingsverhaal waarskynlik minder toeganklik gaan wees vir ŉ groot deel van die akademiese gemeenskap, waar Engels gewoonlik meer verkieslik is omdat dit ŉ groter reikwydte het.

## 5. ’N KOMMA, NIÉ ’N PUNT NIE...

Müller *et al.* (2001:89) haal vir Lamott (1995:62) aan:

> And then there is the ending: what is our sense of who these people are now, what are they left with, what happened, and what did it mean?”



© University of Pretoria

Ek wil die hoop uitspreek dat hierdie navorsingsproses moontlik mag bydrae tot die stories en verstaan van ouerskap-belewenisse in saamgestelde gesinne. Wat betref my eie lewensverhaal en verstaan het ek beslis gegroei. Sowel die navorsingsgenote as respondente het ook van ŉ groeiproses getuig.

Ek is egter heeltemal bewus dat die laaste woord nie gespreek is nie. Trouens, navorsing behoort juis nuwe navorsing te stimuleer. In die woorde van Müller *et al*. (2001:89-90):

> Research creates it's own story with new possibilities. Therefore, narrative research doesn't end with a conclusion, but with an open ending, which hopefully would stimulate a new story and new research.

(En dis die komma...)


© University of Pretoria

**BIBLIOGRAFIE**

Adkins, K., 2004, *I'm not your kid. A Christian's guide to a healthy stepfamily*, Baker Books, Grand Rapids, Michigan.

Anderson, H., 1997, *Conversation, language, and possibilities: a postmodern approach to therapy,* Basic Books, New York.

Anderson, W.T., 1990, *Reality isn't what it used to be: theatrical politics, ready-to-wear religion, global myths, primitive chic, and other wonders of the postmodern world,* Harper & Row, San Francisco.

Babbie, E.R. & Mouton, J., 2001, *The practice of social research*, Oxford University, Press Cape Town.

Barbour, I.G., 1990, *Religion in an age of science: the gifford lectures 1989-1991*. *Volume 1,* Harper & Row, San Francisco.

Bavinck, H., 1967, *Gereformeerde dogmatiek (Tweede deel)*, Kok, Kampen.

Beck, R. & Metrick, B., 1990. *The Art of Ritual. A Guide to Creating and Performing Your Own Rituals for Growth and Change*, Celestial Arts, Berkeley, CA.

Bell, C., 1997. *Ritual Perspectives and Dimensions,* Oxford University Press, New York.

Biziou, B., 2001, *The Joys of Everyday Ritual: Spiritual Recipes to Celebrate Milestones, Ease Transitions, and make every day Sacred*. St Martin's Griffin, New York.

Bosman, L.L., 2001, ''n Narratiewe beskouing van die pastoraal-terapeutiese self in 'n postmoderne samelewing', DD-proefskrif, Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria.



© University of Pretoria

Bosman, L. & Müller, J., 2008, 'Prediking aan die hand van die metafoor van fiksieskryf', *HTS Teologiese Studies*, 64(3), 1413-1423.

Botha, P., 2001, 'Die kwalitatiewe onderhoud as data-insamelingstegniek: sterk en swak punte', *Journal of Family Ecology and Consumer Sciences* (29), 13-19.

Botha, P., 2008, 'Bloedoffers en morele vorming: gewelddadigheid as faset van Christelike tradisies', *HTS Teologiese Studies,* 64(4), 1601-1631.

Bramlett, M.D. & Mosher, W.D., 2002, Cohabitation, Marriage, Divorce, and Remarriage in the United States. National Centre for Health Statistics. *Vital Health Stat* 23(22), 2002.

Brown, D., 2006, 'Four Gods of Christian faith', in Shults, F.L. (ed), *The evolution of rationality: interdisciplinary essays in honor of J Wentzel van Huyssteen*, pp. 294-305, Eerdmans, Grand Rapids.

Browning, D.S., 1983. Introduction, in D.S. Browning (ed.), *Practical Theology*, pp. 1-20, Harper and Row, San Francisco.

Browning, D.S., 1991, *A fundamental practical theology*. Fortress Press, Minneapolis.

Brueggemann, W., 1993, *Texts under negotiation: The Bible and postmodern imagination. Minneapolis*, Fortress, MN.

Burman, E., Kottler, A., Levett, A. & Parker, I., 1997, Power and discourse: culture and change in South Africa, in A. Levett, A. Kottler, E. Burman & I. Parker (eds.), *Culture, power and difference: Discourse analysis in South Africa*, pp. 1-14, University of Cape Town Press, Cape Town.

Büchner, E.P., 2007, '"Ek het 'n roeping": Vrouepredikante se toelating in die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 'n kerkhistoriese en prakties-teologiese studie', DD- proefskrif, Departement Teologie, Universiteit van Pretoria.


© University of Pretoria

Buitendag, J., 2002, 'Die Dans van die Christen: Die Genealogie van Tyd en Ruimte in 'n Postmoderne Samelewing', *HTS Teologiese Studies* 58(3), 940-955.

Buitendag, J., 2003, 'Die wêreld as gelykenis. 'n Trajek om die middelterm van die teologie te vind', *HTS Teologiese Studies* 59(4), 1063-1080.

Burr, V., 1995, *An introduction to social constructionism*. Routledge, London.

Cartwright, C., & Farnsworth, V. & Mobley, V., 2009, 'Relationships with step-parents in the life stories of young adults of divorce', *Family Matters* 82, 30-37.

Chase, S.E., 2003, 'Learning to listen: narrative principles in a qualitative research methods course', in R. Josselson, A. Lieblich, & D.P. McAdams (eds), *Up Close and Personal. The Teaching and Learning of Narrative Research*, pp. 79-100, American Psychological Association, Washington DC.

Cilliers, J.H.J., 2003, *'Pastoraat aan adolessente wat by okkultiese subkulture betrokke is - 'n pastoraal-terapeutiese benadering'*, PhD-proefskrif, Teologie, Universiteit van die Vrystaat.

Cilliers, J., 2009, '"Fides quaerens societatem": Praktiese teologie op soek na sosiale vergestalting', *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 49(4), 624-638.

Crosbie-Burnett, M., 1991, 'Impact of joint versus sole custody and quality of co-parental relationship on adjustment of adolescents in remarried families', *Behavioral Sciences & the Law* (9), 439–449.

Cunningham, D.S., 2003, 'The Trinity', in K.J. Vanhoozer (ed), *The Cambridge companion to postmodern theology*, pp. 186-202. Cambridge University Press, Cambridge.

Deal, R.L., 2006. *The smart stepfamily: seven steps to a healthy family*. Bloomington, Bethany House Publishers, Bloomington, Minnesota.


© University of Pretoria

Deal, R.L. & Olson, D.H., 2010, *The remarriage checkup: tools to help your marriage last a lifetime.* Bethany House Publishers, Bloomington, Minnesota.

De'Ath, E., 1996, 'Family change: stepfamilies in context', *Children & Society* (10), 80–82.

De Jongh van Arkel, J.T., 1987, 'A paradigm for pastoral diagnosing', DTh-Tesis, Universiteit van Suid-Afrika (Unisa).

De Vos, A.S. (ed.), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., 2002, *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions,* 2nd edn., Van Schaik Publishers, Pretoria.

Deist, F.E., 1987, 'Relatiwisme en absolutisme: kan dit oorkom word? Oor 'Bybelse' en 'dogmatiese' teologie', in W.S. Prinsloo & W. Vosloo (eds), *Ou Testament Teologie: gister, vandag en môre*, pp. 1-17, NG Kerkboekhandel, Pretoria.

Delport, H., 2010, 'Die liminale ruimte vir inkongruensie tussen predikant en lidmaat: 'n narratief gebaseerde prakties-teologiese ondersoek in gemeentes van die NHKA', PhD-proefskrif, Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria.

Demasure, K. & Müller, J., 2006, 'Perspectives in support of the narrative turn in pastoral care', NGTT 47(3/4), 410-419.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S., 2000, 'The discipline and practice of qualitative research', in N.K. Denzin & Y.S. Lincoln (eds.), *Handbook of Qualitative Research,* pp. 1-28, Sage Publications, London.

Die Bybel, 1983. *Nuwe Vertaling*. Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Kaapstad.

DiNicola, V.F. 1993, 'The postmodern language of therapy: At the nexus of culture and family', *Journal of Systemic Therapies* 12(1), 49-62.



© University of Pretoria

Dixon, G., 1999, 'Narrative, journaling, therapy and abuse: Co-searching women's lives', PhD Dissertation, University of Otago, New Zealand.

Dockery, D.S., 1995, 'The challenge of postmodernism', in Dockery, D.A. (ed.), *The Challenge of postmodernism: An evangelical engagement*, pp. 13-18, Bridgepoint, Louisville.

Drewery, W. & Winslade, J., 1997, 'The theoretic story of narrative therapy', in G. Monk, J. Winslade, K. Crocket, & D. Epston (eds.), *Narrative therapy in practice: An archaeology of hope,* pp. 32-52, Jossey-Bass, San Fransisco.

Dreyer, J.S., 2007, 'The national policy on religion and education in South Africa: Reflections from a public practical theology', *Practical Theology in South Africa* 22(2), 40-60.

Dunn, J., Deater-Deckard, K., Pickering, K. & O'Connor, T.G., 1998, 'Childrens adjustment and prosocial behaviour in step-, single-parent, and non-stepfamily settings: findings from a community study', *Journal of Child Psychology and Psychiatry* 39(8), 1083-1095.

Du Toit, C., 1988, 'Aspekte van die postmodernistiese idioom in die teologie', *Theologia Evangelica* 21(3), 36-50.

Edwards, R., 2002, 'Creating 'stability' for children in step-families: time and substance in parenting', *Children & Society* (16), 154–167.

Emmons, R.A., 2010, 'Why Gratitude Is Good', viewed 10 August 2014, < http://greatergood.berkeley.edu/article/item/why_gratitude_is_good# >.

Erickson, M.J., 2001, *Truth or consequence: The promise and perils of postmodernism*, InterVarsity Press, Downers Grove, IL.


© University of Pretoria

Estess, P.S., 2001, *Money Advice for Your Successful Remarriage: Handling Delicate Financial Issues Intelligently and Lovingly.* ASJA Press, Lincoln, NE 68512.

Feeney, J.A. & Planitz, J.M., 2009, 'Are stepsiblings bad, stepmothers wicked, and stepfathers evil? An assessment of Australian stepfamily stereotypes', *Journal of Family Studies* 15(1), 82-97.

Firet, J., 1982, *Het agogisch moment in het pastorale optreden*, JH Kok, Kampen.

Fontana, A. & Frey, J.H., 2000. 'The interview: from structures questions to negotiated text', in N.K. Denzin, & Y.S. Lincoln (eds.), *Handbook of Qualitative Research*, pp. 645-672, Sage Publications, Thousand Oaks, California.

Freedman, J. & Combs, G., 1996, *Narrative Therapy*, Norton, New York.

Fruggeri, L., 1992, 'Therapeutic process as the social construction of change', in S. McNamee & K.J. Gergen (eds.), *Therapy as Social Construction,* pp. 40-53, Sage, London.

Fuller-Rodgers, D.C., 2002, *Pastoral care for post-traumatic stress disorder*, The Haworth Pastoral Press, Binghamton, New York.

Ganzevoort, R.R., 2009, 'Forks in the road when tracing the sacred: practical theology as hermeneutics of lived religion', Presidential address to the ninth conference of the International Academy of Practical Theology, Chicago 2009, viewed 13 June 2014, by < http://www.ruardganzevoort.nl/pdf/2009_Presidential.pdf >.

Gergen, K.J., 1985, 'The social constructionist movement in modern psychology', *American Psychologist* 40(3), 266-275.


© University of Pretoria

Gergen, K.J., 1994, *Realities and relationships: Soundings in social construction*, Harvard University Press, London.

Gergen, K.J., 1999, *An invitation to social construction*, Sage Publications, London.

Gergen, K.J., 2009, *An invitiation to social construction*, 2nd edn., Sage Publications, London.

Gerkin, C.V., 1986. *Widening the horizons. Pastoral response to a fragmented society,* The Westminister Press, Philadelphia.

Gottlieb, M.C. & Lasser, J., 2001, 'Competing values: a respectful critique of narrative research', *Ethics en Behaviour* 11(2), 191−194.

Handleiding vir die Erediens, Nederduitse Gereformeerde Kerk, 2010, Lux Verbi BM, Wellington.

Heitink, G., 1984, *Pastoraat als hulpverlening. Inleiding in de pastorale theologie en psychologie*, Kok, Kampen.

Heitink, G., 1999, Practical *theology: History, theory, action domains*, Wm B Eerdemans Publishing Co, Cambridge.

Heyns, J.A. & Jonker, W.D., 1977, *Op weg met die teologie*, NG Kerk Boekhandel, Pretoria.

Hiltner, S., 1958, *Preface to Pastoral Theology*, Abingdon Press, New York.

Hoffman, L., 2005. 'The three major philosophical epochs', viewed 30 April 2014, by < http://www.postmodernpsychology.com/Philosophical_Systems/Overview.htm >.

Jacobson, D.S., 1979, 'Stepfamilies: myths and realities', *Social Work* 24(3), 202-207.


© University of Pretoria

Janesick, V.J., 1994, 'The dance of qualitative research design: metaphor, methodolatry, and meaning', in N.K. Denzin & Y.S. Lincoln (eds.), *Handbook of Qualitative Research*, pp. 209-219, Sage Publications, Thousand Oaks, California.

Janse van Rensburg, J., 2000, *The paradigm shift*, Van Schaik, Pretoria.

Jones, A.C., 2004, 'Transforming the Story: Narrative Applications to a Stepmother Support Group', *Families in Society: The Journal of Contemporary Social Services* 85(1), 129-138.

Jones, S.S., 1993, 'The innocent persecuted heroine genre: an analysis of its structures and themes', *Western Folklore*, Volume 52(1), 13-41.

Kelley, P., 1995, '*Developing healthy stepfamilies*', The Haworth Press, New York.

Kotzé, D.J., 1992, 'Verantwoordelikheid as antropologiese essensie', DD-proefskrif, Teologie, Universiteit van Pretoria.

Kotzé, E. & Kotzé D.J., 1997, 'Social construction as a postmodern discource: an epistemology for conversational therapeutic practice', *Acta Theologica* (1), 27-57.

Leigh, S. & Clark, J.A., 2001, 'Financial Decision Making in Stepfamilies'. GH6700, MU Extension Publication, University of Missouri-Columbia, viewed 30 April 2014, by
< http://extension.missouri.edu/explorepdf/hesguide/humanrel/gh6603.pdf >.

Lester, A.D., 1995, *Hope in Pastoral Care and Counselling*, Westminister John Knox Press, Louisville, Kentucky.

Louw, D.J., 1986, 'Geen mens mag skei nie(?) Riglyne vir die pastorale hantering van egskeiding', *Stellenbosse Teologiese Studies* (13), 1-71.



© University of Pretoria

Louw, D.J., 1997, 'Hoe teologies is die praktiese teologie en hoe prakties is die teologie? Ontwerp vir 'n prakties-teologiese hermeneutiek', *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 12(2), 43-63.

Louw, D.J., 1998, *Pastoraat as vertolking en ontmoeting*, Lux Verbi BM, Wellington.

Louw, D.J., 2002, 'What about "human soul" in *cura animarum*? The paradigmatic revolution in care, counselling and practical theology', Uitdeelstuk: Praktiese Teologie Werksgemeenskap, Universiteit van Pretoria.

Louw, D.J., 2008, *Cura vitae: Ilness and the healing of life*, Lux Verbi BM, Wellington.

Lyotard, J-F., 1997, 'The postmodern condition', in K. Jenkins (ed.), *The postmodern history reader*, pp. 36−63, Routledge, London.

Madigan, S. & Law, I., 1992, 'Discourse not language: The shift from a modernist view of language to the postmodern analysis of discourse in family therapy', *Dulwich Centre Newsletter* 1, 47-61.

McGoldrick, M. & Carter, E.A., 1988, 'Forming a remarried family', in B. Carter & M. McGoldbrick (eds.), *The changing family life cycle: a framework for family therapy*, 2nd edn., pp. 402-432, Gardner Press, New York.

McGrath, A.E., 2007, *Christian theology: an introduction*, 4th edn., Blackwell Publishers Ltd., Oxford.

Metzen, A. & Metzen, E., 2000, 'Stages in Money Management for Stepfamilies', Oregon State University, Publication FS 316, viewed 4 April 2014, by < http://www.idotaketwo.com/money.pdf >.

Miller, R., 2004, *The Millennium Matrix: Reclaiming the past, reframing the future of the church,* Jossey-Bass, San Francisco.


© University of Pretoria

Mills, S.D. & Sprenkle, D.H., 1995, 'Family therapy in the postmodern era', *Family Relations,* 44(4), 368-377.

Morgan, A., 2000, *What is narrative therapy?,* Dulwich Centre Publications, Adelaide.

Morse, J.M. & Chung, S.E., 2003, 'Toward holism: The significance of methodological pluralism', *International Journal of Qualitative Methods* 2(3), 1-12.

Muehlenhard, C.L. & Kimes, L.A., 1999, 'The social construction of violence: The case of sexual and domestic violence', *Personality and Social Psychology Review* (3), 234–245.

Müller, J., 1996, *Om tot verhaal te kom. Pastorale Gesinsterapie,* Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria.

Müller, J., 2000, *Reis-geselskap. Die kuns van verhalende pastorale gesprekvoering,* Lux Verbi BM, Wellington.

Müller, J., 2002, *Gesinne van binne. Vertel die verlede en droom oor die toekoms van jou gesin*, Barnabas, Bloemfontein.

Müller, J., 2004, 'HIV/AIDS, narrative practical theology, and postfoundationalism: The emergence of a new story', *HTS Teologiese Studies* 60 (1&2), 293-306.

Müller, J., 2005, 'A postfoundationalist, HIV-positive practical theology', *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 20(2), 72-88.

Müller, J., 2008, 'Postfoundationalism as a practical way of interdisciplinary work: narrative research on HIV and VIGS', Paper presented at the Third International Conference on Interdisciplinary Social Sciences, 22-25 July 2008, 1-18.


© University of Pretoria

Müller, J., 2011, *Om te mag twyfel. 'n Gelowige se reis*, Tafelberg, Kaapstad.

Müller, J., 2014, *Geloof anderkant Sondag. Christenskap met en sonder die kerk*, Tafelberg, Kaapstad.

Müller, J., Van Deventer, W. & Human, L., 2001, 'Fiction writing as metaphor for research: a narrative approach', *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 16(2), 76-96.

Müller, J.C. & Schoeman, K., 2004, 'Narrative research: A respectful and fragile intervention', *Sociale Interventie* 13(3), 7-13.

Müller, J.C., 2009, 'Transversal rationality as a practical way of doing interdisciplinary work, with HIV and Aids as a case study*', Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 24(2), 199-228.

Müller, J.C., 2013, 'Practical theology as part of the landscape of social sciences and humanities - A transversal perspective', *HTS Teologiese Studies* 69(2), viewed 7 Augustus 2014, by
< http://www.hts.org.za/index.php/HTS/article/viewFile/1299/3327 >.

Naudé, P., 1993, 'Bedieningspraktyk tussen modernisme en post-modernisme: perspektiewe vir 'n studentebediening', *NGTT* 34(1), 94−99.

Newman, I. & Benz, C.R., 1998, *Qualitative-Quantitative Research Methodology: Exploring the Interactive Continuum*, Southern Illinois University Press, Carbondale, IL.

Niemandt, N., 2007, *Nuwe drome vir nuwe werklikhede*, Lux Verbi BM, Wellington.

Oberholzer, G., 2010, 'Die ontwikkeling van diensbare leierskap in 'n post-moderne geloofsgemeenskap: 'n prakties-teologiese ondersoek van Suid-Afrikaanse immigrante in Brisbane, Australië', PhD-proefskrif, Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria.


© University of Pretoria

O'Donell, K., 2003, *Postmodernism*, Lion Publishing: London.

Osmer, R.R., 2006, 'Toward a transversal model of interdisciplinary thinking in practical theology', in F.L. Shults (ed.), *The evolution of rationality: Interdisciplinary essays in honor of J Wentzel van Huyssteen,* pp. 327-346, Wm B Eerdmans Publishing Co., Michigan.

Osmer, R.R., 2008, *Practical theology: An introduction*, Wm B Eerdmans Publishing Co., Michigan.

Pacey, S., 2005, 'Step change: the interplay of sexual and parenting problems when couples form stepfamilies', *Sexual & Relationship Therapy* 20(3), 359-369.

Painter, D. & Theron, W.H., 2001, 'Heading South! Importing discourse analysis', *South African Journal of Psychology,* 31(1), 1-8.

Paré, D.A., 1995, 'Of families and other cultures: the shifting paradigm of family therapy', *Family Process* (34), 1-19.

Pattison, S., 2000, 'Some Straw for the Bricks: A Basic Introduction to Theological Reflection', in J. Woodward & S. Pattison (eds.), *The Blackwell Reader in Pastoral and Practical Theology*, pp. 135-145, Blackwell Publishers, Oxford.

Pattison, S. & Woodward, J., 2000, 'An introduction to pastoral and practical theology', in J. Woodward & S. Pattison (eds.), *The Blackwell Reader in Pastoral and Practical Theology*, pp. 1-19, Blackwell Publishers, Oxford.

Peck, M.S., 1993, *Further along the road less travelled. The unending journey to spiritual growth*, Simon & Schuster, London.

Pienaar, J.P., 2009, 'Die verhouding tussen die Christologie en etiek in die brief aan die Kolossense', PhD-proefskrif, Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria.


© University of Pretoria

Pieterse, H.J.C., 1991, 'Praktiese teologie as praktiese wetenskap binne die teologiese fakulteit', *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 6(2), 249-254.

Pieterse, H.J.C., 1993, *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie*. RGN-Uitgewers, Pretoria.

Pieterse, H.J.C., 2002, 'Prediking in 'n postmoderne lewensgevoel', *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 17(1), 75-101.

Pilch, J.J., 1991, 'Sickness and healing in Luke-Acts', in J.H. Neyrey (ed.), *The social world of Luke-Acts: Models for interpretation*, pp. 181–209, Hendrickson, Peabody, MA.

Pocock, D., 1995, 'Searching for a better story: harnessing modern and postmodern positions in family therapy', *Journal of Family Therapy* (17), 149-173.

Potgieter, M.K.E., 2003, 'Die verrekening van 'n tydgees in die vertaling van die sprokies van Hermann Hesse', MA-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit.

Prinsloo, J.D., 1999, ''n Diskoers in narratiewe pastorale huweliksverryking', PhD-proefskrif, Universiteit van die Vrystaat.

Rossouw, G.J., 1993, 'Theology in a postmodern culture: ten challenges', *HTS Teologiese Studies*, 49 (4), 894-907.

Rubin, H.J. & Rubin, I.S., 2012, *Qualitative interviewing. The art of hearing data,* 3rd edn., Sage Publications, Thousand Oaks, California.

Scholtz, E., 2005, 'Sosiale konstruksionisme as 'n pastoraalterapeutiese benadering', PhD-proefskrif, Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria.

Shotter, J., 1993, *Conversational realities: constructing life through language*, Sage Publications, London.


© University of Pretoria

Smit, G., 2006, *Ek is geskei. Tel só die drade weer op*, Lux Verbi BM, Wellington.

Smith, W.J., 2003, 'Godsbeelde in die konteks van die rouproses', *HTS Teologiese Studies* 59(14), 1443-1460.

Smythe, W.E. & Murray, M.J., 2000, 'Owning the story: ethical considerations in narrative research', *Ethics and Behaviour,* 10(4), 311-336.

Smythe, W.E. & Murray, M.J., 2001, 'A Respectful Reply to Gottlieb and Lasser', *Ethics and Behaviour,* 11(2), 195-199.

Steenberg, E., 2010, 'Sprokie', viewed 11 August 2014, by < www.literaryterminology.com/index.php/25-s/236-sprokie >.

Strydom, H., 2002, 'Participatory action research', in A.S. de Vos, *Research at grass roots. For the social sciences and human service professions,* pp. 419-434, Van Schaik Publishers, Pretoria.

Swanepoel, J., 2002, 'Die sprokiesmotief in die eietydse Afrikaanse verhaalkuns en die implikasies daarvan vir die leerarea: tale', viewed 11 August 2014, by < http://www.letterkunde.up.ac.za/argief/lente2002/swanepoel.doc >.

Taljard, M., 2011, 'Sprokies', viewed 11 August 2014, by < http://versindaba.co.za/tag/einfache-formen/ >.

Van der Veer, P., 1997, 'The victim's tale: memory and forgetting in the story of violence', in H. De Vries & S. Weber (eds.), *Violence, identity, and selfdetermination*, pp. 186-200, Stanford University Press, Stanford, CA.

Van der Ven, J., 1993, *Practical theology: An empirical approach*. Kok Pharos Publishing House, Kampen.

Van der Vyver, M., 2010, *Die mooiste sprokies van Grimm. 'n Keur deur Marita van der Vyver*, Human & Rousseau, Kaapstad.


© University of Pretoria

Van der Westhuizen, Z., 2008, 'Mentorship narratives in a local congregation: a post-foundational practical theological study', PhD-proefskrif, Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria.

Van Huyssteen, J.W., 1989, *Theology and the justification of faith: constructing theories in systematic theology*, WB Eerdmans, Grand Rapids, Michigan.

Van Huyssteen, J.W., 1997, *Essays in postfoundationalist theology*, WB Eerdmans, Grand Rapids, Michigan.

Van Huyssteen, J.W., 2006, *Alone in the world? Human uniqueness in science and theology.* The Gifford lectures. WB Eerdmans, Grand Rapids, Michigan.

Van Huyssteen, J.W., 2007, 'Response to critics', *American Journal of Theology & Philosophy* 28(3), 409-432.

Van Rensburg, C., 2012, *Die prinses in elke vrou,* Hemel & See Boeke, Hermanus.

Van Wyk, A.G., 1991, ''n Verkennende gesprek rondom die begrip teologie in verskillende praktiese teologiese benaderings', *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 6(1), 76-85.

Visher, E.B. & Visher, J.S., 1988, *Old loyalties, new ties: therapeutic strategies with stepfamilies.* Brunner/Mazel Inc., New York.

Vos, C.J.A., 1995, 'Praktiese teologie as katedraal - in gesprek met Gerben Heitink', *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 10(1), 105-108.

Ward, G., 2003, 'Postmodernism', 11 paragrawe, viewed 30 April 2014, by < http://www.encyclopedia.com/doc/1G2-3404200405.html >. *Encyclopedia of Science and Religion*.

Watzlawick, P., 1984, *The invented reality,* Norton & Company, New York.


© University of Pretoria

White, M. & Epston, D., 1990. *Narrative means to therapeutic ends,* Norton & Company, New York.

White, M., 1993, 'Deconstruction in therapy', in S. Gilligan, & R. Price (eds.), *Easy therapeutic conversations,* pp. 22-61, WW Norton, New York.

Wiid, A., 2014, 'Sy klap steeds hande (vir Adri-Louise)', *LiG* September 2014, p93.

Williams, C., 2010, 'Who's Wicked Now? The Stepmother as Fairy-Tale Heroine', *Marvels & Tales* 24(2), 255-271.

Willows, D. & Swinton, J. (eds.), 2000, *Spiritual dimensions of pastoral care. Practical theology in a multidisciplinary context,* Jessica Kingsley Publishers, London.

Zipes, J.D., 2002, *The Brothers Grimm: From enchanted forests to the modern world.* Palgrave Macmillan, New York, NY.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# NAVORSINGSVOORSTEL

## ’N REFLEKSIE OP OUERSKAP IN SAAMGESTELDE GESINNE MET VERWYSING NA KLASSIEKE SPROKIESVERHALE: ’N NARRATIEF PRAKTIES-TEOLOGIESE PERSPEKTIEF

Voorstel ingedien deur : **Riaan Gerber**

Studentenommer : **25493371**

met die oog op die graad : **PhD (Praktiese Teologie)**
**Universiteit van Pretoria**

Studieleier : **Prof J.C. Müller**


© University of Pretoria

## `N KORT OMSKRYWING VAN DIE BEGRIPPE IN DIE TITEL

### OUERSKAP

Die begrip *ouerskap* word doelbewus gebruik omdat die navorser nuuskierig is oor beide die biologiese ouer sowel as die stiefouer se belewenis en ervaring in die gesin.

### SAAMGESTELDE GESINNE

Vir die doeleindes van hierdie studie is twee beskrywings van gesinne van belang:

1. *Kerngesinne*, verwys na ŉ biologiese pa, biologiese ma en een of meer kinders.
2. *Saamgestelde gesinne*, verwys na ŉ gesin wat ontstaan het as gevolg van die samevoeging van ŉ biologiese ouer en kind of kinders aan die een kant en ŉ nie-biologiese ouer aan die ander kant. Sommige literatuur verwys ook hierna as 'hersaamgestelde gesinne'.

### KLASSIEKE SPROKIESVERHALE

Kinderverhale deur die Grimm-broers wat dalk aanleiding kon gee tot ŉ bepaalde diskoers. Vir die doeleindes van hierdie studie word die moontlike diskoerse met betrekking tot stiefouerskap ondersoek, met verwysing na *Aspoestertjie*, *Hansie en Grietjie* en *Sneeuwitjie*.

### NARRATIEF PRAKTIES-TEOLOGIESE PERSPEKTIEF

Navorsing veronderstel 'n spesifieke manier van luister en doen. As navorser kies ek om op ŉ narratiewe manier te werk. Aangesien die navorsing vanuit ŉ prakties-teologiese perspektief gedoen sal word, sal daar gefokus word op praktiese teologie en sy doelwitte in 'n wetenskaplike navorsingsomgewing.



© University of Pretoria

## DIE BESTEK VAN DIE BEOOGDE NAVORSING

Die navorser is nuuskierig oor die rol wat sprokiesverhale moontlik speel by die vestiging van sekere diskoerse met betrekking tot saamgestelde gesinne, soos byvoorbeeld die diskoers dat alle stiefouers sleg is. Vir die doeleindes van die studie sal daar gewerk word met beide die stiefouer en biologiese ouer se belewenisse in dié verband. Aangesien die metodologie narratief is, sal diskoerse wat tydens die navorsing deur die navorsingsgenote uitgewys word, gedekonstrueer word in ŉ poging om alternatiewe interpretasies aan te moedig.

## DIE MOONTLIKE BEPERKINGE VAN DIE BEOOGDE NAVORSING

Ter wille van ŉ duidelike afbakening van die beoogde studieveld en in ŉ poging om die belewenisse van ouers binne saamgestelde gesinne so deeglik as moontlik te ondersoek, is daar doelbewus gekies om nie kinders by hierdie studie te betrek nie. Nietemin sou ŉ studie oor die rol wat kinders speel in die vestiging van bepaalde diskoerse komplimentêr tot hierdie studie kon wees.



© University of Pretoria

**DIE SEWE BEWEGINGS BINNE `N POST-FUNDAMENTELE TEOLOGIE**

Volgens Müller (2004:300−304) vertoon 'n post-fundamentele prakties-teologiese metodologie sewe bewegings, naamlik:

1. 'n *Beskrywing* van die spesifieke konteks/onderwerp van navorsing
2. Die wyse waarop die verhale binne die *konteks* aangehoor en beskryf gaan word
3. *Interpretasie van ervarings* word gemaak, beskryf en ontwikkel in samewerking met die navorsingsgenote
4. *Beskrywing van ervarings* met inagneming van die kontekstuele invloed van teologiese– en ander tradisies van interpretasie
5. 'n *Refleksi*e op die wyse waarop *God se teenwoordigheid* verstaan en ervaar word binne die spesifieke situasie (die geestelike en spirituele aspekte)
6. 'n Beskrywing van ervaring, verryk deur *interdissiplinêre ondersoek*
7. Die ontwikkeling van *alternatiewe interpretasies* wat verder as bloot die plaaslike gemeenskap strek

**DIE VOORSTEL WAT VOLG IS GEBASSEER OP HIERDIE SEWE BEWEGINGS**



© University of Pretoria

## 1. 'n BESKRYWING VAN DIE SPESIFIEKE KONTEKS/ONDERWERP VAN DIE BEPLANDE NAVORSING (Die Epistemologie)

### a. Beskryf die praktiese teologiese epistemologie wat daartoe aanleiding gegee het dat jy besluit het om die genoemde navorsing te doen.

> "Dominee, wees nou eerlik asseblief… is daar enigsins 'n kans dat ek iewers vorentoe gesien sal word as 'n *ma* en nié 'n *stiefma* nie? Moet ek nie maar aanvaar dat, ongeag hoe goed en gaaf ek gaan wees, ek steeds gesien sal word as die 'wrede stiefma' nie? Dit voel vir my sprokies soos *Aspoestertjie* en *Sneeuwitjie* en *Hansie en Grietjie* het hierdie idee geskep van 'n wrede stiefma en nou aanvaar alles en almal sommer dat dit altyd so is… gaan ek óóit ontslae raak van hierdie etiket?

Aan die woord was 'n ma wat my by geleentheid genader het in haar soeke na begrip wat betref haar omstandighede. Ek kan nie eens meer mooi onthou wat ek geantwoord het nie, maar die één ding wat ek dadelik besef het toe sy die vraag gevra het, is dat dit allesbehalwe 'n vraag met 'n maklike antwoord is.

Ek het hieroor begin nalees en agtergekom dat daar tot op hede baie navorsing gedoen is oor kinders se ervaring binne 'n saamgestelde gesin en die rol wat ouers behoort te vervul om so 'n saamgestelde gesin se verhaal 'n suksesverhaal te maak (Edwards 2002:154-167; Dunn, Deater-Deckard, Pickering & O'Connor 1998:1083-1095; Cartwright 2009:30-37). Oor die ouers self is daar egter nie baie navorsing gedoen nie, behalwe navorsing wat 'n paar algemene sake uitlig. Pacey (2005:366) noem byvoorbeeld dat daar hoë eise aan stiefma's gestel word – dikwels selfs hoër eise as aan stiefpa's – en dat wat sy ook al doen, die stiefma meestal 'n gehate figuur is. Sy (Pacey 2005:365) verwys ook na die feit dat stiefouers se rolle nie altyd duidelik gedefinieer is nie en dat hulle regte en verantwoordelikhede gewoonlik baie onduidelik is vergeleke dié van biologiese ouers.

Gegewe die feit dat al hoe meer huwelike plaasvind tussen mense wat reeds getroud was[10], behoort daar beslis meer aandag gegee te word aan stiefouers se belewenis

[10] Daar is nie beduidende statistiek hieroor in SA nie.
In Engeland was 40% van alle huwelike in 2001, huwelike tussen mense wat reeds getroud was (Pacey 2005:365).
In 2002 is 'n verslag opgestel wat aangedui het dat 54% van vroue in Amerika binne 5 jaar na 'n egskeiding weer trou, terwyl tot soveel as 75% binne 10 jaar na egskeiding weer trou (Bramlett & Mosher 2002:22).



© University of Pretoria

van hulle nuwe gesinstruktuur. Daar sou ook gereflekteer kon word op die vraag óf, en indien wel, op watter wyse, klassieke sprokiesverhale ŉ invloed het op ouerskap in saamgestelde gesinne.

Van die sake wat myns insiens in so ŉ studie moontlik aandag kan geniet, is onder andere:

1. Hoe eerlik is stiefouers oor die aanpassing en die onsekerhede wat hulle dalk mag beleef?
2. In watter mate gebeur dit dalk dat stiefouers kies om nie hulle belewenisse (veral negatief) te verwoord nie, uit vrees dat so ŉ erkenning ŉ alreeds negatiewe etiket mag versterk?
3. Is daar dalk alternatiewe stiefouer-verhale wat ŉ rol kan speel in die uitwissing van etikette en vasgeloopte verhale as dit hoorbaar sou word?
4. Watter rol kan en behoort die kerk te speel om die dikwels gemarginaliseerde stem van stiefouers meer hoorbaar te maak?

Die **studie sal uit die praktyk kom en weer uitloop op die praktyk**, aangesien praktiese teologie slegs moontlik is binne ŉ spesifieke konteks (Müller 2005:78). Die **konteks** waarbinne hierdie navorsing gedoen word, is die **verhale en belewenisse van stiefouers binne geloofsgemeenskappe in Suid-Afrika** met verwysing na die moontlike invloed van klassieke sprokiesverhale hierop.

Die **navorsing sal gedoen word vanuit die sosiaal-konstruksionistiese paradigma**, wat met die uitgangspunt werk dat die mens konstrukte oor sy/haar werklikheid konstrueer en dan betekenis daaraan heg (Freedman & Combs 1996:16). Dit hou ook rekening met die rol wat tradisie speel in die soeke na betekenis.

Die belangrikste oogmerk van sosiale konstruksionisme is om die mantel van wetenskaplike outoriteit as't ware af te haal en demokratiese deelname aan die interpretasieproses te verseker (Gergen 1999:52). Navorsing wat op hierdie epistemologie berus, werk gevolglik met die veronderstelling dat die waarheid van gebeure nie deur die teorie of die navorser bepaal word nie. Navorsingsgenote soek saam na betekenis en nuwe toekomste, maar behou steeds die vryheid om eie interpretasies van gebeure in hulle leefwêreld te maak. Op hierdie manier word navorsers bevry van "gewaande objektiwiteit" (Müller 2000:57). ŉ Navorser in die sosiaal-konstruksionistiese metode staan dus in verhouding met die konteks en sy deelnemende navorsers (navorsingsgenote).



© University of Pretoria

Wat my **teologiese posisionering** betref, kies ek vir ŉ **post-fundamentele teologie**. Hierdie model is die resultaat van voortgaande gesprek tussen fundamentele en anti-fundamentele prakties-teologiese benaderings tot teologie (Van Huyssteen 1997:4).

Die probleem met ŉ fundamentele prakties-teologiese benadering, is die feit dat sekere idees en aannames onkrities as ŉ gegewe aanvaar word, met as resultaat ŉ teologie wat nie verantwoordbaar is nie.

Die anti-fundamentele benadering (soms ook genoem die nie-fundamentele benadering) het toe ontstaan, met as onderskeidende kenmerk die relativering van kennis. Dít het egter weer gelei tot ŉ erg verskraalde – en verarmde teologie.

Die tekortkominge van beide bogenoemde benaderings het gelei tot die onwikkeling van die sogenaamde post-fundamentele benadering tot teologie (Van Huyssteen 1997:4). By ŉ post-fundamentele benadering word daar rekening gehou met die geïnterpreteerde ervaring, die plaaslike konteks en die invloed van tradisies. Die vernaamste kenmerk van hierdie benadering is **interdissiplinêre gespreksvoering**. Die post-fundamentele benadering gaan van die veronderstelling uit dat teologie en wetenskap in verhouding staan en dat daar, ten einde nuwe waarhede te rekonstrueer, definitiewe areas van oorvleueling gesoek behoort te word (Van Huyssteen 1997:24-25).

Aangesien daar kontekstueel omgegaan word met die fundamentele, kry ons by post-fundamentele teologie ŉ **sirkulêre beweging** vanuit die konteks na die tradisie van fondamente en terug.

ŉ **Narratiewe benadering** sal gevolg word om **verhale te hoor en aan die woord te stel**. Hierdie benadering is in ooreenstemming met ŉ postmoderne epistemologie, in dié opsig dit ruimte laat vir navorsingsgenote se perspektief op gebeure eerder as om net te fokus op ontdekking van ŉ vaste waarheid (Bosman 2001:36). ŉ Belangrike winspunt van narratiewe navorsing is natuurlik die feit dat verhale wat nie voorheen gehoor is nie, nou juis gehoor kan word (Gottlieb & Lasser 2001:191), omdat geskrewe tekste nie beskou word as die enigste bron van waarheid nie.

Morgan (2000:2) som dit mooi op, as sy sê:

> *Narrative therapy seeks to be a respectful, non-blaming approach to counseling and community work, which centers people as the experts in*



© University of Pretoria

*their own lives. It views problems as separate from people and assumes people have many skills, competencies, beliefs, values, commitments and abilities that will assist them to reduce the influence of problems in their lives.*

**b. Waarom het jy dié spesifieke onderwerp/konteks gekies en is daar enige verband tussen die onderwerp/konteks en jou eie verhaal?**

Vroeg in 1998 is ek onverwags gekonfronteer met die realiteit van egskeiding. Skielik was egskeiding nie meer net 'n vae beskrywing van "iets" wat met "iemand-daar-ver" gebeur nie, ek het dit nou ook aan my eie lyf gevoel… en ek het tot die besef gekom dat die logiese en betekenisvolle antwoorde wat mens dínk jy het wanneer jy op die kantlyn staan, nié altyd so logies en betekenisvol is wanneer mens midde-in die situasie staan nie. My huwelikstatus het verander vanaf "getroud" na "geskeide", wat natuurlik beteken het dat, sou ek weer trou, daar na dié troue verwys sou word as 'n "hertroue". Waar ek in die verlede nooit eers hieroor sou dink nie, het ek agterkom dat ek tóé skielik gedurig hieraan gedink het. Tussendeur was ek pynlik bewus van die waarde-oordele en etikette wat so maklik om mense se nekke gehang word… Opmerkings en opinies het erg gewissel, maar van die meer algemene opinie was min of meer iets soos: *"Dink jy regtig 'n tweede huwelik het 'n kans op oorlewing, terwyl eerste huwelike dit nie eens aldag maak nie?"* en *"Jong, moenie weer 'n fout maak nie! Onthou, tweede huwelike beteken in die meeste gevalle 'n pakket: 'n vrou én waarskynlik 'n klomp ongehoorsame kinders… so die kans op mislukking is gewaarborg!"* Nog 'n ontstellende opmerking wat ek moes aanhoor, was *"Dalk moet jy dit aanvaar: sommige mense is troumateriaal en ander nie…"*

Ek het gevolglik 'n punt daarvan begin maak om meer oplettend te kyk na, en selfs te praat met, die mense rondom my wat weer getroud is… en ek het agtergekom sulke huwelike kán werk! Die gevolgtrekking waartoe ek gekom het, is dat die sukses van 'n huwelik in die eerste plek afhang van huweliksmaats se toewyding aan mekaar, eerder as die huwelikstatus van die partye wat trou! Gevolglik is ek die daaropvolgende jaar weer getroud. Dit was Gretchen se eerste huwelik en ek het geen kinders uit my eerste huwelik gehad nie.

Nietemin het ek bly wonder hoekom mense dikwels so skepties is wat betref die sukses van tweede huwelike?



© University of Pretoria

Intussen het al hoe meer saamgestelde gesinne, namate hulle bewus geraak het van die feit dat ek self ook die pad van egskeiding geloop het en weer getroud is, my begin nader om saam met hulle te dink oor die uitdagings van hulle nuwe familieopset… Ek word dus voortdurend gekonfronteer met die uitdagings en waarde-oordele wat dikwels sinoniem is met hierdie soort gesinstruktuur.
In 'n poging om myself beter toe te rus en om saam met hierdie gesinne alternatiewe verhale te ontdek, het ek daarom besluit om hierdie studie aan te pak.

**c. Watter kennis het jy reeds oor die onderwerp/konteks?**

Ek het die afgelope tyd heelwat bronne geraadpleeg oor saamgestelde gesinne en in my bediening werk ek dikwels met saamgestelde gesinne. Ek is daarom bewus van ouers se ervarings in saamgestelde gesinne, asook hulle behoefte om gehoor te word in 'n omgewing waar kerngesinne se verhale steeds dominant is.

**d. Hoe beplan jy om die onderwerp/konteks beter te verstaan?**

Daar word beplan om die konteks beter te verstaan by wyse van…

- **Kritiese dialoog**
  Pattison (2000:135-141) beklemtoon dat kritiese dialoog van groot waarde is ten einde die verhouding tussen die konteks en die navorser beter te verstaan. Dit behels dat daar rekening gehou moet word met onder andere [1]die navorser se eie idees, geloofsoortuiginge, gevoelens, persepsies en voorveronderstellings met betrekking tot die studie, [2]die spesifieke Christelike tradisie van waaruit die navorser kom, aangesien dít 'n invloed het op sy/haar idees, oortuigings en veronderstellings en [3]die invloed van die hedendaagse wêreld (ander vakdissiplines, 'n interdissiplinêre gesprek).
- **Navorsingsgenote** wat deurlopend betrek word by die navorsingsproses, sodat hulle nie bloot subjekte van die studie sal wees nie (Rubin & Rubin 1995:10)
- Tersaaklike **bronne by die biblioteek en op die internet**, sal ook geraadpleeg word
- Die **insette van my medestudente** sal ook oorweeg word.

**e. 'n Lys van die beskikbare bronne oor die onderwerp/konteks.**



© University of Pretoria

Bramlett, MD & Mosher, WD 2002. Cohabitation, Marriage, Divorce, and Remarriage in the United States. National Centre for Health Statistics. *Vital Health Stat* 23(22), 2002.

Cartwright, C; Farnsworth, V and Mobley, V 2009. Relationships with step-parents in the life stories of young adults of divorce. *Family Matters* 82: pp 30-37.

Crosbie-Burnett, M 1991. Impact of joint versus sole custody and quality of co-parental relationship on adjustment of adolescents in remarried families. *Behavioral Sciences & the Law*, 9: pp 439–449.

De'Ath, E 1996. Family Change: Stepfamilies in Context. *Children & Society*, 10: pp 80–82.

Dunn, J; Deater-Deckard, K; Pickering, K & O'Connor, T G 1998. Childrens Adjustment and Prosocial Behaviour in Step-, Single-parent, and Non-stepfamily Settings: Findings from a Community Study. *Journal of Child Psychology and Psychiatry*, 39(8), 1083-1095.

Edwards, R 2002. Creating 'Stability' for Children in Step-families: Time and Substance in Parenting. *Children & Society*, 16: pp 154–167.

Feeney, JA and Planitz, JM 2009. Are Stepsiblings Bad, Stepmothers Wicked, and Stepfathers Evil? An Assessment of Australian Stepfamily Stereotypes. *Journal of Family Studies*, Vol. 15(1), pp 82-97.

Jacobson, D S 1979. Stepfamilies: Myths and Realities. *Social Work* v24 n3, pp 202-207.

Pacey, S 2005. Step change: the interplay of sexual and parenting problems when couples form stepfamilies. *Sexual & Relationship Therapy*, 20(3), pp 359-369.

Williams, C 2010. Who's Wicked Now? The Stepmother as Fairy-Tale Heroine. *Marvels & Tales*, Vol 24(2), pp 255-271.



© University of Pretoria

## 2. DIE WYSE WAAROP DIE VERHALE BINNE DIE KONTEKS AANGEHOOR EN BESKRYF GAAN WORD (Die Navorsingsmetodologie)

**a. Wie gaan die persone (navorsingsgenote) wees wat jy gaan betrek? Hoe gaan jy hulle kies en volgens watter kriteria gaan jy die keuses maak en voorbeelde gebruik?**

Navorsingsgenote sal geselekteer word uit my onmiddellike omgewing. Dit is vir my belangrik dat die navorsingsgenote sal baat by die navorsing en nie bloot misbruik sal word ter wille van die insameling van inligting nie. Ek sal dus gebruik maak van navorsingsgenote wat my die afgelope tyd (ongeveer 2 jaar) genader het oor die uitdagings binne saamgestelde gesinne.

Aangesien daar op ʼn narratiewe wyse gewerk gaan word, sal die verhale van vier egpare in saamgestelde gesinne aan die orde gestel word. Die fokus van die studie is die stiefouer se belewenis binne die saamgestelde gesin, maar daar sal ook aandag gegee word aan die biologiese ouer se belewenis, aangesien ek dink dit mag dalk ʼn belangrike bydrae lewer tot die verruiming van die verhaal.

**b. Hoe gaan jy te werk gaan om te verhoed dat jy mense nie blootstel nie en om te verseker dat jou navorsing gebaseer is op goeie etiese beginsels?**

Smythe & Murray (2001:196-197) stel voor dat die navorser voortdurend bewus moet wees van grade van insluiting en die bereidheid of gereedheid van navorsingsgenote om dele van hulle lewensverhaal te vertel of nie te vertel nie.

Die volgende riglyne behoort volgens Smythe & Murray (2000:313-318) en Gottlieb en Lasser (2001:191-194) te geld:

- **Verduideliking** van die navorsingsproses (die rede, die werkswyse)
- Verkryging van **toestemming** tot vrywillige deelname
- **Anonimiteit**. Die identiteit van navorsingsgenote sal beskerm word. Skuilname sal gebruik word indien dit verkies word.
- **Deurlopende eerlikheid** wat betref prosesse en motiewe. Die navorsingsgenote sal nie mislei word oor die doel en uitkoms van die navorsing nie.
- **Deurlopende terugvoer**. Dit sal gedoen word by wyse van "feedback loops" (Müller, Van Deventer, Human 2001:80; Müller 2008:1-18, Muller 2009:223-225).



© University of Pretoria

- Navorsingsgenote sal op **geen manier benadeel** word nie.
- **Vertroulikheid**. Alle inligting sal vertroulik gehanteer word.
- **Beskikbaarheid van berading**. Hoewel hierdie navorsing nie ŉ terapeutiese fokus het nie, sal berading beskikbaar wees vir navorsingsgenote wat tydens, of na afloop van die proses, ŉ behoefte daaraan mag hê.

Die Universiteit van Pretoria se amptelike Etiese Vorm sal ook ingevul word om te verseker dat vertrouensverhouding tussen die navorser en navorsingsgenote op ŉ professionele manier bekragtig is, alvorens daar met die studie begin word.

**c. Wie en watter instansies moet toestemming gee dat die genoemde navorsing mag plaasvind?**

Die [1]navorsingsgenote sal versoek word om skriftelike toestemming te verleen tot die beoogde navorsing en ŉ navorsingsvoorstel sal by die [2]Universiteit van Pretoria se navorsingskomitee ingedien word waarin die aard en omvang van die beoogde navorsing uiteengesit sal word. Aangesien die studie gemeentelede betrek, sal ook die [3]kerkraad van die NG Kerk Vrede se toestemming daartoe verkry word.

**d. Maak ŉ lys van ŉ paar navorsings-instansies (webblad gebaseer) waar jy hulp/leiding kan kry wat betref die korrekte etiese beginsels met betrekking tot navorsing.**

http://www.socialresearchmethods.net/kb/index.php
http://www.niehs.nih.gov/research/resources/bioethics/whatis.cfm
http://www.the-sra.org.uk/documents/pdfs/ethics03.pdf
http://www.apa.org/ethics/code/index.aspx

**e. Watter navorsingsmetode gaan jy gebruik in aansluiting by die epistemologie wat jy gekies het, en hoekom?**

Binne die raamwerk van die narratiewe benadering sal kwalitatiewe navorsing gedoen word.

Volgens Denzin en Lincoln (2000:8) behels kwalitatiewe navorsing:

> *… an emphasis… on processes and meaning that are not experimentally examined or measured (if measured at all) in terms of quantity, amount,*



© University of Pretoria

*intensity, or frequency"… researchers explicitly explore the quality of experience – an overtly interpretive and subjective process but a necessary one in order to study the aspects of human life that give it meaning. Researchers are conscious of the socially constructed nature of human reality, and studies are understood to be value laden.*

Kwalitatiewe navorsing se vertrekpunt is nie 'n teorie en die bewys daarvan nie; die vertrekpunt is die konteks en ervaring daarvan (De Vos *et al.* 2002:274). So verstaan bied kwalitatiewe navorsing dus aan die navorser die geleentheid om uit te vind hoe ander oor hulle wêreld dink en voel, al was hy/sy nie persoonlik betrokke by die gebeure nie (Rubin en Rubin, 1995:1).

De Vos *et al.* (2002:292) verwys in dié verband na Kvale (1996:5) wat kwalitatiewe onderhoude definieer as "… attempts to understand the world from the participant's point of view, to unfold the meaning of peoples experience to uncover their lived world prior to scientific explanations", terwyl Denzin en Lincoln (2002:645) na kwalitatiewe onderhoude verwys as "one of the most common and powerful ways in which we try to understand our fellow human beings".

Babbie (2001:275) skryf: "… it's not just a data collecting activity. Frequently, perhaps typically, it's a theory-generating activity as well".

Hierdie navorsingsmetodologie is by uitstek geskik om die betekenis en belang wat mense aan ervarings in hulle leefwêreld heg, te ondersoek (Botha 2001:13), aangesien die klem op *verstaan* val, eerder as op *verduidelikings* in terme van oorsaak en gevolg. Dit pas dus goed in by 'n sosiaal-konstruksionistiese epistemologie, aangesien daar rekening gehou word met die natuurlike omstandighede van individue en die wyse waarop betekenis toegeken word in spesifieke sosiale situasies, sonder dat dit normatief word.

**f. Op watter manier gaan jy jou navorsing aanpak, en hoekom dink jy dis in lyn met die epistemologie wat jy gekies het?**

Ter wille van die wydste moontlike verstaan sal daar narratief te werk gegaan word. Sodoende word daar weggebreek van 'n outoritatiewe, van bo-na-onder vorm van gespreksvoering. Die navorser is nie in die eerste plek die meer- en beterweter nie, maar 'n eerbiedige luisteraar (Müller 2000:16&17). Dit verhaal *self* moet die



© University of Pretoria

veranderingsagent wees en nie bloot ’n manier om persone aan die praat te kry nie (Müller 1996:102,104).

Chase (2003:79) stel in-diepte onderhoudvoering as metode voor om na die verhale van mense te luister. Inaggenome die kwalitatiewe aard van die navorsing sal gefokus word op dialoog in die vorm van oop gesprekke. Ten einde dialoog te stimuleer, sal daar tydens aanvangsgesprekke gebruik gemaak word van ’n informele vraelys (sien aangehegde vraelys, Bylaag A). Vrae sal doelbewus so geformuleer word, dat dit oop eindes sal hê (Chase 2003:83-84).

Hierna sal ’n tweede groep vrae (gegrond op die terugvoer wat verkry is vanuit die eerste groep vrae), aan die navorsingsgenote gestel word in ’n poging om die navorsingsgenote te help om insig te kry in hulle eie aandeel met betrekking tot hulle lewensverhaal. White & Epston (1990:42) verwys hierna as “relative influence questioning”. Die doel hiermee is om die navorsingsgenoot toe te laat om sy/haar lewensverhaal onbelemmerd, maar binne die parameters van hierdie studie, te vertel.

**g. Op watter manier gaan jy inligting bymekaar maak (bandopnames, transkripsies, verbatim, ens) wat jou gaan help om die verhale wat jy gehoor het, te beskryf? Hoekom maak jy hierdie keuse?**

Gesprekke sal – met navorsingsgenote se toestemming – op CD opgeneem word. Sodoende kan daar op enige tydstip tydens die navorsingsproses daarna terugverwys word en kan die betekeniswaarde van interpretasies getoets word.

## 3. INTERPRETASIE VAN ERVARINGS WORD GEMAAK, BESKRYF EN ONTWIKKEL IN SAMEWERKING MET DIE NAVORSINGSGENOTE

**a. Hoe beplan jy om jou eie waarnemings en afleidings te balanseer met die interpretasies van jou navorsingsgenote wat betref hulle verhale?**

Die betekenis/interpretasies waartoe die navorsingsgenote gekom het, is by hierdie beweging baie belangriker as die insameling en beskrywing van inligting. Die navorser moet homself dus verbind tot die navorsingsgenote se unieke verhale, hulle idees en hulle interpretasies. Dit beteken dat die navorser moeite sal doen om die navorsingsgenote se verhale in hulle eie taalwerklikheid en terme aan te hoor om te



© University of Pretoria

verseker dat navorsingsgenote se eie verhale ontvou. In ŉ poging om aan navorsingsgenote soveel as moontlik geleentheid te bied om self betekenis te heg aan hulle vertellings, sal daar gebruik gemaak word van ongestruktureerde gesprekke (Rubin & Rubin 1995:5) of laag gestruktureerde gesprekke (Bosman 2001:86).

Herhalende terugvoergeleenthede ("feedback loops") sal deurentyd geskep word waartydens alle interpretasies, herinterpretasies of nuwe insigte aan navorsingsgenote gekommunikeer sal word, ten einde seker te maak dat dit ŉ ware weergawe van die verhaal is en dat die betekeniswaarde wat daaraan toegeken is, korrek verreken is (Müller 2008:1-18, Muller 2009:223-225).

**b. Watter metodes gaan jy gebruik om navorsingsgenote se eie interpretasies van hulle ervarings aan te moedig en te beskryf?**

Effektiewe onderhoude wat aktiewe luister insluit is nodig. Die navorser moet goeie vrae vra wat enersyds die narratiewe aard van onderhoud in gedagte hou en andersyds die gespreksgenoot toelaat om sy/haar volle verhaal te vertel. ŉ Beweging van ŉ "luister na ervarings" tot by ŉ "beskrywing van ervarings" sal aangemoedig word deur gebruik te maak van "oop gesprekke".

Voorts sal daar aandag gegee word aan die identifisering en interpretasie van herhalende temas (Rubin & Rubin 1995:229-230).

**c. Hoe beplan jy om voortdurende terugvoer te verseker in ŉ poging om jou en jou navorsingsgenote se verstaan en interpretasies te verryk?**

Voortdurende terugvoer sal gegee word by wyse van dialoog. Die navorser sal deurentyd die inhoud en interpretasiemoontlikhede van gesprekke met die navorsingsgenote kontroleer aangesien dit dalk mag lei tot nuwe kennis, insig en betekenis tot die bestaande verhale.

Childs (1998:197) beklemtoon dat dit hier oor meer behoort te gaan as bloot ŉ paar tegnieke: *"This kind of learning is not just cognitive or reflective. It is also intuitive, emotive and even bodily…"*



© University of Pretoria

## 4. BESKRYWING VAN ERVARINGS MET INAGNEMING VAN DIE KONTEKSTUELE INVLOED VAN TEOLOGIESE– EN ANDER TRADISIES VAN INTERPRETASIE

**a. Op watter manier en op grond waarvan gaan jy besluit watter "tradisies van interpretasie" verder bestudeer behoort te word?**

Wanneer dit kom by die wyse waarop ander tradisies van verstaan oorweeg behoort te word, beklemtoon West (1995:152) 'n benadering van "praat met", eerder as "praat vir" of "luister na". In hierdie studie sal daar dus 'n "praat met" benadering gevolg word ten opsigte van die verskillende teologiese-, kulturele- en sosiale tradisies wat moontlik 'n invloed gehad het, of steeds het, op navorsingsgenote se belewenis van stiefouerskap.

Die temas wat tydens die gesprekke met die navorsingsgenote na vore gekom het, sal gedekonstrueer word om sodoende vas te stel watter invloed dit moontlik kon hê op die navorsingsgenote se ervarings. Moontlike temas uit die Bybel (byvoorbeeld die kwessie van hertrou) sal ook op aangeraak word. Drewery & Winslade (1997:43) beklemtoon voorts dat die navorser ook daarop ingestel moet wees om te luister na die sogenaamde "onvertelde verhale" omdat sulke verhale ook moontlik kon lei tot bepaalde diskoerse.

Die navorser sowel as die navorsingsgenote is verbonde aan die NG Kerk Vrede met 'n aanspraak op 'gereformeerde teologie', maar daar sal nietemin moeite gedoen word om vas te stel watter invloed nie-gereformeerde kerke en ander geloofsgemeenskappe het op 'n bepaalde tradisie van verstaan.

**b. Met inagneming van die faktore wat kan bydra tot die ontwikkeling van jou navorsingsgenote se verhaal, hoe gaan jy die wetenskaplike (akademiese) gemeenskap toelaat om jou te beïnvloed in jou keuse van literatuur om te bestudeer?**

Een van die onderskeidende kenmerke van post-fundamentele teologie is júís die feit dat dit nie in isolasie beoefen word nie. Daar sal dus deeglik kennis geneem word van die ervaringskennis van die navorsingsgenote. Terselfdertyd sal daar moeite gedoen word om te luister na ander vakkundiges, asook tersaaklike literatuur in die breër



© University of Pretoria

akademiese gemeenskap. Hierby ingesluit is ook die insigte en aanbevelings van die PhD groep waarin ek my bevind.

Die navorser sal hom ook tot die internet wend in sy soeke na verdere literatuur/bronne insake temas wat na vore gekom het uit die gesprekke met die navorsingsgenote. Die invloed van kuns, byvoorbeeld lelike prente van stiefma's in storieboeke, asook moontlike kultuurgebruike wat dalk aanleiding kon gee lei tot die vestiging van bepaalde diskoerse lewer, sal ook ondersoek word (Müller 2005:84).

**c. Watter metodes gaan jy gebruik om te probeer bepaal hoe in-konteks ervarings deur tradisie beïnvloed word, en hoe beplan jy om dit krities te evalueer en te dekonstrueer?**

Volgens Morgan (2000:9) word persone se in-konteks ervarings onder andere beïnvloed deur die algemeen-aanvaarde stories van die kultuur waarbinne hulle hulle bevind. Voorbeelde van sulke diskoerse wat ek in my werk as leraar al aangehoor het, is:

- *"alle stiefouers is sleg…"* ('n diskoers wat waarskynlik versterk word deur klassieke sprokiesverhale soos *Aspoestertjie*, *Hansie & Grietjie* en *Sneeuwitjie*),
- *"saamgestelde gesinne het nou maar net eenmaal meer probleme as kerngesinne"*,
- *"Die kanse vir tweede huwelike om in die egskeidingshof te beland, is nog groter as by eerste huwelike…"*

Dit is egter baie belangrik om te onthou dat dit nie in die eerste plek daaroor moet gaan om dié *waarheid* te ontdek nie. Dit gaan eerder oor die mens wat voor my sit se waarheid. Sy/haar storie op sigself is nie is nie van belang nie, maar eerder die ervaring en vertel van die storie… (Müller 2000:11)

Om vas te stel hoe hierdie in-konteks ervarings moontlik deur tradisie beïnvloed is, sal die unieke verhale van navorsingsgenote, die spesifieke konteks en tersaaklike literatuur oor die moontlike tradisie, aangehoor word. Vrae hieroor sal gevra word vanuit 'n "nie-wetende posisie" (Müller 2000:17). Tersaaklike teologiese tradisies (byvoorbeeld wat die Bybel sê en verskillende kerke se standpunte hieroor) sal ook gedekonstrueer word. Hierdie tradisies sal ook in verband gebring word met die gemeenskap waarin die navorsingsgenote hulle bevind, byvoorbeeld 'n plattelandse Afrikaanse gemeenskap.



© University of Pretoria

## 5. REFLEKSIE OP DIE WYSE WAAROP GOD SE TEENWOORDIGHEID VERSTAAN EN ERVAAR WORD BINNE DIE SPESIFIEKE SITUASIE (DIE GEESTELIKE EN SPIRITUELE ASPEKTE)

**a. Hoe beplan jy as navorser om "God se stem" hoorbaar te laat word tydens jou kontak met jou navorsingsgenote, sonder om jou eie verstaan van God en jou religieuse voorkeure op hulle af te dwing?**

Volgens Van der Watt (2000:19) het waardesisteme 'n bepalende invloed op mense se lewens; waardesisteme gee sin in mense se lewens en mense tree vanuit 'n waardesisteem op. In die lig hiervan sal daar geleenthede geskep word om na navorsingsgenote se geloofswaardes te luister.

Van Huyssteen (1997:4) beklemtoon dat 'n post-fundamentele teologie die tradisies behoort te verreken wat 'n invloed uitoefen op die epistemiese en nie-epistemiese waardes wat lei tot 'n refleksie oor God en Sy teenwoordigheid.

Die navorser sal daarom noukeurig luister vir leidrade in navorsingsgenote se verhale wat moontlike aanduidings mag wees van hulle verstaan wat betref die rol wat God in hulle lewensverhale gespeel het en steeds speel. Volgens Müller (2004:303) moet daar deurgaans gepoog word om hierdie ervarings van God se teenwoordigheid eerlik te begryp deur navorsingsgenote se taalgebruik daaroor te dekonstrueer. Opvolggesprekke sal geloods word om aan die navorser die geleentheid te gee om sy interpretasies te reflekteer en indien nodig, sal hierdie interpretasies aangepas word in 'n poging om te verseker dat die interpretasies die navorsingsgenote se ervaring verwoord en nie dié van die navorser nie.

**b. Is jy bewus daarvan dat jou eie persoonlike voorkeure/idees maklik op die voorgrond kan funksioneer en hoe beplan jy om dit te verhoed en om navorsingsgenote se verhale voorop te stel?**

Omdat elke mens in 'n verhaal leef waarbinne hy/sy sin en betekenis ten opsigte van die lewe konstrueer (Gerkin 1986:52), kan dit maklik gebeur dat navorser se eie idees/voorkeure op die voorgrond kan funksioneer. Daarom is dit van kritiese belang dat die gespreksgenote toegelaat sal word om hulle eie taal te gebruik en ervaringe te beskryf soos wat hulle dit beleef. Die navorser sal doelbewus nie teologiese terme in die dialoog indra nie, maar eerlike vrae gebruik om 'n oop gesprek te stimuleer.



© University of Pretoria

## 6. 'N BESKRYWING VAN ERVARING, VERRYK DEUR 'N INTERDISSIPLINÊRE ONDERSOEK...

**a. Wat verstaan jy onder die begrip "transversale rasionaliteit", en hoe sou jy dit kon gebruik as basis vir interdissiplinêre gespreksvoering?**

Transversale rasionaliteit verwys na die interdissiplinêre gesprek wat ontstaan wanneer respondente uit ander vakgebiede genooi word om óók betrokke te wees by interpretasie van verhale (Van Huyssteen 2006:9), in plaas daarvan om bloot die navorser en navorsingsgenote se verhale aan te teken en te interpreteer. Dit hou die voordeel in dat daar nie teologies-eensydig gehandel word tydens die interpretasie van die verhale nie.

Volgens Müller (2009:222-225) is 'n tweede en derde reflektiewe beweging nodig ten einde getrou te bly aan 'n post-fundamentele studie. In kort kom dit daarop neer dat die navorsingsproses nie moet stop by die interpretasie van ander vakkundiges nie, maar dat navorsingsgenote – nadat die vakkundiges hul bydraes gelewer het – die geleentheid sal hê om op grond hiervan herinterpretasies te maak.

Transversale rasionaliteit kan dus beskryf word as 'n gedeelde rasionaliteit (of die oorvleuelings/snypunte) tussen verskillende dissiplines en hul vakkundige interpretasies van die verhale.

**b. Op watter basis gaan jy besluit watter nie-teologiese dissiplines jy gaan betrek en wie (vakkundiges) jy gaan insluit by die proses?**

Interdissiplinêre gesprekke maak die moontlikheid vir 'n eerlike gesprek moontlik (Van Huyssteen 2006:28) en die verskillende teoretiese insigte wat hieruit verkry kan word, dra by tot die rykdom van enige studie (Morse & Chung 2003:9−10).

Tydens die gesprekke met navorsingsgenote sal daar noukeurig gelet word op die temas/diskoerse wat geopper word en hierdie temas/diskoerse sal dan eerlik ondersoek word ten einde vas te stel of dit in die studie verreken behoort word.

In die uitoefening van 'n keuse oor watter dissiplines en vakkundiges geraadpleeg gaan word, sal daar ook gelet word op die paradigmas van die moontlike



© University of Pretoria

vakdissiplines wat geïdentifiseer is, asook die wyse waarop die tersaaklike literatuur versamel en geïnterpreteer is.

**c. Die aard van my ooreenkoms met ander vakkundiges (tyd, verwagtinge, vergoeding) met betrekking tot hulle deelname…**

Die interdissiplinêre aard van die studie asook die insigte wat daaruit mag voorkom, behoort tot gevolg te hê dat deelname aan die studie waarskynlik vir die ander vakkundiges ŉ insiggewende en leersame ervaring sal wees.

Wanneer die vakkundiges egter genader word met ŉ versoek om betrokkenheid, sal daar ooreengekom word wat betref verwagtinge, tyd, vergoeding, ensovoorts.

## 7. DIE ONTWIKKELING VAN ALTERNATIEWE INTERPRETASIES WAT VERDER AS BLOOT DIE PLAASLIKE GEMEENSKAP STREK

**a. Hoe beplan jy om uit te kom by die alternatiewe interpretasies wat verder strek as bloot die plaaslike konteks van jou navorsing, sonder om in die strik van "veralgemening" te val?**

Bosman (2001:49) beklemtoon dat storie-ontwikkeling of die alternatiewe verstaan van verhale, deel is van die narratiewe navorsingsproses. Daarom sal die navorsingsgenote en vakkundiges by wyse van die fasilitering van ŉ oop gesprek (dialoog) aangemoedig word om te soek na en bewus te raak van alternatiewe maniere van verstaan. Hierdie proses moet nie verwar word met veralgemening nie; dit gaan hier in die besonder oor ŉ holistiese benadering binne die sosiaal-konstruksionistiese proses waar al die verskillende rolspelers aangemoedig word om betrokke te wees by die vorming van nuwe verhale en nuwe maniere van verstaan.

Müller (2004:304) beveel die volgende metodes aan:

1. Werkswinkels, seminare en dinkskrums met die tersaaklike persone/partye.
2. ŉ Bewusmaking ("concentrical dissemination") van die verskillende gemeenskappe, van die behoefte aan moontlike alternatiewe verhale (byvoorbeeld die vakkundige gemeenskappe, geloofsgemeenskappe, instellings wat ŉ rol speel by die vestiging van sekere idees).



© University of Pretoria

**b. Beplan jy om jou navorsingsgenote op hierdie punt van jou navorsing te betrek? Hoe?**

Die navorsingsgenote in ’n narratiewe aanpak is nie navorsings*objekte* nie, maar juis navorsings*genote* (Müller & Schoeman 2004:8, eie kursivering). Daarom sal navorsingsgenote deurgaans genooi word om eie interpretasies te maak en deel te neem aan die storie-ontwikkeling.

Dit sal gedoen word by wyse van deelnemende aksienavorsing, aangesien hierdie werkswyse al die verskillende rolspelers betrokke maak.

Strydom (2002:422) beskryf die waarde van deelnemende aksienavorsing soos volg:

> *“Participatory action research endeavours to empower deprived and disenfranchised people with research capabilities so that they can identify and transform their situation for themselves…”*
>
> *“Participatory action research focuses on working with and for people, rather than focusing on people as such. The relationship of inequality (dominant researcher and sub-ordinate research subject) – the role of active researcher and passive research subject is changing to an equalising relaltionship, increased inclusion, and active involvement”*

**c. Hoe gaan jy jou nuwe verstaan hoorbaar maak? (verhandeling, tesis, werkstuk, artikel?)**

Die navorsing sal primêr opgeneem word in ’n proefskrif. Op ’n sekondêre vlak sou die resultate ook hoorbaar gemaak kon word by wyse van artikels, radio-gesprekke en werkswinkels waar daar ook al so behoefte mag wees, asook kursusse in my plaaslike– en ander gemeentes.

**d. ’n Kort uiteensetting/raamwerk van beplande navorsing…**

**Hoofstuk 1**

- Wetenskaplike posisionering en navorsingsmetodologie
- Problematiek wat deur die studie aangespreek word
- Oogmerk van studie



© University of Pretoria

**Hoofstuk 2**

- ʼn Narratiewe beskrywing van tersaaklike verhale
- ʼn Post-fundamentele prakties-teologiese perspektief op die verhale
- Die "Luister-na-ervaringe" gaan oor in ʼn "beskrywing-van-ervaringe"

**Hoofstuk 3**

- Die inskakeling van respondente ter wille van ʼn interdissiplinêre gesprek
- Die storie-ontwikkeling en insette van respondente
- Identifisering van tersaaklike interdissiplinêre temas van studie

**Hoofstuk 4**

- Die narratief van saamgestelde gesinne

**Hoofstuk 5**

- Die belewenis van God se teenwoordigheid in saamgestelde gesinne

**Hoofstuk 6**

- Die ontwikkeling van alternatiewe interpretasies en gevolgtrekkings wat verder strek as die plaaslike gemeenskap

**Hoofstuk 7**

➢ ʼn Refleksie op navorsingsproses

**Bibliografie**



© University of Pretoria

**BIBLIOGRAFIE (Navorsinsgvoorstel)**

Bosman, L.L., 2001, ‘'n Narratiewe beskouing van die pastoraal-terapeutiese self in 'n postmoderne samelewing’, DD-proefskrif, Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria.

Botha, P., 2001, ‘Die kwalitatiewe onderhoud as data-insamelingstegniek: sterk en swak punte’, *Journal of Family Ecology and Consumer Sciences*, Volume 29, pp13-19.

Chase, S.E., 2003, ‘Learning to listen: narrative principles in a qualitative research methods course’, in R. Josselson, A. Lieblich, & D.P. McAdams (eds), *Up Close and Personal. The Teaching and Learning of Narrative Research*, pp79–100, American Psychological Association, Washington DC.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S., 2000, ‘The discipline and practice of qualitative research’, in N.K. Denzin & Y.S. Lincoln (eds.), *Handbook of Qualitative Research,* pp.1-28, Sage Publications, London.

Drewery, W. & Winslade, J., 1997, ‘The theoretic story of narrative therapy’, in G. Monk, J. Winslade, K. Crocket, & D. Epston (eds.), *Narrative therapy in practice: An archaeology of hope,* pp32-52, Jossey-Bass, San Fransisco.

Freedman, J. & Combs, G., 1996, *Narrative Therapy*, Norton, New York.

Gottlieb, M.C. & Lasser, J., 2001, ‘Competing values: a respectful critique of narrative research’, *Ethics en Behaviour* 11(2), 191−194.

Janesick, V.J., 1994, ‘The dance of qualitative research design: metaphor, methodolatry, and meaning’, in N.K. Denzin & Y.S. Lincoln (eds.), *Handbook of Qualitative Research*, pp209-219, Sage Publications, Thousand Oaks, California.



© University of Pretoria

Morgan, A., 2000, *What is narrative therapy?* Dulwich Centre Publications, Adelaide.

Morse, J.M. & Chung, S.E., 2003, 'Toward holism: The significance of methodological pluralism', *International Journal of Qualitative Methods* 2(3), 1-12.

Müller, J., 2000, *Reis-geselskap. Die kuns van verhalende pastorale gesprekvoering,* Lux Verbi BM, Wellington.

Müller, J., Van Deventer, W. & Human, L., 2001, 'Fiction writing as metaphor for research: a narrative approach', *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 16(2), 76-96.

Müller, J., 2004, 'HIV/AIDS, narrative practical theology, and postfoundationalism: The emergence of a new story', *HTS Teologiese Studies* 60 (1&2), 293-306.

Müller, J., 2005, 'A postfoundationalist, HIV-positive practical theology', *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 20(2), 72-88.

Müller, J., 2008, 'Postfoundationalism as a practical way of interdisciplinary work: narrative research on HIV and VIGS', Paper presented at the Third International Conference on Interdisciplinary Social Sciences, 22-25 July 2008, 1-18.

Müller, J.C., 2009, 'Transversal rationality as a practical way of doing interdisciplinary work, with HIV and Aids as a case study*', Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 24(2), 199-228.

Oberholzer, G., 2010, 'Die ontwikkeling van diensbare leierskap in 'n post-moderne geloofsgemeenskap: 'n prakties-teologiese ondersoek van Suid-Afrikaanse immigrante in Brisbane, Australië', PhD-proefskrif, Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria.



© University of Pretoria

Pattison, S., 2000, 'Some Straw for the Bricks: A Basic Introduction to Theological Reflection', in J. Woodward & S. Pattison (eds.), *The Blackwell Reader in Pastoral and Practical Theology*, pp.135-145, Blackwell Publishers, Oxford.

Pocock, D., 1995, 'Searching for a better story: harnessing modern and postmodern positions in family therapy', *Journal of Family Therapy* (17), 149-173.

Rubin, H.J. & Rubin, I.S., 2012, *Qualitative interviewing. The art of hearing data,* 3rd edn.*,* Sage Publications, Thousand Oaks, California.

Smythe, W.E. & Murray, M.J., 2000, 'Owning the story: ethical considerations in narrative research. *Ethics and Behaviour,* 10(4), 311-336.

Smythe, W.E. & Murray, M.J., 2001, 'A Respectful Reply to Gottlieb and Lasser', *Ethics and Behaviour,* 11(2), 195-199.

Van der Westhuizen, Z., 2008, 'Mentorship narratives in a local congregation: a post-foundational practical theological study', PhD-proefskrif, Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria.

Van Huyssteen, J.W., 1997, *Essays in postfoundationalist theology*, WB Eerdmans, Grand Rapids, Michigan.

Van Huyssteen, J.W., 2006, *Alone in the world? Human uniqueness in science and theology.* The Gifford lectures. WB Eerdmans, Grand Rapids, Michigan.

Watzlawick, P., 1984, *The invented reality,* Norton & Company, New York.

White, M. & Epston, D., 1990. *Narrative means to therapeutic ends,* Norton & Company, New York.



© University of Pretoria

**Universiteit van Pretoria**

**Fakulteit Teologie**

**Aansoek vir Etiese Klaring**

**University of Pretoria**

**Faculty of Theology**

**Application for Ethical Clearance**

## Ethical Questionnaire/Etiese Vraelys

*Voltooi in Afrikaans / Engels*

*Complete in Afrikaans / English*

Tik asseblief / Please type

| | |
|---|---|
| Naam / Name: **Riaan Gerber**<br><br>Studentenommer / Student number: **25493371**<br><br>Graad / Degree: **PhD**<br><br>Departement / Department: **Praktiese Teologie**<br><br>Studieleier / Studyleader: **Prof Julian Müller** | TITEL VAN NAVORSINGS-PROJEK/<br>TITLE OF RESEARCH PROJECT:<br><br>**'N REFLEKSIE OP OUERSKAP IN SAAMGESTELDE GESINNE MET VERWYSING NA KLASSIEKE SPROKIESVERHALE: 'N NARRATIEF PRAKTIES-TEOLOGIESE PERSPEKTIEF** |
| EERSTE AANSOEK/FIRST APPLICATION: **Ja**<br>VANTEVORE INGEDIEN/RESUBMISSION: **Nee** | |

**1. NAVORSINGSDOELWITTE / OBJECTIVES OF THE RESEARCH**

Lys asseblief: / Please list:

- **Om die belewenisse van ouers in saamgestelde gesinne op te teken**
- **Om die moontlike rol van sprokiesverhale met betrekking tot die vestiging van diskoerse by saamgestelde gesinne te ondersoek (byvoorbeeld die diskoers dat alle stiefouers sleg is)**
- **Om die invloed van negatiewe diskoerse op ouerskap in saamgestelde gesinne te ondersoek**
- **Om te probeer vasstel óf – en indien wel, tot watter mate – negatiewe diskoerse stiefouers se stem verstil**
- **Om die stem van moontlike alternatiewe stiefouer-verhale hoorbaar te laat word…**
- **Om die rol wat die kerk/geloofsgemeenskap kan en behoort te speel om die dikwels gemarginaliseerde stem van stiefouers meer hoorbaar te maak, te ondersoek**

[1] **With due acknowledgement to the Research Committee for the Humanities Faculty, University of Pretoria, 2003-04-1**



© University of Pretoria

**2. OPSOMMING VAN DIE NAVORSING / SUMMARY OF THE RESEARCH**

Verskaf asseblief 'n bondige opsomming van die navorsing (maksimum 250-300 woorde). / Please provide a brief summary of the research (maximum 250 - 300 words).

**Gegewe die feit dat al hoe meer huwelike plaasvind tussen mense wat reeds getroud was, met as resultaat 'n nuwe gesinsopset waar een of beide ouers die stiefouer/s word vir hulle huweliksmaat se biologiese kinders, is hierdie studie uiters relevant. Daar sal spesifiek gefokus word op die ouerskap-belewenisse binne sulke gesinne, met verwysing na die moontlike invloed van klassieke sprokiesverhale tot die vestiging van sekere diskoerse. Die moontlike rol wat die gemeenskap/kerk kan speel in die uitwissing van negatiewe diskoerse sal ook aandag geniet.**

**Die navorsing sal gedoen word vanuit die sosiaal-konstruksionistiese paradigma, wat impliseer dat die navorsing 'n deelnemende en verhalende proses sal wees, met inagneming van die invloed van taal op die beskrywing en interpretasie van gebeurtenisse, asook die invloed van diskoerse. Daar sal gebruik gemaak word van medenavorsers (navorsingsgenote) wat saam met die navorser op 'n deurlopende basis betrokke sal wees by die navorsingsproses. Sodoende word daar weggedoen met 'n benadering waar situasies/verskynsels bloot bestudeer word en waar die waarheid van gebeure deur analise en teorie bepaal word.**

**Wat my teologiese posisionering betref, sal 'n post-fundamentele prakties-teologiese metodologie gevolg word. Hierdie metodologie is inherent narratief van aard en het onder andere ten doel om veralgemenende uitsprake te probeer vermy. Binne hierdie benadering is navorsingsgenote medeverantwoordelik vir die opteken en interpretasie van verhale, asook die alternatiewe verhale wat in die proses mag ontvou.**

**Die navorsingsproses word dus gedoen met inagneming van die volgende uitgangspunte:**

- **Die navorser en navorsingsgenote sal daartoe streef om nie hulle kennis en interpretasies te verabsoluteer en in die proses vanuit 'n posisie van meerdere kennis op te tree nie**
- **Die luisterproses sal nie passief wees nie, maar wel 'n aktiewe reagerende luister, met dinamiese dialoog tussen die navorser, navorsingsgenote en interdissiplinêre respondente.**

**Die navorsing sal gedoen word met inagneming van die sewe bewegings van 'n post-fundamentele prakties-teologiese metodologie (soos ontwikkel deur Prof Julian Müller). Hierdie bewegings behels:**

1. **Die konteks sal beskryf word: 'n bewuswording van die moontlike invloed van klassieke sprokiesverhale op ouers se belewenisse binne saamgestelde gesinne**
2. **Ouers in saamgestelde gesinne se kontekstuele belewenisse sal aangehoor en beskryf word**
3. **Die ervarings van die ouers sal saam met die ouers, wat as navorsingsgenote geag word, geïnterpreteer en gedekonstrueer word**
4. **Die invloed van teologiese– en ander tradisies van interpretasie wat moontlik aanleiding kon gee tot bepaalde diskoerse, sal ondersoek en beskryf word**
5. **Die wyse waarop hierdie ouers God se teenwoordigheid met betrekking tot hulle gesinswees verstaan en ervaar, sal beskryf word**
6. **Respondente uit ander vakgebiede sal genooi word om óók betrokke te raak by interpretasie van verhale ('n interdissiplinêre gesprek) ten einde die verstaan van verhale te verruim**
7. **Die insigte waartoe daar gekom is tydens die navorsingsproses, sal verder geïnterpreteer en beskryf word in 'n poging om uit te kom by alternatiewe verhale en maniere van verstaan.**



© University of Pretoria

**DEELNAME VAN PROEFPERSONE / PARTICIPATION BY RESEARCH SUBJECTS**

3.1 Waar en hoe sal die proefpersone gekies word? / Where and how will the subjects be selected?

**Vier egpare, wat op dié stadium deel is van tipiese saamgestelde gesinne, sal genader word om vrywillig op te tree as navorsingsgenote.**

3.2 Indien daar van die proefpersone verwag gaan word om as vrywilligers op te tree, wie gaan gevra word en hoe gaan deelnemers gekies word? / If any subjects will be asked to volunteer, who will be asked to volunteer and how will the participants be selected?

**Die keuse sal gemaak word uit saamgestelde gesinne wat my die afgelope tyd (± 2 jaar), in my hoedanigheid as leraar, genader het oor die uitdagings binne saamgestelde gesinne. Die egpare is lidmate van die NG Kerk Vrede en ek is tans die leraar by die gemeente.**

3.3 Indien proefpersone gewerf moet word, wat sal as aansporingsmiddel dien? / If subjects are to be recruited, what inducement is to be offered?

**Die voortdurende dialoog tydens die navorsingsproses, asook die insigte en interpretasies van die vakkundige respondente, behoort alreeds ’n waardevolle bydrae te lewer aan die navorsingsgenote met betrekking tot die verstaan van hulle eie verhale.**

**Die feit dat die navorsingsgenote, met hulle betrokkenheid en die vertel van hulle verhale, ’n bydrae gaan maak tot ’n groter gesprek rondom saamgestelde gesinne en die diskoerse binne sulke gesinne, behoort ’n verdere aansporing te wees.**

3.4 Indien van persoonlike dokumente gebruik gemaak gaan word, dui asseblief die aard daarvan aan en ook hoe seleksie gaan geskied. / If subjects’ records are to be used, specify the nature of these records and indicate how they will be selected.

**NVT**

3.5 Het u die nodige toestemming verkry om die dokumente te bestudeer en daaroor verslag te doen? / Have you obtained permission to study and report on these records?
Indien ***Ja***, heg asseblief die briewe hierby aan. / If ***Yes***, attach letters.

**NVT**

3.6 Uitstaande kenmerke van proefpersone / Salient characteristics of subjects:

Aantal / Number: **8**
Geslag / Gender: Vroulik **4** Manlik **4**
Ouderdom / Age **26 - 52**



© University of Pretoria

3.7 Het u die nodige toestemming van die bepaalde owerheid verkry (bv. gemeente, hospitaal, kliniek)? Indien wel, op welke wyse is die toestemming verkry? / Have you obtained permission from the relevant authorities (e.g. an ecclesiastical congregation, hospital, clinic)? If so, how did you obtain this permission?

**Ja. Die NG Kerk Vrede het toestemming verleen.**

**Sien aangehegde brief insake kerkraadsbesluit (Bylaag A)**

3.8 Lys die beoogde metodes wat gevolg gaan word om die nodige data van die proefpersone te verkry (merk die relevante item(s)) / List the procedures you intend to carry out with the subjects to obtain the data you require (mark the applicable item(s)):

**Ten einde dialoog te stimuleer, sal daar tydens die eerste ontmoeting van 'n informele vraelys (met openingsvrae) gebruik gemaak word (sien aangehegde vraelys, Bylaag C)**

**Die res van die navorsingsproses sal plaasvind by wyse opvolgvraelyste na aanleiding van die respons van die navorsingsgenote, asook in-diepte onderhoudvoering as 'n manier om na mense se verhale te luister.**

**Bandopnames sal – met die navorsingsgenote se toestemming – van alle gesprekke gemaak word.**

3.9 Indien u (die navorser) nie self die prosedure gaan uitvoer nie, verstrek asseblief die naam en hoedanigheid van die persoon wat dit gaan doen. / If you (as the researcher) will not carry out the procedure personally, state the name and position of the person who will carry out the procedure.

**NVT**

**INGELIGTE TOESTEMMING / INFORMED CONSENT**

4.1 Heg 'n kopie van die toestemmingsvorm aan (op UP briefhoof) / Attach a copy of the consent form. (on UP letterhead)

**Sien aangehegde toestemmingsbrief (Bylaag B)**

4.2 Indien die persone jonger as 18 is, of verstandelik of wettig onbevoeg is om toestemming tot deelname te verleen, hoe gaan u te werk gaan om hulle toestemming te verkry / of van wie sal u gevolmagtigde toestemming kry? Beskryf asseblief.

**NVT**

4.3 Indien die persone jonger as 18 is, of verstandelik of wettig onbevoeg is, hoe sal u dit aan hulle duidelik maak dat hulle te enige tyd aan die studie mag onttrek? Beskryf asseblief.
If the subjects are under 18, or mentally or legally incompetent, how will you make it clear to the subjects that they may withdraw from the study at any time? Please describe.

**NVT**

4.4 Indien u as die navorser nie die proefpersone se moedertaal magtig is nie, hoe gaan u toesien dat die persone die inhoud van die toestemmingsbrief ten volle verstaan. Beskryf asseblief. / If you as the researcher are not competent in the mother tongue of the subjects, how will you ensure that the subjects fully understand the content of the consent form? Please describe.

**NVT**



© University of Pretoria

**RISIKO'S EN NADELE VIR DIE PROEFPERSONE / RISKS AND DISADVANTAGES TO THE SUBJECTS.**

5.1 Hou die navorsing enige risiko (bv. fisies, psigologies, regsgeldig, sosiaal) vir die persone in? / Are the subjects at any risk (e.g. physical, psychological, legal, social) if they participate in the research?

**Myns insiens bestaan daar nie iets soos navorsing met die <u>waarborg</u> dat daar *geen risiko* aan verbonde is nie.**

**Wat die beoogde navorsing betref: dit is redelik onwaarskynlik. Nietemin word daar gepoog om enige *moontlike* risiko tot die minimum te beperk met die instelling van sekere maatreëls:**

1. **Die navorser sal homself voortdurend vergewis van navorsingsgenote se bereidheid en gereedheid om dele van hulle lewensverhaal te vertel of nie te vertel nie.**
2. **Die identiteit van navorsingsgenote sal beskerm word. Skuilname sal gebruik word indien dit verkies word.**

Indien ***Ja***, beantwoord 5.2. / If ***Yes***, answer 5.2.

5.2 Sal persone op enige manier deur deelname of nie-deelname benadeel word? / Will participation or non-participation disadvantage the subjects in any way?

**Nee**

Indien ***Ja***, verduidelik op welke manier benadeling sal plaasvind. / If ***Yes***, explain in which way they will be disadvantaged.

**MISLEIDING VAN PROEFPERSONE / DECEPTION OF SUBJECTS**

6. Is daar enige aspekte van die navorsing waaroor proefpersone nie ingelig gaan word nie? / Are there any aspects of the research about which the subjects will not be informed?

**Nee**

Indien ***Ja***, beskryf hierdie aspekte. / If ***Yes***, describe these aspects.

**VOORDELE VIR DIE PROEFPERSONE / BENEFITS TO THE SUBJECTS**

7. Hou deelname enige voordeel vir die proefpersone in? / Will participation benefit the subjects?

**Ja**

Indien ***Ja***, beskryf asseblief hierdie voordele. / If ***Yes***, please describe the benefits.

**Die voortdurende dialoog tydens die navorsingsproses, asook die insigte en interpretasies van die vakkundige respondente, behoort 'n waardevolle bydrae te lewer tot die navorsingsgenote se verstaan van hulle eie verhale.**

**Met die boogde navorsing kry navorsingsgenote ook die geleentheid om 'n waardevolle bydrae te lewer die groter gesprek rondom saamgestelde gesinne en die diskoerse binne sulke gesinne.**



© University of Pretoria

**VERTROULIKHEID / CONFIDENTIALITY**

8. Op welke wyse gaan u vertroulikheid en/of anonimiteit verseker? / How will you ensure confidentiality and/or anonymity?
Beskryf asseblief / Please describe.

**Die navorser het reeds 'n skriftelike onderneming insake vertroulikheid aan die gespreksgenote gegee. Sien vorm "*Ingeligte Toestemming*", gemerk BYLAAG B.**

**Die volgende maatreëls sal deurentyd geld, in 'n poging om vertroulikheid te verseker:**

1. **Die navorser sal homself voortdurend vergewis van navorsingsgenote se bereidheid en gereedheid om dele van hulle lewensverhaal te vertel met die oog op publikasie.**
2. **Die identiteit van navorsingsgenote sal deurlopend beskerm word deur die gebruik van skuilname.**
3. **Geen inligting sal gepubliseer word alvorens die navorsingsgenoot nie oortuig is dat hy/sy nie geïdentifiseer behoort te word nie.**
4. **Indien die navorsingsgenote tydens die studie – om welke rede ook al – 'n behoefte aan terapie ontwikkel, sal daar van professionele persone gebruik gemaak word.**

**BEKENDMAKING VAN DIE NAVORSING / DISSEMINATION OF RESEARCH**

9.1 Aan wie gaan die resultate beskikbaar gestel word? / To whom will the results be made available?

- **Navorsingsgenote**
- **Universiteit van Pretoria**
- **By wyse van 'n proefskrif, aan enigiemand wat daarin belangstel om meer oor die onderwerp te wete te kom.**

9.2 In watter formaat sal die resultate na verwagting beskikbaar gestel word? / In which format do you expect the results to be made available?

**Die navorsing sal primêr opgeneem word in 'n proefskrif.**

**Indien daar 'n behoefte daarvoor mag ontstaan, sal die resultate ook hoorbaar gemaak word by wyse van artikels, radio-gesprekke en werkswinkels.**

**BEWARING VAN NAVORSINGSDATA / STORAGE OF THE RESEARCH DATA**

10. Neem kennis dat u alle navorsingsdata moet bewaar en na voltooiing van u navorsing aan die Studieleier moet oorhandig vir bewaring vir 'n tydperk van 10 jaar. /
Take note that you have to save all research data and at the end of your research hand it over to the Supervisor for storage for a period of 10 years.

**Die navorser neem kennis.**



© University of Pretoria

**ANDER INLIGTING / OTHER INFORMATION**

11. Verskaf asseblief hieronder enige ander inligting wat moontlik vir die komitee van waarde mag wees. / Please provide any other information which my be of value to the committee here.

**Geen.**

**12. HANDTEKENINGE / SIGNATURES**



**Aansoeker / Applicant** : **Ds R Gerber**

**DATUM / DATE:** **3 Julie 2012**

**STUDIELEIER / STUDYLEADER: Prof J Müller** ………………………………………………………..

**DATUM / DATE: 3 Julie 2012**

**DEPARTEMENTSHOOF / HEAD OF DEPARTMENT:** ………………………………………………………..

**DATUM / DATE: 3 Julie 2012**

Is u van mening dat die voorgestelde navorsing etiese implikasies inhou?
Are you of the opinion that the proposed research project has ethical implications?

**Ja/Yes Nee/No**

**NAVORSINGSETIEKKOMITEE / RESEARCH ETHICS COMMITTEE :** ……………………………………….

**DATUM / DATE:** …………………………………………………………………………………………..

**AANHANGSELS / ATTACHMENTS:**

**Merk asb. die van toepassing / Please mark those applicable**

☐ Toestemming vir bestudering van dokumente / Permission to study reports (Vraag / Question 3.5)

☒ Goedkeuring van owerhede / Approval from authorities (Vraag / Question 3.7) (**Sien Bylaag A)**

☒ Onderhoude / Interviews (Vraag / Question 3.8) (**Sien Bylaag C)**

☐ Vraelys / Questionnaire (Vraag / Question 3.8)



© University of Pretoria

☒ Ingeligde toestemming / Informed consent (Vraag / Question 4.1) (**Sien Bylaag B)**

☐ Ander / Other



© University of Pretoria

**BYLAAG A**

## GOEDKEURING VAN OWERHEDE



# NED GEREF KERK VREDE

**Van der Lingenstraat 19**
**Posbus 351**
**Vrede**
**9835**

**Skriba: Mev A de Villiers**
058 913 1394
086 659 6854
071 501 5249
ngkerkvrede@vodamail.co.za

**Leraar: Ds R Gerber**
058 913 1347
086 669 0783
082 378 2321
riaangerber@vodamail.co.za

19 Mei 2011

Die Voorsitter
Die Navorsingskomitee
Die Fakulteit Teologie
Universiteit van Pretoria

Geagte Voorsitter

**INSAKE: TOESTEMMING TOT NAVORSING IN GEMEENTE**

Ds R Gerber, leraar van die NG Kerk Vrede, is tans ingeskryf by die Universiteit van Pretoria met die oog op die verwerwing van ’n PhD graad. Sy tema is:

**’N REFLEKSIE OP OUERSKAP IN SAAMGESTELDE GESINNE**
**MET VERWYSING NA KLASSIEKE SPROKIESVERHALE:**
**’N NARRATIEF PRAKTIES-TEOLOGIESE PERSPEKTIEF**

Op ’n kerkraadsvergadering gehou op 18 Mei 2011 is daar toestemming verleen dat hy lidmate van hierdie gemeente by sy navorsing mag betrek, natuurlik met dien verstande dat hulle self nie beswaar het teen sodanige navorsing nie en hulle die nodige skriftelike toestemming daartoe verleen het.

Die uwe

______________________

A de Villiers
Skriba, nms Die Kerkraad



© University of Pretoria

BYLAAG B

**INGELIGTE TOESTEMMINGSBRIEF**

Beste ____________________

**INSAKE: TOESTEMMING TOT DEELNAME AAN NAVORSING**

Ek is tans besig met navorsing, met die oog op die verwerwing van 'n PhD graad. Die titel van my navorsing is:

*'n Refleksie op Ouerskap in Saamgestelde Gesinne*
*met verwysing na Klassieke Sprokiesverhale:*
*'n Narratief Prakties-Teologiese Perspektief*

As leraar kry ek dikwels te doen met ouers in saamgestelde gesinne wat frustrasie en soms selfs vasgelooptheid beleef. Hierdie ouers beleef baiekeer dat die res van die samelewing nie regtig vir hulle 'n kans gee nie… dat die meerderheid mense eintlik verwag dat hulle huwelik nie regtig gaan uitwerk nie... en dat hierdie meerderheid mense maar alte gereed is om die stiefma/stiefpa-etiket om te hang.

Met hierdie navorsing wil ek probeer agterkom wat die goed is wat baiekeer aanleiding gee tot hierdie negatiewe beeld. Ek wonder byvoorbeeld oor die moontlike rol wat klassieke sprokiesverhale sou kon speel wat betref ouers se belewenisse binne saamgestelde gesinne?

Aangesien jy jou in so 'n tipiese saamgestelde gesin bevind, sal ek graag by jou, en saam met jou, meer wil leer oor die uitdagings waarmee ouers in saamgestelde gesinne te doen kry. Daarom sal dit vir my 'n voorreg wees as jy sou instem om een van my navorsingsgenote (medenavorsers) te word.

As jy jouself bereid sou verklaar om 'n navorsingsgenoot te wees, gaan ons werkswyse min of meer soos volg lyk:

- Ek gaan onderhoude met jou voer waartydens jy my moet vertel van die goed wat jy beleef in jou gesinswees: jou frustrasies, jou vreugdes, sommer alles wat jy wil deel oor jou gesinswees! Met jou toestemming sou ek graag hierdie gespreke wil opneem op band.
- Hierna gaan ek saam met jou probeer dink en verstaan hoekom jy die goed beleef wat jy beleef. Ons gaan ook moeite doen om te hoor hoe die breër geloofsgemeenskap en ander vakdissiplines oor saamgestelde gesinne dink.

Aangesien die duur van die navorsing afhang van die sake wat tydens die navorsing ter sprake gaan kom, is dit vir my moeilik om my te verbind aan 'n spesifieke tydskedule. Na verwagting behoort dit egter so 6-8 sessies van ongeveer 'n uur elk te wees.

Daar sal nie enige vergoeding betaalbaar wees vir deelname aan hierdie navorsingsproses nie; myns insiens behoort die dialoog tydens die navorsingsproses egter 'n waardevolle bydrae te lewer tot 'n beter begrip en hantering van die situasies in jou spesifieke gesin. En dan natuurlik: dit waaroor ons



© University of Pretoria

saampraat en saamdink, sal ek graag wil opteken in ŉ proefskrif, sodat ons saam ŉ bydrae kan lewer tot die groter gesprek rondom saamgestelde gesinne en die diskoerse binne sulke gesinne.

Maar laat ek jou dadelik gerusstel: ek sal nie *enigiets* publiseer alvorens jý nie toestemming daartoe gegee het nie. Jy sal ook op geen manier blootgestel word tydens of na afloop van die navorsing nie. Die inligting wat ek beoog om te publiseer, sal só aangeteken word dat jy nie moontlik geïdentifiseer sal kan word nie, tensy jy die teendeel verlang. Jy sal ook die geleentheid kry om die korrektheid daarvan te verifieer. Die bandopnames wat ek gaan maak – as jy daartoe ingestem het – sal ek veilig bewaar en dit, saam met alle ander inligting en aantekeninge, sal deurentyd vertroulik gehanteer word. Verder het jy die reg om op enige stadium tydens die navorsingsproses jou betrokkenheid te staak om welke rede ook al. In só ŉ geval sal alle inligting tot op datum versamel, vernietig word.

Daar is nie enige ooglopende risiko's verbonde aan deelname by hierdie navorsingsprojek nie, maar indien daar nietemin iets onvoorsiens opduik, kan jy verseker wees dat dit op ŉ professionele wyse gehanteer sal word. Indien die omstandighede dit vereis, sal daar in sodanige gevalle gebruik gemaak word van ander professionele persone.

Verklaring deur Navorser:
Ek verklaar dat bostaande ŉ kort, maar deeglike verduideliking is van die beoogde navorsing en dat ek geen inligting van die navorsingsgenote weerhou het of ŉ verskuilde agenda het met die beplande navorsing nie. Ek onderneem voorts om ten alle tye beskikbaar te wees vir die betrokke navorsingsgenoot, sou daar enige twyfel of onduidelikheid ontstaan.

Onderneming deur Navorsingsgenoot:
Ek verklaar dat ek het die bostaande brief gelees het en dat ek vertroud is met die inhoud en betekenis daarvan. Ek verstaan dat ek betrokke gaan wees by navorsing oor saamgestelde gesinne en dat die inhoud van die gesprekke in ŉ proefskrif opgeteken gaan word. Ek verklaar verder dat ek op geen manier gedwing is om aan die studie deel te neem nie.

Geteken te _________________(dorp), op hierdie _____e dag van Junie 2012.

___________________________ ___________________________
Volle Name Navorsingsgenoot Handtekening Navorsingsgenoot

___________________________ ___________________________
Handtekening Navorser Handtekening Getuie

| **Kontakbesonderhede** | | | |
|---|---|---|---|
| **Navorser: R Gerber** | | **Studieleier: Prof Julian Müller** | |
| 📱 | | ☎ | |
| ✉ | | ✉ | |



© University of Pretoria

**BYLAAG C**

**MOONTLIKE OPENINGSVRAE**

**Die navorser beoog om ten minste 'n week voor die eerste onderhoud die drie klassieke sprokiesverhale (*Aspoestertjie*, *Hansie en Grietjie* of *Sneeuwitjie*) in afgedrukte formaat aan die navorsingsgenote beskikbaar te stel en hulle te versoek om een te kies en dit te lees.**

Volgens Rubin & Rubin (2012:136-138) is daar verskillende benaderings wat gevolg sou kon word met betrekking tot kernvrae, naamlik

1. verkennende vrae,
2. vrae wat fokus op die navorsingsgenoot se ervaring, en
3. hipotetiese vrae.

Inaggenome die onderwerp van navorsing, sal die navorser tydens die eerste onderhoud poog om by die volgende moontlike openingsvrae aan te sluit:

**Moontlike verkennende vrae…**

- Wat is vir julle spesiaal en wat beskou julle as uitdagings, wat betref ouerskap in saamgestelde gesinne?

- Hoe sou jy 'n tipiese stiefma/stiefpa beskryf? (Jóú beeld van so 'n iemand...)

**Moontlike vrae wat fokus op die navorsingsgenote se ervaring…**

- Dink julle dat saamgestelde gesinne ander uitdagings het as sogenaamde kerngesinne? Indien wel, hoekom dink julle so?

- Voel julle dat julle ondersteun word deur die samelewing? Hoe en in watter opsig? En ervaar julle dalk soms druk op julle om 'n sekere beeld aan die samelewing voor te hou?
- Voel jý soms soos 'n tipiese stiefma/stiefpa… en indien wel, hoekom dink jy dit gebeur?



© University of Pretoria

**Moontlike hipotetiese vrae...**

- Julle moes die afgelope week een van drie kort stories kies om te lees... stories wat julle waarskynlik baie goed sou onthou uit julle kinderdae… Watter een het julle gekies? Het die storie julle dalk 'n bietjie aan die dink gesit… en indien wel, in watter opsig?

- Gestel julle het die geleentheid om die samelewing bewus te maak van aspekte rakende ouerskap in saamgestelde gesinne, wat sou die sake wees wat julle onder hulle aandag sou wou bring, en hoekom?



© University of Pretoria

**BYLAAG D**

## SNEEUWITJIE

Uit: Die Mooiste Sprokies van Grimm
'n Keur deur Marita van der Vyver

Op ŉ dag, in die middel van die winter, sit ŉ koningin en naaldwerk doen voor ŉ venster met ŉ swart ebbehoutraam. En terwyl sy kyk hoe die sneeuvlokkies soos vere uit die hemel val, steek sy haar vinger met die naald raak en drie druppels bloed val in die sneeu. En omdat die rooi bloed in die wit sneeu vir haar so mooi is, wens die koningin sy kan ŉ kindjie kry wat so wit soos sneeu, so rooi soos bloed en so swart soos die hout van die vensterraam is.

Nie lank daarna nie kry die koningin ŉ dogtertjie met ŉ vel so wit soos sneeu, wange en lippe so rooi soos bloed en hare so swart soos ebbehout, en daarom noem hulle haar Sneeuwitjie.

Maar die koningin is net na die geboorte dood, en ŉ jaar later trou die koning weer. Sy nuwe vrou is beeldskoon, maar so verwaand dat sy nie die gedagte kan verdra dat iemand in die koninkryk dalk mooier as sy is nie. Daar is ŉ towerspieël teen haar kamermuur en elke keer as sy voor die spieël gaan staan om haarself te bewonder, vra sy:

> "Spieëltjie, spieëltjie aan die wand,
> wie is die mooiste in die land?"

En dan antwoord die spieël:

> "U, liewe koningin, is die mooiste in die land."
> Dan voel sy gerus, want sy weet die spieël sal altyd die waarheid praat.

Maar Sneeuwitjie word by die dag mooier, en teen haar sewende verjaarsdag is sy so pragtig soos ŉ helder dag en reeds mooier as die koningin. Op ŉ dag vra die koningin weer:

> "Spieëltjie, spieëltjie aan die wand,
> wie is die mooiste in die land?"

En dié keer antwoord die spieël:

> "O, koningin, u is wonderskoon,
> maar Sneeuwitjie dra die kroon."

Daarmee bedoel die spieël die koningin is baie mooi, maar Sneeuwitjie is nog mooier. Toe sy dié woorde hoor, skrik die koningin en word geel en groen van jaloesie. Van dié oomblik af haat sy die meisie, en die afguns groei al weliger in haar hart totdat sy later nie rus vir haar siel kan kry nie. Uiteindelik laat sy ŉ jagter roep en beveel hom: "Neem die kind na die woud; ek wil haar nooit weer voor my oë sien nie. Maak haar dood en bring haar longe en lewer vir my as bewys dat sy dood is."

Die jagter neem Sneeuwitjie na die woud, maar toe hy sy jagmes uittrek om haar onskuldige hart te deurboor, begin sy bitterlik te huil: "Ag, liewe jagter, spaar tog my lewe! Ek sal in die woud bly en nooit weer na die paleis teruggaan nie."



© University of Pretoria

En omdat sy so pragtig is, kry die jagter haar jammer en sê: “Nou toe, kind, maak dat jy wegkom.”

Die wilde diere sal haar gou opvreet, dink hy, en dit voel vir hom of ’n klip van sy hart afrol omdat hy haar nie self hoef dood te maak nie. Toe bekruip hy ’n jong bokkie, maak hom dood en sny sy longe en lewer uit as bewys dat Sneeuwitjie dood is. Die bose koningin beveel die kok om die longe en lewer te kook en eet dit op, tevrede dat sy nou van Sneeuwitjie ontslae is.

Die arme Sneeuwitjie staan stoksielalleen in die woud. Sy weet nie wat om te doen nie. Dan begin sy te loop, en sy loop oor skerp klippe en dorings, en sy kom wilde diere teë, maar hulle doen haar geen kwaad aan nie, en sy loop totdat haar voete haar nie meer kan dra nie en dit donker begin word. Toe kom sy by ’n klein huisie uit en sy gaan in om die nag daar deur te bring.

Alles in die huisie is klein, maar so skoon en netjies dat sy haar oë nie kan glo nie. Sy sien ’n gedekte tafeltjie met ’n spierwit tafeldoek en sewe bordjies, elkeen met sy eie lepeltjie, messie en vurkie, en sewe bekertjies. Teen die muur staan sewe bedjies met spierwit lakens opgemaak, netjies langs mekaar.

Omdat Sneeuwitjie baie honger en dors is, maar nie die mense se kos wil opeet of hulle wyn wil uitdrink nie, eet sy net ’n happie groente en brood uit elke bordjie en drink sy net ’n slukkie wyn uit elke bekertjie. Hierna is sy so moeg dat sy op een van die bedjies wil gaan lê, maar die een is te lank en die ander een te kort, en so probeer sy op elkeen lê totdat die sewende een net reg voel. Op dié bedjie raak sy sommer gou vas aan die slaap.

Toe dit heeltemal donker is, kom die huismense terug. Hulle is sewe dwergies wat in myne in die berge na goud en minerale soek. Hulle steek hulle sewe lampies aan en maak lig in hulle huisie, maar dan sien die dwergies hulle het ’n gas gehad, want alles staan nie op presies dieselfde plek waar hulle dit gelos het nie.

Die eerste een vra: “Wie het op my stoeltjie gesit?”

Die tweede een vra: “Wie het uit my bordjie geëet?”

Die derde een vra: “Wie het van my broodjie gevat?”

Die vierde een vra: “Wie het van my groente geëet?”

Die vyfde een vra: “Wie het my vurkie gebruik?”

Die sesde een vra: “Wie het met my messie gesny?”

Die sewende een vra: “Wie het uit my bekertjie gedrink?”

Toe draai die eerste dwergie om en sien iemand het op sy bedjie gelê. “Wie het op my bedjie gelê?” vra hy, en die ander dwergies kom vinnig nader en roep uit: “Iemand het ook op my bedjie gelê!”

Maar toe die sewende dwergie na sy bedjie kyk, sien hy Sneeuwitjie wat daar lê en slaap. Hy roep die ander nader en hulle kom verwonderd om die bedjie staan en gaan haal hulle lampies om Sneeuwitjie beter te kan sien.

“Liewe hemel! Liewe hemel!” roep hulle in vervoering uit.

“Wat ’n pragtige kind!” Maar hulle wil haar nie wakker maak nie en los haar op die bedjie. Die sewende dwergie slaap die nag by die ander, ’n uur by elkeen, totdat dit weer lig is.



© University of Pretoria

Die volgende oggend word Sneeuwitjie wakker en toe sy die sewe dwergies sien, skrik sy groot. Maar hulle vra baie vriendelik: “Wat is jou naam?”

“Sneeuwitjie,” antwoord sy.

“Hoe het jy in ons huisie beland?” wil hulle weet.

Sy vertel hulle hoe haar stiefma haar wou laat doodmaak, maar toe het die jagter haar lewe gespaar en sy het die hele dag lank geloop totdat sy uiteindelik by hulle huisie uitgekom het.

Dan sê die dwergies: “As jy vir ons wil huishou, kook en was en naaldwerk doen, stryk, en alles skoon en netjies hou, kan jy by ons bly, en jy sal altyd genoeg van alles hê.”

“Ja,” antwoord Sneeuwitjie, “ek sal baie graag wil.”

Elke oggend gaan die dwergies na die myne in die berge waar hulle goud en minerale soek en wanneer hulle in die aand terugkom, het Sneeuwitjie hulle kos reg sodat hulle net kan eet.

Maar omdat sy die hele dag alleen in die huisie is, waarsku hulle haar: “Oppas vir jou stiefma; sy sal vroeër of later agterkom jy is hier. Moet niemand bedags by die huis inlaat nie.”

Die koningin wat dink sy het Sneeuwitjie se longe en lewer geëet en is nou soos vroeër die mooiste in die hele land, gaan op ŉ dag weer voor haar spieël staan en vra:

> “Spieëltjie, spieëltjie aan die wand,
> wie is die mooiste in die land?”

Die spieël antwoord:

> “U, liewe koningin, is mooi,
> maar Sneeuwitjie oor die berge,
> in die huis van die sewe dwerge,
> is ŉ duisend keer mooier.”

Die koningin skrik groot, want sy weet die spieël jok nooit. Sy besef die jagter het haar bedrieg en Sneeuwitjie lewe nog. Dadelik begin sy weer wonder hoe om van Sneeuwitjie ontslae te raak, want so lank as wat sy nie die mooiste in die hele koninkryk is nie, gee die koningin se jaloesie haar nie ŉ oomblik rus nie.

Toe sy uiteindelik ŉ plan uitgedink het, verf sy haar gesig en trek haar aan soos ŉ ou vrou wat smous, sodat niemand haar sal herken nie. So reis sy oor die berge na die sewe dwergies se huisie, klop aan die deur en roep: “Pragtige goed te koop! Pragtige goed te koop!”

Sneeuwitjie loer by die venster uit en sê: “Goeiedag, liewe vrou, wat het u te koop?”

“Goeie goed, pragtige goed,” antwoord die ou vrou, “linte in allerhande kleure.” En sy haal ŉ lint van bont sy uit om vir Sneeuwitjie te wys.

Dié eerlike vrou kan ek tog seker laat inkom, dink Sneeuwitjie. Sy maak die deur oop en koop vir haar ŉ paar van die lieflike linte.

“Kindjie,” sê die ou vrou, “kyk net hoe lyk jy! Kom, laat ek ŉ lint om jou lyf bind om jou nog mooier te laat lyk.”



© University of Pretoria

Sneeuwitjie staan niksvermoedend stil sodat die ou vrou een van haar nuwe linte om haar lyf kan bind. Maar die koningin bind die lint so styf om die kind se lyf dat Sneeuwitjie glad nie asem kry nie en soos ŉ dooie op die vloer neerval.

"Nooit weer sal jy die mooiste wees nie," sê die koningin en maak haar haastig uit die voete.

Nie lank daarna nie word dit donker en die sewe dwergies kom huis toe. Hulle skrik toe hulle hulle geliefde Sneeuwitjie op die vloer sien lê!

Sy lê roerloos en sonder om asem te haal, soos iemand wat dood is. Hulle tel haar op en sien die lint wat so styf om haar lyf gebind is en knip dit dadelik los. Sy begin flou asemhaal en kom stadig weer by.

Toe sy vir die dwergies vertel wat gebeur het, sê hulle: "Die ou vrou was niemand anders nie as die gewetenlose koningin. Pas jou mooi op en moet niemand by die huis inlaat nie."

Terug by die paleis gaan die koningin weer voor haar spieël staan en vra:

"Spieëltjie, spieëltjie aan die wand,
wie is die mooiste in die land?"

En die spieël antwoord:

"U, liewe koningin, is mooi,
maar Sneeuwitjie oor die berge,
in die huis van die sewe dwerge,
is ŉ duisend keer mooier."

Toe sy dit hoor, word die koningin bleek van skok, want sy besef Sneeuwitjie is nie dood nie.

"Dié keer sal ek iets uitdink waarmee ek vir altyd van haar ontslae kan raak," sê sy by haarself, en met die toorkuns wat sy ken, maak sy ŉ giftige kam. Dan vermom die koningin haar weer soos ŉ ou vrou en reis oor die berge na die sewe dwergies se huisie, klop aan die deur en roep: "Goeie goed te koop! Goeie goed te koop!"

Sneeuwitjie kyk deur die venster en sê: "Gaan weg; ek mag niemand laat inkom nie."

"Maar kýk mag jy darem seker tog," sê die ou vrou en haal die giftige kam uit om dit vir Sneeuwitjie te wys. Die kam is vir die meisie so betowerend mooi dat sy die deur vir die ou vrou oopmaak.

Toe Sneeuwitjie die kam gekoop het, sê die ou vrou: "Nou sal ek jou hare vir jou netjies kam."

Die arme Sneeuwitjie vermoed nie onraad nie en laat die ou vrou toe om haar hare te kam, maar die koningin het die kam skaars in die kind se hare gesteek of die gif daarin laat haar leweloos neerval.

Gelukkig is dit amper aand en toe die sewe dwergies by die huis kom en Sneeuwitjie op die vloer aantref, verdink hulle dadelik die stiefma en kry die giftige kam in die meisie se hare. Nadat hulle die kam uitgetrek het, kom Sneeuwitjie gou weer by. Dan waarsku hulle haar weer ŉ keer om op haar hoede te wees en nie die deur vir enigiemand oop te maak nie.



© University of Pretoria

In die paleis gaan die koningin weer voor haar spieël staan en vra:

“Spieëltjie, spieëltjie aan die wand,
wie is die mooiste in die land?”

En, soos die vorige keer, antwoord die spieël:

“U, liewe koningin, is mooi,
maar Sneeuwitjie oor die berge,
in die huis van die sewe dwerge,
is ’n duisend keer mooier.”

Toe sy die spieël dit hoor sê, begin die koningin sidder en bewe van woede. “Sneeuwitjie sal sterf, al kos dit ook my eie lewe!” roep sy uit.

Dan gaan sy na ’n geheime kamer in die paleis waarvan niemand weet nie en vergiftig ’n appel. Op die oog af lyk dit so heerlik blink en geel met ’n rooi skynsel dat enigiemand se mond daarvoor sal water. Maar net een happie daarvan is genoeg om ’n mens onmiddellik dood te maak. Toe sy klaar is met die appel, verf die koningin weer haar gesig en vermom haar soos ’n boervrou en reis oor die berge na die sewe dwergies se huisie.

Sy klop aan die deur en Sneeuwitjie steek haar kop by die venster uit en sê: “Ek mag niemand laat inkom nie. Die sewe dwergies het my verbied.”

“Dit maak nie saak nie,” antwoord die boervrou, “ek wil net van my appels ontslae raak. Ek sal vir jou een present gee.”

“Nee,” antwoord Sneeuwitjie, “ek mag niks by enigiemand vat nie.”

“Is jy bang jy word vergiftig?” vra die boervrou. “Kyk, ek sny die appel middeldeur, dan eet jy die rooi helfte en ek eet die geel helfte.” Die appel is so slim vergiftig dat net die rooi helfte dodelik is.

Sneeuwitjie se mond water vir die pragtige appel en toe sy sien hoe die boervrou daarvan eet, kan sy die versoeking nie weerstaan nie en neem die rooi helfte by haar. Maar daar is skaars ’n happie in haar mond of sy val dood neer.

Die koningin kyk tevrede na haar en gee ’n gruwelike lag en sê: “Wit soos sneeu, rooi soos bloed en swart soos ebbehout! Dié keer sal die sewe dwergies jou nie weer lewend kry nie!”

Terug in die paleis vra sy haar spieël:

“Spieëltjie, spieëltjie aan die wand,
wie is die mooiste in die land?”

En uiteindelik antwoord die spieël:

“U, liewe koningin, is die mooiste in die land.”

Nou het die koningin rus vir haar jaloerse hart.

Toe die sewe dwergies die aand by die huis kom, tref hulle Sneeuwitjie weer op die vloer aan, morsdood. Hulle tel haar op, soek naarstiglik of hulle iets giftigs iewers op haar kan kry, maak die lint om haar lyf los, kam haar hare en was haar met water en wyn, maar dit help alles niks. Die liewe kind is dood en bly dood. Hulle sit haar in ’n kis en treur drie dae lank oor haar.

Dan moet hulle haar begrawe, maar omdat sy nog net so gesond soos ’n lewende mens lyk en steeds pragtige rooi wange het, sê hulle vir mekaar: “Só kan ons haar nie in die donker aarde laat lê nie.”



© University of Pretoria

Hulle laat vir haar ŉ kis van deurskynende glas maak sodat sy van alle kante gesien kan word, sit haar daarin en skryf haar naam met goue letters daarop en dat sy ŉ koning se dogter is. Dan dra hulle die glaskis tot bo-op die berg waar hulle beurte maak om by haar waak. Selfs die diere kom oor haar treur: eers ŉ uil, dan ŉ kraai en dan ŉ duifie.

Lank, lank lê Sneeuwitjie in haar glaskis, maar dit lyk of sy net slaap, want sy bly so wit soos sneeu, so rooi soos bloed en so swart soos ebbehout. Op ŉ dag ry ŉ prins deur die woud en besluit om in die sewe dwergies se huisie te oornag. Op die berg sien hy die glaskis waarin die beeldskone Sneeuwitjie lê en hy lees wat daarop geskryf staan. Dan sê hy vir die dwergies: "Laat my toe om die glaskis saam met my te neem; ek sal julle gee net wat julle wil hê."

Maar die dwergies antwoord: "Ons sal dit nie vir al die goud in die wêreld verkoop nie."

"Gee dit dan vir my present," sê die prins, "want ek sal nie langer kan lewe as ek Sneeuwitjie nie kan sien nie. Ek sal haar versorg en beskerm as my kosbaarste besitting."

Toe hulle sy woorde hoor, kry die dwergies die prins jammer en besluit om die glaskis vir hom te gee. Hy beveel sy diensknegte om die kis by die berg af te dra, maar een van hulle struikel oor ŉ bossie en toe die kis geskud word, glip die stukkie giftige appel uit Sneeuwitjie se keel. En nie lank daarna nie maak sy haar oë oop, lig die deksel op en sit perdfris regop.

"Ag, hemel, waar is ek?" roep sy verskrik uit.

Die prins antwoord verheug: "Jy is by my," en hy vertel haar wat alles gebeur het. Dan sê hy vir haar: "Ek het jou liewer as enigiets op aarde. Kom saam met my na ons kasteel en word my vrou." Sneeuwitjie stem in en gaan saam met hom, en ŉ troue vol prag en praal word vir hulle gereël.

Die gewetenlose stiefma word ook na die troue genooi. Toe sy haar pragtige klere aanhet, gaan staan sy voor haar spieël en vra:

"Spieëltjie, spieëltjie aan die wand,
wie is die mooiste in die land?"

Die spieël antwoord:

"U, liewe koningin, is wonderskoon,
maar ŉ nuwe koningin dra nou die kroon."

Toe word die bose koningin doodsbleek en beangs, so beangs dat sy nie kan dink wát om te doen nie. Eers besluit sy om glad nie na die troue toe te gaan nie, maar sy kry nie rus vir haar siel nie; sy weet sy móét eenvoudig die nuwe koningin sien. Daarom gaan sy na die troue, en toe sy vir Sneeuwitjie sien, herken sy haar dadelik, en van vrees en skok kan sy nie beweeg nie. Maar toe word ŉ paar ysterskoene wat oor ŉ vuur gloeiend warm gemaak is met ŉ tang na haar gebring en vir haar aangetrek. En die bose vrou moes noodgedwonge in die gloeiende skoene dans tot sy dood op die vloer neerval.



© University of Pretoria

**Hansie en Grietjie**

Uit: Die Mooiste Sprokies van Grimm

ʼn Keur deur Marita van der Vyver

Aan die rand van ʼn groot woud woon ʼn houtkapper met sy vrou en twee kinders; die seuntjie se naam is Hansie en die dogtertjie Grietjie. Die houtkapper is maar arm, en toe daar ʼn groot voedselskaarste kom, kan hy nie eens meer elke dag vir hulle brood koop nie.

Terwyl hy een aand in die bed lê en bekommerd rondrol, sug hy en sê vir sy vrou: “Wat gaan van ons word? Wat kan ons met die arme kinders doen as ons nie eens meer vir onsself iets oor het nie?”

“Weet jy wat, my man?” antwoord die vrou. “Ons moet die kinders môre vroeg na die digste deel van die woud neem en daar vir hulle ʼn vuur maak en vir elkeen ʼn stukkie brood gee. Dan gaan werk ons en los hulle daar. Hulle sal nie weer die pad huis toe kry nie, en ons sal van hulle ontslae wees.”

“Nee, vrou, dit doen ek nie,” sê die man. “Hoe moet ek dit oor my hart kry om my kinders alleen in die woud te los? Die wilde diere sal hulle verskeur.”

“Jou gek,” sê sy. “Nou moet ons al vier van honger doodgaan.” Sy laat hom nie met rus nie totdat hy ingee.

“Maar ek kry die arme kinders so jammer,” sê die man.

Die twee kinders, wat so honger is dat hulle ook nie aan die slaap kan raak nie, hoor wat hulle stiefma vir hulle pa sê. Grietjie gaan bitterlik aan die huil en sê vir Hansie: “Nou is dit klaarpraat met ons.”

“Sjuut, Grietjie,” sê Hansie. “Moenie bang wees nie, ek sal vir ons sorg.”

En toe die ouers slaap, staan Hansie op, trek sy baadjie aan, maak die deur oop en sluip buitentoe. Die maan skyn helder en die wit klippies wat voor die huis lê, glinster soos muntstukke. Hansie steek soveel klippies as wat hy kan in sy sak, gaan terug en sê vir Grietjie: “Hou op huil, liewe sussie, en gaan slaap nou. Die liewe Heer sal ons nie verlaat nie.” En hy gaan lê weer in sy bed.

Toe dit dag word, kom maak die vrou die twee kinders wakker: “Staan op, julle luiaards, ons moet in die woud gaan hout haal!” Sy gee vir elkeen ʼn stukkie brood en sê: “Hier is vir julle iets vir middagete, maar moet dit nie voor die tyd opeet nie, want julle kry niks meer nie.”

Grietjie hou die brood onder haar voorskoot omdat Hansie die klippies in sy sak het. Toe loop hulle saam na die woud toe. Nadat hulle ʼn entjie gestap het, gaan Hansie staan en kyk terug na die huis. Hy doen dit keer op keer en sy pa vra naderhand: “Hansie, vir wat kyk jy so om en bly jy so agter? Jy sal nog vergeet jy het bene; roer jou litte!”

“Ag, Pappa,” sê Hansie, “ek kyk maar net na my wit katjie wat op die dak sit om my te groet.”

Die vrou sê: “Jou sot, dis nie jou katjie nie; dis die oggendson wat op die skoor steen skyn.”

Maar Hansie het nie regtig na sy katjie gekyk nie; hy het elke keer een van die wit klippies uit sy sak in die pad gegooi.



© University of Pretoria

Toe hulle in die middel van die woud kom, sê die pa: “Kinders, maak nou hout bymekaar; ek sal ’n vuur maak sodat julle nie verkluim nie.” Hansie en Grietjie dra fynhout aan totdat hulle ’n hopie opgestapel het. Die hout word aan die brand gesteek en toe die vlamme hoog brand, sê die vrou vir die kinders: “Sit langs die vuur en rus goed uit. Ons gaan hout kap. As ons klaar is, kom haal ons julle weer.”

Hansie en Grietjie gaan sit langs die vuur. Toe dit middag word, eet elkeen ’n stukkie brood. En terwyl hulle die houtkapper se byl hoor kap, glo hulle dit is hulle pa wat daar naby is. Maar dit is nie die byl wat hulle hoor nie; dit is ’n tak wat aan ’n droë boom hang en deur die wind heen en weer geslaan word. Nadat die kinders lank gesit het, val hulle oë toe van moegheid en hulle raak vas aan die slaap. Toe hulle uiteindelik wakker word, is dit al donker nag. Grietjie begin te huil en vra: “Hoe gaan ons nou uit die woud kom?”

Hansie troos: “Ons wag net ’n rukkie tot die maan opkom, dan sal ons die pad gou kry.”

Toe die maan opkom, vat Hansie sy sussie se hand en loop al op die wit klippies wat soos nuwe muntstukke glinster en vir hulle die pad wys. Hulle stap die hele nag en kom eers teen dagbreek by hulle huis aan. Hulle klop aan die deur, en toe die vrou oopmaak en vir Hansie en Grietjie sien, sê sy: “Julle stout kinders, vir wat het julle so lank in die woud gebly? Ons dog julle kom nooit weer terug nie.”

Maar die pa is baie bly, want dit het sy hart gebreek om hulle so alleen te los.

Nie lank daarna nie is daar weer ’n groot skaarste en die kinders hoor hoe hulle stiefma een aand vir hulle pa sê: “Dit gaan al hoe slegter, ons het net ’n halwe brood oor, dan is dit verby met ons. Die kinders moet weg; ons moet hulle dieper die woud inneem sodat hulle nie weer die pad terugkry nie, anders is dit klaarpraat met ons.”

Die man kan dit nie oor sy hart kry nie en sê: “Ouers behoort hulle laaste stukkie kos met hulle kinders te deel.”

Maar die vrou steur haar nie aan hom nie. “As ’n mens iets een keer gedoen het, kan jy dit weer doen,” sê sy.

Toe die ouers slaap, staan Hansie weer op om soos die vorige keer wit klippies buite op te tel, maar dié keer het die vrou die deur gesluit. Hy troos sy sussie en sê: “Moenie huil nie, Grietjie, slaap nou lekker. Die liewe Heer sal ons help.”

Vroeg die volgende oggend maak die vrou die kinders wakker. Sy gee vir elkeen ’n stukkie brood, nog kleiner as die vorige keer. Op pad na die woud krummel Hansie dit in sy sak en gaan staan kort-kort om ’n krummel op die grond te laat val.

“Hansie, vir wat staan jy so en omkyk?” vra sy pa. “Skud nou op.”

“Ek kyk na my duifie wat op die dak sit om my te groet,” antwoord Hansie.

“Jou sot,” sê die vrou. “Dis nie jou duifie nie; dis die oggendson wat op die skoorsteen skyn.”

Hansie laat geleidelik al die krummels op die pad val. Die vrou lei die kinders diep die woud in, na ’n deel waar hulle nog nooit was nie. Daar word weer ’n groot vuur gemaak en die stiefma sê vir hulle: “Bly net hier, en as julle moeg word, kan julle ’n bietjie slaap. Ons gaan hout kap, en vanaand as ons klaar is, kom haal ons julle.”



© University of Pretoria

Toe dit middag word, deel Grietjie haar brood met Hansie, wat sý stukkie op die pad gestrooi het. Toe raak hulle aan die slaap en dit word aand, maar niemand kom haal die arme kinders nie. Hulle word eers in die donker nag wakker, maar Hansie troos sy sussie: "Ons wag net tot die maan opkom, Grietjie, dan kan ons die broodkrummels sien wat ek gestrooi het, en dit sal vir ons die pad huis toe wys.

Toe die maan helder skyn, val hulle in die pad, maar hulle kry nêrens die broodkrummels nie, want die voëls het alles opgepik. Hansie sê vir Grietjie: "Ons sal die pad kry." Maar hulle kry dit nie. Hulle stap die hele nag deur en nog ŉ hele dag, maar hulle kom nie by die woud uit nie. Hulle word verskriklik honger, want behalwe vir die paar bessies wat hulle op die grond kry, is daar niks om te eet nie. Toe hulle so moeg word dat hulle bene hulle nie verder kan dra nie, gaan lê hulle onder ŉ boom en raak aan die slaap.

Dit is al die derde oggend vandat hulle van die huis af weg is. Hulle begin weer te stap, maar beland al hoe dieper in die woud. Toe dit middag word, sien hulle ŉ spierwit voëltjie op ŉ tak sit. Hy sing so mooi dat hulle gaan staan om na hom te luister. Toe klap hy sy vlerke en vlieg voor hulle uit. Hulle stap agter hom aan tot by ŉ huisie waar hy op die dak gaan sit. Toe hulle nader gaan, sien hulle die huisie is van brood gemaak en met koek versier, met vensters van helder suiker.

"Hier kan ons sommer lekker eet," sê Hansie. "Ek gaan van die dak vat, Grietjie. Jy kan van die venster eet; dit sal lekker soet wees." Hansie steek sy hand uit en breek ŉ stukkie van die dak af om te proe hoe dit smaak, en Grietjie gaan sit langs die venster en begin te smul.

Toe roep ŉ dun stem uit die huis:

"Knibbel knibbel knuisie,
wie knabbel aan my huisie?"

Die kinders antwoord:

"Die wind, die wind,
die hemelse kind."

Hulle eet verder sonder om hulle aan iets te steur. Vir Hansie smaak die dak so lekker dat hy ŉ groot stuk afbreek, en Grietjie haal ŉ hele ronde venstertjie uit. Toe gaan die deur skielik oop en ŉ stokou vrou wat met krukke loop, kom uit.

Hansie en Grietjie skrik so groot dat hulle alles in hulle hande laat val. Maar die ou vrou skud haar kop en sê: "Ai, julle liewe kinders, hoe het julle hier gekom? Kom binne, julle sal niks oorkom nie." Sy vat hulle hande en neem hulle by haar huisie in. Hulle kry heerlike gesonde kos: melk en pannekoek met suiker, en appels en neute. Hierna word twee mooi bedjies met wit beddegoed opgemaak, en Hansie en Grietjie gaan lê en begin glo hulle is in die hemel.

Maar die ou vrou het haar net so vriendelik gehou; sy is eintlik ŉ bose heks wat kinders eet, en sy het die koekhuisie gemaak om hulle soontoe te lok. As kinders in haar kloue beland, kook sy hulle en eet hulle op, en dan is dit vir haar ŉ regte feesdag. Die heks het rooi ogies en kan nie goed sien nie, maar sy kan so goed soos diere ruik en weet dadelik as iemand naby haar huisie kom. Toe Hansie en Grietjie nader gekom het, het sy skelm gelag en tevrede gesê: "Nou het ek hulle; hulle sal nie wegkom nie."



© University of Pretoria

Vroegoggend, voor die kinders wakker word, staan sy op en toe sy die twee so salig sien slaap met hulle ronde rooi wange, mompel sy by haarself: “Dit gaan ŉ heerlike happie wees.”

Sy gryp Hansie met haar growwe hand en dra hom na ŉ hok en sluit hom agter ŉ traliedeur toe. Hy kan skreeu so hard as wat hy wil; dit sal niks help nie. Toe gaan die heks na Grietjie, skud haar wakker en skree: “Staan op, luiaard, gaan haal water en kook vir jou broer iets lekkers. Hy sit daar agter tralies en moet vetgevoer word. Sodra hy vet genoeg is, gaan ek hom eet!”

Grietjie begin bitterlik te huil, maar dis verniet; sy moet doen wat die bose heks haar beveel.

Nou word die lekkerste kos vir Hansie gekook, terwyl Grietjie niks behalwe oorskiet kry nie. Elke oggend gaan die heks na die hok en skree: “Hansie, steek uit jou vinger sodat ek kan voel of jy al vet is!”

Maar Hansie steek vir haar ŉ beentjie uit en omdat die heks se oë so dof is, kan sy dit nie sien nie en dink dit is Hansie se vinger. Sy is baie verbaas dat hy nie vetter word nie. Toe vier weke verby is en Hansie steeds maer bly, word die heks te ongeduldig om langer te wag. “Toe-toe,” beveel sy vir Grietjie, “moenie so lui wees nie, gaan haal water! Of Hansie nou vet of maer is, môre slag en kook ek hom.”

Die arme sussie is hartseer terwyl sy die water aandra. “Liewe Heer, help ons tog!” roep sy uit. “Ek wens die wilde diere in die woud het ons liewer opgevreet; dan is ons darem saam dood!”

“Hou op met jou gekerm,” sê die heks, “dit sal jou net mooi niks help nie.”

Vroeg die volgende oggend moet Grietjie opstaan om die vuur aan te steek vir die ketel om te kook.

“Eers gaan ons brood bak,” sê die ou vrou. “Ek het die bakoond klaar warm gemaak en die deeg is geknie.” Sy stoot vir Grietjie na die bakoond waaruit die vlamme reeds lek. “Kruip in,” sê die heks, “en kyk of dit al warm genoeg is dat ons die brood kan inskuif.” Sy wil die oond toemaak sodra Grietjie daarin is, sodat sy die meisie kan braai en sy haar ook kan opeet. Maar Grietjie kom agter wat haar plan is en sê: “Ek weet nie hoe om daar in te kom nie.”

“Jou onnosel,” sê die ou vrou, “die opening is groot genoeg; kyk, selfs ek kan daar inpas.” Sy steek haar kop by die bakoond in en Grietjie gee haar ŉ harde stamp tot binne-in, maak die ysterdeur styf toe en skuif die slot op. Die heks begin te skree en skel, maar die meisie hardloop weg en die wrede ou vrou verbrand in haar eie oond. Grietjie hardloop reguit na Hansie toe, sluit die traliedeur oop en roep: “Hansie, ons is vry; die ou heks is dood!”

Hansie spring uit soos ŉ voël uit ŉ kou toe die deur oop is. Hy en Grietjie lag opgewek en gee mekaar ŉ drukkie. En omdat hulle nou vir niks meer bang hoef te wees nie, gaan hulle by die heks se huisie in en ontdek oral kiste vol pêrels en edelstene.

“Dis mos beter as wit klippies,” sê Hansie en steek soveel pêrels as wat hy kan in sy sak. Grietjie sê: “Ek wil ook iets saam met my huis toe neem,” en sy maak haar voorskoot vol edelstene.



© University of Pretoria

“Maar nou moet ons spore maak,” sê Hansie, “sodat ons uit die heks se woud kan kom.”

Nadat hulle ’n hele paar uur gestap het, beland hulle by ’n groot meer. “Ons kan nie hier oorkom nie,” sê Hansie. “Ek sien nêrens ’n brug nie.”

“Hier is ook nie ’n bootjie nie,” sê Grietjie. “Maar daar swem ’n wit gans. As ek haar vra, sal sy ons miskien help.”

Toe roep sy:

“Gansie, gansie,
hier staan Grietjie en Hansie.
Hier is nêrens ’n bootjie of ’n brug,
neem ons asseblief oor op jou rug.”

Die gans kom dadelik nader. Hansie gaan sit op haar rug en sê sy sussie moet langs hom kom sit.

“Nee,” antwoord Grietjie, “saam sal ons te swaar vir die gans wees. Sy moet ons een-een na die oorkant toe vat.”

Die gawe swaan doen dit, en toe hulle veilig aan die oorkant kom en ’n entjie verder gestap het, begin die woud al hoe meer bekend lyk, en uiteindelik sien hulle van ver af hulle huis. Hansie en Grietjie begin te hardloop. Hulle storm by die voordeur in en val hulle pa om die nek.

Die man het nie ’n oomblik se vrede gehad nadat hy sy kinders in die woud gelos het nie, en sy vrou is intussen dood. Grietjie skud haar voorskoot uit sodat die heks se edelstene op die vloer val, en Hansie gooi die een hand vol pêrels ná die ander uit sy sak. Daarna was hulle nooit weer arm nie en die kinders het gelukkig saam met hulle pa gelewe. Fluit, fluit, my storie is uit.



© University of Pretoria

**Aspoestertjie**

Uit: Sprokies en ander gunsteling -stories

Oorvertel deur Wendy Maartens

Lank gelede was daar ŉ ryk man. Hy en sy vrou en dogtertjie was vreeslik gelukkig.

Op ŉ dag word die vrou siek en gaan dood. Die man en sy dogtertjie is so hartseer dat selfs die voëltjies in die bos ophou sing.

ŉ Ruk later trou die man weer. Maar die nuwe vrou en haar twee dogters is nie so gaaf soos wat hy gedink het nie. Sommer gou skree hulle op sy eie dogtertjie en laat haar al die harde werk in die huis doen. Sy mag ook nie meer in haar kamer slaap nie. Haar nuwe slaapplek is langs die kaggel in die as.

"Vee die vloer, was die vensters, maak die kos. Sies, kyk hoe swart is jou gesig van die as. Van nou af noem ons jou Aspoestertjie!" skree hulle op haar.

Arme Aspoestertjie. Nie eers haar pa weet hoe sleg dit met haar gaan nie, want hy werk in ŉ ver land. Aspoestertjie is nou heeltemal alleen.

Op ŉ dag besluit die koning dat hy ŉ deftige dans gaan hou. Sy seun sal op hierdie dans ŉ meisie uitsoek om mee te trou.

Aspoestertjie se stiefma en stiefsusters is baie opgewonde. Hulle dink die prins gaan een van hulle kies om mee te trou. Van toe af is hulle besig om die mooiste rokke en linte en juwele uit te soek vir die dans.

"Kan ek nie groot asseblief net hierdie een keer saamgaan nie?" soebat Aspoestertjie.

"Is jy laf?" wil die stiefsusters weet. "Dink jy iemand gaan jou met daardie rok by die paleis se hek laat inkom? En buitendien sal jy nooit jou gesig skoonkry nie."

"Aspoestertjie, bring my parfuum."

"Aspoestertjie, waar is my armbande?"

"Aspoestertjie, maak vas my krale."

Arme Aspoestertjie werk haar flou. Teen die tyd dat haar stiefma en stiefsusters na die dans vertrek, sak sy doodmoeg op die vloer neer. Nie een van hulle het eers dankie gesê nie.

Meteens hoor sy fyn klokkies lui. Toe sy opkyk, staan daar ŉ vriendelike vrou voor haar. "Ek is die Goeie Fee, Aspoestertjie," sê die vrou. "Jy mag enigiets wens en ek sal dit laat waar word."

"Ek wens met my hele hart dat ek na die prins se dans kan gaan," antwoord Aspoestertjie.

"Gaan haal vir my ŉ pampoen, ses muise en ŉ rot," sê die fee. Dit is nie lank nie toe bring Aspoestertjie alles wat die fee gevra het.

Die fee swaai haar towerstaffie en toe Aspoestertjie haar oë uitvee, het die pampoen in ŉ koets verander. Die ses muise het ses pragtige spierwit perde geword en die rot ŉ koetsier.

"Wat van my?" vra Aspoestertjie en kyk na haar lelike ou rok.



© University of Pretoria

“Die beste hou ons vir heel laaste,” antwoord die fee en knipoog vir Aspoestertjie. Toe swaai sy haar towerstaffie weer. “Jy mag nou maar kyk,” sê sy vir Aspoestertjie.

Aspoestertjie kan haar oë nie glo nie. Sy het die mooiste rok aan wat sy nog ooit gesien het. Aan haar voete is twee pragtige fyn glasskoentjies.

“Onthou om twaalfuur terug te wees,” waarsku die fee. “As die klok twaalfuur slaan, verander alles weer en word presies soos dit was.

Toe neem die koets vir Aspoestertjie na die paleis.

By die dans sien die prins haar dadelik raak. Die res van die aand dans hy net met haar. Die stiefma en stiefsusters sien ook die pragtige meisie, maar dink sy is ŉ prinses uit ŉ ver land.

Toe die klok uiteindelik twaalfuur slaan, los Aspoestertjie die prins net daar en hardloop so vinnig as wat sy kan. Sy het nie eers tyd om om te draai toe sy een van haar glasskoentjies verloor nie. Die prins probeer agter haar aanhardloop, maar kry net die skoentjie op die paleis se trap.

Terug by die huis word alles weer presies soos dit was. Die koets, ses perde en koetsier word weer ŉ pampoen, ses muise en ŉ rot. Aspoestertjie se pragtige rok verander weer in ŉ lelike ou rokkie.

Daardie aand raak Aspoestertjie met ŉ glimlag aan die slaap. Sy droom heelnag dat sy met die prins dans.

ŉ Paar dae later klop die prins se boodskapper aan die deur met ŉ glasskoentjie. Die prins het besluit dat hy sal trou met die meisie aan wie se voet die glasskoentjie pas.

Die stiefma en stiefsusters hardloop mekaar onderstebo om eerste ŉ beurt te kry. Hulle kreun en steun om die skoentjie aan te kry, maar verniet.

“Woon hier nog iemand?” vra die boodskapper.

“Aspoestertjie woon ook hier,” antwoord die stiefma. “Maar dit help nie jy laat haar die skoentjie aanpas nie. Sy is sommer net ŉ bediende.”

“Roep haar,” beveel die boodskapper.

Aspoestertjie se fyn voetjie glip maklik in die skoentjie. Toe haal sy die ander skoentjie uit haar voorskootsak en trek dit ook aan. Skielik verander haar lelike rok weer in die pragtige rok van die vorige aand.

Die koning se boodskapper neem Aspoestertjie na die paleis. Toe die prins haar sien, vra hy dadelik vir Aspoestertjie om met hom te trou.

Hulle het lank en gelukkig in sy pragtige paleis gewoon.

En die nare stiefma en twee stiefsusters?

Aspoestertjie het hulle jammer gekry en later vir tee en aarbeikoek na die paleis genooi.



© University of Pretoria

**Die drie mannetjies in die bos**
Uit: Die Mooiste Sprokies van Grimm
ʼn Keur deur Marita van der Vyver

Daar was ʼn man wat ʼn wewenaar was en ʼn vrou wat ʼn weduwee was, en die man het ʼn dogter gehad en die vrou het ook ʼn dogter gehad. Die meisies het mekaar geken en is eendag, nadat hulle saam gaan stap het, na die vrou se huis toe. Daar sê die vrou vir die man se dogter: "Luister, sê vir jou pa ek sal met hom trou, dan kan jy jou elke oggend in melk was en wyn drink, terwyl my dogter haar in water sal was en water sal drink."

Die meisie gaan huis toe en vertel vir haar pa wat die vrou gesê het. Die man sê: "Wat moet ek doen? Om te trou is ʼn vreugde en ook ʼn kwelling." Ná baie kopkrap kan hy steeds nie besluit wat om te doen nie. Toe trek hy sy stewel uit en sê: "Vat hierdie stewel met die gat in die sool. Gaan hang dit aan ʼn groot spyker in die solder op en gooi water daarin. As die water inbly, sal ek weer trou; as dit uitloop, sal ek nie."

Die meisie doen wat haar pa vra, maar die water trek die gat toe en die stewel word tot bo toe vol. Sy vertel haar pa wat gebeur het. Toe gaan hy self op na die solder en sien dat dit wel so is, en hy gaan na die weduwee en vra haar om met hom te trou.

Toe die twee meisies die oggend ná die troue opstaan, is daar vir die man se dogter melk om haar in te was en wyn om te drink, maar vir die vrou se dogter water om haar in te was en net water om te drink. Die tweede oggend is daar vir die man se dogter én die vrou se dogter water om in te was en water om te drink. En die derde oggend is daar vir die man se dogter water om in te was en water om te drink, en vir die vrou se dogter melk om in te was en wyn om te drink - en so bly dit toe.

Die vrou behandel haar stiefdogter al hoe slegter en dink elke dag nuwe planne uit om haar kwaad aan te doen. Sy is jaloers omdat haar stiefdogter mooi en liefdevol is, terwyl haar eie dogter lelik en naar is.

Eendag, in die winter, toe alles kliphard gevries is en die hele wêreld onder die sneeu lê, maak die vrou ʼn rok van papier, roep haar stiefdogter en sê: "Trek hierdie rok aan, gaan na die woud en pluk vir my ʼn mandjie vol aarbeie; ek is lus daarvoor."

"Liewe hemel," sê die meisie, "in die winter groei daar mos nie aarbeie nie. Die grond is gevries en die sneeu bedek alles. En waarom moet ek in ʼn papierrok gaan? Dit is so koud buite dat ʼn mens se asem vries; die wind sal deur die rok waai en die dorings sal dit van my lyf afskeur."

"Hoe durf jy nog teëpraat?" sê die stiefma. "Maak dat jy wegkom, en ek wil jou nie weer sien voor jy die mandjie vol aarbeie het nie." Sy gee vir haar stiefdogter ʼn stukkie harde brood en sê: "Hieraan kan jy ʼn dag lank eet." Maar sy dink, die kind sal van koue en honger omkom, dan hoef ek nooit weer na haar te kyk nie.

Die man se dogter maak soos haar stiefma gesê het; sy trek die papierrok aan en gaan uit met die mandjie. Daar is niks anders as sneeu so ver as wat sy kan sien nie; nie eens ʼn groen takkie nie. In die woud kom sy af op ʼn klein huisie waarby drie klein mannetjies uitloer. Die meisie groet hulle en klop aan die deurtjie.



© University of Pretoria

Hulle nooi haar in, en sy gaan sit op die bank langs die oond om haar warm te maak en haar ontbyt te eet.

Die mannetjies sê: “Gee vir ons ook daarvan.”

“Graag,” sê sy, breek haar stukkie brood in twee en gee vir hulle die helfte.

Hulle vra: “Wat soek jy in die winter in jou dun rokkie hier in die woud?”

“Ag,” antwoord sy, “ek moet ŉ mandjie vol aarbeie kry, anders mag ek nie huis toe gaan nie.”

Nadat sy haar brood geëet het, gee hulle vir haar ŉ besem en sê: “Vee hiermee die sneeu voor die agterdeur weg.” Toe die meisie buite is, praat die drie mannetjies met mekaar: “Wat kan ons vir haar gee omdat sy so vriendelik en goed is en haar brood met ons gedeel het?”

Die eerste een sê: “My geskenk aan haar is dat sy elke dag mooier sal word.”

Die tweede een sê: “My geskenk aan haar is dat daar goue munte uit haar mond sal val sodra sy ŉ woord sê.”

Die derde een sê: “My geskenk aan haar is dat ŉ koning haar as sy vrou sal vat.

Die meisie doen wat die mannetjies vir haar gesê het en vee die sneeu agter die klein huisie met die besem weg - en wat dink julle kry sy toe daar? Regte, ryp aarbeie wat donkerrooi uit die sneeu kom. Sy maak haar mandjie vol, bedank die mannetjies, skud elkeen se hand en hardloop huis toe om vir haar stiefma te gee wat sy wil hê.

Toe die meisie by die huis kom en “Goeienaand!” sê, val daar ŉ goue munt uit haar mond. Sy vertel wat in die woud gebeur het, maar met elke woord wat sy sê, val daar nog ŉ goue munt uit haar mond totdat die hele vertrek vol goue munte is.

“Sulke hoogmoed!” roep haar stiefsuster uit. “Om geld so rond te gooi!”

Maar sy is eintlik jaloers en wil nou ook aarbeie in die woud gaan soek.

Die ma sê: “Nee, my liefste dogtertjie; dit is te koud, jy sal verkluim.”

Maar omdat die meisie haar ma nie met rus laat nie, gee die vrou uiteindelik in, maak vir haar ŉ pragtige pelsjas om aan te trek, en gee vir haar botterbrood en koek as padkos saam. Die meisie gaan reguit na die klein huisie in die woud. Die drie mannetjies loer weer uit, maar sy groet hulle nie, en sonder om eens na hulle te kyk of te klop, strompel sy by die vertrek in, gaan sit langs die oond en begin haar botterbrood en koek te eet.

“Gee vir ons ook daarvan!” roep die mannetjies uit, maar sy antwoord: “Ek het self nie genoeg nie; hoe kan ek nog vir ander ook daarvan gee?”

Toe sy klaar is met haar ete, sê hulle: “Daar is ŉ besem; vee vir ons buite voor die agterdeur.”

“Gaan vee self,” antwoord sy, “ek is nie julle bediende nie.”

Toe die meisie sien hulle wil niks vir haar gee nie, gaan sy by die deur uit. Die klein mannetjies praat dadelik met mekaar: “Wat kan ons vir haar gee omdat sy so onvriendelik is en ŉ bose en afgunstige hart het wat niemand iets gun nie?”

Die eerste een sê: “My geskenk vir haar is dat sy elke dag leliker word.”

Die tweede een sê: “My geskenk aan haar is dat daar met elke woord wat sy sê ŉ padda uit haar mond spring.”



© University of Pretoria

Die derde een sê: "My geskenk aan haar is dat sy ŉ ongelukkige dood sal sterf."

Die meisie soek buite na aarbeie, maar kry niks nie en gaan kwaad terug huis toe. Toe sy haar mond oopmaak om vir haar ma te vertel wat in die woud gebeur het, spring daar met elke woord ŉ padda uit haar mond sodat almal gril en van haar af wegdraai.

Nou is die stiefma éérs kwaad en al waaraan sy kan dink is hoe sy die man se dogter, wat elke dag mooier word, leed kan aandoen. Uiteindelik kry sy ŉ ketel, sit dit op die vuur en kook gare daarin. Toe dit gekook is, hang sy dit oor die meisie se skouers, gee vir haar ŉ byl en sê sy moet daarmee na die bevrore rivier gaan, ŉ gat in die ys kap en die gare afspoel.

Die man se dogter is gehoorsaam; sy gaan kap ŉ gat in die ys en terwyl sy dit doen, kom ŉ pragtige koets aan waarin die koning ry. Die koets hou stil en die koning vra: "Wie is jy en wat maak jy hier?"

"Ek is ŉ arme meisie wat gare afspoel."

Die koning kry haar jammer, en toe hy sien hoe mooi sy is, vra hy: "Sal jy saam met my kom?"

"O, ja, baie graag," antwoord sy, want sy is bly om van haar stiefma en stiefsuster af weg te kom.

Daarom klim sy in die koets en ry saam met die koning weg. Toe hulle by sy kasteel aankom, word daar vir hulle die wonderlikste troue gereël, en so kry sy die klein mannetjies se derde geskenk.

Ná ŉ jaar kry die jong koningin ŉ seuntjie en toe die stiefma van haar groot geluk hoor, gaan sy saam met haar dogter na die kasteel en maak asof hulle gaan kuier.

Maar toe die koning uitgaan en daar niemand naby is nie, gryp die bose vrou die koningin aan die kop en haar dogter gryp haar aan die voete, en hulle sleep haar uit haar bed en gooi haar by die venster uit in die stroom wat daar verbyvloei.

Hierna gaan klim die lelike dogter in die bed en die ou vrou trek die bedde goed tot oor haar kop op. Toe die koning terugkom en met sy vrou wil praat, roep die ou vrou uit: "Stil, stil, u kan nie nou nie! Sy is siek; u moet haar vandag laat rus."

Die koning merk nie onraad nie en kom eers weer die volgende oggend. Maar toe hy met sy vrou praat en sy hom antwoord, spring daar met elke woord ŉ padda uit haar mond, terwyl daar voorheen ŉ goue munt uitgekom het. Die koning vra wat dit beteken, maar die ou vrou sê die koningin het dit van die siekte oorgehou en sy sal weer regkom.

Maar dié nag sien die kombuiskneg hoe ŉ eend in die afvoersloot aangeswem kom, en die eend sê:

> "Koning, wat maak jy?
> Slaap jy of waak jy?"

En toe daar geen antwoord kom nie, sê die eend:

> "Wat maak die gas?"

Toe antwoord die kombuisknec:



© University of Pretoria

“Sy slaap vas.”

Die eend vra verder:

“Wat maak my kindjie so klein?”

Die kombuiskneg antwoord:

“Hy slaap in sy wiegie so fyn.”

Toe gaan sy in die gedaante van die koningin na die kindjie se kamer, gee vir hom melk om te drink, skud sy bedjie reg, maak hom toe en swem weer as ’n eend in die sloot weg. So kom sy twee nagte, en die derde nag sê sy vir die kombuiskneg: “Gaan sê vir die koning hy moet sy swaard bring en dit op die drumpel drie keer oor my swaai.”

Toe hardloop die kombuiskneg om dit vir die koning te sê, en die koning kom met sy swaard en swaai dit drie keer oor die eend, en toe hy dit die derde keer doen, staan sy vrou voor hom, fris en gesond.

Die koning is verheug, maar hy steek die koningin weg tot die Sondag dat die kind gedoop word. En toe die kind gedoop is, vra hy: “Wat doen ’n mens met iemand wat ’n ander een uit ’n bed sleep en in die water gooi?”

“So ’n booswig verdien niks beters nie,” antwoord die ou vrou, “as om toegemaak te word in ’n vaatjie wat vol spykers gekap is, en daarin by die berg afgerol te word tot in die water.”

Toe sê die koning: “Jy het jou eie oordeel uitgespreek.”

Hy laat haal so ’n vaatjie en nadat die ou vrou saam met haar dogter daarin gestop is en hulle die bodem toegekap het, word die vaatjie by die berg afgerol tot in die rivier.



© University of Pretoria